MUSIEKOPVOEDING
ONDER DIE
KAAPLANDSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, 1916 - 1984:
N HISTORIES-KRITIESE STUDIE

E. SMIT, B.Sc.; M.Ed.

Proefskrif ingelewer vir die graad

DOKTOR IN DIE OPVOEDKUNDE

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

PROMOTOR: PROF. W.L. NELL

NOVEMBER 1985

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD

Wanneer enige mens die einde van 'n selfopgelegde taak nader, ontstaan die behoefte spontaan om aan andere wat op die een of ander wyse daarby betrokke was, dankie te sê.

Daarom betuig ek graag my opregte dank aan my promotor, prof. W.L. Nell, Dekaan van die Fakulteit Opvoedkunde van die Universiteit Stellenbosch vir sy duidelike leiding, sy wetenskaplike benadering, sy besondere insig, en gepaard daarmee sy eg menslike begrip en baie geduld; dankie aan prof. C.G. de Vries, ook van die Fakulteit Opvoedkunde, vir verskeie gesprekke rondom die onderwerp van musiekopvoeding.

In die Departement van Onderwys noem ek graag die name van die vorige en die huidige Direkteurs van Onderwys, mnre. H.A. Lambrechts en J. Fourie; die Hoofsuperintendent van Onderwys (Navorsing), dr. J.H.H. Visagie; die Hoofsuperintendent van Onderwys (Beplanning), mnr. J.S. Labuschagne, vir tegemoetkoming en hulp op verskeie terreine; die Adjunk-superintendent en Assistent-superintendente van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek), mnre. J.P.P. Hugo, G.R. Smith en mev. A.M. Wium vir tersaaklike inligting en talle gesprekke.

Baie dankie ook aan die volgende persone vir hulp en inspirasie: mej. H. du Plessis, Hoof van die Departement Skoolmusiek van die Universiteit Stellenbosch; proff. A. Schoeman en W.J. Conradie van die Departement Statistiek van die Universiteit Stellenbosch; mnr. J.D. Bouwer, Hoof van Musiek van die Onderwysdepartement van die O.V.S.; mnr. J.H. de Villiers, Eerste Vakadviseur (Musiek) van die Natalse Onderwysdepartement; mnr. D.W. de Beer, Superintendent van Onderwys (Musiek) van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Baie dankie aan mnr. A.S.J. Genis van die Buro vir Studentevoorligting van die U.S. vir hulp by die rekenaar; mnr. P.F. de Klerk, Adjunk-hoof van die Hoërskool D.F. Malan vir hulp met die taalkundige versorging; verskeie van my eie kollegas by die Onderwyserskollege Wellington vir hulp op verskillende terreine.

Ook aan talle skoolhoofde, onderwysers en leerlinge wat die vraelyste voltooi het, my opregte dank.

Aan die tikster, mev. Carin van der Westhuizen, en aan mev. S. Jacobs wat met een hoofstuk gehelp het, baie dankie vir netjiese tikwerk en 'n altyd vriendelike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

glimlag.

Graag bring ek hulde aan wyle prof. Philip McLachlan met wie ek verskeie gesprekke kon voer voor sy oorlyde. Sy vroeë heengaan het 'n groot leemte op die Suid-Afrikaanse musiekopvoedingstoneel gelaat.

Aan my twee dogters, Annerie en Jonina, my dank en liefde dat hulle ook op hulle manier baie opofferinge moes doen.

En aan my Hemelse Vader my innige en nederige dank vir liggaamlike gesondheid en vir die geleentheid om 'n klein bydraetjie te lewer tot die uitbouing van een van die wondergawes wat Hy aan die mens gegee het.

E. SMIT

OKTOBER 1985

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
VOORWOORD	(i)
INHOUDSOPGAWE	(iii)
INLEIDING	1
1. MOTIVERING VIR DIE STUDIE	1
2. WERKMETODE	2
3. ENKELE FAKTORE WAT BY DIE NAVORSING IN AG GENEEM MOES WORD	3
4. INDELING VAN DIE PROEFSKRIF	5
HOOFSTUK 1	6 - 43
MUSIEKOPVOEDING	
1.1 INLEIDING EN BEGRIPSOMSKRYWING	6
1.2 MUSIEK AS EKSPRESSIEWE MEDIUM	8
1.2.1 Musiek as akoestiese kommunikasiemedium	9
1.2.2 Kennis en begrip van musiek	10
1.2.3 Die effek van musiek op die mens	11
1.2.4 Die funksionele rol van musiek	12
1.2.4.1 Musiek en die individu	12
1.2.4.2 Musiek en die gemeenskap	14
1.2.4.3 Die musiekprodusent	14
1.2.5 Musiek en die ander kunste	15
1.3 MUSIEK AS KULTURELE ERFENIS	17
1.3.1 Musiek as universele verskynsel	17
1.3.2 Die ontwikkeling van volksmusiek tot kunsmusiek	18
1.3.3 Verdere ontwikkeling van die Westerse musiektradisie	19
1.3.4 Die Suid-Afrikaanse opset	20
1.4 MUSIEK EN OPVOEDING	21
1.4.1 Inleiding	21
1.4.2 Die skool as opvoedingsinstansie	22
1.4.2.1 Die doel van die opvoeding	22
1.4.2.2 Die aard van musiekopvoeding	23
1.4.2.3 Musiekopvoeding as estetiese opvoeding	25

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4.3 Musiekopvoeding in die skool 27
1.4.3.1 Die aktualiteit van musiekopvoeding 27
1.4.3.2 Musiekopvoeding in die skoolkurrikulum 29
1.4.3.3 Die leergebeure soos van toepassing op musikale leer 32
1.4.3.4 Beginsels en doelstellings van musiekopvoeding 34
1.4.3.5 Die noodsaaklikheid van 'n duidelike en goed gefundeerde musiekopvoedkundige beskouing vir musiekopvoeders 36
1.5 DIE MUSIEKOPVOEDER 38
1.5.1 Algemene eienskappe van die goeie musiekopvoeder 39
1.5.2 Die musiekopvoeder as mens 40
1.5.3 Die musiekopvoeder as opvoeder 41
1.5.4 Die musiekopvoeder as akademikus 42
1.6 ENKELE KRITERIA VIR 'N MUSIEKOPVOEDINGSPROGRAM 43

HOOFSTUK 2 44 - 188

DIE ONTWIKKELING VAN MUSIEKOPVOEDING TEN OPSIGTE VAN BLANKE LEERLINGE ONDER DIE KAAPLANDSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS GEDURENDE DIE TYDPERK 1916 - 1984: 'N OORSIGTELIKE PERSPEKTIEFSTELLING OP BEPAALDE ASPEKTE

2.1 DIE ONDERRIG VAN KLASMUSIEK 44 - 71
2.1.1 Die ontstaan 44
2.1.2 Die tydperk 1916 tot 1949 45
2.1.2.1 Sang word as vak in die skole gevestig 45
2.1.2.2 Weinig vordering gedurende die dertiger en veertiger jare 48
2.1.3 Die tydperk 1949 tot 1984 51
2.1.3.1 'n Nuwe sillabus 51
2.1.3.2 Philip McLachlan se rigtinggewende memorandum 52
2.1.3.3 Verdere vertoë deur die SATA in 1951 55
2.1.3.4 Bydraes deur Departemente/Musiekinspekteurs 56
2.1.3.5 Die groepering van klasse as beleid vanaf 1957 58
2.1.3.6 Die primêre skool: musiekonderwysers en Klasmusiek 60
2.1.3.7 'n Tweede omvattende memorandum (1979) 61
2.1.3.8 Klasmusiek in die junior primêre standerds sedert 1980 63
2.1.3.9 Die ontwikkeling van sillabusse vir Klasmusiek 64
2.1.3.9.1 Klasmusiek in die primêre skool 64
2.1.3.9.2 Klasmusiek in die hoër skool 68

2.2 DIE VOORSIENING VAN MUSIEKPERSONEEL 71 - 89
2.2.1 Die invloed van die koste verbonde aan instrumentale onderrig 71

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.2 Die toename in die getal musiekposte na 1955 78
2.2.3 Die jongste personeelvoorsieningskaal 81
2.2.4 Onderwysers vir Klasmusiek 82
2.2.5 Die getal poste en musiekonderwysers gedurende 1961 - 1984 85

2.3 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR MUSIEK 90 - 108
2.3.1 Muir knap die stelsel van onderwysersopleiding op 90
2.3.2 Die School Teachers' Music Certificate 90
2.3.3 Die Primêre Hoër en Laer Onderwysersertifikate 91
2.3.4 Die verpligte opleiding in Musiek 92
2.3.5 Nuwe kursusse met Senior Sertifikaat as toelatingsvereiste 94
2.3.6 Die instelling van die derdejaarskursus in Musiek (Hoër Primêre Onderwysersertifikaat) in 1938 96
2.3.7 'n Vierdejaarskursus in Klasmusiek sedert 1972 99
2.3.8 Die opleiding van instrumentalis-onderwysers 100
2.3.9 Die opleiding van onderwyseresse ten opsigte van Klasmusiek vir die junior primêre standerds 103
2.3.10 Indiensopleiding van onderwysers 105

2.4 INSTRUMENTALE ONDERRIG IN MUSIEK 108 - 134
2.4.1 Musiek as eksamenvak 108
2.4.2 Buite-kurrikulêre onderrig in Musiek 113
2.4.3 Musieksentra 116
2.4.3.1 Die Musieksentrum van die Universiteit van Port Elizabeth in samewerking met die Kaaplandse Departement van Onderwys (KODUPE) 116
2.4.3.2 Die Musieksentrum van die Kaapse Skiereiland 123
2.4.4 Die betaling van musiekgeld 130

2.5 DIE MUSIEKINSPEKTORAAT 134 - 139
2.5.1 Benaminge 134
2.5.2 Uitbreiding van die inspektoraat 135
2.5.3 Bekleërs van die betrekkings in die inspektoraat 136
2.5.4 Verslae 136
2.5.5 Omgange 137
2.5.6 Die pligstaat 137

2.6 ONDERWYSERSENTRA 139 - 146
2.6.1 Die Kaapstadse Onderwysersentrum 139
2.6.2 Die Kimberleyse Onderwysersentrum 141

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.3 Die Onderwysersentrum Oudtshoorn 142
2.6.4 Die Onderwysersentrum Parow 143
2.6.5 Die Onderwysersentrum Worcester 144
2.6.6 Die Onderwysersentrum Port Elizabeth 145
2.6.7 Die Onderwysersentrum Oos-Londen 146
2.6.8 Die waarde van onderwysersentra 146

2.7 KOORKOMPETISIES, KUNSWEDSTRYDE EN GEBIEDSKORE 146 - 183
2.7.1 Koorkompetisies 146
2.7.2 The East London Schools' Music and Drama Association 150
2.7.3 Kunswedstryde 151
2.7.4 Gebiedskore 158
2.7.4.1 Die Tygerberg-Kinderkoor 158
2.7.4.2 Die Oostelike Provinsie-Jeugkore 165
2.7.4.3 Die Goeie Hoop-Jeugkoor 170
2.7.4.4 Die Breërivier-Kinderkoor 174
2.7.4.5 Die Kaapse Jeugkoor 177
2.7.4.6 'n Beskouing oor Jeug- en Kinderkore 181

2.8 SAMEWERKING MET KRUIK 184 - 188

2.9 DIE DEPARTEMENTELE STUDIEKOMITEE VIR MUSIEK 188

HOOFSTUK 3 189 - 280

DIE STAND VAN MUSIEKOPVOEDING IN KAAPLANDSE PROVINSIALE HOËR, MIDDELBARE EN LAER SKOLE AAN DIE HAND VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 VRAELYS A AAN PROVINSIALE SKOLE IN KAAPLAND 189 - 220
3.1.1 Doel van die vraelys 189
3.1.2 Respons van die skole 189
3.1.3 Buite-kurrikulêre instrumentale onderrig 191
3.1.4 Musiek as eksamenvak 199
3.1.5 Opsomming vir alle instrumentale onderrig 203
3.1.6 Die proporsie waarin orkesinstrumente geneem is 204
3.1.7 Die beskikbaarheid van onderwysers 206
3.1.8 Doelstellings by die onderrig van musiek 208
3.1.9 Die onderrig van Klasmusiek 209
3.1.10 Die benutting van saalbyeenkomste vir musiekopvoeding 214
3.1.11 Kokurrikulêre musiekbedrywighede 214
3.1.12.1 Individuele deelname aan kunswedstryde 217
3.1.12.2 Groepdeelname aan kunswedstryde 218

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.13 Eksterne musiekeksamens 219
3.1.14 Ballet 220

3.2 VRAELYS B AAN MUSIEKOPVOEDERS 220 - 231
3.2.1 Die doel van die vraelys 220
3.2.2 Respons van die onderwysers 221
3.2.3 Formele musiekonderrig tydens skooljare: instrumente 222
3.2.4 Formele musiekonderrig tydens skooljare: vakverband 222
3.2.5 Eksterne praktiese musiekeksamens afgelê 223
3.2.6 Formele musiekopleiding na st. 10 223
3.2.7 Doelstelling vir musiekopvoeding tydens opleidingsjare 226
3.2.8 Ervaring as koorsanger en orkesspeler 226
3.2.9 Betrokkenheid by die skool se musiekopvoedingsprogram 227
3.2.10 Voorkeure ten opsigte van eie musiekbedrywighede 229
3.2.11 Die probleem van die brommer/monotoon/vals singer 230

3.3 DIE BETROKKENHEID IN EN REAKSIE VAN HOËRSKOOLLEERLINGE OP DIE SKOOL SE MUSIEKOPVOEDINGSPROGRAM 231 - 280
3.3.1 Respons van leerlinge 231
3.3.2.1 Die ervaring van Klasmusiekonderrig 232
3.3.2.2 Die verwantskap tussen hoërskoolleerlinge se ervaring van Klasmusiekonderrig in verskillende standerds in die hoër skool en hul ervaring in die laer skool 235
3.3.3 Spesifieke doelstellings met Klasmusiekonderrig 243
3.3.4 Bladsingvermoë 250
3.3.5 Groepsang 252
3.3.6 Leerlinge wat brom of vals sing 255
3.3.7 Besoekende musiekkunstenaars aan skole 257
3.3.8 Die onderrig van instrumentale musiek 258
3.3.9 Musiekagtergrond van ouers en grootouers 262
3.3.10 Deelname aan orkesspel 264
3.3.11 Voorkeurorde ten opsigte van sekere soorte musiekuitvoerings 266
3.3.12 Voorkeurorde in luistersmaak ten opsigte van musiek 268
3.3.13 Voorkeurorde in luistersmaak ten opsigte van sekere soorte populêre musiek 270
3.3.14 Luistergewoontes na plate-/kassetmusiek 276
3.3.15 Die kyk na musiekprogramme op die TV 277
3.3.16 Die plek waar geluister word 278
3.3.17 Die beroepskeuse van st. 10-leerlinge 279

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4 281 - 312

'N KURSORIESE OORSIG VAN DIE HUIDIGE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN MUSIEKOPVOEDING ONDER DIE ONDERWYSDEPARTEMENTE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT, NATAL EN TRANSVAAL

4.1 DIE ORANJE-VRYSTAAT 281 - 290
4.1.1 Klasmusiek 281
4.1.2 Buite-kurrikulêre musiekonderrig en orkesopleidingsprogram 282
4.1.2.1 Ontstaan van die orkesopleidingsprogram 282
4.1.2.2 Die invoer van blaasinstrumente 283
4.1.2.3 Die Vrystaatse Jeugsimfonieorkes 283
4.1.2.4 Ouer-dosentevereniging 284
4.1.2.5 Die omvang van die orkesopleidingsprogram 284
4.1.2.6 Personeel 285
4.1.2.7 Keuring van leerlinge 286
4.1.2.8 Die Trapstelsel 286
4.1.2.9 Die huur en koop van instrumente 287
4.1.2.10 Jeugkonsertfees 287
4.1.2.11 Samewerking tussen verskeie instansies 287
4.1.3 Die Vrystaatse Jeugkoor 288
4.1.4 Musiek as eksamenvak 289
4.1.5 Vakkomitee en indiensopleiding 290

4.2 NATAL 290 - 299
4.2.1 Die onderrig van Klasmusiek 291
4.2.2 Buite-kurrikulêre musiekonderrig 291
4.2.2.1 Personeel 291
4.2.2.2 Die klassifisering van betrekkings per musiekskool 292
4.2.2.3 Komitees 292
4.2.2.4 Doelstellings 292
4.2.2.5 Inname en onderrig van leerlinge 294
4.2.2.6 Trapstelsel en evaluering 205
4.2.2.7 Lesgeld 205
4.2.2.8 Klavieronderrig 205
4.2.2.9 Die voorsiening van instrumente 205
4.2.2.10 Fisiese fasiliteite 296
4.2.2.11 Orkeswerk en groepspel 296
4.2.2.12 Konserte en toere 297
4.2.2.13 Artistieke beheer en kontrole 297
4.2.3 Die Natalse Jeugorkes 297

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2.4 Die Natalse Jeugblaasorkes 298
4.2.5 Die Natalse Jeugkoor 298
4.2.6 Musiek as eksamenvak 298
4.2.7 Die Sillabuskomitee 299

4.3 TRANSVAAL 299 - 312
4.3.1 Klasmusiek 299
4.3.2 Buite-kurrikulêre musieksentrums 300
4.3.2.1 Personeel 301
4.3.2.2 Instrumentale onderrig 302
4.3.2.3 Toerusting 305
4.3.2.4 Sillabusse 306
4.3.3 Skole vir Kuns, Ballet en Musiek 306
4.3.4 Musiek as eksamenvak 308
4.3.5 Jeugkore en -orkeste 309
4.3.6 Jaarlikse Musiekfees 310
4.3.7 Buite-kurrikulêre sentrum vir hoogbegaafde leerlinge 311
4.3.8 Toerusting 311
4.3.12 Onderwysersentrums 311
4.3.11 Vakkomitee vir musiek 312

HOOFSTUK 5 'N KRITIESE SLOTBESKOUING EN AANBEVELINGS 313 - 331

5.1 INLEIDING 313
5.2 VERDERE RIGLYNE VIR 'N MUSIEKOPVOEDINGSPROGRAM 314 - 317
5.2.1 Ten opsigte van die rol van die onderwysowerheid 315
5.2.2 Ten opsigte van die rol van die skool 316
5.2.3 Ten opsigte van die rol van die musiekopvoeder 316
5.2.4 Ten opsigte van die rol van die georganiseerde professie 316
5.2.5 Ten opsigte van ander aspekte van die program 317
5.3 KRITIESE BESKOUING EN AANBEVELINGS 317 - 329
5.3.1 Ten opsigte van die rol van die onderwysowerheid 318
5.3.1.1 'n Oorkoepelende beleid vir musiekopvoeding 318
5.3.1.2 Die toevoer van musiekopvoeders 318
5.3.1.3 Die kwalifikasies van musiekopvoeders 319
5.3.1.4 'n Vaklokaal vir Klasmusiekopvoeding 319
5.3.1.5 Die superintendente van onderwys (onderrigleiding) 320
5.3.1.6 Indiensopleiding van onderwysers 320
5.3.1.7 Instrumentale musiekonderrig 321
5.3.1.8 Klasmusiek as eksamenvak 323

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.1.9 Gebiedskore en -orkeste 323
5.3.2 Ten opsigte van die skool 324
5.3.2.1 'n Beleid t.o.v. musiekopvoeding in die skool 324
5.3.2.2 Die ontwikkeling van 'n gesonde musieksmaak by leerlinge 325
5.3.2.2 Musieklaboratoria 326
5.3.2.4 Moontlike nadelige gevolge van die gunstige formule van voorsiening vir instrumentale onderrig 326
5.3.2.5 Groter selektiwiteit t.o.v. instrumentale onderrig 326
5.3.3 Ten opsigte van die musiekopvoeder 327
5.3.3.1 Die kwalifikasies van musiekopvoeders 327
5.3.3.2 Die musiekopvoeder in sy gemeenskap 328
5.3.3.3 Hantering van die brommer 328
5.3.4 Ten opsigte van die georganiseerde professie 329
5.4 AFSLUITING 330

BRONNELYS 331

BYLAES

Bylae 1: Lande van herkoms van lede van ses Suid-Afrikaanse simfonieorkeste 339
Bylae 2: "Singing", in Primary School Course 1921 341
Bylae 3: Memorandum van die SAOU oor musiekonderrig op skool, 1950 343
Bylae 4: Memorandum van die SAOU, Oktober 1979 352
Bylae 5: Sillabus vir HPOS (Klasmusiek) in Die Onderwysgaset, 24 Januarie 1963 355
Bylae 6: Onderwysdiploma en Hoër Onderwysdiploma: Klasmusieksillabus 357

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING

1. MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Daar is nog nie veel navorsing ten opsigte van musiekopvoeding en -onderwys, soos dit in die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing is, voltooi nie. Name wat in hierdie verband wel vermelding verdien, is o.a. Jan Bouws, Theodore C. de Villiers, Anna C.M. Fick, Philip McLachlan, Rachel E. Pienaar, Petrus Roos, Gertruida M. Steyn, Anna G.J. van Wyk en Arthur Wegelin. Die terrein sover dit Kaapland betref, is ook nog nie deeglik verken nie, hoewel waardevolle werk deur mej. Acáma Fick van die Universiteit Stellenbosch gedoen is ten opsigte van die geskiedenis van skoolsang in Kaaplandse skole tot 1915, die afsluiting van die Muirtydperk.[1] Gevolglik is 1916 gekies as die aansluitingsjaar vir hierdie studie oor die ontwikkeling van musiekopvoeding onder die Kaaplandse Onderwysdepartement (K.O.D.). Ten einde 'n bydrae tot die moontlike verdere ontwikkelinge op hierdie gebied te kan lewer, is ook besluit om die studie tot 1984 deur te trek.

Die probleme rondom musiekopvoeding het veral in die jare 1949, 1977 en 1979 op kongresse van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) aandag geniet. Vertoë wat aan hierdie kongresse in die vorm van besluite en memoranda gerig is, het egter nie veel vermag nie. Juis in die geval van die 1979-kongres is versoek dat 'n omvattende ondersoek na musiekopvoeding gedoen moet word.[2] Hierdie studie kan dan in 'n sekere opsig as 'n poging in daardie rigting gesien word.

Vanweë die omvattende aard van hierdie onderwerp was dit nie moontlik om op alle aspekte van musiekopvoeding onder die KOD indringend in te gaan nie. In sekere opsigte is hierdie studie dus die daarstelling van 'n oorsigtelike perspektief in bepaalde aspekte en word verder ook aangedui dat sekere terreine vir verdere intensiewe ondersoek oop lê. Twee sodanige terreine wat met vrug nagevors kan word, is bv. Klasmusiekopvoeding in al sy fasette vanaf pre-primêre onderwys tot op tersiêre vlak, en die opleiding van onderwysers vir musiekopvoeding. Dit wil voorkom dat juis die Klasmusiekopvoeding, wat moontlik as die belangrikste komponent van musiekopvoeding beskou kan word, nie tot sy volle reg kan kom nie as ge-

1) Anna C.M. Fick: Die Geskiedenis van Skoolsang in Kaaplandse skole 1652-1915 (M.Mus., Universiteit van Stellenbosch, Januarie 1984).

2) Vide infra, p.62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

volg van die gebrek aan genoeg en voldoende opgeleide Klasmusiekopvoeders.

Dit was ook nodig om die program van instrumentale onderrig vir die talentvolle en begaafde leerling onder die loep te neem. Een van die verwagtinge ten aansien van so 'n program sou kon wees dat genoeg musici vir die erkende orkeste van Suid-Afrika gelewer sou moes kon word. 'n Ondersoek is derhalwe ook ingestel na die ses simfonieorkeste in die RSA, nl. die Nasionale Simfonieorkes van die SAUK, die Kaapstadse Simfonieorkes, die KRUIK-orkes, die TRUK-orkes, die SUKOVS-orkes en die Natalse Filharmoniese orkes. 'n Opsomming van die lande van herkoms van die spelers word in bylae 1 gegee.

Die musiekkultuur in Suid-Afrika dek 'n baie wye spektrum waarvan o.m. die gesofistikeerde meer ernstige Wes-Europese musiek (wat in 'n sekere mate die onderrig in die skool oorheers), die hedendaagse eietydse byderwetse pop en die spontane, selfs nie-geletterde soort van die inheemse bevolkingsgroepe. Hierdie groot verskeidenheid bied in sekere opsigte unieke geleenthede vir die musiekopvoeder en groot uitdagings tot die stelsel van musiekopvoeding. Die skouspelagtige ontwikkelinge op tegnologiese gebied het as't ware 'n nuwe sub-kultuur geskep: 'n kultuur van versterkte klank wat neig om die oorspronklike kultuur te verdring. Die gevaar bestaan dat die oorvloed van ligte Amerikaanse en ander versterkte musiek wat op groot skaal deur die kind en jongmens aangehang word, die eie volkskultuur van alle bevolkingsgroepe ingrypend kan beïnvloed.

2. WERKMETODE

Om die program van musiekopvoeding onder die KOD te evalueer was dit eers nodig om oorsigtelik oor musiekopvoeding as 'n opvoedingsgebeure te besin. Hierdie deel van die studie is onderneem ter identifisering van enkele kriteria waarvolgens die musiekopvoedingsprogram geëvalueer en uitgebou kan word.

Om die stand van musiekopvoeding in Kaapland te kon evalueer, was dit nodig om die ontwikkeling van musiekopvoeding in sy historiese verloop te ondersoek. Historiese bronne wat beskikbaar is, is nagegaan. Dit het o.a. ingesluit sekere lêers van die KOD wat reeds na die Staatsargief in Kaapstad oorgeplaas is, alle Departementele omsendbriewe wat op die aangeleenthede van toepassing is, alle uitgawes van Die Onderwysgaset vir die onderhawige tydperk, ander Departementele publikasies en afgerolde stukke, die blaaie van die twee onderwysersverenigings wat onder die KOD erkenning geniet en ander verwante navorsing en stukke wat opgespoor kon word. Vir laasgenoemde doel is inligting van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Navorsingsontwikkeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navor-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sing (RGN) aangevra en die daaropvolgende navorsingsbulletins gereeld nagegaan.

Tydens die rangskikking en verwerking van die bronnemateriaal is 'n tematiese benadering gevolg sodat perspektiewe in die afsonderlike aspekte met groter duidelikheid gestel kon word.

Hoewel die onderwys van swart skoliere tot 1953 en dié van bruin skoliere tot 1963 onder die Kaaplandse Departement van Onderwys ingedeel was, is besluit om vanweë die omvattende aard en kontinuïteit van hierdie onderwerp dié studie te beperk tot slegs die onderwys in skole vir blanke leerlinge.

Om die stand van musiekopvoeding tydens die afsluitingsperiode van hierdie studie te ondersoek is drie afsonderlike vraelyste opgestel. Loodsvraelyste is eers aan enkele skole vir insae gestuur. Die vraelyste is aan die hand van die terugvoering en wenke aangepas en verfyn voordat hulle met die toestemming van die Kaaplandse Onderwysdepartement uitgestuur is. Alle vraelyste wat terugontvang is, is noukeurig nagegaan voordat hulle vir rekenaarverwerking beskikbaar gestel is. Ook die rekenaarsdrukstate is eers aan 'n sistematiese ondersoek onderwerp sodat o.a. ponsfoute reggestel kon word, voordat verdere berekeninge met die rekenaar gedoen is. Die rekenaarsresultate is krities ontleed en sekere nuwe berekeninge gemaak. Daarna is die belangrikste gevolgtrekkings en toepaslike opmerkings uitgelig.

Besoeke is ook in die ander drie provinsies van die RSA afgelê om inligting ten opsigte van sekere aspekte van hulle musiekopvoedingsprogramme te bekom. Tersaaklike gedeeltes van hierdie inligting is op 'n kursoriese wyse geboekstaaf nadat dit goedgunstig deur die drie onderwysdepartemente gekontroleer en goedgekeur is. Dit moet beklemtoon word dat hierdie studie nie vergelykend van aard is nie: die inligting oor sekere aspekte van musiekprogramme buite Kaapland is bloot ter wille van die voller perspektief en noodsaaklike verbandlegging ten opsigte van die geheel.

Die studie word afgesluit met 'n samevattende kritiese beskouing (o.a. teen die agtergrond van die kriteria wat vroeër geïdentifiseer is) en aanbevelings ten opsigte van die belangrikste bevindinge uit die navorsing.

3. ENKELE FAKTORE WAT BY DIE NAVORSING IN AG GENEEM MOES WORD

Die tydperk waarop vir die studie besluit is, 1916 - 1984, het vanweë die ontoeganklikheid van sekere primêre bronne bepaalde probleme geskep. Die Staatsargief

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Kaapstad het oor relatief min lêers beskik aangesien die meeste tersaaklike lêers nog in die Tussenbewaarplek geberg is. Spesiale verlof is van die Direkteur van Argiewe ontvang om dié lêers, sommige waarvan nog in die "geslote tydperk" was, ter insae te kry. Ten spyte van hierdie vergunning kon lêers met inligting jonger as 30 jaar nie beskikbaar gestel word nie en kan resente ontwikkelinge aan die hand van slegs amptelike gepubliseerde materiaal en Departementele omsendbriewe ondersoek word. Toekomstige navorsing sou dus met vrug weer 'n deel van hierdie tydperk kan dek.

Die inwin van inligting by wyse van vraelyste het ook ander probleme na vore laat tree. Hoewel die Departement van Onderwys welwillend en aanmoedigend teenoor opvoedkundige navorsing ingestel is, het die Departement ook 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor skoolhoofde, onderwysers en leerlinge. Waar toestemming vir navorsing aangevra word, is dit dus nodig dat die navorser in sy onderhandelinge met die skool die volgende moet vermeld: "...geen leerling/leerkrag/skoolhoof staan onder enige verpligting om die verlangde inligting te verstrek of op enige ander wyse met die navorsing behulpsaam te wees nie".[3] Daar kon dus nie op 'n ewekansige steekproef staatgemaak word nie aangesien alle skole, onderwysers en leerlinge wat die vraelyste ontvang het, nie die vraelyste hoef te beantwoord het nie. In die geval van die skole is die probleem probeer oorkom deur vraelys A aan alle skole (uitgesonderd pre-primêre en spesiale middelbare skole) te stuur en die respons te ondersoek ten opsigte van 'n aanvaarbare persentasie van verteenwoordiging. In die geval van vraelys B aan die onderwysers is skole op 'n ewekansige wyse uitgesoek, maar waar 'n skool nie gereageer het nie, is 'n tweede steekproef op ander skole gedoen.

Die aanspraak kan nie gemaak word dat inligting wat in 1982 versamel is, in 1984 steeds ten volle geldig sou wees nie. Daar is nietemin besluit om die studie in 1984 af te sluit vanweë verskeie ontwikkelinge wat op die gebied van musiekopvoeding onderweg was èn ook die vertroue geskep het dat verdere ontwikkelinge gedurende hierdie dekade moontlik sal plaasvind.

Op die gebied van taalversorging het die volgende vorme van die terme "musiek-", "musikaal-" en "musikale" sekere probleme geskep vanweë die intuïtiewe interpretasieverskille wat lesers geneig sou wees om daaraan te heg. Vir die doel van hierdie proefskrif is gepoog om "musiek-" hoofsaaklik te gebruik waar dit verwys

3) Kaaplandse Departement van Onderwys (KOD), lêer L.15/73/7: Omsendbrief 6/1984, "Navorsingsprojekte waarby die Onderwysdepartement en Departementele Skole of Instansies betrek word", p.4, par. 4.7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na aspekte van musiek soos in "musiekopvoeding" en "musiekgeletterdheid", waardeur agtereenvolgens gedui word op opvoeding en geletterdheid in musiek. "Musikaal-" of "musikale" is merendeels gebruik waar musikaliteitseienskappe van die mens na vore tree soos in "musikale vermoëns" en "musikaal-begaafde". Daar moet egter ook toegegee word dat hierdie skerp skeidslyn nie deurgaans getrek kon word nie en dat 'n intuïtiewe aanvoeling ook soms 'n rol gespeel het.

Vir die doel van hierdie proefskrif is by die begrip "musiekopvoeding" ingesluit alle musiekbedrywighede wat daargestel kan word om 'n doelbewuste positiewe beïnvloeding van die kind te weeg te bring. Klasmusiekopvoeding is dan ook een van die belangrikste van hierdie bedrywighede omdat dit daarop gemik is om alle leerlinge te betrek. Maar ander bedrywighede soos die program van instrumentale onderrig, koorsang, orkesspel, besoeke aan lewende musiekuitvoerings en musiekverenigings word ook ingesluit.

4. INDELING VAN DIE PROEFSKRIF

Die proefskrif is soos volg ingedeel:

Hoofstuk 1 - 'n beskouing oor musiekopvoeding aan die hand van 'n literatuurstudie

Hoofstuk 2 - 'n historiese ondersoek na die ontwikkeling van bepaalde aspekte van musiekopvoeding onder die Kaaplandse Departement van Onderwys, 1916 - 1984

Hoofstuk 3 - 'n ondersoek na die stand van musiekopvoeding aan die hand van drie afsonderlike vraelyste aan skole, onderwysers en hoërskoolleerlinge

Hoofstuk 4 - 'n kursoriese ondersoek na die stand van bepaalde aspekte van musiekopvoeding in die Oranje-Vrystaat, Natal en Transvaal

Hoofstuk 5 - 'n kritiese beskouing t.o.v. die stand van musiekopvoeding onder die KOD en aanbevelings wat uit hierdie beskouing voortvloei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

MUSIEKOPVOEDING

1.1 INLEIDING EN BEGRIPSOMSKRYWING

Kultuurskepping vind sy oorsprong daarin dat die mens as denkende en handelende wese oor die vermoë beskik om in die wêreld rondom hom in te gryp en dit in 'n mindere of meerdere mate te omvorm. Die beoefening en uitbouing van die mens se kultuur geskied normaalweg nie in geïsoleerde verband nie, maar wel in gemeenskapsverband waar hy die uitdrukkinge en die vrug van menswees as 'n besondere wyse van bestaan met sy medemens kan en wil deel. Deur die geskiedenis van die mens heen het hy homself as 'n gemeenskapswese bewys en 'n beskawing opgebou wat met verloop van tyd tot steeds hoër en hoër beskawingsvlakke beweeg het. Hierdie beskawing soos ook uitgebeeld in die Westerse beskawing, kan dan beskou word as die kuns van saamleef soos uitgedruk in 'n gemeenskapsbestaan.[1)]

Verder beskik die mens oor fisieke, intellektuele en estetiese vermoëns wat almal ontwikkel en uitgebou moet word, anders verwesenlik hy nooit sy volle potensiaal as menslike wese nie.[2)] In hierdie gebeure speel opvoeding 'n uiters belangrike rol omdat die mens, en dus ook die kind, nie oor die vermoë beskik om homself tot geestelike volwassenheid te lei nie. Die taak van die opvoeding is juis om die kind met kennis, vaardigheid, begrip en insig toe te rus sodat hy 'n aanvaarbare en nuttige lid van sy gemeenskap sal wees.[3)] Die opvoeder moet die nie-volwassene lei tot 'n voller en ryker lewe en hom help om sy persoonlikheid tot die volle potensiaal van sy menslike en geestelike kwaliteite in diens van sy gemeenskap uit te bou. Die opvoeder moet hom dus op doelbewuste wyse met die kind bemoei sodat laasgenoemde sy eie moontlikhede kan ontdek en ontgin.

Om oor die verskynsel musiekopvoeding te besin, is dit noodsaaklik om sekere verwante begrippe aan die hand van beskouinge van enkele erkende opvoedkundiges te om-

1) Marian Brooks en Harry A. Brown: Music Education in the Elementary School, p.84.

2) Charles Leonhard en Robert W. House: Foundations and Principles of Music Education, p.114.

3) Bjornar Bergethon en Eunice Boardman: Musical Growth in the Elementary School, p.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lyn. Musiekopvoeding kan alleenlik in perspektief geplaas word as dit teen die agtergrond van opvoedkundige denke gesien word.

Die mens kom as 'n onvoltooide wese die wêreld binne, maar die alledaagse leefwêreld het die bewys gelewer dat hy opgevoed kan word en dat hy vir die verwerwing van 'n sinvolle plek in die gemeenskap op opvoeding aangewese is. Trouens, die kind het 'n wesenlike behoefte daaraan om die volwassene iewers te ontmoet en met hom te verkeer. Hierdie kenmerk maak juis die opvoeding van die mensekind moontlik en noodsaaklik.[4] Die kind beskik oor 'n verskeidenheid van moontlikhede wat hom in staat stel om verander te word asook om self te verander. Hierdie moontlikhede is hoofsaaklik geleë in sy vermoë om te leer (fisiek en psigies), 'n selfbewussyn te ontwikkel en skeppend op te tree.[5] Die kind is egter uit sy eie nie daartoe in staat nie en het die leiding van volwassenes nodig om sy moontlikhede te laat ontwikkel tot wat hy kan en behoort te word. Hierdie leiding geskied deur middel van die opvoedingsgebeure.

De Vries omskryf hierdie universele en tipies-menslike verskynsel, nl. die opvoeding, "as die steun en omhoogleidende begeleiding van 'n nie-volwassene deur 'n volwassene in die eersgenoemde se eie op weg-wees na 'n sodanige graad van volwassenheid as wat vir hom toereikend is om in sy bepaalde kultuurkring op 'n aanvaarbare wyse sy plek in die grootmenswêreld te kan inneem."[6]

Gunter definieer opvoeding as 'n bewuste, doelbewuste, planmatige, verantwoordelike en verantwoordbare bemoeienis met, bearbeiding van, en hulpverlening aan 'n hulpbehoewende en hulpverlangende kind of jeugdige deur 'n volwassene en is gerig op die wysiging van die eersgenoemde se natuurlike groei sodat sy bestaan 'n behoorlike loop sal neem, sodat hy deur en as gevolg van die bemoeienis 'n <u>beter</u> mens sal word as wat hy daarsonder sou gewees het, sodat hy geleidelik sal vorder op die pad tot geestelike volwassenheid en sal ontwikkel tot 'n bepaalde soort mens wat sal beantwoord aan die eise wat deur die behoorlike gestel word.[7]

Dit is duidelik dat die opvoedingsverskynsel nie te voorskyn kan tree as die twee komponente, nl. die volwassene en die kind, die opvoeder en die opvoedeling nie al-

4) C.F.G. Gunter: <u>Opvoedingsfilosofië</u>, p.6.

5) H.J. Harmse en P.P. Kirstein: <u>Pedagogiek, Deel 1</u>, p.17.

6) C.G. de Vries: <u>Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde</u>, p.36.

7) <u>Vide</u> C.F.G. Gunter: <u>Opvoedingsfilosofieë</u>, p.10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bei teenwoordig is nie. Die opvoedeling moet ook antwoord op die aanspreek van die opvoeder, en sy antwoord kan òf positief òf negatief wees. Daar ontstaan dus 'n dialoog tussen opvoeder en opvoedeling. Daar is dan geesteskontak, -wisselwerking of -gemeenskap tussen die twee.[8] Trouens, die kind gaan verder en verwerk self al die vormende gebeure en invloede wat op hom inwerk met behulp van 'n handeling wat as selfopvoeding bekend staan. Dit kan ook as die instrument beskryf word waarmee die opvoedeling met sy eie aangebore gawes die hulp, steun, en invloed van buite verwerk om aan sy wording beslag te gee sodat hy dié volwassene sal word wat hy kan en behoort te word.[9]

Onderwys is 'n aspek van die opvoedingsgebeure in soverre dit 'n opvoedingmiddel is en het hoofsaaklik met die ontwikkeling van die leerling ten opsigte van sy hoof en sy hand te doen. Onderwys moet hom in staat stel om te ken wat hy voorheen nie geken het nie en om te kan doen wat hy voorheen nie kon doen nie, maar ook om dit wat hy wel geken het en kon doen, beter te ken en te kan doen.[10]

Die oordra van kennis en vaardighede kan nie die enigste doel van die onderwys wees nie. Daar moet ook aandag gegee word aan en klem gelê word op sedelik goeie eienskappe, positiewe denkwyses en nastrewenswaardige ideale. Daar kan geen onderwys gegee word sonder om op te voed nie, want opvoeding het met die hele kind te doen en die hele kind is by die onderwyssituasie betrokke.[11] Wanneer die onderwyser kennis aan die kind oordra, dra hy ook iets van sy innerlike belewing oor. Dit is dan nie meer bloot oordrag van kennis nie, maar dit is oordrag van kennis tesame met gesindheid.[12]

Alleenlik met die voorgaande as agtergrond kan daar oor musiekopvoeding binne 'n bepaalde struktuur, nl. die Kaaplandse Departement van Onderwys, besin word. In aansluiting by die voorgaande is dit in hierdie stadium nodig om aandag te skenk aan die aard en die wese van musiek.

8) Vide C.F.G. Gunter: Opvoedingsfilosofieë, p.6.

9) C.G. de Vries: Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde, p.34.

10) C.F.G. Gunter: Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde, p.9.

11) C.G. de Vries: Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde, p.39.

12) Ibid., p.40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2 MUSIEK AS EKSPRESSIEWE MEDIUM

1.2.1 Musiek as akoestiese kommunikasiemedium

Die mens bevind hom daagliks midde-in 'n groot verskeidenheid toevallige en ongeorganiseerde klankervarings waarop hy normaalweg op een of ander wyse respondeer. In sy aanhoor daarvan, kan hy dit byvoorbeeld strelend of steurend vind; dit kan hom ontroer of irriteer, of selfs met vrees vervul; hy kan besluit om dit met aandag te beluister en te analiseer, maar ook om dit op die agtergrond te skuif of dit selfs te ignoreer.

Musiek se vertrekpunt is geleë in 'n verskeidenheid van klanke, wat normaalweg oor 'n bepaalde organisasie en selfs wetmatigheid beskik om die luisteraar op sodanige wyse aan te spreek as synde ánders as 'n toevallige of skynbaar wanordelike klankversameling. Die luisteraar kan dit dan ervaar dat dié besondere organisasie van klanke voortgebring word met die doel om hom as luisteraar te betrek. Vir musiek om te bestaan, is daar dus 'n oorspronklike skepper nodig wat dié besondere stel klankkombinasies met 'n bepaalde uitgangspunt en 'n bepaalde doel daargestel het. Daarbenewens vereis die musiek ook 'n tussenganger of uitvoerende kunstenaar - hetsy professioneel of amateur - wat toevallig ook die oorspronklike skepper kan wees en wat deur middel van 'n bepaalde instrument of die menslike stem, wat as medium van reproduksie dien, die musiek in 'n werklikheid kan omskep. Musiek word, soos in alle ander klanke, deur klankgolwe, wat normaalweg versteurings in die digtheid van die natuurlike lug is, tot die menslike oor gedra. Die brein interpreteer hierdie impulse op die oortrom op 'n subjektiewe wyse, en deur betekenis daaraan te heg, word die musiek ervaar in terme van eienskappe soos wisselende toonhoogtes, klanksterkte, toonduur en toonkleur. Die derde lid van hierdie driemanskap is dus die luisteraar, wat die uitvoerende kunstenaar insluit, en wat as die bedoelde ontvanger of verbruiker van die proses van musiekmaak beskou kan word.

Omdat musiek wesenlik uit klank bestaan en in 'n tydkontinuum geskied, kan dit in 'n sekere sin as 'n onaantasbare of abstrakte kunsvorm beskou word. Nòg die genoteerde musiek, nòg die instrument of die stem wat dit voortbring, kan in werklikheid as musiek beskou word, aangesien hierdie werktuie slegs as media of draers van die musiek kan dien. Ook wanneer die opgeleide musikus die genoteerde bladmusiek ondersoek, is dit nie die notasie wat die musiek vorm nie, maar wel die klank wat hy met sy geestesoor ervaar by die aanskoue van die besondere notasie.

In die proses van ervaring van musiek speel die menslike gehoor as fisieke én geestesinstrument 'n onontbeerlike rol, beide wat die voortbring sowel as die beluistering en die innerlike belewing daarvan betref. As besonder gevoelige luis-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

terinstrument beskik dit oor sekere unieke eienskappe soos die vermoë om 'n groot omvang in klanksterktes, fyn verskille in toonhoogtes en 'n groot verskeidenheid in toonkleure te onderskei. Die gehoor lewer 'n besondere bydrae tot die komplekse interaksie tussen die klank wat aangehoor word en die betrokkene se innerlike gevoelslewe en intellektuele belewenis. Dit skei dié vir-hom-assimileerbare van die toevallige en onaanvaarbare. Op doelbewuste wyse kan die gehoor 'n spesifieke klank of klankkombinasies selekteer en dit na willekeur op die voorgrond bring. Aanvullend tot die gehoor stel die geheue van die mens hom in staat om klank en betekenis bymekaar te bring en klank derhalwe met insig te interpreteer. Die gehoor onderskei ook tussen gewone spraak as kommunikasiemiddel wat normaalweg deur middel van woorde en begrippe na die mens en sy leefwêreld verwys aan die een kant, en aan die ander kant musiek, wat hoewel dit soms ook van die gesonge woord gebruik maak, van 'n spesiale verwantskap met die innerlike gevoelslewe van die mens getuig.[13] Die musiek is dus 'n unieke kommunikasiemedium wat, hoewel dit sy oorsprong in klank vind, veel meer betekenis inhou as net die algemeen-gebruiklike beskrywing van "georganiseerde klank in 'n bepaalde tydsverloop".[14]

George Duhamel definieer ware musiek as die kuns en die wetenskap om klanke voort te bring ooreenkomstig sekere reëls (wat toevallig tussen volkere kan verskil) en, in sekere gevalle, dié groepering en harmonisering van dié klanke op so 'n wyse dat 'n gesamentlike effek voortgebring word wat die luisteraar se gevoelslewe en begrip van die wêreld rondom hom verryk. Van hierdie musiek is stilte 'n integrale deel, 'n fondamentsteen, 'n voorvereiste.[15]

Atarah Ben-Tovim lê klem op die onaantasbaarheid van die musiek: die gawe om musiek te waardeer verryk die mens se hele lewe. Nogtans, volgens Ben-Tovim, is musiek die mees tegniese, die mins verbale en ook die mins geobjektiveerde kunsvorm - dit het geen fisieke gestalte nie en geen massa nie; dit is onsigbaar en onaantasbaar; dit beskik selfs oor sy eie taal: "You may read a million words about music and still know no more about it than when you began."[16]

13) Yehudi Menuhin en Curtis W. Davis: The Music of Man, p.19.

14) Robert Hickok: Music Appreciation, p.1.

15) George Duhamel: "The Philosophy of Music Education", in Music in Education (International Conference on the Role and Place of Music in the Education of Youths and Adults, Brussels 1953) p.24.

16) Atarah Ben-Tovim: Children and Music, p.9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.2.2 Kennis en begrip van musiek

Hoewel die mens van nature oor 'n aangebore sensitiwiteit vir musiek beskik, kan hy die musiek op 'n meer sinvolle wyse ervaar met behulp van 'n sekere basiese voorkennis en begrip wat verwerf kan word by wyse van formele studie, maar ook in 'n sekere mate deur middel van nie-formele en informele selfstudie. Elke persoon kan dus in staat wees om 'n sekere graad van musiekgeletterdheid te verwerf, gebaseer op 'n bepaalde kennis van musieknotasie en -terminologie, en op doelbewuste en ook toevallige beluistering van musiek. Die musiek beskik oor verskeie unieke eienskappe, soos ook die vermoë om wel tot die musiek-ongeletterde persoon te kan spreek bloot deur sy invloed op die verstand en gemoed om derhalwe ook die begeerte by die betrokkene te laat ontstaan om meer van die musiek te wete te kom. Westerse musiek beskik oor 'n eiesoortige notasiesisteem wat, hoewel dit ten opsigte van die notering van veral sekere eietydse musiek bepaalde gebreke inhou, oor eeue heen 'n groot diens aan die musiek op sy pad van verandering gelewer het. 'n Sekere basiese kennis van hierdie sisteem is vir die luisteraar besonder nuttig vir sinvolle musiekervarings.

Terwyl die primitiewe gemeenskappe, en ook in 'n groot mate die hedendaagse niegeletterde gemeenskappe, hulle musiek grotendeels om funksionele redes beoefen het, kan die Westerse geletterde gemeenskappe hulle daarin onderskei dat hulle musiek in omvang en betekenis in 'n baie groot mate verruim en verryk geraak het. Hierdie verryking het o.a. gestalte gevind in die groot verskeidenheid en volume van nuwe skeppinge wat met die verloop van eeue tot die wêreld se musiekskat toegevoeg is. Om te kan deel in hierdie verryking, moet die belangstellende luisteraar hom ook beskikbaar stel vir geleenthede waardeur hy sy vlak van musiekgeletterdheid kan verhoog - geleenthede wat vir die gewone mens deur 'n verskeidenheid van media vryelik beskikbaar is, soos artikels in tydskrifte, programme oor die radio en die TV, en die vele geleenthede waar alle soorte musiek lewend uitgevoer word.

1.2.3 Die effek van musiek op die mens

Dit blyk dat die meeste mense meelewend respondeer op die samehang in georganiseerde klank van bepaalde toonhoogte, -sterkte, -kleur en -duur, en daardeur dus sekere sensasies ervaar wat hulle op die een of ander wyse emosioneel en intellektueel aanraak. Wat ook al die reaksie of respons, musiek laat selde die luisteraar wesenlik onaangeraak.[17] As een van die mens se grootste kulturele prestasies bied dit normaalweg vreugde wanneer dit in een of meer van sy wye reeks

17) Aaron Copland: Copland on Music, p.62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitdrukkingswyses ervaar word deur elkeen wat met gewilligheid die musiek spontaan beleef.[18] Die teenwoordigheid van 'n bepaalde musikale bevoegdheid kan 'n eiesoortige bydrae lewer tot 'n estetiese weldadigheid en die kwaliteit van die lewe vir sodanige individu en vir die gemeenskap.[19]

Alvorens die luisteraar egter tot sodanige musikale bevoegdheid ontwikkel, moet hy op doelbewuste wyse deur die musiekopvoeder gelei word deur middel van sy meerdere kennis, vaardigheid en insig, nie net ten opsigte van die inhoud van die program nie, maar ook ten opsigte van die potensiële trefkrag van die musiek op die mens se fisieke, emosionele en kreatiewe vermoëns.

1.2.4 Die ekspressiewe en funksionele rol van musiek

Kommunikasie kan as die hoofdoel vir die beoefening van musiek beskou word. So, byvoorbeeld kan dit as 'n kanaal vir self-ekspressie en vir blote ontspanning dien. Dit kan as agtergrond vir ander gebeurtenisse dien, soos bv. om 'n godsdienstige ervaring uit te druk, om vaderlandse trots op te wek, om liefde teenoor 'n medemens te betuig, en ook om in die konsertsaal beluister te word. In sodanige gevalle is minstens twee deelhebbende partye betrokke: die "verbruiker", d.w.s. normaalweg die luisteraar, en die "produsent", d.w.s. die persoon of persone wat die musiek voortbring. In beide gevalle kan òf die individu òf die gemeenskap betrokke wees.

1.2.4.1 Musiek en die individu

Elke mens beskik oor 'n inherente drang om klank te produseer of daarop te respondeer. Hierdie drang is gewortel in sy vroegste en intiemste lewenservarings. Volgens Sessions ondergaan selfs die mins musikale individu gedurende sy groeitydperk in sy bewustheid van en gevoel vir sekere komponente van die musiek, soos die melodie, 'n mate van verfyning.[20] Elke mens kan deur musiek verryk word deur middel van amateur- of professionele musiekbeoefening of -beluistering. Afgesien van die vlak van musikale ontwikkeling van die bepaalde individu kan die musiekbegaafde individu boonop musiek gebruik as 'n kanaal waardeur hy sy besondere per-

18) Charles R. Hoffer: The Understanding of Music, p.12.

19) Charles Leonard: "The Place of Music in our Elementary and Secondary Schools", in Music Educators Journal, Februarie/Maart 1964, p.53.

20) Roger Sessions: The Musical Experience of Composer, Performer, Listener, p.17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soonlike kwaliteite tot uiting kan bring, en op 'n besondere wyse met sy medemens kan kommunikeer.

Die individu se gemoedslewe word dikwels in die keuse van sy musiek weerspieël, sodat die musiek by sy gemoedstemming kan aanpas of dit kan verander - hy ervaar 'n diepe vreugde in sy oorgawe aan die die musiek en die volle ervaring van die skoonheid daarvan.

Copland en Sessions baken vier ontwikkelingstadia in die ervaring van die musiek deur die individu af: eerstens is daar die vermoë om met 'n komposisie tydens die uitvoering daarvan geïdentifiseer te raak; tweedens speel genot die sleutelrol in hierdie identifikasie; derdens bekom die individu 'n sekere kennis en begrip van die musiek wat uitgevoer word; en vierdens ontwikkel hy 'n estetiese oordeel waarvolgens hy die kwaliteit van die besondere stuk kan beoordeel.[21] Alle persone gaan natuurlik nie hierdie volle spektrum deur ten opsigte van elke musiekstuk wat aangehoor word nie. Die individu se ervaring van die musiek hang grootliks saam met die graad van musiekkennis en musikale ontwikkeling en begrip wat hy reeds bereik het.

Om werklik met musiek betrokke te wees, vereis 'n eiesoortige samevoeging en integrasie van die mens se sintuiglike, intellektuele en emosionele kwaliteite. Die intellek ontleed aspekte soos struktuur, toonsisteme, teksture, harmonieë, kontrapuntale middele, tessituur en balans terwyl die gehoor betower word deur die skoonheid van klank en klankkombinasies, en die hart op affektiewe wyse op die emosionele inhoud van die musiek respondeer. As hierdie onderskeie ervaringsfere deur die mens tot sinvolle sintese gebring kan word, het hy gevorder op die pad van musikale ervaring.[22] Hierdie voorreg kan die voorreg van elke individu wees, omdat musiek 'n universeel-menslike verskynsel is wat in staat is om die mens in sy diepste wese aan te raak, te stimuleer en te ontroer. Vanweë die universele aard van musiek, hetsy vokaal, instrumentaal of in kombinasies daarvan, open dit vir die mens die weg tot kommunikasie met sy medemens en stel dit hom in staat om hom met sy medemens in individuele of groepsverband te identifiseer. Vir die skool is die implikasie van die voorgenoemde duidelik, nl. dat musiek die weg baan tot sinvolle en opvoedende klas- en groepsaktiwiteite. Hierdie aktiwiteite kan dan beskou word as die teelaarde vir die toekomstige "musiekverbrui-

21) Jerrold Ross: The Development of a Comprehensive Philosophy for Music in Elementary Education (D.Phil., Universiteit New York, 1963) pp.71,72.

22) Joseph Machlis: The Enjoyment of Music, p.6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ker", hetsy amateur of professioneel.

1.2.4.2 Musiek en die gemeenskap

Antropoloë beweer dat hulle van geen gemeenskap ter wêreld weet wat sonder musiek funksioneer nie. Volgens hulle speel musiek 'n rol in elke kultuur, nie net in gemeenskapsgebruike en rituele nie, maar ook in die persoonlike lewe van elke mens. Die twintigste eeu se gemeenskap ondervind daarbenewens 'n veel groter toeganklikheid tot die musiek as in alle vorige eeue, as gevolg van moderne tegnologiese vooruitgang en ontwikkeling in die massa-kommunikasiemedia.

Die wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelinge wat op 'n breë front en in toenemende mate besig is om die wêreld en ook die intieme huislike en persoonlike lewens van mense te beïnvloed, het vir die mens veel seën gebring omdat sy lewenstandaard in terme van fisieke omstandighede steeds besig is om verhoog te word. Aan die ander kant bestaan daar egter ook die gevaar dat die mens 'n slagoffer word van 'n gejaag na kennis, vooruitgang en beroepsgereedmaking ten koste van 'n breë algemeenvormende opvoedingsprogram. Die onderwys het 'n groot verantwoordelikheid om 'n gemeenskap daar te stel wat ook genoegsame kennis dra van en oor waardering beskik vir die geestesprodukte van die beskawing, soos die literatuur, die beeldende en die uitvoerende kunste.

As uitvoerende kunsvorm neem die musiek 'n besondere plek in die gemeenskapslewe in. Die volksmusiek en volksdans bevredig die gemeenskap se honger na aktiwiteite wat hy in groepsverband kan beoefen en die populêre eietydse musiek, veral soos dit oor die radio, die TV en in die konsertsaal teregkom, skep vir die gemeenskap vermaak en dien as 'n nuttige middel tot vryetydsbesteding. Die gewyde musiek bied vir die gemeenskap die geleentheid om sy besondere soort godsdiens tot 'n dieper geesteservaring te verryk; en die kunsmusiek bevredig die musikaalgevoelige deel van die gemeenskap se behoefte na meer gesofistikeerde musiekgenres.

1.2.4.3 Die musiekprodusent

Namate musiek vir die meeste mense maklik beskikbaar begin word het, het die musiekprodusent in die hedendaagse gemeenskap 'n steeds belangriker plek begin inneem. Die groter toeganklikheid van musiek het ook groter behoeftes as in die verlede geskep, sodat komponiste en uitvoerende kunstenaars van 'n breë spektrum van musiekgenres, uitgewers, die uitsaaiwese en platemaatskappye met hulle wetenskaplikes soos akoestici en elektrontegnici, almal 'n groot rol in die produksie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van musiek te speel het.

Die musiekwêreld het dus 'n omvattende bedryf met groot kapitaalbeleggings en baie beroepsmoontlikhede geword. Hierdie ontwikkelinge hou implikasies in waarmee die skool in die uitbou van sy opvoedingsprogramme rekening sal moet hou.

1.2.5 Musiek en die ander kunste

In die vroeë geskiedenis van die menslike bestaan was die verskillende kunsvorme vir die mens 'n integrerende deel van sy daaglikse lewe. Hy kon teken, versier en voorwerpe maak wat vir hom genot verskaf het en tot nut kon wees; hy kon stories oorvertel en fantaseer; hy kon sing, dans en eenvoudige instrumente in individuele en in groepverband bespeel waardeur hy emosionele bevrediging kon ondervind. Musiek was vir hom, soos sy meeste ander kunsvorms, 'n nie-verbale kommunikasiemedium waardeur hy met sy medemens kon verkeer en sy innerlike emosies in klankervarings en liggaamsbeweging kon omskep.

By die mens bestaan daar 'n natuurlike behoefte aan skoonheid wat as 'n middel kan dien om sy fisieke en geestelike "omgewing" te veredel en te verfyn. Hierdie veredeling betree die terrein van die estetiek, of die skoonheidsleer, wat beskou kan word as die leer van die bevredigende sintuiglike kennis, waarvan die oogmerk skoonheid is (teenoor die logika, waarvan die oogmerk waarheid is).[23] Estetiese ervaring dra op 'n unieke wyse by tot die geesteswelsyn van die mens deur die skepping van estetiese bevrediging en die versterking van soortgelyke ervarings op ander terreine.[24] John Mueller maak dié stelling: "Aesthetics is the discipline, or system of thought, which is concerned with music (or any other art) in its interaction with social life".[25]

Harry Broudy onderskei vier dimensies in die ontwikkeling van estetiese sensitiwiteit, nl. sensitiwiteit vir die sintuiglike veranderlikes in die kunswerk; vir die struktuureienskappe van die kunswerk; vir die tegniese kenmerke van die

23) P.C. Schoonnees (hoofredakteur): Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Tweede Deel, p.606.

24) Harry S. Broudy: "The Case for Aesthetic Education", in MENC: Documentary Report of the Tanglewood Symposium, p.13.

25) John H. Mueller: "Music and Education: A Sociological Approach", in Basic Concepts in Music Education, 57th Yearbook of NSSE, p.92.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kunswerk; en vir die beeldende karakter van die kunswerk.[26] Hierdie stygende lyn verteenwoordig vir elke mens 'n groeiproses en 'n belegging vir die toekoms, want estetiese waarnemings duur 'n mens se hele lewe lank, en 'n gevoeligheid vir die skone in die natuur en die kultuur het die neiging om die ontwikkeling van verdere sensitiwiteit te stimuleer. Estetiese sensitiwiteit kan o.a. verwerf en uitgebou word deur uitgebreide blootstelling aan die ware meesterstukke in die onderskeie kunsvorms.

Die verskillende kunsvorms in die algemeen, en ook die musiek in die besonder, kan nie beskou word as onontbeerlike noodsaaklikhede nie. 'n Mens sou sonder kontak met die kunste kon lewe en sou kon vorder tot 'n hoë lewenspeil sonder om bewus te wees van die groot leemte wat in so 'n lewe aanwesig is. Vanweë die hedendaagse oorvoorsiening van musiek - waarskynlik méér as enige van die ander kunsvorms - kan die mens hom net nie daarvan afsluit nie en moet hy gedurig aan homself verslag doen oor wat hy met die musiek in sy midde moet doen. Hy bevind homself te midde van 'n nuwe klankwêreld waar hy selfs kan poog om homself af te sluit en doelbewus nie na die musiek te luister nie.[27] Vir die kind spruit hieruit 'n groot probleem voort, aangesien hy met geen ander kunsvorm só baie gekonfronteer word as juis die musiek van 'n populêre aard nie.

Elke kunsvorm spreek tot die mens op sy eie unieke estetiese wyse. Musiek bereik die mens se diepste innerlike omdat dit daardie gevoelens en gemoedstoestand kan weerspieël wat nie in gedagtes en woorde uitgedruk kan word nie; "... and to be lacking in aesthetic experience is to be lacking in an awareness of, fulfillment in, and self-satisfaction through the totality of human emotion and feeling."[28] Gordon Epperson beskryf estetiek in die musiek soos volg: "Aesthetics of music is the comprehensive study of the nature of music in whatever aspects are relevant to an inclusive and coherent explanation of its meaning and to an understanding of its relationship to the world of human discourse".[29] Die mens moet dus sensitief gemaak word vir die skoonheid van 'n wye verskeidenheid musiekgenres, te

26) Harry S. Broudy: "The Case for Aesthetic Education", in MENC: Documentary Report of the Tanglewood Simposium, p.13

27) Charles Hoffer: "Some implications of the Mass Availability of Music", in ISME: Copies of Papers Delivered at the XIth International Conference of the ISME, 1974, PE. 7, p.1.

28) Malcolm E. Bessom, et al.: Supervising the Successful School Music Program, p.18.

29) Gordon P. Epperson: "Aesthetics; What Difference does it Make", in Music Educators Journal, April 1975, p.50.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

midde van 'n wêreld wat in die algemeen op visuele en verbale beïnvloeding ingestel is.

1.3 MUSIEK AS KULTURELE ERFENIS

1.3.1 Musiek as universele verskynsel

Aangesien kultuuroordrag 'n baie belangrike komponent van die opvoedingsgebeure vorm, is dit gepas om musiek as 'n kulturele erfenis nader toe te lig. Daar is bykans soveel musiekstyle as wat daar verskillende kultuurvorme in die wêreld is. Omgewingsinvloede, sowel as die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke kultuurgroep speel 'n beduidende rol in die ontwikkeling van die musiek van die groep.[30] Musiek is 'n universele verskynsel en daar kan aanvaar word dat minstens sommige van die essensiële en onderskeidende eienskappe van 'n bepaalde kultuur in die musiek van daardie betrokke kultuurgroep neerslag sal vind. Aan die wortel van die konsep van saambinding van 'n volk en sy musiekstyl lê die begrip dat die volksmusiek die innerlike karaktertrekke van die volkskultuur sal weerspieël.[31]

Vanaf die vroegste geskiedenis van die mensdom gebruik die mens klank as 'n vorm van kommunikasie. Hoewel die werklike oorsprong van musiek as kommunikasiemiddel nie bo alle twyfel vasgepen kan word nie, dui die ontdekking van primitiewe prehistoriese instrumente[32] daarop dat die mens sedert die vroegste tye eenvoudige, primitiewe musiek as uitdrukkingswyse by sy aanbidding, werk, dans, hofmakery, drinkery en rituele gebruik het. Musiek was vir hom in 'n waas van geheimsinnigheid en bonatuurlikheid gehul, en almal het daaraan deel gehad deur te sing, te klap, te dans of te stamp. Daar het ook geen onderskeid tussen die "musikus" en die "leek" bestaan nie.[33] So bv. het musiek 'n oorheersende rol gespeel in die mites van die mees primitiewe Australiese inboorlinge ("aborigenes"), in die seremoniële mitologieë van baie Afrika-stamme en in die oeroue Vediese rites van Indië. Ook het musiek 'n sentrale plek ingeneem in die mitologie en godsdienstelsel van ou China en was dit as onderwerp vir besinning opgeneem in die Pytha-

30) Daniel T. Politoske: Music, p.61.

31) Bruno Nettl: Folk and Traditional Music of the Western Continents, p.7.

32) Karl H. Wörner: History of Music, p.7.

33) Ibid., pp.12,13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goreïese skool van filosowe in ou Griekeland.[34] In sy oorspronklike vorm was musiek in sy rol as 'n nie-verbale kommunikasiemedium dus hoofsaaklik funksioneel van aard.

1.3.2 Die ontwikkeling van volksmusiek tot kunsmusiek

In die vyfde eeu v.C. het die klassieke Griekse periode van musiekteorie met die instelling van etiese en estetiese norms 'n aanvang geneem. Damon van Athene, staatsman en musikus, word as 'n baanbreker van die sg. ethos-teorie beskou, wat later deur Plato (427 - 347 v.C.) ontwikkel is. Plato, wat geen professionele musikus was nie, was die eerste Griekse skrywer wat hom direk met musiek in sy geskrifte bemoei het.[35] Die Grieke het die akoestiek en die eienskappe van snaarinstrumente bestudeer, en hulle besinninge oor die aard van musiek, sy estetiese waarde en sy rol in die opvoeding het veel van die latere denke oor musiek gedomineer.[36] Volgens die ethos-leerstelling was musiek nie iets wat maar net op passiewe wyse geniet word nie, maar wat deur wiskundige wette, wat beide die sigbare en onsigbare orde van die heelal bepaal, beheer word. Musiek is beskou as 'n krag wat alles wat bestaan, kon beïnvloed, ook die individu se wil en dus ook sy optrede en karakter. Gevolglik, as die persoon na die verkeerde soort musiek luister, sou hy 'n swakker karakter ontwikkel, en as hy na goeie musiek luister, sou hy die regte soort karakter ontwikkel.[37]

Die Christendom het 'n wettige godsdiens ná die Edik van Milaan in 313 n.C. geword. Die Christelike Kerk het mettertyd die beheer oor die opvoeding begin oorneem en het die belangrikste verspreider van kennis geword. Omdat die beoefening van musiek 'n integrerende deel van die godsdiens geword het, moes dit ook 'n noodsaaklike plek in die formele onderrig van priesters inneem. Skole is gestig waarin Christene onderrig ontvang het, en sang, instrumentale spel en die basiese elemente van harmonie en komposisie is in die kurrikulum ingesluit.[38]

Gedurende die agteruitgang van die Romeinse Ryk tydens die Middeleeue het die Kerk al hoe meer as die groot beskermheer op die voorgrond getree. In die gods-

34) Geoffrey Hindley (red.): The Larousse Encyclopedia of Music, p.17.

35) Karl H. Wörner: History of Music, p.54.

36) David D. Boyden: An Introduction to Music, p.134.

37) Harold F. Abeles, et al.: Foundations of Music Education, p.4.

38) Ibid.: p.6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diens het die volk hulle onoorwinlike verlosser gevind wat, in ruil vir hulle toewyding, hulle deur die ellende van die lewe tot 'n ewige geluksaligheid sou lei. Teen ongeveer die jaar 1000 n.C. het die Kerk sy rituele tot sekere standaardpatrone ontwikkel, en die sangers moes groot getalle psalms en geestelike liedere onder die knie kry.[39] Op hierdie wyse het die Kerk die musiektoneel oorheers en het die kerklike lied groot ontwikkelinge ondergaan in die vorm van 'n kunsmusiek wat ver verwyderd van die volksmusiek gestaan het.

1.3.3 Verdere ontwikkeling van die Westerse musiektradisie

Met die koms van die Renaissance het groot ontwikkelinge op musiekgebied plaasgevind. Die oorheersende kerklik-godsdienstige styl het plek gemaak vir 'n oorheersende sekulêre styl. Die Wes-Europeër was nie meer tevrede om slegs deur 'n mistieke aanvaarding van 'n godsdienstige gesag voorgeskryf te word nie, maar het hom tot die rede en wetenskaplike ondersoek gewend. 'n Belangrike mylpaal in hierdie ontvoogdingsgebeure was Zarlino se Istituzioni Harmoniche (1558) waarin hy die verbintenis tussen musiek en die teologie losgemaak en die posisie van sekulêre musiek verstewig het.[40] Musiek het op kunstige wyse by bykans elke aspek van die hofhoudings verweef geraak. Privaat godsdienstige seremonies, bankette, optogte, vertrek- en aankomsseremonies het musiekbegeleidings van elegante musici benodig. Musiek het 'n belangrike deel van die daaglikse lewe tydens die Renaissance geword.[41] In verskeie lande het hierdie musikale hervorming vasstrapplek gekry. Die skeppende kunstenaar was grootliks in aanvraag; musiek is vir 'n bepaalde doel gekomponeer en het derhalwe in 'n konkrete verhouding tot die daaglikse lewe gestaan.[42] Gedurende die Barokperiode (± 1600 -1750) het die musiek 'n soeke na kennis en begrip weerspieël.[43] Die nuwe soort meesterwerke het vokale komposisies soos operas, kantates en oratoria ingesluit, en die nuwe soort instrumentale komposisies soos suites, fugas en concerto's.[44]

In die daaropvolgende Klassieke Periode (± 1750 - 1815) is teen die gekompliseer-

39) Daniel T. Politoske: Music, p.62.

40) Karl H. Wörner: History of Music, p.163.

41) Daniel T. Politoske: Music, pp.75,76.

42) Karl H. Wörner: History of Music, p.168.

43) Daniel T. Politoske: Music, p.96.

44) Ibid., p.233.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de en hoogs gesofistikeerde musiekstyle van die Barok-tydperk in opstand gekom. Musiek, wat direk tot die verstand en gemoedslewe kon spreek, was in aanvraag en 'n voorkeur vir klassieke eenvoud het na vore getree.[45] Hierdie periode is op sy beurt deur die Romantiese Periode (± 1815 - 1900) opgevolg, toe musiek, geïnspireer deur die skilder- en digkuns, as die mees romantiese van alle kunsvorms na vore getree het. Onafhanklik van ander kunsvorms kon musiek die misterie en die kompleksiteit van die menslike natuur verklank. Musiek het na vore getree as dié ideale medium vir die kunstenaar wat 'n verlange na liefde, skoonheid en die onverganklike kon uitbeeld.[46]

Al hierdie ontwikkelinge in die kunsmusiek wat veral sedert die 16de eeu plaasgevind het, is veral deur die aristokrasie en welgestelde sosiale klasse in 'n groot mate buite kerklike verband ervaar. Die gewone mens van die laer stande was veral op sy volksmusiek en op kerklike musiek aangewys. Hoewel die volksmusiek en kunsmusiek uit mekaar se bronne geput het, het die kloof tussen hulle grootliks bly voortbestaan.

Gedurende die 20ste eeu het die snelle tegnologiese ontwikkelinge 'n nuwe dimensie tot die musiekwêreld toegevoeg. Gesofistikeerde klankopname-apparate en -tegnieke het na vore getree sodat die gewone mens se musiekaktiwiteite grootliks van die beoefening van volksmusiek na die beluistering van 'n groot verskeidenheid populêre musieksoorte verskuif het. Musiek wat van verbygaande aard was en wat die smaak van die massas bevredig het, is op groot skaal geproduseer en oor die media aangebied. Die voortbestaan van die volksmusiek word dus vanuit 'n nuwe hoek bedreig en die musiekopvoeder moet in sy kurrikulering en beplanning van sy werk met hierdie werklikheid deeglik rekening hou.

1.3.4 Die Suid-Afrikaanse opset

Suid-Afrika beskik oor 'n ryk en omvattende musikale erfenis - nie net weens 'n Westerse musiektradisie nie, maar vanweë sy veelvolkige samestelling ook oor die musiekkulture van verskeie swart inheemse volke, en van Maleiers, Indiërs en Chinese. Hierdie verskillende kulture word aan die een kant bedryf op die hoë musiekgeletterdheidsvlak van die Westerse musiek met sy gesofistikeerde stelsel van musieknotasie, en aan die ander kant op die vlak van ongekunstelde inheemse musiek - musiek wat nie oor 'n professionele musiekteoretiese komponent beskik nie,

45) Daniel T. Politoske: Music, pp.145,146.

46) Ibid., p.233.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maar wat wel ontleed en geëvalueer kan word en in Suid-Afrika inderdaad reeds in 'n sekere mate geëvalueer is.

Vanweë die staatkundige opset in Suid-Afrika vind kontak tussen die verskillende kultuurgroepe egter nie op uitgebreide skaal plaas nie en gaan veel van die musiekskatte vir mekaar verlore. In hierdie verband kan van die skool verwag word om 'n sinvolle bydrae te lewer om, deur middel van kennis en waardering vir mekaar se musiekkultuur, volkereverhoudinge te verbeter.

1.4 MUSIEK EN OPVOEDING

1.4.1 Inleiding

Die onderwyser word gedurende sy loopbaan in die geleentheid gestel om deeglik kennis te maak met die breë opvoedingsprogram van die skool, ook soos dit beliggaam word in die sogenaamde nie-eksamenvakke, en in die skool se program van buite- en kokurrikulêre bedrywighede. Die vraag kan gestel word of daardie programme wat 'n geestelik-kulturele inslag het, 'n regmatige plek gegun word in die voorbereiding van die kind vir die volwasse lewe. Die onderwyser-opvoeder sal hom dit ten doel stel dat sy leerlinge die skool verlaat as gebalanseerde persoonlikhede wat op so véél moontlike terreine geestelike volwassenheid bereik het.

Die erfenisse wat volkere deur die eeue nagelaat het, en wat deur die mensdom geken en waardeer word, lê op velerlei terreine, o.a. op die wetenskaplike, ekonomiese, tegnologiese, sosiale, politieke, militêre en kulturele gebied. Dit is opvallend hoe prestasies op kulturele gebied soos die letterkunde, die beeldende kunste en die uitvoerende kunste hoog aangeskryf staan. Kennis van, begrip en waardering vir hierdie kunste ontwikkel nie vanself nie en kan slegs deur die regte opvoeding verwerf word. Trouens, die terrein van die geestelik-kulturele opvoedingsgebeure het 'n baie wye omvang, en daarom word hier slegs aandag geskenk aan een aspek daarvan, nl. die breë musiekopvoedingsprogram soos dit in die skool veronderstel is om beliggaam te word.

Die vraag ontstaan of duidelike doelstellings met so 'n breë musiekopvoedingsprogram wel bestaan en in watter mate die bestaande programme in hulle doel slaag. Verder kan die vraag gestel word of daar genoeg deeglik opgeleide musiekopvoeders is wat, benewens hulle taak van musiekonderrig, ook oor die nodige perspektief, entoesiasme, daadkrag, kennis van en begrip vir die kind beskik om aan alle leerlinge in die skool 'n deeglike basiese musiekopvoeding te gee sodat hulle sal ont-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wikkel tot geestelik volwasse persone met die nodige onderskeidingsvermoë om 'n voortgesette program van selfmusiekopvoeding te volg.

1.4.2 Die skool as opvoedingsinstansie

1.4.2.1 Die doel van die opvoeding

Ten einde sy funksie as "skool" te verrig, moet die skool vir hom voorstellinge maak van moontlike, toekomstige toestande wat hy in die ontmoeting met die opvoedeling wil aanbied. Die skool se groot en moeilike taak is daarin geleë om by die keurende en waarderende bewussyn van die opvoedeling te kom dat hy as volwassene-wordende die noodsaaklikheid van ander toestande sal besef en hom uit eie inisiatief onder die gesag van sulke oogmerke en doeleindes as behoorlikheidseise sal plaas.[47] Opvoeding wil die kind help om 'n selfstandige, bekwame en volwaardige mens te word, is toegespits op die gedrag (in die wydste sin van die woord), die vorming van sy sedelike karakter en die uitbouing van sy persoonlikheid. Dus, opvoeding behels die liggaamlike, sedelike, intellektuele, estetiese en godsdienstige ontwikkeling van die kind.[48] Die hoofdoel van elke pedagogiese handeling deur die opvoeder is altyd om die opvoedeling daartoe te bring om self beter te lewe.[49] Die opvoeder wil die opvoedeling help om sy aangebore moontlikhede tot voordeel van homself en sy medemens te verwerklik en te gebruik deur hulle in oefening te bring. Verder wil hy hom toerus, help en lei om in antwoord op die uitdaging van die situasies op sy lewenspad te kan en te wil kies, beslis en handel. Met ander woorde, die allesomhelsende doel is om die opvoedeling te begelei tot geestelike volwassenheid of verstandelike en sedelike selfstandigheid.[50]

Die opvoeder beskik oor 'n wêreld van kennis en vaardighede wat hy aan die opvoedeling wil oordra. Hy ken die natuurlike, kulturele en godsdienstige omgewing waarin hy leef en binne die verband van sy eie lewens- en wêreldbeskouing wil hy dié kennis en kundighede aanwend in belang van die kind in sy sorg. Sy gewete laat hom nie toe om aan die kind ander waardes te leer as wat hy self eerbiedig

47) C.K. Oberholzer: Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, p.135.

48) C.F.G. Gunter: Opvoedingsfilosofieë, p.9.

49) H.J. Harmse en P.P. Kirstein: Pedagogiek Deel II, p.18.

50) C.F.G. Gunter: Opvoedingsfilosofieë, p.10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie.[51] Die lewenswaardes wat hy huldig, plaas hy dan ook in 'n bepaalde voorkeur-orde wat partikulier is aan sy persoon of gemeenskap of volk waartoe hy behoort. Hy het een of ander opvatting oor wat goed en mooi is, wat lelik en verkeerd is, en wat waardevol en belangrik in die lewe en wat waardeloos en onbelangrik is. Hy trag voortdurend om volgens hierdie waardes te lewe en dié waardes sodoende in sy lewe te vergestalt.[52] Sonder waardes en sonder aan-hierdie-waardes-deelnemende bestaan sal die opvoedingsfenomeen sy verskyning nie kan maak nie.[53] Om hierdie waardes aan die opvoedeling oor te dra, sal die opvoeder die kind met geduld en in liefde begelei en elke kommunikasiekanaal tot sy beskikking inspan ter wille van die opvoeding van die kind.

1.4.2.2 Die aard van musiekopvoeding

Vanweë die funksionele aard van musiek gedurende die vroeë geskiedenis van die mensdom, het die mens die kennis van en vaardighede in sy musiek hoofsaaklik deur praktiese beoefening van geslag tot geslag oorgedra. Die waarde van musiek vir verskillende doeleindes is intuïtief aangevoel en in die praktyk ervaar, en daarom het alle bevolkingsgroepe van een of ander vorm van musiekbeoefening gebruik gemaak.

Meer as 2 000 jaar gelede het die Griekse filosowe reeds die estetiese waarde van musiekbeoefening vir die opvoeding van die jeug aanbeveel. 'n Gesonde balans tussen fisieke en geestelike aktiwiteite is sterk beklemtoon, en onder laasgenoemde is verstaan literatuur, musiek en ander skone kunste. Hoewel musiek in Plato se tyd hoofsaaklik uit basiese elemente soos die woorde, melodie en ritme bestaan het, is hierdie elemente versigtig oorweeg ten opsigte van goeie of moontlik swak invloed op die jeug. So bv. is sekere modusse, instrumente en ritmes aanbeveel, maar ander verwerp, omdat die skoonheid en grasie van 'n lied die noodwendige uitvloeisel en terugkaatsing van die skoonheid en grasie van die innerlike karakter van die persoon sou wees.[54] En so is deur die eeue heen musiek om 'n verskeidenheid van redes gepropageer, soos Rainbow dit opsom:[55] Dit is strelend vir die gemoed, dit versterk die gees, dit verskaf ontspanning, dit wek patriotiese ge-

51) H.J. Harmse en P.P. Kirstein: Pedagogiek Deel I, p.18.

52) Ibid., p.14.

53) C.K. Oberholzer: Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, p.116.

54) John E. Adamson: The Theory of Education in Plato's "Republic", pp.91-98.

55) Vide Bernarr Rainbow: Handbook for Music Teachers, p.21.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voelens op, dit tree op as 'n beskawende invloed, dit skep tevredenheid in die gemoed van die arbeider, dit dien as uitlaatklep vir kinderlike uitgelatenheid, dit dien as kanaal van verfyning, dit skep verligting in ernstige tye en dit tree op as 'n godsdienstige dissipline.

Bennet Reimer het dit egter as 'n probleem geïdentifiseer dat opvoeding in 'n groot mate afgespits is op praktiese voordele en dat ook musiekopvoeding grotendeels te make het met die uiterlike nuttigheidswaarde en minder klem lê op aspekte van innerlike betekenis.[56] As uitgangspunt vir sy beskouing oor musiekopvoeding gebruik hy die gesigspunt dat die aard en betekenis van musiekopvoeding bepaal word deur die aard en betekenis van die musiek as kunsvorm. 'n Beskouing oor musiekopvoeding sal dus 'n sistematiese verklaring van die aard en betekenis van musiekopvoeding wees.[57] Hy beskou die musiekkuns as een van die groot dissiplines in menslike denke en plaas die waarde van musiekopvoeding op dieselfde vlak as alle ander belangrike vorme in die opvoeding.[58] Musiekopvoeding bestaan primêr daaruit dat die moontlikhede van die kind ontwikkel moet word om estetiese ervarings in musiek te beleef, en daarvoor moet strategieë ingespan word wat geskik is vir die kind se veranderende vermoë vir waarneming en respons.[59] Dit is egter belangrik dat hierdie ervarings die kind te beurt sal val nie net deur middel van die beskrywings van die onderbou van die musiekstruktuur en ander -teoretiese aspekte nie, maar veral deur aktiwiteitsgerigte musiekervarings.

Leonhard en House verstaan onder musiekopvoeding 'n stel basiese oortuigings wat 'n grondslag vorm van die musikale ondernemings in 'n opvoedkundige raamwerk. Die betrokke "filosofieë" moet as 'n bron van insig in die totale musiekprogram dien en moet die musiekopvoeder help in die vasstelling van sy doelstellings en hoe om dit tot uitvoer te bring.[60] Adriaan Heerkens sien musiekopvoeding as 'n integrale bestanddeel van die harmoniese vorming van die moderne mens.[61]

Harry S. Broudy definieer musiekopvoeding soos volg: "By music education is

56) Bennet Reimer: A Philosophy of Music Education, p.xi.

57) Ibid., p.1.

58) Ibid., p.9.

59) Ibid., p.114.

60) Charles Leonhard en Robert W. House: Foundations and Principles of Music Education, p.83.

61) Adriaan Heerkens: Over Schoolmuziek, p.51.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meant all deliberately instituted procedures designed to shape the musical skill, knowledge and taste of the learner - and only such procedures..." Hy wys verder daarop dat dit nie die magdom van omgewingsaktiwiteite beteken wat sonder voorneme om te onderrig ook musikale leer tot gevolg het nie, soos bv. Kersliedere in 'n afdelingswinkel of advertensiedeuntjies oor die handelsender.[62)]

Samevattend kan musiekopvoeding dan beskou word as 'n doelbewuste en doelgerigte bemoeienis van die musikaal-talentvolle, opgeleide en gebalanseerde volwassene met die leerling vanuit 'n basiese musiekopvoedkundige beskouing wat die grondslag vorm van die musikale onderneming of ondernemings in 'n bepaalde opvoedingsraamwerk. Daardeur sal die leerling gebring kan word tot die ontdekking van sy eie inherente musikale vermoëns, die ontwikkeling van vaardighede, kennis, estetiese vermoëns en gesindhede in sy op-weg-wees-na harmoniese geestelike volwassenheid.

1.4.2.3 Musiekopvoeding as estetiese opvoeding

Die opvoeder wat musiek as middel vir opvoeding gebruik, stel homself onder die breë doelstellings van die opvoedingsgebeure, maar sien ook sy taak as musiekopvoeder as 'n belangrike deel van daardie gebeure omdat die musiek as kommunikasiemiddel hom in staat stel om aan veel van daardie doelstellings rekenskap te gee. Estetiese ervaring dra op 'n unieke wyse by tot die geesteswelsyn van die kind deur die skepping van estetiese bevrediging en die versterking, van soortgelyke ervarings op ander gebiede.[63)] Estetiese opvoeding behels die uitbreiding van die individu se sensitiwiteit vir sy omgewing en die skoonheid daarin, en kan as die primêre taak van ook die musiekopvoeder beskou word.[64)] Die estetiese waardes inherent aan die musiek moet as die belangrikste regverdiging vir die insluiting van musiekopvoeding in die skoolkurrikulum beskou word.

Afhangende van die graad van persoonlike ontvanklikheid ontlok elke soort musiekervaring normaalweg 'n bepaalde soort estetiese respons of 'n kombinasie van response.[65)] Estetiese opvoeding in die musiek sal dan juis ten doel hê om die

62) Harry S. Broudy: "A Realistic Philosophy of Music Education", in Basic Concepts in Music Education, 57th Yearbook of NSSE, p.62.

63) Harry S. Broudy: "The Case for Aesthetic Education", in MENC: Documentary Report of the Tanglewood Symposium, p.13.

64) Robert L. Garretson: Music in Childhood Education, p.9.

65) Donald W. Roach: "Contemporary Music Education: A Comprehensive Outlook", in Music Educators Journal, September 1973, p.38.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind van sekere grondmateriale te voorsien sodat hy meer as net eenvoudige klankkombinasies kan begryp en evalueer. Hy moet kan waarneem en begryp hoe die komponis patrone met dramatiese strukture en deurlopendheid saamweef; hoe daar spanninge geskep, volgehou en opgelos word; hoe probleme gestel en antwoorde verskaf word; hoe balans geskep, versteur en herstel word - hoe, derhalwe 'n dramatiese spanningstruktuur as 'n estetiese vorm geskep word.[66] Wanneer die kunstenaar en die luisteraar in sy diepste wese betrokke raak, is hy op weg na ware estetiese ervaring. Die vraag kan dan gestel word of dit nie juis die gebrek aan die vermoë is om onderskeidend betrokke te raak wat verklaar waarom ernstige musiek nie algemeen aanvaarbaar is nie, terwyl populêre musiek so gewild is. Die populêre musiek besing normaalweg op 'n maklik verwerkbare wyse die emosies van die daaglikse lewe: die liefde, verlange, konfrontasie en oorwinning. Vir die jongmens is dít die musiek van sy tyd waarmee hy daagliks oorvloediglik gekonfronteer word en waarby hy maklik intens betrokke raak. Volgens Bessom leer die ondervinding selfs dat die meeste mense nie tussen die goeie en die swakke op die terrein van populêre musiek kan onderskei nie.[67] Betrokkenheid beteken nie noodwendig dat ook onderskeidend geluister word nie.

Aan die werklikheid van die klankomgewing waaraan die kind vandag onderworpe is, kan die musiekopvoeder niks verander nie. Hy moet hom egter met die vraag besig hou hoe hy daardie klankomgewing kan inspan en ten beste kan benut om die doel van sy musiekopvoedingsprogram, en dus ook estetiese opvoeding te verwesenlik.

Musiekopvoeding vir alle leerlinge op skool is verder van besondere betekenis omdat daardeur vir die gevaar van 'n té eensydige intellektuele of tegniese vorming gekompenseer kan word en die skool daardeur vir die leerlinge lewendiger en aantrekliker word. Soos Schicking dit stel: "Want een school zonder muziek is als een landschap zonder zon of een bos zonder vogels."[68]

Charles Hoffer stip ses riglyne vir die musiekopvoeder aan om estetiese sensitiwiteit by die leerling te bevorder,[69] terwyl George Chancellor ses doelstellings

66) Harry S. Broudy: "A Realistic Philosophy of Music Education", in Basic Concepts in Music Education, 57th Yearbook of NSSE, p.70.

67) Malcolm E. Bessom et al.: Supervising the Successful School Music Program, pp.16,17.

68) J. Schicking: "Schoolmuziek", in Muziekpedagogiek, p.110.

69) Charles R. Hoffer: Teaching Music in the Secondary Schools, p.15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir estetiese opvoeding in die musiek formuleer.[70] 'n Samevatting van hierdie beskouinge kan soos volg gestel word:

* Daar moet gestreef word na 'n uitbreiding van die gevoelsomvang van estetiese geletterdheid en sensitiwiteit by die leerling en die uiteindelike groei tot volwassenheid op musiekgebied.
* Inhoude en ervarings moet ontwerp en geselekteer word wat die kwaliteit en kwantiteit van estetiese begrip en waaksaamheid kan handhaaf en uitbou deur o.a. musiek van goeie gehalte te gebruik.
* Om in musiek-insig te kan groei, moet die musiek so aangebied word dat die estetiese karakter daarvan vir die kind bevatlik is.
* Die beluisteringsgevoelighede wat by die kind as gevolg van die oormaat van klank in die eietydse omgewing verdof is, moet herkondisioneer word deur 'n doelbewuste en doelgerigte nastrewe daarvan om die kind opnuut sensitief te maak vir die estetiese eienskappe van die musiek.
* Die belangrike rol wat musiek in die geskiedenis van die mensdom speel, moet deeglik toegelig word - in hierdie opsig moet die musiekopvoeder self die voorbeeld stel deur middel van sy begrip van en liefde vir die musiek en sy vermoë om sy musikale kennis en vaardighede aan die kind op simpatieke wyse oor te dra, beide in individuele en vakverband, sowel as op die terrein van die skoolmusiek.

Bennet Reimer som die taak van die musiekopvoeder soos volg op: "The first obligation is to develop the talents of those who are gifted musically, for their own personal benefit, for the benefit of the society.., for the benefit of the art of music... The second obligation is to develop the aesthetic sensitivity to music regardless of all people to their individual levels of musical talent, for their own personal benefit, for the benefit of society which needs an active cultural life, for the benefit of the art of music which depends on a continuing supply of sympathetic, sensitive consumers."[71]

1.4.3 Musiekopvoeding in die skool

1.4.3.1 Die aktualiteit van musiekopvoeding

Die vryelike beskikbaarheid van musiek en die nuwe klankomgewing waarin die he-

70) George R. Chancellor: Aesthetic Value in Music: Implications for Music Education from the Classic Literature in the Field (Ph.D., Northwestern University, Illinois, 1974) pp.177-180.

71) Bennett Reimer: A Philosophy of Music Education, p.112.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dendaagse mens hom bevind, het groot verantwoordelikhede op die skouers van die musiekopvoeder geplaas. As unieke kommunikasiemedium bied musiek geleenthede vir die musiekopvoeder om 'n besondere bydrae tot die opvoedingsgebeure te lewer omdat die musiek die diepste innerlike van die mens aanspreek.

Die algemeen-gebruiklike segswyse wat musiek as 'n internasionale "taal" beskryf, probeer die gedagte van kommunikasie oordra hoewel, t.o.v. die woordkeuse, die "taal" juis nie ter sake is nie. Taal maak gebruik van 'n beperkte kommunikasiemedium wat hoofsaaklik van toepassing is op en beperk is tot dié volk of kultuurgroep wat die betrokke taal besig.

Ook wanneer vokale musiek noodwendig van 'n taal gebruik moet maak, word die kommunikasievermoë van die betrokke lied grotendeels beperk tot diegene wat die betrokke taal magtig is. Die taal gebruik woorde wat meestal na konkrete begrippe en menslike handelinge verwys; musiek gebruik klank wat vloeibaar en onaantasbaar is; 'n woord het 'n bepaalde betekenis of betekenisse terwyl 'n klank betekenis kry vanweë sy assosiasie met ander klanke.[72] Soos Serfontein dit stel: "Musiek gee uitdrukking aan universalia en geensins aan aparte begrippe of gedagtes nie."[73] Musiek beskik oor die vermoë om oor alle grense heen tot die mens te spreek. Deur die gebruikmaak van klanke wat deur 'n groot verskeidenheid instrumente met 'n nog groter verskeidenheid toonkleure in 'n oneindige aantal moontlike kombinasies saamgevleg word, word die pad oopgemaak vir die mens om oor taal- en kultuurgrense heen saam te musiseer of saam as luisteraars te ervaar. Die musiek is dus 'n magtige medium om wedersydse goeie gesindhede en begrip te bevorder.

Elke kultuurgroep op aarde beskik oor sy eie besondere musiekkultuur wat hy met behulp van opvoeding aan die volgende geslag wil oordra. Hoewel daar dan sekere breë beginsels is in die musiekopvoedingsprogram van elke volk of kultuurgroep wat met dié van andere sal ooreenstem, sal sekere inhoude kan verskil - inhoude wat eie is aan dié besondere groep.

Vanweë die universele aard van musiek as kunsvorm maak dit egter ook die pad oop sodat elke kultuurgroep dié kultuurgoedere van ander groepe kan bestudeer en leer

72) Joseph Machlis: The Enjoyment of Music, p.4.

73) W.J.B. Serfontein: Die Wese en Grense van Musiek (M.A., Universiteit van Stellenbosch, 1951) p.19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waardeer. Veral in Suid-Afrika met sy erfenisse van Westerse, Oosterse en swart inheemse musiekgenres word 'n unieke geleentheid en uitdaging aan die musiekopvoeder gebied om nie net die eie oor te dra nie, maar ook begrip en waardering vir die musiek van ander landgenote te ontwikkel. Dit is juis die skool wat in hierdie verband 'n groot verantwoordelikheid dra, aangesien die meeste jongmense in hulle naskoolse jare selde by enige vorm van georganiseerde musiekopvoedingsprojekte betrokke raak.

Die groot aanvraag wat in die jongste dekades na opname-musiek ontstaan het, het platemaatskappye na vore laat tree wat hulle veral toespits op die populêre mark ter wille van 'n groot omset en derhalwe 'n groot winsmotief. Danksy tegnologiese ontwikkelinge het opnametegnieke dermate verbeter dat die finale produk, gereproduseer oor gesofistikeerde klankversterkende speelapparate, dikwels veel beter as die oorspronklike lewendige uitvoering klink. In sy huis kan die kind na 'n onbeperkte verskeidenheid musiekaanbiedinge luister. As die skool dus nie sterk na vore tree met 'n musiekopvoedingsprogram wat vir die kind sinvol en aanvaarbaar is nie, sal die kind die skool verlaat sonder 'n toereikende mondering van 'n diskriminerende luistervermoë.

In 'n sterk kompeterende wêreld het doelgerigte musiekopvoeding dus 'n aktuele noodsaaklikheid geword. Bennett Reimer stel die vraag waarom elke mens die geleentheid behoort gegun te word om die aard van die musiekkuns te begryp. Hy betoog dat, net soos dit vir die mens noodsaaklik is om die sogenaamde basiese wetenskappe (soos tale, Wiskunde, natuurwetenskappe en geesteswetenskappe) te begryp as 'n fundamentele wyse om die werklikheid te leer ken, dieselfde ook op die musiek van toepassing behoort te wees. Musiekopvoeding behoort derhalwe op dieselfde vlak te lê as alle ander opvoedingsmiddele in die opvoedingsgebeure sodat dit 'n veel groter rol as in die verlede ten opsigte van die mens in sy gemeenskap kan speel.[74)]

1.4.3.2. Musiekopvoeding in die skoolkurrikulum

Om oor musiekopvoeding in die skoolkurrikulum te besin is dit noodsaaklik dat die musiekopvoeder die kind as sy uitgangspunt sal neem - die kind wat 'n ontwikkelende wese is en op opvoeding en meer spesifiek op musiekopvoeding aangewys is, ten einde geestelike volwassenheid te bereik.

74) Bennet Reimer: A Philosophy of Music Education, p.9.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In sy musikale ontwikkeling is die kind besig om die wêreld rondom hom te verken, te ondersoek en te ontdek. In die loop van hierdie ontdekkingsgang gee hy sin en betekenis aan sy eie leefwêreld en skep hy vir hom ook so sy eie musiekwêreld. In sy kontak met die wêreld van die musiek word hy deur daardie wêreld aangespreek en word van hom verwag om bewustelik antwoord te gee. Hy is egter nie in staat om op sy eie op dié aangesprokenheid te antwoord nie en is dus op die hulp en leiding van die musiekopvoeder aangewys. As gevolg hiervan het hy ook 'n inherente behoefte aan die musiekopvoeder omdat dié oor die vermoë beskik om in sy musiekbehoeftes te voorsien. Sy ingesteldheid op en interaksie met die musiekopvoeder help hom om homself te ontdek en te leer ken. Hy ken waardes toe aan sy musiekervaringe en aan die musiekwêreld rondom hom en kom tot die besef dat hy oor die vermoë beskik om in sy ervaringe van musiek te onderskei tussen die mooie en die lelike, die goeie en die swakke. Gaandeweg neem hy dan ook 'n groter aandeel in sy eie musikale ontwikkeling omdat hy 'n wese is wat 'n wil van sy eie het en 'n smaak van sy eie ontwikkel. Sy musikale individualiteit ontplooi dermate om hom ook op hierdie gebied 'n unieke self te maak. Hy probeer vervolgens om sy aangebore musikale moontlikhede te verwesenlik en uiting te gee aan sy behoefte om self te ontdek en self in musiekervarings betrokke te raak. By hom gaan dit dan mettertyd nie net om kennis van en vaardigheid in musiek nie, maar ook om die vorming van 'n eie musiekkultuur.[75)]

Om hierdie persoonlike musiekkultuur vir die kind tot optimale ontplooiing te laat kom is dit noodsaaklik dat die musiekopvoeder op 'n doelbewuste en gestruktureerde wyse aandag sal gee aan die plek wat die musiekopvoedingsprogram in die skoolkurrikulum moet inneem. Die musiekopvoeder wat die sukses van musiekopvoedingsprogramme op skool wil evalueer, probeer dit ook doen aan die hand van die leefwêreld van die volwassene. Vrae soos die volgende is ter sprake: Oor hoeveel kennis, insig, waardering en liefde beskik die deursneemens ten opsigte van 'n groot verskeidenheid musiekgenres? Hoe word die konsertsale en operahuise deur die massa ondersteun? Hoeveel volwassenes is in staat om met 'n selfgeïnisieerde musiekopvoedingsprogram ná skool voort te gaan?

As antwoorde op vrae soos hierdie nie 'n positiewe beeld kan vorm nie, sal die musiekopvoeder hom tot die skool moet wend om vas te stel of die skool oor 'n oorkoepelende goed gemotiveerde en goed beplande musiekopvoedingsprogram beskik wat alle fasette van musiekbedrywighede insluit en of voldoende opgeleide en entoe-

75) Vide Corne de Vries: Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde, pp.65-79.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siastiese leerkragte in die onderskeie musiekdissiplines beskikbaar is om reg te laat geskied aan die ideaal van 'n algemeenvormende musiekopvoeding vir alle leerlinge. Daar moet rekenskap gegee word of die musikaal-begaafde leerling betyds geïdentifiseer en die geleentheid gebied word om sy besondere talente optimaal te kan ontwikkel; of daar nie te veel klem gelê word op individuele instrumentale onderrig ten koste van 'n musiekopvoeding vir alle leerlinge nie; of die benadering in die musiekopvoedingsprogram nie te veel akademies ingestel is met die oog op die verwerwing van kennis ten koste van 'n ervaringsgerigte benadering wat die boodskap van die musiek werklik deel van die kind se leefwêreld wil maak nie.

Ten einde reg te laat geskied aan musiekopvoeding in die skoolkurrikulum moet die opvoeder na 'n omvattende musiekopvoedingsprogram dwarsdeur die leerling se lewe op skool streef, want dit is 'n deeglik beplande en deurlopende program wat blywende vrugte sal afwerp.[76] Eers wanneer die leerling 'n mate van musikaal-selfstandigheid bereik het, het die moontlikheid na vore getree dat hy ook in sy naskoolse jare daarna sal streef om 'n nog groter mate van selfstandigheid in sy musikale onderskeidingsvermoë te ontwikkel.

Kinders toon normaalweg 'n groot ontvanklikheid vir musiek.[77] As die geleentheid geskep word om musiek te maak onder die leiding van bekwame onderwysers, met goeie toerusting en in gunstige omstandighede behoort hulle dié geleenthede ten volle te benut. Wanneer leerlinge bereid is om opofferinge te doen ter wille van 'n bepaalde skoolvak omdat sodanige vak sterk tot hulle spreek, dan het die onderwyser 'n kragtige opvoedingsmiddel in sy hande.[78] Die doel van musiekopvoeding word bereik as dit uitloop op musikale vorming. In hierdie musikale vorming verdien die ontwikkeling van musikale bevattingsvermoë of musikaliteit 'n baie belangrike plek. George Duhamel maak die stelling dat musiek in geen omstandigheid in die skool slegs as 'n opsionele vak beskou behoort te word nie, aangesien dit een van die potensieel kragtigste middele tot die onderwyser se beskikking vir karakterbou is.[79] En volgens Novice Fawcett: "Music and the arts must be so taught that they become a part of - and not apart from - the total educational

76) Louise Kifer Myers: Teaching Children Music in the Elementary School, p.8.

77) Arnold Bentley: Music in Education, p.21.

78) William R. Sur en Charles F. Schuller: Music Education for Teenagers, p.3.

79) George Duhamel: "The Philosophy of Music Education", in Music in Education, UNESCO 1953, p.53

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

experiences of our young people."[80)]

1.4.3.3 Die leergebeure soos van toepassing op musikale leer

As die musiekopvoeder sy taak as onderwyser met sukses wil verrig, moet hy voldoende kennis van die leergebeure dra. Vervolgens word na enkele aspekte daarvan verwys. Robert Gagné onderskei agt leertipes in die leergebeure soos hy dit op musikale leer van toepassing maak:[81)]
Seinleer ("signal learning") verteenwoordig die eenvoudige waarneming van klank. Wanneer die kind die klank as 'n musikale klank herken, word 'n reaksie opgewek waar die klank die stimulus, en die herkenning daarvan, die respons verteenwoordig. Die stimulus-respons-leer ("stimulus response learning") word komplekser namate een respons as stimulus vir die volgende respons dien en aldus 'n kettingreaksie van response en stimuli ontstaan. So bv. kan die aanhoor van 'n noot of 'n akkoord oorgaan tot die verwagting van die aanhoor van die volgende noot of akkoord. Hierdie kettingreaksie (kettingleer - "chain learning") is grotendeels 'n saak van deulopende gekondisioneerde afwagting. Verbale assosiatiewe leer ("verbal associative learning") vind plaas wanneer gesproke of geskrewe beskrywings (soos die name van die notesisteem, tydswaardes van note, en die name van sleutel- en toonsoorttekens) gebruik word om response te identifiseer.

Hierdie eerste vier soorte leer is basies perseptueel van aard. Die volgende vier soorte leer is komplekser omdat hulle basies konseptueel van aard is:
Meervoudige diskriminasieleer ("multiple discrimination learning") vind plaas wanneer iemand bv. op die gehoor of vanaf die simbole kan onderskei tussen majeur- en mineurtoonsoorte, tussen twee- en drieslagmetrum, tussen twee- en drieledige vorm, of tussen die verskeidenheid van ontwikkelinge op die gebied van eietydse populêre musiek. Konseptuele leer ("conceptual learning") is die vermoë om meervoudige onderskeidende begrippe op nuwe en onbekende musiek oor te dra, m.a.w. die verskillende musikale eienskappe word herken by wyse van soortgelyke kenmerke in reeds bekende musiek. Beginselleer ("principle learning") word beskryf as 'n begrip van teoretiese aard van bv. majeur- en mineurtoonsoorte deur middel van die bestudering van die intervalleverhoudings; of van die sonatevorm wat die uiteensetting, ontwikkeling en rekapitulasie insluit. En laastens is

80) Novice G. Fawcett: "An Educator looks at Music and the Arts in a Day of Science", in Music Educators Journal, April/Mei 1958, p.24.

81) Robert Gagné: The Conditions of Learning, soos aangehaal deur Edwin Gordon: Psychology of Music Teaching, p.57.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar die probleemoplossende leer ("problem solving learning") wat die hoogste toepassingsvorm in hierdie hiërargie verteenwoordig.[82)]

Om die potensiële trefkrag van die musiek op die mens ten volle te verwesenlik, is dit dus noodsaaklik dat die musiekopvoeder hierdie tipes leer verstaan en aanwend in sy bemoeienis met die leerling.

Die musiekopvoedkundiges Bessom, Tatarunis en Forcucci het die leerteorieë van verskeie opvoedkundiges saamgevat en 'n lys van beginsels saamgestel wat ook op leer in die musiekopvoedingsituasie van toepassing is:[83)]

* Die totale omgewing het 'n invloed op die sukses of mislukking van die leerling.
* Die leerling moet 'n groter mate van sukses as mislukking ondervind in die leergebeure. Leer wat slegs uit foute moet voortvloei, het 'n negatiewe uitwerking op die leerling se daaropvolgende pogings.
* Wat die leerling leer, moet vir hom betekenisvol wees en moet bydra tot sy bevoegdheid en selfbeeld.
* Leer vind plaas wanneer die leerling self aktief betrokke is in die leergebeure.
* Leerervarings moet verband hou met die ontwikkelingskarakter van die leerling.
* Die aspirasievlak van die leerling hou direk verband met sy graad van motivering.
* Leer is doeltreffender indien die leerling die doel en noodsaaklikheid begryp en kan insien waarheen die verskillende stappe in die leeraktiwiteit lei.
* Leer is effektiewer as die leerling deur die leerstof sowel as die leergebeure gestimuleer word.
* Leer is 'n probleemgesentreerde oplossingshandeling.
* Suksesvolle leer het 'n groter kans om plaas te vind indien die leerling sy aandag aan een saak op 'n slag kan skenk.
* Veelvuldige kort leerervarings oor 'n langer tydvak versprei, is normaalweg doeltreffender as 'n lang leerervaring oor 'n korter tydvak, veral as vaardighede ter sprake is.
* Die ontwikkeling van konseptuele begrip behels die proses van persepsie (waarneming), konsepsie (ontvanklikheid) en toepassing.
* Leer word versterk wanneer mindere besonderhede verband hou met basiese kon-

82) Edwin Gordon: The Psycology of Music Teaching, pp.58,59.

83) Malcolm E. Bessom et al.: Teaching Music in Today's Secondary Schools, pp.29,30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

septe en met die groter geheel.

* Leer is effektiewer wanneer 'n verskeidenheid van tegnieke, metodes en media ingespan word om 'n enkele begrip te ondersoek.
* Leer word versterk deur 'n deurlopende proses van sintese, afgesien van die graad van analise.
* Leer is op sy effektiefste wanneer kennis en begrip in ewewig gehou word deur intuïsie en voorstellingsvermoë.
* Leer is deurlopend, evolusionêr en siklies, nie additief nie.
* Die leerling moet deur middel van die nodige terugvoering gedurig bewus bly van die resultate van sy pogings.
* Leer is 'n aktiwiteit van individuele ondersoek wat tot persoonlike ontdekking lei.

Om die invloed van musiek op die leerling ten volle te verwesenlik, is dit dan noodsaaklik dat die musiekopvoeder ook 'n studie maak van voorgenoemde leerbeginsels sodat hulle doelbewus toegepas kan word ten einde die leerhandeling so effektief moonltik te laat plaasvind.

1.4.3.4 Beginsels en doelstellings van musiekopvoeding

Die musiek as 'n studieterrein beskik oor 'n soms noue en soms losse verband met 'n groot verskeidenheid ander studieterreine sood die Wiskunde, Fisika, Sielkunde, Sosiologie, Teologie, Filosofie, Geskiedenis, Volkskultuur en Opvoedkunde. Volgens Daniel Kohut verdien musiek vanweë sy unieke aard 'n volwaardige plek in die leergang[84)] en kan dit dus as kuns- en uitdrukkingsvorm sy plek vol staan in die ry van akademiese en ander dissiplines in die opvoeding van die kind.[85)]

Uit die beskouinge van Gaston en Ross kan die volgende ses beginsels as 'n vertrekpunt vir 'n musiekopvoedkundige beskouing aangebied word:[86)]

* Die musiek-ontwikkeling van elke leerling staan in die middelpunt van die besinning en beplanning van die musiekopvoeder.
* Alle kinders (en volwassenes) het 'n natuurlike behoefte aan estetiese ervarings en uitdrukkingsvorme.

84) Daniel Kohut: Instrumental Music Pedagogy, p.3.

85) E.M. Blancken: Muziek Pedagogiek, p.10.

86) Vide E. Thyer Gaston: "Expanding Dimensions in Music Education", in Documentary Report of the Tanglewood Simposium, pp.76,77; Jerrold Ross: The Development of a Comprehensive Philosophy for Music Education (D.Phil., Universiteit New York, 1983), p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

* Die kind moet sy eie skeppingsdrang leer begryp en moet ook leer onderskei waarom een skeppende aktiwiteit bo 'n ander te verkies is.
* Om op 'n sinvolle wyse op die aanspreek van die musiek te kan antwoord gee, word van die individu vereis 'n bewustheid van sy plek en betrokkenheid in sy gemeenskap.
* Die kulturele agtergrond van die kind en die groep waaraan hy behoort, moet dien as 'n kweekplek vir die uitvoering van die musiekopvoedingsprogram.
* Die vertrekpunt van die ontwikkeling vir doelstellings vir 'n musiekopvoedingsprogram moet 'n duidelike begrip, kennis en uiteensetting van die aard en betekenis van musiek as kuns én wetenskap wees.

Musiek as middel tot die opvoeding van die kind het saam met ander dissiplines ook 'n wesentlike bydrae te lewer tot die algemene opvoeding van die kind soos met die ontwikkeling van persoonlike selfdissipline, die bevordering van goeie burgerskap en die nuttige besteding van vrye tyd.[87] Hoewel dit nie as die hoofdoel van musiekopvoeding beskou kan word nie, kan die volgende ook as aanverwante bydraes tot die algemene opvoeding van die kind aangebied word:[88]

* om vermaak te skep en vrye tyd sinvol te benut;
* om die leerling tot die besef te bring dat nie alles in die lewe kwantifiseerbaar is nie en dat ook die subjektiewe in die lewe die hoof gebied moet word;
* om die leerling te help om sy menslike natuur en die verhouding tot sy omgewing en sy medemens beter te verstaan;
* om die leerling te lei om die kwaliteit van sy menswees te verhoog;
* om goeie fisieke én geestesgesondheid na te streef;
* om sosiale erkenning en die vermoë om met ander saam te werk, te bevorder;
* om diens aan die skool en die gemeenskap te lewer en goeie gemeenskapsverhoudinge uit te bou;
* om patriotisme en goeie burgerskap te bevorder;
* om 'n bydrae tot 'n gebalanseerde program van beroepsvoorligting en 'n spesifieke bydrae tot die voorbereiding van sekere beroepe te lewer.

Dit is egter belangrik dat die musiekopvoeder op 'n deurlopende basis moet besin oor die algemene én spesifieke doelstellings van sy lewensroeping omdat hy daarsonder sy dagtaak bloot op 'n lukrake wyse sal verrig. As algemene doelstelling

87) Daniel Kohut: Instrumental Music Pedagogy, p.1.

88) Music Educators' National Conference: The School Music Programme: Description and Standards, p.4; William Sur en Charles F. Schuller: Music Education for Teenagers, pp.13-15; Charles R. Hoffer: Teaching Music in the Secondary Schools, pp.16-21.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kan dit beskou word dat die musiekopvoeding ten doel het hom die leerling bewus te maak van die inherente verrykende elemente van die musiek, die ontplooiing en ontwikkeling van sy eie musiek-potensiaal, en die ontwikkeling van sy ingebore estetiese sensitiwiteit, sodat hy dwarsdeur sy lewe sy belangstelling in die musiek sal behou en op daadwerklike wyse sal uitbou.

Om hierdie algemene doelstelling te bereik, sal die musiekopvoeder hom egter moet toespits op meer spesifieke doelstellings of doelwitte in die beplanning van sy werkprogram. Sodanige doelstellings sal ook voorsiening moet maak dat die kognitiewe, affektiewe sowel as psigo-motoriese terreine in die kind se ontwikkelingsgang gedek word. Die volgende is 'n samevatting van die doelstellings soos deur verskeie musiekopvoedkundiges gestel:

* die stimulering van die musiek-kreatiewe moontlikhede in elke kind ten einde hom te lei tot selfekspressie en selfverwesenliking op musiekgebied;
* die ontwikkeling by die leerling van sodanige bekwaamheid in sang of in die bespeling van 'n instrument of instrumente sodat hy op bevredigende wyse aan groepmusisering deel kan hê;
* om 'n bevredigende standaard in die kennis van die struktuur van musiek te bereik, waarin die kennis van musieknotasie en -terminologie 'n belangrike rol speel;
* om 'n aanvaarbare en intelligente kundigheid en peil in sy vermoë van musiekwaardering te ontwikkel en om die hoogste vlak van musikale begrip waartoe hy in staat is, te bereik;
* om alle leerlinge dermate te inspireer dat hulle in hulle naskoolse jare steeds met 'n aktiewe musiekdeelname, -beluistering en -ondersteuning sal voortgaan ten einde hulle eie lewe en dié van andere te verryk;
* om benewens die program van algemeen-vormende musiekopvoeding ook daarvoor voorsiening te maak dat dié leerlinge met spesifieke musiekbegaafdhede of -talente betyds geïdentifiseer word en voldoende geleentheid gebied word tot die volle ontplooiing daarvan met inagneming van die noodsaaklikheid van eiesoortige doelstellings vir 'n program van gespesialiseerde instrumentale onderrig.

1.4.3.5 Die noodsaaklikheid van 'n duidelike en goed gefundeerde musiekopvoedkundige beskouing vir musiekopvoeders

Die musiekopvoeder moet sy lewenstaak aanpak en deurvoer met 'n doelgerigtheid en 'n geloof in die uiteindelike vrugte op sy arbeid.

Sy lewensroeping vra van hom entoesiasme, immergroen varsheid en voortdurende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inspirasie wat teenoor die kind kan getuig van 'n onwrikbare geloof in sy dagtaak. Reimer noem drie redes waarom elke musiekopvoeder tot suiwere begrip van die aard en betekenis van sy eie strewe moet kom:

* Die begrip wat die individu van die waarde en betekenis van sy eie professie het, beïnvloed onvermydelik die siening wat hy van sy eie persoonlike lewe het.
* Elke spesifieke optrede in die musiekopvoeder se werk is 'n praktiese uitvloeisel van geloof in sy vak.
* Die individuele musiekopvoeder wat 'n duidelike beeld van sy eie professionele doelstellings het en wat oortuig is van die belangrikheid daarvan, is 'n sterk skakel in die ketting van kollegas wat hierdie bepaalde vakgebied bedien.

Hy lig dit verder toe: "A strong philosophy must illuminate the deepest level of values in one's own field. At this level one can find not only professional fulfillment, but the personal fulfillment which is an outgrowth of being a secure professional."[89)]

Die musiekopvoeder moet nie net oor 'n goed gefundeerde beskouing van musiekopvoeding beskik nie, maar hy moet ook 'n breë begrip van die universele doel van die opvoeding hê, asook 'n deeglike en deurleefde kennis van die spesifieke doelwitte wat deur die skool nagestreef word - ook deur die insluiting van musiekopvoeding in die kurrikulum.

In die organiseer van sy dag- en week- en jaarprogram moet die musiekopvoeder die ganse skoolbevolking in gedagte hou. Hy kan vanuit die vertroue werk dat dit die natuurlikste ding vir elke mens is om op die musiek te respondeer, te oordeel aan die massas wat sing, neurie, fluit, dans of selfs net met die voet of met die lyf met die polsslag meeleef. Sy taak is om die kind te lei na die bemeestering van luister-met-begrip, 'n kuns wat nie ewe maklik tot almal sal deurdring nie, maar wat deur oefening en toepassing bemeester kan word.[90)] Die musiekopvoeder moet dan toesien dat musiekopvoeding sy regmatige tyd en plek op die skoolrooster toegeken word sodat elke kind die volle voordeel kan trek van wat hierdie unieke vak hom bied.

Vervolgens word daartoe oorgegaan om die persoon van die musiekopvoeder onder die loep te neem.

89) Bennet Reimer: A Philosophy of Music Education, p.7.

90) Joseph Machlis: The Enjoyment of Music, p.5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5 DIE MUSIEKOPVOEDER

Die musiekopvoeder neem 'n baie sentrale plek in die musiekopvoedingsprogram in, want sonder hom sou daar van ware musiekopvoeding weinig sprake wees. Hy is die persoon wat vanuit 'n gefundeerde en oorwoë musiekopvoedkundige standpunt die leiding moet neem, wat inisiatiewe aan die dag moet lê, wat sy vinger op die polsslag van die skoolgemeenskap en die breë gemeenskap moet hou en wat deur verdere selfstudie en indiensopleiding op die hoogte van nuwe ontwikkelinge in die wêreld van die musiek moet bly. Sonder hom sou die leerling in sy op-weg-wees na volwassenheid op 'n lukrake wyse met die musiek in aanraking kom.

Dit is derhalwe noodsaaklik om oor die eienskappe en taak van die musiekopvoeder te besin. Waar musiek, benewens as basiese vak, ook beskou kan word as een van die sg. vormende vakke en dus 'n baie besondere plek in die lewe van die kind binne sowel as buite die skoollewe inneem, en dus uiteindelik 'n belangrike rol in die lewe van die volwassene kan speel, is dit uiters noodsaaklik dat die musiekopvoeder op deurlopende basis sy eie lewenstaak krities in oënskou neem. Musiekopvoeding is nie net die reg of voorreg van die handjievol uitgesoekte, talentvolle of begaafde leerlinge nie. Beginnende vanaf die onderwyseres in die preprimêre klas tot op die instrumentalisdosent in die tersiêre inrigting rus daar 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid vir die musiekopvoedingsprogram van die hele bevolking.

Reeds in sy opleidingsjare moet die student-onderwyser hom besig hou met fundamentele beskouinge rondom die opvoedingsproses en die musiekopvoeding, sodat hy die wese en belangrikheid van sy gekose studierigting kan begryp en deel van sy afronding as onderwyser en opvoeder kan laat word. Trouens, hierdie voorbereiding moet nie net 'n deel vorm van die opleidingsprogram van die klasmusiekonderwyser nie, maar van elke onderwyser en dosent wat op individuele basis of met die leerlinge in groepverband in musiekopvoedings- of onderrigverband werk. Die veranderende wêreld van vandag stel gedurig nuwe uitdaginge soos deelname aan onderwysbeplanning, evaluering van onderwysers, kurrikulumontwikkeling, die onder-die-loep-neem van opvoedkundige doelstellings, ontwikkelinge op die gebied van eietydse ernstige sowel as populêre musiek en eksperimentering met nuwe klankervarings soos die sg. elektroniese musiek.[91)]

Die moderne wêreld van kennis, wetenskap en tegnologie het so uitgebrei in die

91) Charles H. Benner: "Music Education in a Changing Society", in Music Educators Journal, Mei 1975, pp.35,36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

twintigste eeu, en in 'n snel toenemende mate in die afgelope dekades, dat die verantwoordelikheid op die skouers van die musiekopvoeder ook toegeneem het in sy taak om dit ondubbelsinnig te verkondig dat daar ook ander waardes in die lewe is wat nie aan konkrete standaarde gemeet of geobjektiveer kan word nie. Bergethon stel dit so: "There will also be the days when the wonders and joy on a child's face as he realizes his increasing capacity to do, to control and change his world, will remind you once more that yours is at once the most challenging and the most rewarding of all professions".[92)]

1.5.1 Algemene eienskappe van die goeie musiekopvoeder

Daar bestaan min twyfel dat die musiekopvoeder onder die druk van eksterne faktore resultate van 'n bepaalde standaard moet lewer vanweë die openbare aard daarvan, bv. geslaagde of nie-geslaagde Klasmusieklesse waarvan andere gou bewus word, individuele leerlinge of groepe leerlinge soos die skoolkoor wat moet optree vir 'n breër publiek wat oor die sukses van die koor en derhalwe die koorleier kan oordeel, of die openbare aard van eksterne musiekeksamens. Hy staan dus gedurig onder die wakende oog van sy kollegas en die gemeenskap wat van sy werk bewus is en dit evalueer.[93)] Aangesien die musiekopvoeder ongeveer een derde van sy lewe besig is om die musikale groei en ontwikkeling van andere te beïnvloed, kan begryp word dat hoë ideale vir en eise aan hom gestel word. Sy persoonlikheid is waarskynlik een van die belangrikste eienskappe wat bydra tot sy sukses of mislukking as ware musiekopvoeder.[94)] Hy moet self 'n sensitief opgevoede mens wees, opvoedkundig deeglik onderleg en, musikaal gesproke, in alle opsigte hoogs gekultiveer.[95)]

As opvoeder moet hy hom besig hou met die plek van die musiek in die breë kurrikulum en die rol wat musiek moontlik kan speel in die opvoeding van die kind. Normaalweg het hy met 'n groot groep leerlinge in die skool te doen en daarom moet hy 'n goeie kennis hê van die onderskeie dissiplines in die Opvoedkunde. Hy moet

92) Bjornar Bergethon en Eunice Boardman: Musical Growth in the Elementary School, p.3.

93) Thurber H. Madison: "The Need for new Concepts in Music Education", in Basic Concepts in Music Education, 57th Yearbook of NSSE, p.6.

94) Malcolm E. Bessom et al.: Teaching Music in Today's Secondary Schools, p.5.

95) Harry S. Broudy: "A Realistic Philosophy in Music Education", in NSSE: Basic Concepts in Music Education, p.87.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n goeie kennis hê van die leergebeure en van die behoeftes en drange van die leerling in die verskeie stadia van sy ontwikkeling. As opvoeder moet hy bereid wees om saam te werk met sy kollegas en die ouergemeenskap. Hy moet geskool wees in die kuns van groepdinamika. Maar bo alles moet hy verbind wees tot die mooi ideaal van dienslewering aan sy medemens.[96)]

Saam met 'n goed gefundeerde musiekopvoedkundige beskouing moet die musiekopvoeder besef dat hy ook musikus is. Dit vereis dus 'n musiek-bevoegdheid wat ook streef na die vlak van die professionele musikus. In teenstelling met die uitvoerende kunstenaar, egter, gebruik hy die musiek as 'n kanaal vir opvoeding. Die belange van sy leerlinge se estetiese ontwikkeling word vooropgestel, maar nie ten koste van sy eie musikale groei nie. As 'n sensitiewe musikus sal hy die konsepte van goeie smaak en gesonde musiek-oordeel deurlopend aan die dag lê.

Deeglike vakmanskap en doelgerigte erns is voorvereistes vir die ware musiekopvoeder.[97)] Soos Hoffer dit stel: "A successful music teacher needs to have more than an innate musicianship, more than 'a way with youngsters', and more than good training for the work he will undertake. He needs all three, plus the imagination and intelligence to apply his talents creatively to the teaching situation in which he finds himself."[98)]

Ook Reimer slaan die musiekopvoeder besonder hoog aan wanneer hy beweer dat daar geen plaasvervanger is nie vir die musiekopvoeder wat 'n spesialis is in musiekopvoeding vir 'n bepaalde ouderdomsgroep; wat oor 'n hoë vlak van musiekopleiding, estetiese sensitiwiteit, en opvoedingskundigheid beskik en wat daaraan toegewy is om die vreugde van die musiekkuns met alle leerlinge te deel.[99)]

1.5.2 Die musiekopvoeder as mens

Die musiekopvoeder is, soos enige ander kollega, ook mens in die volste sin van die woord. Hy is ook opgevoed vanuit 'n bepaalde agtergrond; hy beleef ook sy persoonlike lewensleed en -vreugdes; hy moet ook soms sy dagtaak onder moeilike

96) Neal El Glenn et al.: Secondary School Music - Philosophy, Theory and Practice, p.3.

97) Ibid., pp.3,9.

98) Charles R. Hoffer: Teaching Music in the Secondary Schools, p.1.

99) Bennet Reimer: A Philosophy of Music Education, p.115.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede verrig. Maar as opvoeder wat die kind op die lewenspad na volwassenheid begelei, moet hy sekere eise aan homself stel sodat hy ook in sy menswees vir sy leerlinge as identifikasiefiguur kan optree:

* Hy moet oor 'n emosioneel stabiele persoonlikheid beskik en reeds 'n hoë mate van geestelike volwassenheid bereik het.
* Wat sy uiterlike betref, moet hy netjies vertoon en ook 'n hoë graad van netheid in sy werk aan die dag lê.
* Hy moet oor leierseienskappe beskik wat die leerlinge kan aanspoor om werk te lewer in ooreenstemming met hulle beste vermoëns.
* Met onmiskenbare en onblusbare entoesiasme moet hy as 'n bron van inspirasie dien vir almal met wie hy in aanraking kom.
* Met 'n logiese uitdrukkingsvermoë moet hy sy gedagtes helder aan almal kan oordra.
* Hy moet oor genoegsame organisatoriese vermoëns beskik om die veelheid van kurrikulêre en kokurrikulêre musiekprojekte van die skool tot in die fynste besonderhede te reël.
* Hy moet na perfeksie strewe, die wil openbaar om self slegs met die allerbeste tevrede te wees om sodoende ook sy leerlinge daartoe te lei.
* Ook moet hy geloof in en begrip vir sy medemens hê, oor goeie interpersoonlike verhoudings beskik en met verdraagsaamheid en warme vriendelikheid die kind lei op die pad na geestelike volwassenheid.
* Hy moet die kind inspireer om homself op gesonde wyse te identifiseer met die positiewe persoonlike eienskappe en musikale vermoëns en ontwikkeling van hom as musiekopvoeder.

1.5.3 Die musiekopvoeder as opvoeder

Die musiekopvoeder is egter nie net mens nie. Omdat hy 'n besondere roeping het, ken hy aan sy opvoedingstaak hoë prioriteit toe en stel hy eweseer as professionele mens hoë eise aan homself:

* As opvoeder lê hy 'n sterk sin vir betrokkenheid, dienswilligheid en toewyding aan die dag.
* Hy beskik oor 'n goed gefundeerde musiekopvoedkundige beskouing wat voortvloei uit eie studie en besinning oor publikasies op hierdie gebied.
* Vanuit sy beskouinge boesem hy vertroue in omdat hy vasberade is om sy lewensroeping te laat slaag in die lig van vir hom duidelik omlynde en realistiese doelstellings.
* Hy bly op die hoogte van die algemene doelstellings van sy skool se breë opvoedingsprogram en die relatiewe posisie van die musiekopvoedingsprogram.
* Hy behou die ambisie om steeds na hoër professionele en akademiese standaarde

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te streef.

* Hy beskik oor voldoende intelligensie, kennis en moontlikhede vir verdere groei op professionele vlak.
* Of hy nou Klasmusiekopvoeder of instrumentalis-onderwyser is, erken hy die werk van ander opvoeders met professionele integriteit omdat almal na dieselfde algemene opvoedkundige doelstellings streef.
* Hy is vertroud met die metodes van die wetenskap en soek steeds na die verband tussen musiek en ander dissiplines.
* Hy bly op die hoogte van ontwikkelinge op die gebied van onderrigmedia, veral dié hulpmiddels wat in die musiekopvoeding van onskatbare waarde kan wees.
* Sy kennis van, begrip en liefde vir kinders moet gestalte vind in 'n opregte belangstelling in elke afsonderlike leerling se wel en wee en werk.
* As musiekopvoeder streef hy geluk in sy werk na, en by elke les en projek wat hy aanpak, moet die genot wat hy daaruit put en die geluk wat hy daarin vind, vir sy leerlinge duidelik sigbaar wees.
* Hy lê voortdurend 'n positiewe gesindheid aan die dag teenoor die taak van die opvoeding in die breë en van musiekopvoeding in die besonder.

1.5.4 Die musiekopvoeder as akademikus

Die musiekopvoeder is dié persoon in die skool wat vir 'n bepaalde dissipline of dissiplines rondom die musiek verantwoordelik is. Die status wat hierdie dissiplines sal beklee, sal in 'n groot mate ook afhang van die musiekopvoeder se akademiese agtergrond:

* As deel van sy formele kwalifikasies moet hy oor 'n stewige musiekteoretiese kennis en agtergrond, sowel as 'n uitgebreide repertorium- en musiekliteratuurkennis beskik.
* Hy gebruik sy musiektalent om sy instrumentale vaardigheid en uitvoerende vermoë op so 'n peil te handhaaf en uit te bou dat hy met die nodige gesag verteenwoordigende musiek van die verlede en hede kan uitvoer en interpreteer.
* Hy handhaaf 'n akademiese sowel as innig persoonlike verbondenheid met die musiek as kunsvorm, as akademiese dissipline en as opvoedingsmoontlikheid.
* Hy bly steeds student, hetsy formeel of informeel, op die gebied van die musiek sowel as verwante dissiplines van die Opvoedkunde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6 ENKELE KRITERIA VIR 'N MUSIEKOPVOEDINGSPROGRAM

Ten einde musiekopvoeding onder die Kaaplandse Departement van Onderwys krities te beskou word die volgende kriteria uit die voorgaande besinning aangelê:

* Aangesien musiekopvoeding in die skool deel vorm van 'n breë program van kultuuroordrag behoort 'n duidelike beleid ten opsigte van die plek en doel daarvan in die skoolkurrikulum gestel te word.

* Aangesien musiekopvoeding vanuit 'n stel basiese oortuigings beskou kan word as 'n doelbewuste en doelgerigte bemoeienis van die musikaal-talentvolle en opgeleide volwassene met die leerling,[100] is dit 'n opvoedingsverantwoordelikheid van elkeen wat by die opvoedingsgebeure betrokke is om aan elke leerling gedurende sy totale skoolloopbaan 'n breë algemeenvormende musiekopvoeding te gee wat hom in staat sal stel om gedurende sy naskoolse lewe met 'n program van eie musiekontwikkeling voort te gaan.

* Ten einde die program van musiekopvoeding op 'n verantwoordbare wyse deur te voer behoort die musiekopvoeder die kind en sy aangebore musikale moontlikhede as uitgangspunt te neem in die beplanning van die musiekopvoedingsprogram.

* Aangesien musiek vanweë sy inherente estetiese waardes oor die eienskap beskik om tot die mens se diepste innerlike te spreek en sy aangebore natuurlike behoefte aan skoonheid te bevredig behoort estetiese opvoeding as 'n hoofdoel van die musiekopvoedingsprogram beskou te word.

* Aangesien musiek ook oor die eienskap beskik om die mens se intellek te stimuleer behoort die skool voldoende voorsiening te maak dat die kreatiewe moontlikhede van musiek tot sy volle reg sal kom.

* Aangesien dit verder ook 'n eienskap van musiek is om deur die besondere wyse waarop dit in gemeenskapsverband ervaar kan word die weg tot sinvolle kommunikasie te open behoort sosiale opvoeding as 'n verdere doel van die musiekopvoedingsprogram beskou te word.

100) Vide supra, p.25.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

DIE ONTWIKKELING VAN MUSIEKOPVOEDING TEN OPSIGTE VAN BLANKE LEERLINGE ONDER DIE KAAPLANDSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS GEDURENDE DIE TYDPERK 1916 - 1984 : 'N OORSIGTELIKE PERSPEKTIEFSTELLING OP BEPAALDE ASPEKTE

2.1 DIE ONDERRIG VAN KLASMUSIEK

2.1.1 Die ontstaan

Sir Thomas Muir, wat Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland gedurende die jare 1892 - 1915 was, het as gevierde wiskundige sy hele lewe lank ook in musiek belanggestel. Nadat hy departementshoof van 'n hoër skool te Glasgow in Skotland geword het, het hy sy aandag ernstig begin wy aan die onderrig van Sang op skool en die plek wat musiek in die kurrikulum behoort in te neem.[1)]

Kort na sy aankoms in Suid-Afrika in 1892 is hy getref deur die besonder natuurlike aanleg van die bevolking vir musiek, maar hy was verbaas om op navraag te verneem dat weinig in die skole gedoen is om hierdie talente te ontwikkel. Hy het dadelik opdrag gegee aan een van die inspekteurs, mnr. Henry Nixon, om ondersoek in te stel en volledig verslag te doen oor die onderrig van sang in die staatsondersteunde skole van Kaapstad en omgewing.[2)] Mnr. Nixon het in sy verslag gemeld dat die getal skole waar sang ("vocal music") onderrig is, besonder klein was. Hy het geoordeel dat "we are in fact just half a century behind our age".[3)]

In 1895 het dr. Muir 'n nuwe kurrikulum ingevoer waarvan o.a. ook Sang 'n integrale deel was. Twee sanginstrukteurs[4)] is in 1893 aangestel, onderwysers en leerlinge is ingeskryf vir die eksamens van die Tonic Sol-fa College of London en koorkompetisies is ingestel. Die gevolg was dat die vooruitgang in die stand van

1) J.E. Kellermann: Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika (1652 - 1936) (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1936) p.156.

2) Cape of Good Hope, Department of Education: Report of the Superintendent-General of Education for the Year 1892, p.10.

3) Ibid., p.11.

4) Vide infra, p.134.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sang op skool verbasend was.[5)]

Die gevolg van hierdie ontwikkelinge was dat die waarnemende S.G.O. in 1916 verslag kon doen dat geen vak méér in die smaak van die onderwysers en leerlinge geval het as juis Sang nie. Hy het o.a. verslag gelewer oor die nuwe wyse van onderrig wat by opleidingskolleges ingang gevind het, nl. die verdeling van die studente in groepe van ongeveer 20. Hierdie groepe het dan hulle eie dirigente gekies en met mekaar as kore gewedywer. Daar is voorsien dat bekwame leiers op hierdie wyse opgelewer behoort te word, en hulle sou dan weer die werk in die skole kon voortsit. Die volgende statistiek (wat skole vir swart en bruin leerlinge ingesluit het) gee 'n aanduiding van hoe die onderrig van Sang in die Muir-tydperk gevorder het:[6)]

ONDERRIG IN SANG

Jaartal	Getal skole	Getal leerlinge
1894	545	34 447
1896	798	47 165
1898	936	58 689
1900	1 357	87 900
1902	1 348	86 730
1904	1 627	99 402
1906	2 076	112 278
1908	2 635	140 406
1910	2 940	128 801
1912	3 087	142 168
1914	3 469	166 679
1916	3 885	184 827

2.1.2 Die tydperk 1916 tot 1949

2.1.2.1 Sang[7)] word as vak in die skole gevestig

5) H.M. Daleboudt: Sir Thomas Muir en die Onderwys in Kaapland tydens sy bestuur as Superintendent-generaal van Onderwys, 1892 - 1915 (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1942) pp.246,247.

6) Cape of Good Hope, Department of Education: Reports of the Superintendent-General of Education for the Years 1894 - 1916.
(Daar word verder in hierdie proefskrif na die Kaaplandse Departement van Onderwys as KOD verwys.)

7) In hierdie stadium is dit nodig om aan te dui dat die term sang ("singing, vocal music") of Sang (wanneer formeel na die vak verwys is) meestal gebruik is. Wisselvorme het egter ook voorgekom, soos klassang ("class singing") en selfs klasmusiek ("class music"). Die term Musiek was normaalweg gebruik wanneer na die formele eksamenvak verwys is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sillabus vir Sang (Klassang) wat gedurende die Muir-tydperk in swang was, is in 1901 ingevoer en was 'n groot verbetering op die vorige bedeling toe onderwysers wat enigsins wel aandag aan sang gegee het, hulle eie skemas, indien enige, gevolg het. Die sillabus was geskoei op die lees van die Engelse sillabus en het duidelik die invloed van die Tonic Sol-fa College se eksamens getoon, aangesien die doelwit van die Klassangonderrig grotendeels die verwerwing van hierdie kollege se sertifikate was. Die sillabus was streng voorskriftelik t.o.v. melodie, ritme, gehoor en liedere vir elke standerd vanaf die substanderds tot st. 7. Hoewel hierdie sillabus vanweë die voorskriftelikheid daarvan ook skerp gekritiseer is, is daar nogtans ook 'n mate van vryheid in die toepassing daarvan toegelaat.[8] Die sillabusse is in 1913[9] en in 1921[10] onveranderd gepubliseer.

Die Musiekinstrukteur vir die Westelike Distrikte, mnr. Arthur Lee, het in 1919 oor die stand van Klassang verslag gedoen. Hy het 'n sterk saak uitgemaak dat 'n waardige plek aan Sang in die kurrikulum toegeken behoort te word: waar musiek nie as 'n beroepsgerigte studieveld vir die meeste leerlinge beskou kon word nie, maar as 'n middel tot 'n ander doel, nl. as bevredigende besteding van die mens se vrye tyd, kon dit dus nie as 'n doel op sigself onderrig word nie. Hy was van oordeel dat die kinders met gemak onderrig kon word om op die gehoor melodiese frases en eenvoudige ritmes neer te skryf, en dat sodanige leerlinge meer ingewikkelde begrippe kon baasraak en musikale vorm met belangstelling kon bestudeer.[11]

Mnr. F. Farrington, Musiekinstrukteur in die Oostelike Distrikte, het egter gemeld dat wat die hoër skole betref, weinig meer aandag aan Klassang as in die verlede gegee is.[12]

In 1921 het ook die nuwe leergange vir die Junior Sertifikaat (sts. 7 en 8) en die Senior Sertifikaat (sts. 9 en 10) verskyn.[13] By die Junior Sertifikaat was

8) Anna C.M. Fick: Die Geskiedenis van Skoolsang in Kaaplandse Skole 1652-1915 (M.Mus., Universiteit van Stellenbosch, Januarie 1984) pp.178-184.

9) KOD: Report of the SGE for the Years 1911-12, pp.49-57.

10) KOD: Primary School Course: European Schools 1921, pp.16-18. Vir 'n verdere bespreking van die sillabusse, vide infra, p.64.

11) KOD: Report of the SGE for the year ending 30th September 1919, p.48.

12) KOD: Verslag van die SGO oor die Jare 1923-1924, p.161.

13) KOD: "Syllabuses of Differentiated Secondary School Courses", in The Education Gazette, 20 Oktober 1921, pp.296-317.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Musiek (eksamenvak) 'n keusevak in die Algemene Kursus en ook in die Kursus vir Meisies. By die Senior Sertifikaat was Musiek (eksamenvak) 'n keusevak in die Algemene Kursus en ook in die Huishoudkundekursus. Dit was verblydend dat die Departement van Onderwys ook by wyse van afsonderlike voorligting ten opsigte van Klasmusiek as nie-eksamenvak in die hoër skool (die term "class music" is hier pertinent gebruik) voorsiening gemaak het.[14] Onder andere is gemeld dat die belangrikste taak van die Klasmusiekonderwyser die ontwikkeling van musiekwaardering was. Melding is ook van die grammofoon as hulpmiddel gemaak, en in 1925 kon die Musiekinstrukteur, mnr. A.H. Ashworth, rapporteer dat die grammofone wat deur die Departement in die Oostelike Distrikte verskaf is, van groot hulp was en met groot waardering gebruik is. Hy het verder gemeld dat die sukses van die musieklewe in 'n skool grootliks afgehang het van die teenwoordigheid van 'n bekwame en entoesiastiese personeellid. Ook was hy van mening dat dit verkeerd sou wees om te aanvaar dat die gewone klasonderwyser genoegsaam onderleg was om Klasmusiek te kon hanteer. Hy het ook nog steeds die "ketterse gedagte" teëgekom dat seuns wie se stemme breek, nie behoort te sing nie, maar hy het blykbaar nie besef nie dat 'n aantekening in The Education Gazette drie jaar vantevore juis hierdie voorligting gegee het: "With regard to boys, class singing as a rule is interfered with to a considerable extent by the necessary period of rest after the voice begins to break."[15] Onderwysers is ook gemaan om nie perfekte resultate in sang as hoofdoel na te streef nie, maar om eerder deur middel van musiek 'n gevoel van skoonheid en vreugde te verskaf.[16]

Die aangeleentheid van die seunstem wat breek ("jongens wat begint om die baard in die keel te kry"), is pertinent onder die aandag van onderwysers by wyse van 'n 'n bespreking in Die Onderwysgaset[17] gebring: daar is verwys na proefneminge wat wat in Engeland gedoen is en waarvolgens die oortuiging toegeneem het dat die tyd genader het dat die sanglose tydperk vir die seun as 'n sg. gebiedend noodsaaklike beveiliging van die volledige ontwikkeling van sy stem in die tyd van rypwording "met algemene instemming sal verwys word naar die vullishoop van afgedankte opvoedkundige dwaalbegrippe". Dit is opvallend hoeveel voorligting en wenke die

14) KOD: "Note on Music in the Secondary School", in The Education Gazette, 20 Oktober 1921, p.305.

15) KOD: "Music in the Secondary School", in The Education Gazette, 23 November 1922, p.263.

16) KOD: Verslag van die SGO oor die Jaar 1925, p.131.

17) KOD: "Jongenstemme", in Die Onderwysgaset, 15 Mei 1924, p.156.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Departement gedurende die twintigerjare aan onderwysers beskikbaar gestel het.[18] Maar verder nog: die Departement het die onderrig van die sg. nie-eksamenvakke so hoog aangeslaan dat hy in die uiteensetting van die kursus vir die sekondêre skool dit spesifiek gemeld het dat kandidate vir die eksamen (vermoedelik verwysende na die Junior Sertifikaat, st. 8) nie aanvaar sou word nie, tensy die Inspekteur kon sertifiseer dat voldoende aandag aan die drie vakke, nl. Bybelonderrig, Musiek (verwysende na Klassang) en Liggaamlike Opvoeding, gegee is.[19]

In 1926 kon die Inspekteur[20] van Musiek, mnr. P.K. de Villiers, rapporteer dat verskeie hoër skole die sang tot st. 10 uitgebrei het, met die resultaat dat die algemene toon in hiérdie skole baie hoër was as in dié skole waar dit moeilik was om selfs 'n lied in st. 6 aan te hef.[21]

2.1.2.2 Weinig vordering gedurende die dertiger- en veertigerjare

Van die belowende vordering waarna mnr. P.K. de Villiers in 1926 verwys het, het blykbaar nie veel tereggekom nie, want in 1933 het dr. Oscar Wollheim by die SATA-Kongres 'n donker prentjie geskilder: "It is an indubitable fact that the South African man-in-the-street lacks the culture which is apparent in the man-in-the-street in Europe. This is saying a bold thing and may possibly give offence to some people. Empty concert halls, however, and unsupported artists living in penury, or merely scraping a living, are both facts which go to prove my statement... We must start with the child, but we cannot start in the home of the child where culture, such as we wish to develop, does not exist as yet. The only place where we can get at the child for the purpose is the school." Hy het vir deeglik opgeleide onderwysers gepleit, en diegene wat beweer dat "music is a luxury subject and no money is to be spent on it", gekritiseer.[22]

Ook die SAOU het by sy 1933-Kongres kommer uitgespreek dat die sg. nie-essensiële

18) Vide infra,

19) KOD: "Outline of Secondary School Course, with detailed Syllabuses for Standards VII and VIII", in The Education Gazette, 18 Maart 1920, p.810.

20) Die benaminge soos inspekteur en instrukteur is deur die jare dikwels op verskillende wyses gebruik. In hierdie proefskrif word die benaming gebruik soos dit in die betrokke bron aangetref word.

21) KOD: Verslag van die SGO oor die jaar 1926, p.49.

22) Oscar da F. Wollheim: "Music in the Primary School", in The Educational News, September 1933, p.129.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vakke veral in die hoër skole nie tot hulle reg gekom het nie. Die Departement is o.a. versoek om "'n nuwe sekondêre leerplan op te stel waarin die liggaamlike en fynere kultuurbelange van die leerlinge tot hulle reg sal kom". In antwoord hierop het die Departement geen verwysing na die "fynere kultuurbelange" gemaak nie, maar slegs genoem dat wat liggaamlike opvoeding betref, na die kennisgewing in Die Onderwysgaset van 17 Mei 1934 verwys word.[23)]

Inspekteur P.K. de Villiers het in 1937 egter vordering gerapporteer en gemeld dat die sinsnedes soos "'n slegte toon, geen gehooropleiding, feitlik geen vertolking nie" langsamerhand uit die meeste verslae oor die werk in die skole verdwyn. Die verfynde atmosfeer van musiek sou langsamerhand die hele atmosfeer van die skole deurdring.[24)] Aan die ander kant het Instrukteur W. Poles gekla dat allerhande verskonings gemaak is vir die afwesigheid van Sang in die sekondêre skool. "Soms word 'n karige 15 minute per week afgestaan. As dit die onderwyser se gewete sus, dan moet dit voorwaar rekbaar wees!" Die tekort aan onderwysers wat die bevoegdheid besit het om sang te doseer, het hy toegeskryf aan die verwaarlosing in die hoër skool.[25)] Ook in 'n volgende verslag het mnr. Poles beweer dat die swakker musiekstandaard in die sekondêre skole as dié in die primêre afdelings as onredelik en betreurenswaardig beskou moes word. Hy het dit ook nodig gevind om die doel van Sang as klasvak uiteen te sit.[26)] In 1939 het hy weer eens gemeld dat musiek in die hoër skole nog nie 'n algemene bedrywigheid geword het nie. In sommige skole was daar musiekklubs; in 'n paar was Musiek deurgaans 'n klasvak; in ander skole is slegs nou en dan "gemeenskaplike" sang beoefen wat meer of minder waarde mog hê, terwyl ander skole geen plek vir musiek ingeruim het nie. Die werk wat in die primêre skool 'n aanvang geneem het, is dus ontydig gestaak, die skoollewe is daardeur verarm en 'n geslag het die skool verlaat om in 'n maatskaplike en kulturele omgewing te beland wat vir hulle ten opsigte van musiek nie veel aangebied het nie. In sommige hoër skole het mnr. Poles sang van 'n hoë gehalte gehoor, gehooropleiding en bladlees het aandag geniet, klasse vir die waardering van musiek is ingestel, en af en toe is lofwaardige orkeswerk gelewer. Hy het ook bevind dat in die primêre skole, en veral in die kindertuinafdeling, uitstekende werk gedoen is.[27)]

23) Antwoorde van die SGO op SAOU-beskrywingspunte, nr. 7, in Die Unie, 1 Oktober 1934, p.129.

24) KOD: Die Onderwysgaset, 6 September 1937, p.791.

25) W. Poles: "Musiek op Skool", in Die Unie, 1 Junie 1936, p.455.

26) KOD: Die Onderwysgaset, 2 Desember 1938, p.1273.

27) KOD: Die Onderwysgaset, 7 September 1939, p.982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1940 het mnr. Poles volledige voorligting in sy verslag verskaf, veral ten opsigte van "gehoor-, stem- en oogopleiding". Dit het hy as die hoofdoeleindes van die primêre skoolkursus in Musiek beskou.[28] Ook Instrukteur S.J. Newns het verslag gedoen dat die "werklike onderwysbekwaamheid" wat in die laer klasse aan die dag gelê is, groter was as in die hoër klasse, en dat slagorkeste, waarderingsklasse en die algemene kennis van musiek as noodsaaklike dele van die werk erken is.[29]

In 1945 het mnr. Philip McLachlan beweer dat die skool op die gebied van musiekontwikkeling 'n groot verantwoordelikheid teenoor die kinders het, "want as 'n volk is ons beslis nog nie musiek-bewus nie... Waarom sal ons twyfel aan die vermoë van die skool om groter musiekbewustheid by ons volk te skep...? Dit blyk ook dat die oogmerk om musiekbewustheid tot stand te bring, nou verbonde is aan die skep van 'n goeie waarderingsvermoë".[30] Hy het die feit betreur dat die groot meerderheid leerlinge die skool verlaat sonder selfs 'n redelike vaardigheid in die lees van musiek.[31] Ook mnr. James MacLachlan, Instrukteur van Musiek, het verslag gedoen oor die Middellandse Distrikte dat die onbekwaamheid van die leerlinge om musiek te lees "geweldig getref het".[32]

Instrukteur W. Poles het in 1948 gemeld dat die solfa-notasie gedurende die voorafgaande tyd minder doeltreffend aangewend is, en dat dit onwaarskynlik gelyk het of die "goue eeu" daarvan sal terugkeer. Hy het egter gemeen dat die voordele van die "beweeglike do" nog duidelik was, en daar was getuienis dat diegene wat albei notasies bestudeer het (solfa èn balknotasie), dit makliker gevind het om balk- as solfa-notasie van die blad af te sing.[33]

In 1949 het J.H. van Eck die mening uitgespreek dat "'n groot see van musiek-onkundiges" en 'n "eilandjie van musiek-geluksaliges" in Suid-Afrika bestaan het. In 'n artikel het hy gepleit dat die opvatting moes verdwyn dat musiekbeoefening

28) KOD: Die Onderwysgaset, 28 November 1940, pp.1701-1704.

29) KOD: Die Onderwysgaset, 27 November 1941, p.1684.

30) P. McLachlan: "'n Paar Aspekte van Musiek op Skool", in Die Unie, 1 April 1945, p.195.

31) P. McLachlan: "'n Paar Aspekte van Musiek op Skool", in Die Unie, 1 Junie 1945, p.245.

32) KOD: Die Onderwysgaset, 4 Desember 1947, p.1933.

33) KOD: Die Onderwysgaset, 2 Desember 1948, p.1870.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

net bestem was vir húlle wat buitengewone talente gehad het. Volgens Van Eck was daar glad nie on-musikale of a-musikale mense nie, en het hy verkies om kinders (en volwassenes) in te deel in musikaal-begaafdes en musikaal-gevoeliges. Musiekonderwys vir almal het vir hom beteken musiekonderwys vir elke kind - en dit moes in die Klassang neerslag vind.[34)]

2.1.3 Die tydperk 1949 tot 1984

2.1.3.1 'n Nuwe sillabus

'n Nuwe sillabus vir Klasmusiek in die primêre skool het in 1950 verskyn. Dit is hier van belang om die algemene doelstellings van die sillabus volledig weer te gee, aangesien 'n poging tot die uiteensetting van doelstellings die eerste keer as deel van die sillabus verskyn het: Aangesien elke kind 'n stem besit en gesamentlike musikale aktiwiteit die beste bevorder word deur sang, moes die grootste deel van die beskikbare tyd vir Skoolmusiek (Klasmusiek) aan sang bestee word ná die ritmebewuswording in die substanderds. Omdat sang tydens enige lewenstadium heilsame genot kan verskaf en dit die stem-, gehoor- en emosionele vermoë ontwikkel soos geen ander vak nie, was die insluiting daarvan in die kurrikulum van groot belang. Dit moes egter beklemtoon word dat wat in die skool gedoen is, slegs die eerste stap was, en dat die einddoel moes wees om die toekomstige volwassene in staat te stel om hierdie genot verder te ondervind, hetsy deur solo- of gesamentlike optrede, of deur te luister. Met die oog hierop is die aandag op die volgende behoeftes gevestig:

* onderrig in asembeheer en in die voortbring van stemtoongehalte;
* progressiewe gehooropleiding;
  kennis van musieknotasie, verkry deur onderrig in sowel teorie (toonhoogte en tydmaat) as praktyk, d.w.s. die lees van musiek, waarin bladlees 'n fundamentele rol speel;
* die aanleer en sing van gepaste liedere;
* die aankweek van 'n gesonde smaak vir musiek.[35)]

Hoewel hierdie doelstellings hoofsaaklik op die genotaspek van die musiek klem gelê het, het die nuwe sillabus as 'n stimulus gedien vir 'n bewuswording van die

34) J.H. van Eck: "Vokale en Instrumentale Musiekonderwys op die Skool", in Die Unie, 1 April 1949, p.219.

35) KOD: "Leerplan vir Musiek in die Primêre Skool", in Die Onderwysgaset, 30 November 1950, pp.2047-2053.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangrikheid van Klasmusiekonderrig en -opvoeding in die dekades wat gevolg het.

2.1.3.2 Philip McLachlan se rigtinggewende memorandum

'n Belangwekkende gebeurtenis ten opsigte van klasmusiek het op die 1949-Kongres van die SAOU plaasgevind. Mnr. Philip McLachlan het 'n indringende referaat gelewer oor "Musiekonderwys op Skool" en het so begin: "Waar ons vanaand hier met mekaar wil gedagtes wissel oor ons skoolmusiek, wil ek aan die begin verduidelik dat ek in gedagte het klasonderrig in musiek vir alle leerlinge dwarsdeur die skool..."[36] As rigsnoer vir sy referaat het hy drie vrae gestel: Waarom doseer ons dit? Wat gaan ons die kind leer? Hoe gaan ons dit doen?

McLachlan het beweer dat min onderwerpe op skool beide op intellektuele en estetiese gebied soveel kan bied as musiek. Hy het ook die vraag gestel of daar aan Skoolmusiek as so 'n "terloopse bietjie aanvulling" vir die gemoedslewe van die kind gedink word, en dit dus slegs 'n terloopse "stoplap-plekkie" ontvang. Dié onderwyser wat in die loop van die skoolkursus trapsgewyse sy leerlinge wil inlei in die geheime van musieknotasie en van begrippe soos tyd, ritme, toonaard, modulasie, frasering en vormleer sal weet dat hy met werk te doen het wat veel van die konsentrasie en intellek van die kind verg. Die alomteenwoordigheid van musiek noodsaak juis 'n kanaal waardeur die leerlinge die pêrels binne hulle bereik kan ontdek en aanwend tot eie voordeel. Suid-Afrika is ver van Europa en ons moet spesiaal doelbewuste pogings aanwend om ons volk teen musikale verhongering te beskerm.

McLachlan het geoordeel dat musiek in die kindertuinafdelings op 'n gesonde voet was en die regte koers ingeslaan het. Dit was nogtans teleurstellend om te bemerk hoe dié belowende fondament verkrummel het wanneer die kind na die senior primêre fase beweeg het. Vanweë verskeie probleme het net 'n vorm van gesamentlike sang by die meeste skole oorgebly, terwyl ritmiese werk, slagorkes, gehooropleiding en meerstemmige sang verwaarloos is. Verder het hy gewys op verskeie aspekte en knelpunte soos die neiging om aan individue en groepe, soos kore, baie tyd te bestee ter wille van prestasie, die nypende tekort aan geskikte onderwysers, Kaapland se uitgestrektheid met slegs drie musiekinstrukteurs [tans adjunk- en assistent-superintendente van onderwys (onderrigleiding - musiek) genoem], aspirant-onderwysers se grootlikse gebrek aan musiekagtergrond en gebrek aan die vermoë om voldoende voordeel uit die opleidingskursusse te trek, die gebrek aan dif-

36) P. McLachlan: "Musiekonderwys op Skool", in Die Unie, 1 Junie 1949, p.276.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ferensiëring by die opleidingskursusse op kollegevlak en die gebrek aan spesialiseringsposte in Skoolmusiek op skoolvlak.[37)]

Na aanleiding van die referaat is die volgende besluit deur die Kongres geneem: "Die Kongres voel oortuig van die roeping van die skool ten opsigte van die musikale ontwikkeling van alle leerlinge en vra derhalwe dat skoolmusiek deegliker aandag sal geniet as in die verlede, beide van die kant van die onderwyser en die owerheid. Daartoe is nodig:

(a) Klasonderrig in musiek dwarsdeur die skool, ook in hoër skole;

(b) dat die skoolmusiek-onderwys gerig sal wees op die algemene musikale vorming sodat die fundamentele aspekte soos die ontwikkeling van die ritmiese gevoel, gehooropleiding, bladlees, stemproduksie en waardering 'n hegte grondslag gaan vorm waarop voortgebou kan word. Hierby sal sang die belangrikste uitgangspunt moet wees;

(c) dat daar meer (minstens drie) Departementele instrukteurs aangestel sal word, veral met die oog op 'n deegliker kontrole oor en uitvoer van 'n deurlopende werkskema;

(d) dat hoër vereistes gestel sal word aan die musiekkursus van die twee- of driejarige onderwysopleiding, al sou dit meebring dat so 'n meer gevorderde kursus differensiëring noodsaaklik maak."[38)]

Die Kongres het ook versoek dat mnr. P. McLachlan in medewerking met mnre. M. Hough en H. Kaldenberg 'n memorandum opstel en aan die Hoofbestuurder voorlê. Op dié omvattende besluit van die Kongres het die Departement geantwoord: "Die Dagbestuur van die SAOU word versoek om hierdie besluit toe te lig in 'n persoonlike samespreking met die Superintendent-generaal van Onderwys."[39)] Die McLachlan-komitee het daarna 'n omvattende, toeligtende "Memorandum oor Musiekonderwys op Skool" opgestel wat op die Hoofbestuursvergadering van 2 en 3 Oktober 1950 met geringe wysigings aanvaar[40)] en op 9 Oktober aan die Departement gestuur is.[41)]

37) P. McLachlan: "Musiekonderwys op Skool", in Die Unie, 1 Junie 1949, p.276.

38) SAOU-Kongresbesluite, in Die Unie, 1 Mei 1949, p.262.

39) SAOU-Kongresbesluite aan die SGO voorgelê deur die Gesamentlike Raad, in Die Unie, 1 April 1950, pp.201,202.

40) SAOU: Notules van Hoofbestuursvergadering (handgeskrewe), p.347.

41) SAOU: T.B. Bonthuys (Sekretaris SAOU) - Sekretaris van die Onderwysdeparte ment, 9 Oktober 1950.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie memorandum van 13 foliobladsye was soos volg ingedeel:[42)]

1. Die belangrikheid van musiekonderwys op skool.
2. Wat behels musiekonderwys op skool?
3. Klasonderrig in musiek vir alle leerlinge.
   A. Oorsig van die huidige toestande
   1. Kleinkinderskool
   2. Laerskool
   3. Hoër skool

   B. Aanbevelings t.o.v. Skoolmusiek in laer en hoër skole
   1. Leerstof en metode van onderwys
   2. Tekort aan persone om die werk te doen
      (a) Musiekinstrukteurs
      (b) Onderwysers
4. Instrumentale onderrig in skole.
   1. Instrumentale opleiding van onderwysers
   2. Onderrig volgens klasmetode
5. Opsomming.

Die memorandum het melding daarvan gemaak dat kindertuinmusiek, soos dit toe in 'n groot persentasie van die skole gedoseer is, ongetwyfeld op 'n gesonde grondslag was en goed met oorsese standaarde vergelyk het. Daarenteen was die toestand in die laer skool dikwels onbevredigend en teleurstellend. Na 'n aantal jare het sommige leerlinge standerd 6 bereik sonder dat hulle iets konstruktiefs en blywends aangeleer het. Oorsake van hierdie toestand het gelê in die gebrek aan die nodige kontinuïteit by die uitvoer van 'n deurlopende werkskema, die gebrek aan die nodige kontrole oor en leiding in die werk van die onderwysers, ondoeltreffende onderwys en onderwysmetodes, en die tekort aan genoeg onderwysers wat voldoende toegerus was om die werk behoorlik te kan waarneem.[43)]

Wat Skoolmusiek in die hoër skool betref, het die memorandum dit betreur dat dit in te veel skole hoegenaamd nie bestaan het nie. Waar dit wel aandag geniet het, het dit in die reël een keer per week uit gesamentlike sang vir al die leerlinge bestaan. Die skamele versorging van musiek in die hoër skool was des te meer 'n ernstige leemte omdat dit geskied het op 'n tydstip dat die kind as adolessent

42) KOD, Lêer L.15/66/9: Memorandum van die SAOU, "Memorandum oor Musiekonderwys op Skool", vermoedelik Oktober 1950. Vide infra, bylae 3, pp.343-351.

43) Ibid., pp.3,4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besonder ontvanklik vir invloede van estetiese aard was.[44)]

Die memorandum het verder 'n groot aantal wenke en aanbevelings t.o.v. onderrig in die klaskamer en die opleiding van onderwysers bevat.

Hierdie memorandum is op 9 Oktober 1950 deur die sekretaris van die SAOU aan die Departement gestuur.[45)] Op 3 April 1951 het die Hoofbestuur van die SAOU die antwoord van die Departement (gedateer 27 Desember 1950)[46)] bespreek, wat na een aspek van die memorandum verwys het, nl. die aanstelling van onderwysers met HPOS in Skoolmusiek. Op voorstel van dr. J.G. Meiring het die Hoofbestuur besluit om die Dagbestuur te versoek om die SGO oor die brief van 27 Desember 1950 te spreek en aan die hand te doen dat musiekinspekteurs skoolhoofde moes aanmoedig om in advertensies vir vakatures spesiaal te meld dat leiding in verband met Skoolmusiek 'n aanbeveling moes wees.[47)]

Geen verdere tekens kon by die SAOU of by die S.A. Argief opgespoor word of hierdie onderhoud ooit plaasgevind het nie, en of enige positiewe optrede op die memorandum gevolg het nie. Die volgehoue bemoeienis van mnr. Philip McLachlan met die saak van die Skoolmusiek het nogtans in die dekades wat gevolg het, die posisie en die status van dié vak aansienlik laat verbeter.

2.1.3.3 Verdere vertoë deur die SATA in 1951

Dat ook die SATA die SAOU se kommer gedeel het, is weerspieël in besluite wat op hulle 1951-Kongres geneem is: "This Conference considers that the state of music in the schools is in the main far from satisfactory and requests the Department to appoint a committee of inquiry and to grant teachers of music direct representation on that committee" en "This Conference feels that the teaching of Class Music in schools is seriously hampered by the shortage of qualified teachers and inspectors of Class Music and by the absence of organisers, and requests that the situation be reme-

44) KOD, Lêer L.15/66/9: Memorandum van die SAOU, "Memorandum oor Musiekonderwys op Skool", vermoedelik Oktober 1950.

45) SAOU: J.B. Bonthuys (Sekretaris) - Sekretaris, Onderwysdepartement, "Memorandum oor Musiekonderrig op Skool", 9 Oktober 1950.

46) KOD: Sekretaris, Departement van Onderwys - Sekretaris SAOU, 27 Desember 1950. 'n Kopié van hierdie brief van die Departement kon nòg by die SAOU, nòg by die S.A. Argief, nòg by die Departement van Onderwys opgespoor word. Die betrokke Departementele lêer L.15/66/9 in die S.A. Argief bevat geen dokumente vir die tydperk 1945 tot 1955 wat op hierdie saak van toepassing is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

died as soon as it is practicable."[48] Op die eerste besluit het die Departement geantwoord dat 'n bespreking met die Gesamentlike Raad verwelkom sou word,[49] en van die tweede het die Departement kennis geneem.[50] Skynbaar het die Gesamentlike Raad nie hierdie uitnodiging tot bespreking opgevolg nie.

2.1.3.4 Bydraes deur Departementele Musiekinspekteurs

Die inspekteurs van Musiek het eweneens hulle kommer uitgespreek dat, hoewel daar in die laer skole in 'n sekere mate voorsiening vir sanglesse, stemontwikkeling, die lees van musiek en gehoorontwikkeling gemaak is, die vraag gestel kon word of daar wel genóég aandag daaraan bestee is. Ook het hulle beweer dat in die hoër skole nog minder gedoen is.[51] Sang as klasvak was in sommige hoër skole onbekend, ofskoon samesang deur die hele skool, waaraan soms honderde kinders deelgeneem het, dikwels aangetref is. Af en toe is orkeswerk gedoen; in enkele gevalle is blokfluitlesse gegee en sommige skole het gereelde programme vir musiekwaardering gevolg.[52]

Die voorgestelde nuwe sillabus vir Klasmusiek in die Junior Sekondêre Standerds is in Mei 1951 gepubliseer.[53] Die inleidende opmerkings is hier van belang: "Op die gebied van musiek is die moeilikhede wat in die puberteitsjare ondervind word ewe groot as op enige ander gebied. Veral in die geval van seuns mag die oorgangstydperk besonder moeilike probleme in verband met die stem skep. Die adolessent se houding teenoor musiek mag ook tussen skeptisisme en sinisme aan die een kant en verhoogde belangstelling aan die ander kant wissel. In hul vroeër jare verskil leerlinge ook wel van mekaar in hul benadering tot musiek, maar hierdie verskille sal voortaan al sterker op die voorgrond tree. Dit is

47) SAOU: Notule van Hoofbestuursvergadering van 2 en 3 April 1951, p.387.

48) SATA-Kongresbesluite nos. E1,2, in Education, Julie 1951, p.199.

49) Antwoorde van die SGO op SATA-Kongresbesluite, no. 22, in Education, Maart 1951, p.54.

50) Ibid., no. 23, p.54.

51) Verslag van vakinspekteurs W. Poles en J. MacLachlan: "Musiek", in Die Onderwysgaset, 6 Maart 1952, p.437.

52) Verslag van vakinspekteur W. Poles: "Musiek", in Die Onderwysgaset, 3 Desember 1953, p.2316.

53) KOD: "Voorgestelde Leerplan in Musiek (klasvak)", in Die Onderwysgaset, 10 Mei 1951, pp.915-922.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haas onnodig om te sê dat hierdie omstandighede nie alleen probleme maar ook geleenthede skep in verband waarmee die onderwyser met vertroue, geduld en simpatie behoort op te tree. Hoewel gehooropleiding en bladsing voortgesit moet word, moet hulle nie as 'n einddoel beskou word nie, maar as hulpmiddels by die bestudering en sing van sangstukke en die bespeling van instrumente. Insgelyks moet daar besef word dat, terwyl genot van die werk uiters belangrik is, dit slegs deur stelselmatige studie verwesenlik kan word."[54)]

Die belangrikheid van die sillabusse is ook deur die inspekteurs van Musiek beklemtoon. Inspekteur W. Poles het opgemerk dat die beste werk steeds gedoen is wanneer dit op die breë grondslag van die sillabus gebaseer was, en dat vooruitgang nie verwag kon word sonder 'n deeglik beplande werkskema nie.[55)] Inspekteur J. MacLachlan het die aandag gevestig op die vereistes van die nuwe sillabus in Die Onderwysgaset van 30 November 1950, en dat bladlees hoofsaaklik uit die sing van balkskrif sou bestaan.[56)]

Ook die SGO het sy bydrae gelewer tot die hernieude belangstelling in Klasmusiekopvoeding deur 'n spesiale hoofstuk aan "Musiek" in sy 1952-1953-jaarverslag af te staan: die besef van die groot voordele wat musiek kan bring, kan slegs teweeggebring word deur middel van gereelde kontak met en onderrig in musiek. Hy het daarop gewys dat die nuwe sillabus die balkskrif meer prominent ingevoer het. Ook het hy aangetoon dat die tekort aan onderwysers in Klasmusiek en instrumentale onderrig groot is.[57)] Juis hierdie tekort aan onderwysers het geblyk die grootste belemmerende faktor in die vordering van die vak te wees, want na die verloop van tien jaar het inspekteur E.W. Albertyn steeds gekla dat aan gehooropleiding, bladsing en musiekwaardering omtrent niks gedoen is nie.[58)]

By die sillabus vir Musiek (eksamenvak) vir die Senior Sertifikaateksamen wat in 1953 en 1954 verskyn het, is 'n belangrike toevoeging gemaak wat die Departement

54) KOD: "Voorgestelde Leerplan in Musiek (klasvak)", in Die Onderwysgaset, 10 Mei 1951, pp.915.

55) Verslag van vakinspekteur W. Poles: "Musiek", in Die Onderwysgaset, 22 November 1951, p.2233.

56) Verslag van vakinspekteur J. MacLachlan: "Musiek", in Die Onderwysgaset, 22 November 1951, p.2234.

57) KOD: "Music", in Report of the SGE for the Years 1952 and 1953, p.63.

58) E.W. Albertyn: "Musiekonderrig in die Hoërskool", in Die Unie, 1 Januarie 1962, p.338.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se standpunt ten opsigte van algemene musiekopvoeding vir alle leerlinge gestel het. Daarvolgens is musiek beskou as nie net bedoel vir blote vermaak of ontspanning nie, maar as een van die belangrikste van die skone kunste wat nie net die besitreg van die bevoorregtes is nie, maar van die hele mensdom. Skoolkinders behoort in groepverband eerder as individueel deel te neem en daarvoor is 'n vaardigheid in bladlees nodig wat reeds in die primêre standerds verwerf moes word. In die sekondêre standerds behoort Klasmusiek voortgesit te word by wyse van twee lesure per klas per week - een vir sang en een vir musiekwaardering. Elke skool moes 'n beleid volg wat hom die beste pas "mits die opvoedkundige (d.w.s. die langtermyn-) doelstellings altyd in die oog gehou word."[59)]

2.1.3.5 Die groepering van klasse as beleid vanaf 1957

In 1957 het die Departement besluit dat van 1 Oktober 1957 klasse waar moontlik saamgevoeg moes word (saam 50 - 70 leerlinge) vir Klasmusiek, en aan elke klas kon hoogstens 45 minute per week onderrig in Klasmusiek gegee word.[60)] Geen minimumtyd is neergelê nie, hoewel die onderrig vir alle standerds verpligtend was. Die vakinspekteur van Musiek, mnr. James MacLachlan, het egter sy kommer oor hierdie reëling uitgespreek en beweer dat skole wat werklik hulle beste wou lewer, nie veel meer as net aan gesamentlike sang aandag sou kan gee nie.[61)] Ook die Gesamentlike Raad van die SAOU en die SATA het vertoë gerig dat hierdie opdrag heroorweeg moes word op grond van die feit dat Klassang een van die weinige bronne van kulturele ontwikkeling in die leerlinge se lewens was, en dat die groepering van leerlinge in sulke groot getalle die organisasie van die skool nadelig getref het, veral waar net een saal of 'n groot kamer beskikbaar was.[62)] Die Departement het egter die Gesamentlike Raad se aandag daarop gevestig dat dié reëling dat musiekonderwysers toegelaat is om Klasmusiek te onderrig, 'n vergunning was en dat die aanstelling van musiekonderwysers bedoel was om ander onderwysers aan te vul en nie te vervang nie.[63)] Die Departement het ook briewe van

59) KOD: "Opmerkings oor Musiek in die Sekondêre Klasse", in Die Onderwysgaset, 18 November 1954, pp.2186-2187.

60) KOD, lêer L.15/16/9: Omsendkennisgewing "Onderrig in Klassang: Sekondêre Klasse", (geen datum).

61) KOD, lêer L.15/16/9: J. MacLachlan - Departement, 27 Augustus 1957.

62) KOD, lêer L.15/66/9: L.L. Wahl, Sekretaris Gesamentlike Raad - Departement, 18 September 1957.

63) KOD, lêer L.10/60/1/3: Sekretaris van Onderwys - Gesamentlike Raad, 20 Februarie 1958.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verskeie skoolhoofde ontvang wat daarop gewys het dat skoolroosters in die loop van die jaar verander moes word, en die Departement het derhalwe aan hulle die vryheid toegestaan ten opsigte van die invoer van die betrokke bepaling op die skoolrooster,[64] maar het nietemin by die nuwe besluit ten opsigte van die groepering van klasse gebly.[65]

Op verdere vertoë van die SATA het die Departement in 1968 geantwoord dat hierdie beleid hersien is.[66] Die betrokke bepalings is dermate aangepas dat, waar nodig, klasse vir Klassang gegroepeer kon word. Sodanige groepering moes egter tot hoogstens twee klasse beperk word en die maksimumtyd wat deur die musiekonderwysers/esse by enige skool aan die onderrig van Klasmusiek bestee kon word, moes tot twaalf uur per week beperk word - met dien verstande dat geen enkele musiekonderwyser/es meer as ses uur per week aan die onderrig van Klasmusiek mog bestee nie.[67] 'n Verdere aanpassing van die maksimumtyd is in 1976 gemaak toe aan skole met meer as 750 leerlinge langer as 12 uur toegestaan is.[68] Die feit dat slegs 'n maksimumtyd toegelaat is, dui daarop dat dit skole vrygestaan het om van musiekonderwysers, of níe, gebruik te maak. Die musiekonderwyser in 'n skool is nie noodwendig die geskikste persoon in die personeel om Klasmusiek te onderrig nie, aangesien die Klasmusiekopleiding wat deur 'n musiekonderwyser ontvang is, nie altyd in die betrokke opleiding op 'n hoofvakbasis geneem is nie. In 1977 is die maksimumtyd soos volg vasgestel (en in 1983 is dit bevestig):[69]

Inskrywing	Maksimum getal ure per week
tot 200 leerlinge	4
201 - 250 "	5
251 - 300 "	6
301 - 375 "	7

Vervolg/

64) KOD, lêer L.15/66/9: Sekretaris van Onderwys - Skoolhoofde van die Hoërskool Bellville, Hoër Meisieskool Bellevue, Westerford High School, Wynberg Girls' High School, September 1957.

65) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief "Departmental Music Teachers", Januarie 1962, par. 4.

66) Antwoorde van die SGO op SATA-Kongresbesluite: Education, Mei 1968, p.138, no. 2.

67) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 4/1968, "Departementele Musiekonderwyser/-esse", par. 6(b) en (d).

68) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 25/1976, "Departementele Musiekonderwysers/esse", par. 6.1.3.

69) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 50/1977, "Onderrig van Musiek", par. 2.9.1.1; Omsendbrief 38/1983, "Onderrig van Musiek", par. 3.1.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Inskrywing	Maksimum getal ure per week
376 - 450 leerlinge	8
451 - 525 "	9
526 - 600 "	10
601 - 675 "	11
676 - 750 "	12
751 - 800 "	13
801 - 850 "	14
851 - 900 "	15
901 en meer "	16

2.1.3.6 Die primêre skool: Musiekonderwysers en Klasmusiek

Ten opsigte van die onderrigure wat deur musiekonderwysers in die primêre skool aan die onderrig van Klasmusiek bestee kon word, is die volgende aanpassings gelyktydig met dié van hoër skole gemaak:[70)]

Inskrywing (sts. 2 - 5)	Maksimum getal ure per week
tot 125 leerlinge	4
126 - 150 "	5
151 - 200 "	6
201 - 250 "	7
251 - 300 "	8
301 - 350 "	10
351 - 400 "	12
401 - 450 "	13
451 - 500 "	14
501 en meer "	15

'n Verdere voorskrif was dat al die voorgeskrewe Klasmusiek deur onderwysers wat oor opleiding daarin beskik, onderrig moes word en indien sulke onderwysers nie beskikbaar was nie, kon van die dienste van 'n ander musiekonderwyser met die nodige kundigheid gebruik gemaak word, of van 'n ander lid van die personeel; indien 'n skool oor meer as een goedgekeurde musiekpos beskik het, moes die bekleër van minstens een sodanige pos in besit wees van 'n kwalifikasie in Klasmusiek; wanneer 'n betrekking geadverteer is en die skool nog nie oor die dienste van so 'n onderwyser beskik het nie, moes daar in die advertensie gemeld word dat voorkeur

70) KOD, 1êer L.15/66/9: Omsendbrief 50/1977, "Onderrig van Musiek", par. 2.9.2.1; Omsendbrief 38/1983, "Onderrig van Musiek", par. 3.2.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan 'n onderwyser met opleiding in Klasmusiek verleen sou word. Die tyd wat vir leerlinge in substanderds A en B en standerd 1 bestee word, is nie by die skepping van musiekposte in berekening gebring nie.[71)]

Hierdie veranderinge wat ingetree het, het groot waardering teenoor die Departement meegebring, en daar is by die SAOU-Kongres in 1979 "'n dringende beroep op skoolhoofde [gedoen] om toe te sien dat: (1) waar 'n skool oor 'n leerkrag(te) met gespesialiseerde opleiding of die nodige begaafdheid beskik, sodanige leerkrag beskikbaar gestel sal word om al die voorgeskrewe Klasmusiek van die skool waar te neem; (2) waar 'n skool oor meer as een musiekpos beskik, die bekleër van minstens een van sodanige poste 'n gekwalifiseerde in Klasmusiek sal wees."[72)]

Hierdie betrokke beskrywingspunt is na die Hoof- en/of Dagbestuur verwys,[73)] saam met 'n ander beskrywingspunt wat soos volg gelui het: "Die Kongres versoek die Departement om, in die lig van die skaarste aan gekwalifiseerde klasmusiekonderwysers en die beperkte aantal vakinspekteurs, die moontlikheid te ondersoek van die instelling van toesighoudende poste in Klasmusiek (soos in die geval van Spesiale Klasse en Spraakterapie) waar die bekleër van sodanige pos die klasmusiekprogram van 'n aantal skole kan bevorder d.m.v. kontrole oor en advies aan leerkragte wat die vak moet onderrig."[74)]

2.1.3.7 <u>'n Tweede omvattende memorandum (1979)</u>

Die beskrywingspunt waarna aan die einde van die vorige paragraaf verwys is, het 'n vrugbare bespreking op die Kongres uitgelok,[75)] maar die volgende amendement is aanvaar: "Die Kongres versoek die Dag- en/of Hoofbestuur om 'n omvattende memorandum op te stel ter motivering van vertoë tot die Onderwysdepartement om 'n wetenskaplike ondersoek in te stel in verband met die hele opset van musiekonderrig

71) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 50/1977, "Onderrig van Musiek", par. 2.9.2.2 - 2.9.2.5; Omsendbrief 38/1983, "Onderrig van Musiek", par. 3.2.2 - 3.2.5

72) Beskrywingspunte vir die SAOU-Kongres 26 Maart tot 29 Maart 1979: <u>Die Unie</u>, Maart 1979, p.369, no. 66.

73) SAOU-Kongresnotule (handgeskrewe) 1979, p.73.

74) Beskrywingspunte vir die SAOU-Kongres 26 Maart tot 29 Maart 1979, no. 7 in <u>Die Unie</u>, Maart 1979, p.362.

75) SAOU-Kongresnotule (handgeskrewe) 1979, p.30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in Kaapland se skole en kolleges."[76)]

Die sub-komitee waarna hierdie aangeleentheid verwys is, het uit die volgende persone bestaan: mnr. E. Smit (sameroeper), prof. P. McLachlan, mnre. J.D. Bouwer en J. Barnard, en 'n memorandum deur hulle opgestel is op die Hoofbestuursvergadering van 1 September 1979 met enkele wysigings aanvaar.[77)] Die gewysigde memorandum is ook op 30 Oktober 1979 deur die Gesamentlike Raad aanvaar.[78)]

Enkele belangrike aspekte van musiekonderrig wat in die memorandum aangeraak is, is die volgende:[79)]

* die relatiewe ooraanbod van leerlinge wat klavier neem ten koste van orkesinstrumente;
* die skaarste aan onderwysers vir Klasmusiek;
* die feit dat die musiekonderwyser in die laerskool geen inter-aksie met gewone onderwys mag beoefen nie;
* onderwyseresse van Junior Primêre Standerds wat Klasmusiek in hoër standerds moet onderrig;
* die gebrek aan geskikte lokale;
* die skaarste aan musiekinspekteurs en/of -adviseurs;
* die wenslikheid dat alle musiekonderwysers ook professioneel gekwalifiseerd behoort te wees;
* die instelling van musieksentra;
* indiensopleiding in Klasmusiek;
* 'n ruimer voorsiening van klasmusiekinstrumente;
* klavierlaboratoria by onderwyserskolleges;
* differensiëring van studiebeurse vir Klasmusiek en Instrumentale Musiek;
* die instelling van 'n eenjarige diploma in Klasmusiek.

In sy antwoord op hierdie memorandum, wat wesenlik om 'n wetenskaplike ondersoek gevra het, het die Departement aangedui dat 'n ondersoek nie as noodsaaklik beskou

76) Beskrywingspunte en besluite verwys na die Hoof- en Dagbestuur, no. 26, in Die Unie, Junie 1979, p.545.

77) SAOU: Notule van 'n Hoofbestuursvergadering gehou by die SAOU-strandoord op Saterdag, 1 September 1979, punt 8.3, p.3.

78) Joint Council of the SAOU and SATA: Minutes of the meeting held on Tuesday, 30 October 1979 at the SAOU offices, par. 9.2, p.3.

79) Vir die volledige memorandum, vide infra, bylae 4, pp.352-354.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kon word nie, aangesien die basiese gegewens beskikbaar was.[80)]

2.1.3.8 Klasmusiek in die Junior Primêre Standerds sedert 1980

Die SAOU het ook kommer gehad oor die plek van Klasmusiekonderrig in die Junior Primêre Standerds en het in Oktober 1980 deur bemiddeling van die Gesamentlike Raad 'n opvolgende memorandum by die Departement ingedien. Die memorandum het die beleid van die Departement gesteun, nl. dat klasonderwyseresse self die onderrig van Klasmusiek moes waarneem en het sterk bedenkinge uitgespreek oor die vermoë van die deursnee-musiekonderwyser om met die jong kind te kommunikeer. Die memorandum het verder beweer dat alle leerkragte in die Junior Primêre Standerds nie oor 'n aangebore musiektalent beskik om werklik baat te kon vind by die musiekonderrig wat hulle tydens hulle opleiding ontvang het nie, en het verder aan die hand gedoen dat klasonderwyseresse in die Junior Primêre Standerds wat wel oor die nodige onderlegdheid t.o.v. Klasmusiek beskik, maksimaal benut moet word. Verder is ook die volgende versoek:[81)]

* dat musiekonderwysers toegelaat moet word om op beperkte skaal en in noue samewerking met die klasonderwyseres hulp te verleen waar die klasonderwyseresse geeneen geskik is om die onderrig te behartig nie;
* dat sodanige lesure tot op 'n bepaalde getal as dienslesure vir musiekonderwysers bereken word;
* dat oorweging geskenk word aan die moontlikheid om die metodiek van Kindertuinklasmusiek in te sluit by die kursus vir Klasmusiek in die Onderwysdiploma (Senior Primêr) by onderwyserskolleges;
* om indiensopleidingskursusse vir musiekleerkragte te reël sodat hulle die nodige hulp en raad kan gee.

In sy antwoord hierop het die Direkteur van Onderwys aangedui dat die versoek t.o.v. indiensopleiding vir Klasmusiekonderrig in die Junior Primêre Standerds nie vir 1981 oorweeg kon word nie, maar dat die Beplanner: Musiek versoek sou word om 'n beplanning vir 1982 voor te lê.[82)] Hoewel sodanige kursusse dus in beginsel aanvaar is, kon hulle nie aangebied word nie vanweë die groot omvang daar-

80) KOD, lêer L.16/4/2/20: Direkteur: Onderwys - E. Smit, "Navorsing oor Musiekopvoeding in Kaapland", 28 Desember 1984, par. 5.

81) Gesamentlike Raad van die SAOU en SATA: Sekretaris - Die Direkteur: Onderwys, "Klasmusiekonderrig in Junior Primêre Standerds", 28 Oktober 1980.

82) KOD, lëer 16/21/2/1: Direkteur: Onderwys - Die Sekretaris, Gesamentlike Raad, "Indiensopleiding van Onderwysers: Kursusse in Klasmusiekonderrig in die Junior Primêre Standerds", 21 Januarie 1981.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van en die gebrek aan beskikbare fondse.[83)]

Voorts het die Departement instemming met die memorandum betuig en aangedui dat die verskillende aspekte daarin vervat, aandag geniet. Ten opsigte van die hulpverlening deur musiekonderwyseresse aan klasonderwyseresse t.o.v. Klasmusiek, is egter gewaarsku dat die gevaar bestaan om dit onbeperk toe te laat, aangesien uitbuiting van sodanige geleenthede kan ontstaan.[84)]

2.1.3.9 Die ontwikkeling van sillabusse vir Klasmusiek

2.1.3.9.1 Klasmusiek in die primêre skool

Daar is reeds aangetoon dat die eerste sillabus vir Klassang in die primêre skool in 1901 ingevoer is en dat hierdie sillabus geskoei was op die lees van die Tonic Solfa College of London se eksamens.[85)] Die invloed van hierdie eksamens was so groot dat dit die toneel baie jare lank oorheers het. Daar moet ook onthou word dat hierdie solfa-sillabus 'n groot vakuum gevul het en in 'n betreklik kort tyd vaardighede in bladsing na vore gebring het wat teen die einde van die 19de eeu nie in Suid-Afrika bestaan het nie. So het die sillabusse van 1913 en 1922[86)] ook woordeliks dieselfde gebly as die oorspronklike 1901-sillabus. Die Departement het nietemin aangedui dat die sillabus nie absoluut voorskriftelik was nie, maar as 'n aanduiding gedien het waarna gestreef kon word.[87)]

Die Departement het ook verder gegaan deur gedurende hierdie tyd omvattende voorligting aan onderwysers beskikbaar te stel. In Die Onderwysgaset het bv. artikels verskyn oor die keuse van liedere,[88)] handgebare by die onderrig van sang,

83) KOD, lêer L.16/4/2/20: Direkteur: Onderwys - E. Smit, "Navorsing oor Musiekopvoeding in Kaapland", 28 Desember 1984, par. 5.4 en 5.8.

84) Ibid., par. 5.6.

85) Vide supra, p. 3 ; vir die volledige sillabus, vide infra, bylae 2, p.341.

86) KOD: "Elementary School Course", in Report of the SGE for the Years 1911-12, pp.49-57; Primary School Course: European Schools 1921, pp.16-18; vide infra, bylae 2, pp.341-342.

87) Ibid., p.16.

88) KOD: "Vocal Music", in The Education Gazette, 9 Desember 1915, p.611.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die gebruik van die modulater,[89] publikasies vir musiekwaardering[90] en die gebruik van die grammofoon.[91] Waardevolle wenke is verder opgeneem in voorligtingstukke wat in Die Onderwysgaset sowel as in pamfletvorm verskyn het.[92] In hierdie wenke is aandag geskenk aan die solfa-metode, die groepering van klasse, die sing van liedere, gesamentlike sang, die vals singer ("the practice of listening for 'tone deaf' and 'false' pupils is to be condemned"),[93] kindertuinsang, asemhaling, stembouing, gehooropleiding, klankproduksie, die gebruik van tradisionele volksliedjies, fisieke betrokkenheid by sang vir die kleintjies, meerstemmige sang, skoolkonserte, koorfeeste, bladsing, die modulator, frasering, vertolking, die verslagboek en balkskrif. Hierdie wenke is in 1928 opgevolg met voorligting waarin o.a. verdere aandag geskenk is aan die waarde van musiek, dissipline en gesindhede, aanmoediging, verryking van die sillabus, sangtegniek, asemhaling, klankproduksie, koptoon, borstoon, frasering, bladsing, die modulator, ritme, die keuse van liedere, meerstemmige sang, die grammofoon ("the 'new process' records bring into the school an almost perfect reproduction of the world's best musical talent and even genius")[94] en balkskrif.[95] Vir die onderwyser wat dit erns gemaak het met sy Klassang kon hierdie wenke, hoewel in ietwat ongeordende opstelvorm aangebied, as besonder nuttige studiemateriaal dien.

'n Nuwe sillabus het eers in 1937 weer sy verskyning gemaak. Maar wat sy solfa-komponent betref, was dit weer eens 'n feitlik woordelikse oorname van die 1901-sillabus. 'n Welkome toevoeging was nietemin die parallelle voorskrifte t.o.v. balkskrif vir elke standerd. Ook is aan die hand gedoen dat 'n 30 minute-les planmatig ingedeel moes word: asemhalingsoefeninge 3 min., stemoefeninge 3 min.,

89) KOD: "Handgebaren bij 't Onderricht in Muziek" en "Gebruik van de Modulator", in De Onderwijsgaset, 13 Januarie 1916, p.696.

90) KOD: "Helps to Musical Appreciation Work", in The Education Gazette, 21 April 1921, p.1041.

91) KOD: "The Gramophone in School", in The Education Gazette, 5 Mei 1921, p.1088.

92) KOD: "The Teaching of Singing", in The Education Gazette, 31 Augustus 1922, pp.89-92, en in The Primary School: Suggestions for the Consideration of Teachers, 1923, pp.341-354.

93) KOD: "The Teaching of Singing", in The Education Gazette, 31 Augustus 1922, p.89.

94) KOD: "Singing", in The Education Gazette, 26 Januarie 1928, p.24.

95) KOD: "Sang", in Die Onderwysgaset, 26 Januarie 1928, pp.18-29; "Singing", in The Primary School: Suggestions for the Consideration of Teachers, 1928, pp.305-315.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehoortoetse 5 min., van-die-blad-sing 4 min., onderrig van liedere 15 min.[96] Daar is ook gemeld dat die eerste drie komponente t.o.v. die primêre skool elke dag, indien moontlik, tussenin lesse gegee moes word. Die hele skool moes ook so dikwels as moontlik vir gesamentlike sang bymekaarkom.

Met die verskyning van die volgende sillabushersienings in 1950 is daar vir die eerste keer op 'n indringender wyse aanpassings oorweeg. Die grondslag van die ou tonic solfa-sillabusse wat blykbaar 'n beproefde resep bevat het, was steeds aanwesig, hoewel solfa en balkskrif die eerste keer geïntegreerd aangebied is. Vir die junior primêre standerds is die sillabus onderverdeel in musiekopleiding deur beweging (ritmiek, tydmaat, gevoelsuiting, sangspeletjies, dramatisering, vertolking), sang en slagorkes. Vir die senior primêre standerds is die sillabus onderverdeel in notasie, gehooropleiding en bladsing, sodat die leerling uiteindelik in st. 5 moes vorder tot die vermoë om enige spronge sowel as al die chromatiese note binne die doh-akkoord te sing; die bladsing van toonsoorte C, G, F, D, B-mol (en indien moontlik A- en E-mol); die bemeestering van betreklik gevorderde ritmiese patrone; die herkenning van klanke in patrone en in spronge en melodie- en ritmepatrone gebaseer op alle vorige werk; die bladlees van oefeninge met inbegrip van alle aspekte van melodie en tydmaat wat reeds aangeleer is. Verder is aanbeveel dat af en toe lesure bestee moes word aan leersame en genotvolle praatjies oor musiekonderwerpe van belang. Riglyne in hierdie verband is ook gegee.[97] Die tyd wat aan Klasmusiek bestee moes word, was een lesuur van 15 tot 20 min. per dag in die substanderds, $1^{3}/4$ uur in st. 1, $1^{1}/4$ uur in st. 2, en 1 uur per week in sts. 3 tot 5, verdeel oor 3 of 2 lesure.[98]

Hierdie nuwe sillabusse is in 1956 en met herdrukke in 1961 en 1963 opgevolg met die mees omvattende stel wenke wat die Departement tot in daardie stadium uitgereik het. Dit het as deel 5 van 'n reeks "Die Leerplanne en Wenke by die Onderwys" verskyn.[99] Vir die eerste keer is hierdie wenke op 'n sistematiese wyse uiteengesit en behandel. In die algemene doelstellings is dit beklemtoon dat

96) KOD: "Leergang in Musiek", in Die Onderwysgaset, 4 November 1937, pp.1132-1133.

97) KOD: "Leerplan vir Musiek in die Primêre Skool", in Die Onderwysgaset, 30 November 1950, pp.2047-2054.

98) KOD: "New Course for the Primary School", in The Education Gazette, 2 November 1950, p.1724.

99) KOD: Die Primêre Skool: Musiek, Kuns en Handwerk, Handskrif: Die Leerplanne en Wenke by die Onderwys, V, pp.8-46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

enige groep kinders dwardeur hulle skoolloopbaan 'n skema van musiekopvoeding moes volg wat stelselmatig opgebou is. Leerkragte behoort mekaar te raadpleeg sodat die werk so opgestel sou word dat planmatige, en deurlopende opleiding deurgaans verseker is. Besondere nadruk moes gelê word op oog- en gehooropleiding, die ontwikkeling van die stem, duidelike en korrekte artikulasie, kennis van musiek-notasie, die verdere ontwikkeling van hierdie bevoegdhede in sang en die bevordering van geesdrif vir musiek. Vir elke standerd is die voorligting duidelik en sistematies in onderafdelings verdeel.

In 1966 het die volgende sillabus in werking getree.[100] Opvallend was die gebrek aan doelstellings. Die voorskrif was egter dat die klem swaarder op die praktiese as die teoretiese aspekte van die werk moes val. T.o.v. die 1950-sillabus was dit veral op te merk dat skeppende aktiwiteite spesifiek vermeld is. Oorhoofs gesien, is die volgende ses komponente in die vooruitsig gestel: die sing van liedere, ritmiese aktiwiteite, bespeling van instrumente, musiekbeluistering, gehoorontwikkeling en bladlees, en skeppende aktiwiteite. Groter vryheid is toegelaat deurdat onbuigsame voorskrifte vir elke standerd verwyder is (behalwe in die geval van bladlees en gehoorontwikkeling) en die sillabus het verder slegs die riglyne ten opsigte van die junior primêre en senior primêre fases geskei.

Met die invoer van die 1970-sillabus is weer eens 'n aanpassing gemaak deurdat die voorskrifte vir die afsonderlike standerds t.o.v. die reeds genoemde ses komponente, sowel as aktiewe musiekbeluistering teruggebring is. Die sillabus het egter ook aangedui dat dit slegs die minimumvereistes bevat het en dat dit leerkragte vrygestaan het om na gelang van omstandighede en die vordering wat leerlinge gemaak het, sekere aspekte reeds in 'n vroeër stadium te onderrig en selfs toevoegings te maak.[101]

Die 1980-sillabus het slegs kleiner aanpassings aangebring. Waar die vorige sillabus substanderds A en B as 'n eenheid behandel het, is hierdie twee standerds weer op sinvolle wyse geskei. Dieselfde indeling in komponente vir elke standerd is behou en die sillabus het net tot st. 4 gestrek. Die aanvang van blokfluit

100) KOD: "Die Laerskoolkursus: Leerplan vir Klasmusiek", in Die Onderwysgaset, 20 Januarie 1966, pp.196-202.

101) KOD: "Die Laerskoolkursus: Sillabus vir Klasmusiek", in Die Onderwysgaset, 23 April 1970, pp.1401-1409.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is vanaf st. 4 na st. 1 verskuif en skeppende aktiwiteite is uitgebou.[102)]

Waar die Klasmusieksillabus vir die primêre skool aan die begin van die eeu dus verstrik gebly het in die verouderde sillabus van die Tonic Sol-fa College, het 'n sinvolle ontwikkeling sedert die vyftigerjare plaasgevind. Die sillabus van 1980 het benewens duidelike riglyne ook voorsiening gemaak vir al die nodige komponente van klasmusiekopvoeding, in so 'n mate en met die nodige vryheid dat algemene tevredenheid ondervind is.

2.1.3.9.2 Klasmusiek in die hoër skool

In teenstelling met duidelike sillabusse vir Klasmusiek in die laer skool was die onderwyser in die hoër skool hoofsaaklik aangewys op kort aantekeninge of 'n vaag omskrewe, kort sillabus. Die eerste aantekeninge van hierdie aard het aan die einde van 1921 verskyn as 'n toevoeging tot die beplande sillabus vir Musiek. Die belangrikste taak van die onderwyser was die ontwikkeling van musiekwaardering; die kuns om musiek vanaf die aanluister daarvan verder uit te bou, asook die herkenning van teenmelodieë en eenvoudige harmonieë; die bestudering van vorm in die musiek, eienskappe van orkesinstrumente, en die lewe en werk van groot komponiste is aanbeveel; dogters moes met koorsang voortgaan, "but as a rule class singing in a boys' school is interfered with to a considerable extent by the necessary period of rest after the voice begins to break".[103)] By 'n aanvulling van hierdie wenke in 1922 is aan skoolhoofde verlof toegestaan dat die seuns gedurende die weeklikse klasmusieklesuur in ander aktiwiteite betrek kan word, soos toneelopvoerings, rolprentvertonings en omgewingsopvoeding.[104)]

Die eerste werklike vordering op die gebied van die sillabus het in 1951 verskyn toe 'n gegradeerde sillabus vir sts. 6, 7 en 8 verskyn het. Die "oorgangstydperk" van die seun is weer bygehaal as 'n faktor wat probleme met die stem kon skep. Aandag is ook daarop gevestig dat die adolessent se houding teenoor musiek tussen skeptisisme en sinisme aan die een kant en verhoogde belangstelling aan die an-

102) KOD: "Die Primêre Skoolkursus: Sillabus vir Klasmusiek", in Die Onderwysgaset, 5 April 1979, pp.280-285.

103) KOD: "Syllabus of the Secondary School Course... Note on Music in the Secondary School", in The Education Gazette, 17 Desember 1921, p.449.

104) KOD: "Music in the Secondary School", in The Education Gazette, 23 November 1922, p.263.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

der kant kan wissel.[105] Gehooropleiding en bladsing moes voortgesit word, maar nie as einddoel beskou word nie - slegs as hulpmiddels by die bestudering en sing van sangstukke en die bespeling van instrumente. Daar moes ook besef word dat, terwyl genot van die werk uiters belangrik was, dit slegs deur stelselmatige studie verwesenlik kon word. Hierdie sillabus het ook die eerste keer voorsiening gemaak vir algemene doelstellings, hoewel dit hoofsaaklik op die praktyk gerig was. Benewens die algemene wenke het die sillabus vir elke standerd die werk ingedeel in gehooropleiding, bladsing en liedere. Afsonderlike wenke oor hierdie drie komponente sowel as oor musiekwaardering is ook verskaf.[106]

In 1955 is hierdie sillabus en wenke met verdere waardevolle wenke opgevolg wat soos volg ingelui is: "Musiek, met inbegrip van sang, is nie blote 'vermaak' of 'ontspanning' nie, maar een van die vernaamste van die skone kunste wat die besitting is van geen bevoorregte stand nie, maar van die hele mensdom."[107] Hierdie wenke het dit herhaal dat twee lesure per week aan Klasmusiek afgestaan behoort te word, dit ook toegegee dat omstandighede by skole baie kon verskil en dat elke skool die beleid wat hom die beste pas, moes volg, "mits die opvoedkundige (d.w.s. langtermynse) doelstellings altyd in die oog gehou word". Koorwerk, orkeswerk en waardering is sterk aanbeveel en verder toegelig. "Om kort te gaan, ons doel is om 'n lewenslange belangstelling in musiek of minstens 'n vorm daarvan te wek."[108]

Die volgende sillabus wat vanaf 1970 ingevoer is, het ook sts. 9 en 10 ingesluit. Dit het elke standerd se werk in twee afdelings ingedeel, nl. prakties en aktiewe musiekbeluistering. Inhoudelik was die sillabus deels baie beperk en het basies gedien as 'n aanduiding van die werk wat gedoen moes word. Die bedoeling was nie dat dit slaafs nagevolg moes word nie. Aan die ander kant het die sillabus ook voorsiening gemaak vir die onderwyser met inisiatief om selfs binne die breë riglyne mooi werk te kon doen. Die belangrikste doelwit was "om leerlinge te leer om musiek ter wille van musiek self te geniet... Alle teoretiese begrippe moet benader word deur middel van die praktiese musiekbeoefening, hetsy vokaal of in-

105) KOD: "Voorgestelde Leerplan vir Musiek (klasvak)", in Die Onderwysgaset, 10 Mei 1951, p.915.

106) Ibid., pp.915-922.

107) KOD: "Opmerkings oor Musiek in die Sekondêre klasse", in Die Onderwysgaset, 17 November 1955, p.2008.

108) Ibid., pp.2008-2012.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

strumentaal".[109)]

Dit was juis hierdie vaag omskrewe, breë sillabus vir die hoër skool wat mettertyd die besef na vore laat tree het dat 'n deeglik gefundeerde en beplande sillabus vir die hoër skool uit die grond ontwikkel moes word. Die sillabuskomitee het hierdie taak met groot erns aangepak en gedurende 1984 daaraan gewerk. Hierdie sillabusse vir die junior sekondêre (sts. 5-7) en die senior sekondêre kursusse (sts. 8-10) was die omvattendste in sy soort waaroor Kaapland nog ooit beskik het. Daar is baie deeglik ingegaan op elke faset van Klasmusiekopvoeding, en dit kan in alle opsigte as 'n besondere mylpaal beskou word.[110)]

Die algemene doelstellings verdien om volledig vermeld te word:

* om die leerlinge se bewustheid van, en waardering en genot vir musiek te ontwikkel;
* om die teorie van musiek te onderrig deur middel van praktiese musiekbeoefening, hetsy vokaal of instrumentaal;
* om die gepaste atmosfeer te skep vir musikale belewenisse wat sal uitloop op 'n positiewe houding teenoor musiek (affektiewe gebied), 'n beter begrip van musiek (kognitiewe gebied) en 'n groter vaardigheid in die vertolking van musiek (psigomotoriese gebied);
* om musiek te korreleer met ander kunsvorme en vakke.

Verder het die sillabus deeglik voorsiening gemaak vir spesifieke doelstellings en duidelike voorskrifte en wenke verskaf hoe om die sillabus te gebruik. Die inhoud vir elke standerd is in vyf afdelings ingedeel: die elemente van musiek, skeppende aktiwiteit, sang, beluistering en instrumentale ensemblewerk. Daarbenewens is op omvattende wyse gesorg vir bronnelyste in elke afdeling en selfs voorgeskrewe beluistering ten opsigte van elke standerd.

Hoewel daar verskil van mening kan bestaan oor die wenslikheid van 'n duidelik omskrewe sillabus (wat die gevaar mag inhou van 'n slaafse navolging van die riglyne deur die onderwyser), leer die ondervinding dat onderwysers, veral diegene van wie die opleiding verouderd of gebrekkig is, sodanige riglyne verwelkom. Ook hierdie sillabusse stel minimumvereistes en laat genoeg ruimte vir die begeester-

109) KOD: "Junior en Senior Sekondêre Kursusse: Sillabus vir Klasmusiek", in Die Onderwysgaset, 27 November 1969, pp.1691-1693.

110) KOD: Junior Sekondêre Kursus, Sillabus vir Klasmusiek, 1986; Senior Sekondêre Kursus, Sillabus vir Klasmusiek, 1986.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de onderwyser om dit uit te bou en skeppend te verryk.

Vervolgens word oorgegaan tot 'n ondersoek na die voorsiening van musiekpersoneel, aangesien die sukses van enige musiekopvoedingsprogram grotendeels afhanklik is van voldoende toegeruste musiekopvoeders.

2.2 DIE VOORSIENING VAN MUSIEKPERSONEEL

Sir Thomas Muir, die SGO in Kaapland gedurende die jare 1892 tot 1915, het in sy hervorminge van die onderwysstelsel o.a. aandag geskenk aan die kulturele en die beroepsaspekte van die kurrikulum sodat vakke soos Musiek, Kuns, Houtwerk, Naaldwerk, Huisvlyt, Wetenskap en die Kindertuinkursus op 'n hegte grondslag geplaas is.[111)]

2.2.1 Die invloed van die koste verbonde aan instrumentale onderrig

Muir het gedurende sy dienstermyn musiekonderwysers aan sekere skole aangestel, maar om die uitgawe vir die ouers nie te hoog te maak nie het die Departement die koste van musiekonderrig met ongeveer die helfte gesubsidieer.[112)] Na Muir se aftrede het die Administrateur 'n pos van Kontroleur van Finansies geskep en in 1916 is die beleid van subsidiëring verander sodat die besoldiging van musiekonderwysers hoofsaaklik afgehang het van die musiekgeld wat gehef is: sodanige poste moes dus selfonderhoudend wees.[113)] Daar is neergelê dat die inkomste aan onderriggeld nie minder as die minimumsalaris wat aan 'n ten volle gekwalifiseerde onderwyser moes betaal word, sou wees nie. Aangesien die minimumsalaris toe £120 per jaar was, is die onderriggeld op £5 per jaar, d.w.s. £1. 5s. per leerling per kwartaal vasgestel.[114)]

Hierdie feit het nie by alle belanghebbendes byval gevind nie en 'n sekere artikelskrywer "C" het in 1917 gepleit dat die musiekonderwyser 'n veel groter verant-

111) SATA: Redaksioneel, "Sir Thomas Muir, M.A., LL.D., D.Sc., C.M.G., F.R.S.", in The Educational News, April 1934, pp.40,41.

112) A. Weisbecker: "State Aid to Musical Education", in The S.A. Music Teacher, Desember 1941, p.9.

113) Ibid., p.10; KOD: The Education Gazette, 27 Januarie 1916, p.704.

114) KOD: "Fees for Individual Instruction in Music", in The Education Gazette, 21 April 1921, p.1039.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woordelikheid moes hê as net die instrumentale onderrig aan 'n paar bevoorregte leerlinge, en dat so 'n onderwyser toesig behoort te hou oor alle musiekonderrig in die skool. Die hoofdoel van sy werk behoort nie knap voordrag by individuele leerlinge te wees nie, maar die ontwikkeling van 'n hoë mate van musikale sensitiwiteit by alle leerlinge.[115)]

Die Departement se standpunt was egter dat musiekonderwysers vir individuele onderrig op 'n ander basis as gewone onderwysers toegeken moes word. Musiekonderwysers was kwartaalliks afhanklik van die werklike getal leerlinge wat hulle onderrig het, en as die getalle gedaal het, sou dit soos volg in hulle salarisse weerspieël word:[116)]

21 tot 25 leerlinge	-	voltydse salaris
16 tot 20 leerlinge	-	vier vyfdes van voltydse salaris
11 tot 15 leerlinge	-	drie vyfdes van voltydse salaris
minder as 11 leerlinge	-	die pos verval

Verder moes daar aan die musiekonderwyser drie maande kennis gegee word van 'n verandering van die besoldiging.

In 1917 is musiekonderwysers saam met alle ander onderwysers deur die Provinsiale Raad op skale met jaarlikse verhogings geplaas. Die beginsalaris was £120 per jaar (wat uit die musiekgeld gedek moes word) en die Departement het voorsiening gemaak vir jaarlikse salarisverhogings, vakansieverlof en siekteverlof.[117)]

Om die salarisse in perspektief te stel, word eers die skale wat vanaf 1 April 1920 vir gewone onderwysers gegeld het, aangegee:[118)]

115) C: "The Department and School Music", in The Educational News, Februarie 1917, p.18.

116) KOD, lêer L.1/0/2/24: Omsendbrief 56/1923, "Music Teacher Posts", 21 September 1923.

117) KOD, lêer L.1/0/2/24: Diensvoorwaardes van Musiekonderwysers, notule van die vergadering van 'n Departementele komitee, gehou op 22 Januarie 1956.

118) KOD: "Report of the Commission appointed to consider the Drafting of a Scale of Salaries applicable to Teachers employed in Schools for European Children", in The Education Gazette, 22 Januarie 1920, p.627.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	MANS		DAMES	
Kategorie	Primêr	Sekondêr	Primêr	Sekondêr
a[119]	£135x£15-£405	£150x£15-£540	£120x£7½-£270	£135x£7½-£360
b	180x 15- 405	195x 15- 540	150x 7½- 270	165x 7½- 360
c	225x 15- 405	240x 15- 540	180x 7½- 270	195x 7½- 360
d	225x 15- 405	285x 15- 540	180x 7½- 270	225x 7½- 360
e	225x 15- 405	330x 15- 540	180x 7½- 270	225x 7½- 360

Onderwysers wat in spesiale vakke (die sg. nie-eksamenvakke) onderrig gegee het, is as deel van die personeelkwota beskou en op dieselfde skale geplaas, maar die onderwysers wat individuele onderrig gegee het, soos in die geval van instrumentale onderrig, is op 'n intermediêre skaal geplaas wat dieselfde was vir mans en dames:[120]

Kategorie	Musiekonderwysers
a	£120 x £7½ - £360
b	150 x 7½ - 360
c	180 x 7½ - 360
d	210 x 7½ - 360
e	240 x 7½ - 360
f	270 x 7½ - 360

Daar kan dus opgemerk word dat hierdie intermediêre skaal dieselfde beginsalaris as onderwyseresse in die primêre skool (met hoër kerwe by kategorie e en f) en dieselfde eindsalarisse as onderwyseresse in die hoër skool gehad het. Vir die man wat musiek gegee het, was die bedeling dus aansienlik swakker as vir sy geslagsgenoot in beide die primêre en hoër skool.[121]

In hierdie proses is die aanvangsalaris van 'n gekwalifiseerde musiekonderwyser dus ook tot £180 verhoog. Die dienooreenkomstige verhoging in die musiekgeld van £1. 5s. tot £2. 7s. 6d. per kwartaal met 'n addisionele 10s. vir harmonie-onderrig

119) Klein letters word op pp. 73-78 vir die kategorieë gebruik soos dit in die betrokke bronne voorgekom het.

120) KOD: "Music Teachers' Salaries", in The Education Gazette, 26 April 1923, p.466

121) SAVMO: "A Brief History of the South African Society of Music Teachers: Achievements and Activities", in Handbook of the South African Society of Music Teachers, p.3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vanaf 1 Oktober 1922,[122] het ontsteltenis onder musiekonderwysers veroorsaak en 'n skoolhoof het beweer dat talle leerlinge van musiekonderrig onttrek is, en derhalwe onderwysers se inkomste in gedrang laat kom het.[123] Ook die Gesamentlike Raad van die SAOU en die SATA is by die saak betrek en het die standpunt ingeneem dat dit onwettig sou wees om musiekonderwysers te ontslaan.[124]

Vanaf Oktober 1926 is nuwe onderwysers (mans en dames) wat in musiekbetrekkings aangestel is, op skale geplaas wat twee besnoeiings ingestel het: kategorieë e en f is verwyder (m.a.w. hulle aanvangsalarisse is op £210 vasgepen) en die maksimumsalaris is van £360 tot £300 verminder.[125] In die geval van gewone onderwysers is die skale dieselfde as die 1920-skale gehou, maar 'n kategorie f is bygevoeg met 'n ekstra kerf op die aanvangsalaris slegs vir die hoërskoolonderwysers.[126]

Die steeds stygende koste verbonde aan musiekonderrig het die Uitvoerende Komitee in 1933 genoop om die SGO te versoek om 'n skema te ontwerp waarvolgens die verliese bekamp kon word - hetsy deur die indiensneming van minder onderwysers, of deur die betaling van kleiner salarisse. Die SGO, prof. M.C. Botha, het verslag gedoen dat die salarisse juis kort tevore besnoei is: bv. 'n lisensiaathouer (vrou) se skaal vir nuwe aanstellings is verminder van £180 x £7½ - £360 tot £150 x £7½ - £300, en mans sou dieselfde salarisse as vroue betaal word. Verder is beoog om die onderwyser se salaris in 'n bepaalde jaar vas te stel volgens die getal leerlinge in die vorige jaar - bv. as die leerlinge verminder het tot onder 20 (dus 15 - 19), is die besoldiging op drie vyfdes van die volle salaris vasgestel.[127]

Ten opsigte van kategorisering is die volgende beleid gevolg (mans en vroue op dieselfde skaal): enige lisensiaat van UNISA, The Royal College of Music (Lon-

122) KOD, lêer EM/42: Omsendbrief 46/1922, "Controller of Educational Finance: Fees for Individual Instruction in Music", 6 April 1922.

123) Principal: "The Plight of the Music Teacher", in The Educational News, Oktober 1923, p.179.

124) Verslag van die Gesamentlike Raad van die SAOU en die SATA, 1923 -1924, in The Educational News, Julie 1924, p.130.

125) KOD: "Music Teachers" in The Education Gazette, 9 September 1926, p.590.

126) KOD: "Assistant Teachers", in The Education Gazette, 3 Februarie 1927, p.36.

127) KOD, lêer L.15/66/9: SGO - Administrateur, 18 April 1933.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

don) en The Guild Hall School of Music (London) - Kategorie B; 'n lisensiaat van The Trinity College (London) - Kategorie A; 'n tweede lisensiaat wat nie oorvleuel nie - Kategorie C; 'n derde lisensiaat wat nie oorvleuel nie - Kategorie E; The Cape Town University Music Teachers' Diploma - Kategorie C. Verder is 'n voordraerslisensiaat en 'n onderwyslisensiaat nie as oorvleuelend beskou nie.[128)]

Tydens 'n onderhoud van die Dagbestuur van die SAOU met die SGO op 1 Desember 1938 oor die instelling van musiekposte, het die SGO weer aangedui dat daar proporsioneel gesproke 'n baie groot verlies op musiekonderwysers was, aangesien die musiekgeld wat betaal is, nie naasteby die koste van musiekonderwysers se salarisse en ander noodsaaklike uitgawes wat daarmee gepaard gaan, gedek het nie. Die Uitvoerende Komitee het die Departement verskeie kere versoek om alles in sy vermoë te doen om die geldelike verlies op musiekonderwys te verminder.[129)]

'n Verbetering in die salarisse van musiekonderwysers het nogtans in 1939 in werking getree, hoewel die skale vir ander onderwysers dieselfde gebly het. Vir die eerste keer is daar toe ook tussen die skale vir manlike en vroulike musiekonderwysers onderskeid gemaak wat betref die aanvangsalaris, jaarlikse inkrement sowel as maksimumsalaris:[130)]

Kategorie	Mans	Dames
a	£150x£15-£540	£135x£7½-£360
b	195x 15- 540	165x 7½- 360
c	240x 15- 540	195x 7½- 360
d	285x 15- 540	225x 7½- 360
e	330x 15- 540	225x 7½- 360
f	375x 15- 540	285x 7½- 360

Die dames is dus slegs bevoordeel t.o.v. die dubbel-inkrement (2 x £7½) op die aanvangsalaris, terwyl die mans heelwat meer bevoordeel is op die aanvangsalaris (bv. kategorie c: 4 x £15) sowel as die eindsalaris (bv. kategorie c: 12 x £15) t.o.v. die 1920-skale.

Gedurende die twintiger- en dertigerjare het die Departement 'n beleid gevolg dat geen nuwe musiekposte geskep sou word nie, ten einde die koste verbonde aan mu-

128) KOD, lêer L.1/0/3/21: SGO - prof. R.W. Wilcocks (Universiteit van Stellenbosch) 20 Augustus 1934.

129) SAOU-Kongresbesluit no. 5, in Die Unie, 1 Januarie 1939, p.221.

130) KOD: "Intermediate Assistants and Music and Elocution Teachers", in The Education Gazette, 25 Mei 1939, p.602.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekonderrig te probeer bekamp. In hierdie verband het die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (SAVMO) in 1942 vertoë tot die SGO gerig dat hierdie beleid gewysig moes word.[131] In 1942 het die Administrasie dan ook die beleid gewysig, en 'n groot aantal aansoeke het die Departement bereik. Aan die einde van 1946 kon die SGO dan ook verslag doen dat daar 127 sodanige betrekkings bestaan het, waarvan 20 vakant was. Die getal kinders wat musiek (hoofsaaklik klavier) in skoolverband geneem het, was hoër as ooit tevore en die meeste van hulle onderwysers het ook ná ure onderrig gegee.[132] Die Uitvoerende Komitee het verder op 12 Desember 1945 besluit dat, waar 'n skool om 'n nuwe musiekpos aansoek gedoen het, die Onderwysdepartement die aansoek kon toestaan op voorwaarde dat bevredigende bewys gelewer is dat genoeg leerlinge die voorgeskrewe musiekgeld sou betaal.[133] In die toepassing van die beleid het die SGO bevind dat die aanbod van musiekonderwysers beperk was, en dat sulke poste hoofsaaklik aan voederskole toegeken kon word sover dit laer skole aangaan. Om nie teenoor die groot primêre skole te diskrimineer nie, het hy by die Uitvoerende Komitee aanbeveel dat primêre skole met 'n inskrywing van 500 en hoër ook die voorreg behoort te geniet.[134] Op 24 November 1950 het die Uitvoerende Komitee die aanbeveling van die SGO aanvaar.[135]

'n Verdere verbetering van die intermediêre skaal het op 1 April 1944 in werking getree:[136]

Kategorie	Mans	Dames
a	£165x£15-£540	£140x£10-£400
b	210x 15- 540	170x 10- 400
c	225x 15- 540	200x 10- 400
d	285x 15- 540	220x 10- 400

Tabel vervolg/

131) SAVMO: "A brief History of the South Africa Society of Music Teachers: Achievements and Activities", in Handbook of the Society of Music Teachers, p.3.

132) KOD: Verslag van die SGO oor die Jaar 1946, pp.87, 89.

133) KOD, lêer L.1/0/2/24: SGO - Administrateur (brief Z.408) 22 November 1950, par. 2.

134) Ibid., par. 5.

135) KOD, lêer L.1/0/2/24 (oorspronklike lêer Z.408): Uitvoerende Komitee, Minute no. 3711/1950.

136) KOD: "Musiekonderwysers, Intermediêre Assistente en Assistente in Voordrag", in Die Onderwysgaset, 25 Januarie 1945, p.218.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kategorie	Mans	Dames
e	£315x£15-£540	£240x£10-£400
f	345x 15- 540	260x 10- 400

Hierdie skale het 'n ware "intermediêre" karakter gehad deurdat hulle min of meer halfpad tussen die skale vir primêre en sekondêre onderwysers gelê het.

'n Verdere ingrypende verandering op die pad na 'n gelyke bedeling vir musiekonderwysers met ander onderwysers het in 1947 plaasgevind as gevolg van 'n verslag van 'n spesiale salariskomitee onder die voorsitterskap van die SGO, dr. W. de Vos Malan.[137] Die komitee het o.a. aanbeveel dat daar nie aparte skale vir primêre, intermediêre en sekondêre onderwysers en kollegedosente moes wees nie, maar 'n enkele reeks skale vir alle onderwysers.[138] In hierdie 11 skale (wat later as posvlakke bekendgestaan het), is alle soorte poste aan skole en kolleges ingedeel: die musiekonderwyser is op skaal 2 geplaas.[139] Die toepaslike skaal 2 was soos volg:[140]

Kategorie	Mans	Dames
a	£250x£25-£525	£200x£20-£420
b	300x 25- 600	240x 20- 480
c	325x 25- 650	260x 20- 520
d	350x 25- 700	280x 20- 560
e	375x 25- 750	300x 20- 600
f	400x 25- 800	320x 20- 640

Die laaste stap in die vordering van die musiekonderwyser op die pad van gelyke erkenning met alle ander onderwysers het in 1952 gevolg toe alle onderwysers in primêre en sekondêre skole op dieselfde skale geplaas is, die soort skool nie meer 'n rol gespeel het nie en kwalifikasies dus die oorwegende faktor was:[141]

Kategorie	Mans	Dames
a	£325x£25-£750	£280x£20-£600
b	375x 25- 750	320x 20- 680

Tabel vervolg/

137) KOD: Report of Committee on Salaries of Teachers in European Schools, 1946.

138) Ibid., p.6

139) KOD: "Education (Teachers' Salaries) Amendment Ordinance, 1946", in The Education Gazette, 6 Februarie 1947, p.270.

140) Ibid., p.269.

141) KOD: "Assistant Teachers", in The Education Gazette, 23 Oktober 1952, p.1916.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kategorie	Mans	Dames
c	£425x£25-£750	£360x£20-£700
d	475x 25- 750	400x 20- 720
e	525x 25- 750	440x 20- 740
f	575x 25- 750	480x 20- 760

Sedertdien het die posisie van musiekonderwysers met elke salaris- en postestruktuurhersiening dieselfde as dié van hulle kollegas gebly, op posvlak 1.

Tot in daardie stadium is die instrumentaliste verbonde aan onderwyserskolleges op dieselfde skale as musiekonderwysers by skole besoldig. Op 10 Mei 1963 het die Gesamentlike Raad van die SAOU en die SATA 'n memorandum aan die Departement gestuur om 'n beter bedeling vir sodanige musiekdosente te bewerkstellig.[142] Die SGO het die versoek gesteun,[143] en op 27 Augustus 1963 het die Uitvoerende Komitee dit goedgekeur dat, vanaf 1 Januarie 1964, instrumentaliste verbonde aan onderwyserskolleges, soos ander dosente, twee kerwe hoër as by skole (m.a.w. op posvlak 3 soos dit toe in swang was) besoldig sou word.[144] Tydens die algehele hersiening van die postestruktuur in 1981 is musiekdosente steeds op dieselfde posvlak as hulle kollegas gehou, nl. posvlak 2,[145] en tydens die volgende hersiening in Oktober 1984 is musiekdosente saam met hulle kollegas op posvlak 3 geplaas.[146]

2.2.2 Die toename in die getal musiekposte na 1955

Aan die einde van 1956 het die SGO verslag gedoen dat daar 'n aansienlike vermeerdering in die getal aansoeke om die skepping van musiekonderwysposte ontvang is. Die koste per leerling per kwartaal sou £1.17s.6d. wees. In 1956 is 39 addisionele musiekposte geskep.[147] In sy 1958-verslag het hy gemeld dat 201 musiekpos-

142) KOD, lêer L.15/66/9: Gesamentlike Raad, "Memorandum insake Salarisse van Instrumentaliste verbonde aan Opleidingskolleges", 10 Mei 1963.

143) KOD, lêer L.1/0/3/21: SGO - Provinsiale Sekretaris, 20 Augustus 1963.

144) KOD, lêer L.1/0/3/21: Uitvoerende Komitee, Minute 2387/1963.

145) KOD: Omsendbrief 15/1981, "Hersiene Poste-, Salaris- en Loopbaanstruktuur vir Onderwyspersoneel", Aanhangsel BI (o), p.4.

146) KOD: Omsendbrief 72/1984, "Hersiene Diensbedelingstruktuur vir Kollege- en Skoolverwante Opvoeders (KS-Opvoeder) met Ingang van 1 Januarie 1984 en 1 Oktober 1984", Aanhangsel D, p.4.

147) KOD: Verslag van die SGO oor die jaar 1956, p.8.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te op 'n tydelike grondslag gevul is deur 16 gepensioeneerdes, 122 getroude vroue, 49 ongediplomeerdes en 14 leerkragte wat na voltooiing van hulle proeftydperk vir permanente aanstelling in aanmerking gekom het. Weens die tekort aan bevoegde leerkragte moes beperkinge op die skepping van sulke poste gelê word. Aan hoër skole met 'n inskrywing van tot 299 kon egter 'n tweede pos toegestaan word as die eerste pos permanent gevul is, en aan hoër skole met 'n inskrywing van 300 en meer is 'n derde pos toegestaan mits die eerste twee poste permanent gevul is.[148)]

Die vertoë wat van die onderwysersverenigings gekom het, het egter nie opgehou nie. Die Kongresse van die SAOU in 1957, 1958, 1961,[149)] en van die SATA in 1957, 1961, 1962 en 1964[150)] het versoeke in hierdie verband gerig, maar die SGO het steeds nie sy weg oop gesien tot verdere vergunnings nie. Hierdie aangeleentheid is ook in Maart 1962 in die Provinsiale Raad bespreek toe die lid vir Port Elizabeth-Sentraal versoek het dat musiekposte toegestaan moes word aan laer skole met 'n inskrywing van minder as 500 leerlinge.[151)]

In Junie 1962 het die SGO, mnr. D.J. Liebenberg, 'n memorandum aan die Administrateur voorgelê. Hy het gemeld dat daar 563 Departementele musiekbetrekkings by skole in Kaapland was en by benadering 14 000 leerlinge wat individuele musiekonderrig ontvang het. 'n Opheffing van die bestaande bepalings sou aansienlike addisionele uitgawes meebring. Die uitgawe per musiekbetrekking was uitermate hoog in vergelyking met ander skoolvakke, terwyl die musiekgeld wat gehef is, geheel en al ontoereikend was om die koste te dek - 'n leerling het maar R4,75 per kwartaal vir individuele onderrig betaal. Indien vrystelling van musiekgeld aan leerlinge wat Musiek as eksamenvak neem, toegestaan sou word, sou dit 'n verlies aan inkomste van ongeveer R15 000 per jaar wees, en addisionele uitgawe t.o.v. addisionele musiekposte sou ook aangegaan moes word.[152)] Op sy vergadering van 20 Junie 1962 het die Uitvoerende Komitee dan ook besluit dat geen verdere toegewings gemaak kon word nie in die lig van die finansiële posisie van die Provin-

148) KOD: Verslag van die SGO oor die jaar 1958, p.14.

149) SAOU-Kongresbesluite, no. 23 in Die Unie, 1 Mei 1958, p.295; no.16, in Education, Mei 1959, p.123; nos. 10 en 12, in Die Unie, 1 Maart 1962, p.483.

150) SATA-Kongresbesluite, no. 19, in Education, Januarie 1958, p.7; no. 5, Januarie 1962, p.12; no. 22, Januarie 1962, p.15; no. 22, Junie 1963, p.165; no. 11, Januarie 1965, p.9.

151) KOD, lêer L.1/0/2/24: Handskrifgedateerde nota, 2 April 1962.

152) KOD, lêer L.1/0/2/24: SGO - Administrateur, 2 Junie 1962.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sie.[153)]

'n Wysiging in die beleid is in 1966 aangekondig, waarvolgens laer skole met 'n inskrywing van minstens 300 leerlinge ook vir musiekbetrekkings in aanmerking kon kom:[154)]

Maksimumgetal betrekkings	Inskrywing wat nodig is in die geval van		
	Ad hoc-hoër skole	Hoër en middelbare skole met primêre afdelings	Laer skole
1	- 249	- 349	300 - 499
2	250 - 399	350 - 499	500 +
3	400 - 599	600 +	
4	600 +		

As 'n algemene reël het gegeld dat die stigting van 'n addisionele musiekbetrekking by 'n skool alleen oorweeg kon word indien die bestaande musiekbetrekkings reeds gevul is deur professioneel-gekwalifiseerde onderwysers wat vir vaste aanstellings in aanmerking kon kom. In sy jaarverslag het die SGO aangedui dat voorkeur gegee moes word aan sekondêre leerlinge wat Musiek as eksamenvak aangebied het, en tweedens aan diegene wat 'n aanleg vir musiek gehad het.[155)]

In Maart 1962 het die Skoolraad van Kuruman vertoë tot die Departement gerig dat die eise wat gestel is vir die aanstelling van musiekonderwysers (veral t.o.v. kwalifikasies) te hoog was, en dat veral die plattelandse skole die lydende party was.[156)] Hulle het ook hulle memorandum aan verskeie skoolrade uitgestuur en ondersteunende briewe het die Departement van die Skoolrade van Aliwal-Noord, Barkly-Wes, Kimberley, Pearston (Somerset-Oos), Montagu, Port Elizabeth, Vaalharts en Vanrhynsdorp bereik. Die Departement het die versoek deeglik oorweeg, maar geantwoord dat hy nie kans gesien het om sy beleid aangaande die aanstelling van musiekleerkragte te wysig nie.[157)] Die vereistes vir aanstelling het dus

153) KOD, lêer L.1/O/2/24: Vergadering van die Uitvoerende Komitee, Minute 1497/1962.

154) KOD: "Musiekbetrekkings by Skole", in Die Onderwysgaset, 6 Oktober 1966, p.1361.

155) KOD: "Musiekonderrig in Skole", in Verslag van die SGO oor die Jaar 1966, p.7.

156) KOD, lêer L.1/O/2/24: Skoolraad van Kuruman - SGO, brief Z.32/14, 8 Maart 1962.

157) KOD, lêer L.1/O/2/24: Sekretaris - Skoolrade, 15 September 1962.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dieselfde gebly en die getal musiekonderwysers het steeds meer geword: van 546 in 1962 tot 989 in 1984.[158)]

In Februarie 1972 is aangekondig dat ad hoc- hoër skole met 'n inskrywing van meer as 600 vir 'n vyfde musiekbetrekking in aanmerking kon kom, mits daar 'n voldoende getal leerlinge met musiektalent was om so 'n betrekking te regverdig, onderrig in meer as twee instrumente gegee word, en bevredigende huisvesting beskikbaar was.[159)]

Die volgende moes in berekening gebring word by die bepaling van die getal ure vir voltydse musiekbetrekkings:[160)]

'n Skool met een musiekbetrekking	:	21 tot 25 uur per week;
'n Skool met twee musiekbetrekkings	:	46 tot 50 uur per week;
'n Skool met drie musiekbetrekkings	:	71 tot 75 uur per week;
'n Skool met vier musiekbetrekkings	:	96 tot 100 uur per week;
'n Skool met vyf musiekbetrekkings	:	121 tot 125 uur per week.

Daar is ook aangekondig dat musiekbetrekkings normaalweg net aan die end van die kalenderjaar afgeskaf sou word in plaas van aan die end van enige kwartaal[161)] en dat die stelsel van besoldiging ná ure verval het.[162)] 'n Verdere belangrike aankondiging was dat 'n onderwyser in besit van die graad B.A.(Mus.) en 'n erkende onderwysdiploma beide Musiek en die "akademiese" vakke (sts. 6 tot 10) waarvoor hy gekwalifiseerd is, mag onderrig.[163)] Hierdie reëling kon ten volle tot sy reg kom en vanaf 1977 kon musiekonderwysers dus in die personeel van hoër skole geïntegreer word met die nuwe personeelvoorsieningskale.

2.2.3 Die 1977-personeelvoorsieningskaal

Die personeelvoorsieningskale vir skole wat in 1977 aangekondig is, het voorsie-

158) Vide infra, pp.86,88.

159) KOD: "Musiekbetrekkings by Skole", in Die Onderwysgaset, 17 Februarie 1972, p.185.

160) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 50/1977, "Onderrig van Musiek", 30 Mei 1977, par. 2.9.2.1.

161) Ibid., par. 2.12.1.1.

162) Ibid., par. 2.12.1.2.

163) Ibid., par. 2.13.1

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ning gemaak vir 'n nuwe formule waarvolgens musiekbetrekkings aan skole toegeken word:[164)]

$$\frac{3Vm}{55} + \frac{Bm + Km + Om}{25}$$

waar Vm = die getal sekondêre leerlinge wat Musiek as eksamenvak neem;

Bm = die getal ure wat aan buite-kurrikulêre musiek per week bestee word, bereken volgens 'n bepaalde basis;

Om = die getal ure per week wat aan orkesmusiek bestee word en altyd 1 is, behalwe in die geval van 'n skool met 'n sekondêre sowel as primêre afdeling, in welke geval dit 2 is.

Hierdie formule van personeeltoekenning het die ou basis waarvolgens die inskrywing van die skool 'n bepalende rol gespeel het om die getal musiekonderwysers vas te stel, grotendeels vervang. Die nuwe formule het die werklike aanvraag na musiekonderrig as basis gebruik en was dus 'n groot verbetering op die vorige bedeling. Dit was in 1984 steeds in gebruik.

2.2.4 Onderwysers vir Klasmusiek

Die Departement het vroeër deurgaans die standpunt gehandhaaf dat Klasmusiek in die primêre standerds nie deur musiekonderwysers onderrig behoort te word nie, maar wel deur gewone onderwysers wat vir Klasmusiek opgelei is. Hierdie aangeleentheid van die aanstelling van onderwysers met spesiale opleiding in Klasmusiek het in 1950-1951 die aandag van die Hoofbestuur van die SAOU geniet: "Die SAOU versoek die Departement baie dringend om, net soos in die geval van die onderwys van Liggaamsoefening op skoolkomitees druk uit te oefen om leerkragte met spesiale opleiding in Skoolmusiek aan te stel, en waar sulke leerkragte ook in sekondêre afdelings Skoolmusiek doseer, hulle op intermediêre skaal te besoldig."[165)] Hierop het die Departement geantwoord dat destyds tien tot twaalf studente met spesiale kwalifikasies in Musiek (Klasmusiek) opgelei is en dat hulle almal betrekkings verkry het. Ook is daar reeds 'n paar sodanige leerkragte op "intermediêre skaal" besoldig. Indien meer studente oorreed kon word om by die Hoër Primêre Musiekkursus aan te sluit, kon die vertoë mettertyd verder oorweeg word.[166)]

164) KOD, lêer L.1/0/1/1(a): Omsendbrief 49/1977, "Nuwe Personeelvoorsieningskale vir Skole", 25 Mei 1977, bylae 6.

165) Antwoorde van die SGO op SAOU-kongresbesluite, in Die Unie, 1 Februarie 1951, p.172.

166) Ibid., p.172.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook die SATA het op sy 1951-Kongres dié kommer uitgespreek: "The Conference feels that the teaching of Class Music in schools is seriously hampered by the shortage of qualified teachers and inspectors of Class Music and by the absence of organizers, and requests that the situation be remedied as soon as it is practicable."[167)]

Ten opsigte van gewone musiekonderwysers het die SAOU vertoë gerig dat primêre skole met 'n inskrywing van 100 leerlinge aansoek kon doen om die toekenning van 'n musiekbetrekking, maar die Departement het nie sy weg daartoe oop gesien nie.[168)] Die SATA het op sy 1955- en 1956-Kongresse onderskeidelik, soortgelyke vertoë gerig t.o.v. skole met 'n inskrywing van 200, met die toevoeging dat Klasmusiekonderrig ook by die ure van musiekonderwysers ingereken word. Die SAOU het ook op sy 1956-Kongres om dieselfde vergunning[169)] gevra, maar in beide gevalle het die Departement nie sy weg daarvoor oop gesien nie, aangesien Klasmusiekopleiding in die gewone primêre onderwysersopleidingskursus voorsien is.[170)]

In 1960 het die SATA die Departement versoek om 'n ondersoek na die stand van musiek in skole in te stel. Die SGO het aangedui dat die versoek aandag sou geniet,[171)] en die Inspekteur van Musiek, mnr. J. MacLachlan, het in sy verslag daarop gewys dat, hoewel die belangstelling vir die derdejaarskursus in Musiek (HPOS) by Grahamstad vanweë 'n gebrek aan belangstelling verdwyn het, die Wellingtonse Kollege elke jaar 'n groot klas gehad het.[172)] Trouens, oor die loop van die 34 jaar tot 1969 waarin die HPOS (Skoolmusiek) sy rol gespeel het, het 'n gemiddelde van 11,7 studente per jaar die kursus voltooi.[173)] Hulle is opgevolg deur 'n gemiddelde van 20,7 studente per jaar gedurende die jare 1970 tot 1984 by

167) Kongresbesluite van die SATA, no. E2, in Education, Julie 1951, p.191.

168) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 20, in Die Unie, 1 Maart 1955, p.75.

169) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, nos. 2 en 3, in Die Unie, 1 Mei 1957, p.311.

170) Antwoorde van die SGO op SATA-Kongresbesluite, no. 22, in Education, Januarie 1956, p.10, en no. 33, Mei 1957, p.104.

171) Antwoorde van die SGO op SATA-Kongresbesluite, no. 10, in Die Unie, 1 Maart 1961, p.460.

172) KOD, lêer L.15/66/9: nota J. MacLachlan - SGO, 14 Oktober 1961.

173) Vide infra, p.99.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

al die kolleges wat die vak Klasmusiek as derdejaarsvak in die Driejarige Onderwysdiploma (Senior Primêr) aangebied het.[174)]

Aanvanklik het die Departement sedert 1962 verlof toegestaan dat musiekonderwysers in die hoër skool 'n maksimum van 6 uur per week aan die onderrig van Klasmusiek mog bestee.[175)] Hierdie maksimum is in 1968 verleng tot 12 uur per week.[176)]

'n Verdere vergunning is in 1976 toegestaan toe aan skole met meer as 750 leerlinge meer as 12 uur per week toegestaan is.[177)]

Wat die primêre skool betref, is eers in 1975 aangekondig dat musiekonderwysers wat oor 'n kwalifikasie met opleiding in Klasmusiek beskik het, toegelaat kon word om Klasmusiek in die primêre standerds te gee op 'n basis van 1 uur per week elk in sts. 2 tot 5, met 'n maksimum van 4 uur per week t.o.v. laer skole met een musiekbetrekking, en 8 uur per week t.o.v. laer skole met meer as een musiekbetrekking.[178)]

Of die benutting van die musiekonderwyser vir die onderrig van Klasmusiek noodwendig die gewenste resultate lewer, is 'n aangeleentheid wat ondersoek verdien. Die musiekonderwyser het die instrumentale onderrig as hoofstudierigting gekies en beskik nie noodwendig oor genoegsame opleiding en agtergrond in Klasmusiek nie. Skoolhoofde is egter in baie gevalle verplig om die musiekonderwyser vir Klasmusiekonderrig te gebruik, aangesien laasgenoemde dikwels ook die enigste personeellid is wat oor 'n redelike agtergrond daarin beskik.

Om hierdie oorsig oor personeelvoorsiening af te sluit, kan daar oorsigtelik gekyk word na die getal poste en musiekonderwysers gedurende die jare 1961 tot 1984.

174) Vide infra, p.99.

175) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief, "Departmental Music Teachers", Januarie 1962, par. 4(d).

176) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 4/1968, "Departementele Musiekonderwysers/esse", Januarie 1968, par. 6.

177) Vide supra, p.60.

178) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 2/1975, "Departementele Musiekonderwysers/esse", 15 Januarie 1975.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2.5 Die Getal Poste en Musiekonderwysers Gedurende 1961 - 1984

Die volgende tabel toon sekere statistiek aan t.o.v. musiekonderwysers gedurende die jare 1961 tot 1984.[179] Die opskrifte van die kolomme is soos volg:

1. Jaartal
2. Mans/Vrouens/Totaal
3. Getal getroude vroue
4. Persentasie getroude vroue van die totale getal musiekonderwysers
5. Getal pensioentrekkers
6. Getal ongediplomeerde onderwysers
7. Getal gediplomeerde onderwysers in tydelike aanstellings (uitgesonderd getroude vroue)
8. Getal musiekonderwysers in vaste aanstellings of op proef
9. Totale getal musiekonderwysers
10. Totale getal van alle onderwysers
11. Persentasie musiekonderwysers van alle onderwysers

Die volgende afleidings kan uit hierdie tabel gemaak word:

1. Die getal musiekonderwysers (kolom 9) het vanaf 1961 tot 1984 van 534 tot 989 vermeerder, d.w.s. met 85,2%. Terselfdertyd het die totale getal van alle onderwysers (kolom 10) van 9 215 tot 14 739 vermeerder, d.w.s. met 59,9%. Dit toon aan in watter mate die personeelvoorsiening t.o.v. musiekonderwys besonder gunstig verloop het.

2. Kolom 4 toon aan watter besondere rol die getroude vrou in die musiekonderwys speel. Gedurende die jare 1961 tot 1984 het die persentasie gewissel tussen 27,0% (1964) tot 43,0% (1974). [Vir die doel van hierdie berekening is die jaar 1976 buite rekening gelaat, aangesien dit baie duidelik blyk dat die persoon wat die statistiek saamgestel het, sommige getroude vroue onder kolom 8 (proef of vas) ingedeel het.]

3. Kolom 9 toon aan in watter oorweldigende mate musiekonderwys deur dames behartig is. Tussen die jare 1961 en 1984 was al die musiekposte deur 88,5% dames en 11,5% mans gevul. Die relatiewe getal mans het egter mettertyd vermeerder. Waar dit in 1961 30 uit 534 mans was (d.w.s. 5,6%), is die syfer vir 1984 127 uit 989 (d.w.s. 12,8%).

179) KOD: Verslae van die SGO/Direkteur van Onderwys oor die Jare 1961 tot 1983; Direkteur: Onderwys - E. Smit, lêer L.15/55/1, 18 Junie 1985.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Aangesien getroude vroue vanaf 1982 onder sekere voorwaardes meer geredelik permanent aangestel kon word, het die syfer in kolom 7 t.o.v. vroue wat vir permanente aanstellings kwalifiseer, aansienlik toegeneem.

MUSIEKONDERWYSERS GEDURENDE 1961 TOT 1984

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
Jaar-tal	M/V T	Getroude vroue (tydelik)	% GV	Pen-sioen trek-kers	Onge-diplo-meerdes	Gedi-plomeerd tydelik	Proef of vas	To-taal	Alle onder-wysers	% musiek-onderwysers van alle onderwysers
1961	M	-		3	4		23	30	3 824	
	V	161		17	29		297	504	5 391	
	T	161	30,1	20	33		320	534	9 215	5,79%
1962	M	-		2	5		22	29	3 906	
	V	166		19	44		288	517	5 458	
	T	166	32,1	21	49		310	546	9 364	5,83%
1963	M	-		1	3		27	31	4 006	
	V	181		14	36		296	527	5 515	
	T	181	32,4	15	39		323	558	9 521	5,86%
1964	M	-		3	6		27	36	4 051	
	V	155		22	72		289	538	5 603	
	T	155	27,0	25	78		316	574	9 654	5,95%
1965	M	-		3	5		30	38	4 051	
	V	185		23	58		296	562	5 757	
	T	185	30,8	26	63		326	600	9 808	6,12%
1966	M	-		5	4		35	44	4 121	
	V	193		19	47		309	568	5 993	
	T	193	31,5	24	51		344	612	10 114	6,05%
1967	M	-		6	6		36	48	4 209	
	V	221		24	53		292	590	6 150	
	T	221	34,6	30	59		328	638	10 359	6,16%
1968	M	-		6	6	6	41	59	5 500	
	V	210		19	57	15	308	609	5 572	
	T	210	31,4	25	63	21	349	668	11 072	6,03%
1969	M	-		10	1	-	43	54	4 614	
	V	259		18	52	13	297	639	6 708	
	T	259	37,4	28	53	13	340	693	11 322	6,12%

Tabel vervolg/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
Jaar-tal	M/V T	Getroude vroue (tydelik)	% GV	Pen-sioen-trek-kers	Onge-diplo-meerdes	Gediplo-meerd tydelik	Proef of vas	To-taal	Alle onder-wysers	% Musiek-onderwysers van alle onderwysers
1970	M	-		3	6	12	41	62	4 721	
	V	270		21	64	20	281	656	6 851	
	T	270	37,6	24	70	32	322	718	11 572	6,20%
1971	M	-		6	5	6	45	62	4 833	
	V	274		28	55	17	305	679	6 991	
	T	274	37,0	34	60	23	350	741	11 824	6,27%
1972	M	-		9	4	2	52	67	4 909	
	V	311		20	36	15	318	700	7 095	
	T	311	40,5	29	40	17	370	767	12 004	6,39%
1973	M	-		11	8	4	80	103	4 978	
	V	230		17	49	19	361	676	7 192	
	T	230	29,6	28	57	23	441	776	12 170	6,38%
1974	M	-		8	3	4	71	86	5 070	
	V	339		20	23	12	309	703	7 270	
	T	339	43,0	28	26	16	380	789	12 340	6,39%
1975	M	-		2	1	3	83	89	5 096	
	V	346		16	27	21	309	719	7 954	
	T	346	42,8	18	28	24	392	808	12 590	6,42%
1976	M	-		6	3	2	146	157	5 218	
	V	182		13	19	15	415	644	7 591	
	T	182	22,7	19	22	17	561	801	12 809	6,25%
1977	M	-		10	6	9	170	195	5 335	
	V	353		11	32	31	233	660	7 769	
	T	353	41,3	21	38	40	403	855	13 104	6,52%
1978	M	-		6	17	4	152	179	5 479	
	V	382		13	63	24	287	769	8 175	
	T	382	40,3	19	80	28	439	948	13 654	6,94%
1979	M	-		5	11	11	96	123	5 631	
	V	383		17	74	55	226	755	8 383	
	T	383	43,6	22	85	66	322	878	14 014	6,27%
1980	M	-		3	18	5	95	121	5 716	
	V	318		19	78	67	305	787	8 561	
	T	318	35,0	22	96	72	400	908	14 277	6,36%

Tabel vervolg/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11
Jaar-tal	M/V T	Getroude vroue (tydelik)	% GV	Pen-sioen-trek-kers	Onge-diplo-meerdes	Gediplo-meerd tydelik	Proef of vas	To-taal	Alle onder-wysers	% Musiek-onderwysers van alle onderwysers
1981	M	-		3	16	7	87	113	5 779	
	V	324		14	83	80	319	820	8 702	
	T	324	34,7	17	99	87	406	933	14 481	6,44%
1982	M	-		4	15	6	94	119	5 821	
	V	369		29	103	393	338	863	8 881	
	T	369	37,6	33	118	399	432	982	14 702	6,68%
1983	M	-	-	2	13	5	106	126	5 879	
	V	457	-	21	102	398	346	867	8 835	
	T	457	46,0	23	115	403	452	993	14 714	6,75%
1984	M	-	-	1	17	7	102	127	5 864	
	V	427	-	20	113	340	389	862	8 875	
	T	427	43,2	21	130	347	491	989	14 739	6,71%

Die volgende tabel toon die tekort aan musiekonderwysers (kolomme 1 - 5) in vergelyking met die tekort aan alle onderwysers gedurende die jare 1961 tot 1984.

Kolom 3 toon aan dat die persentasie tekort aan musiekonderwysers, bereken in terme van alle musiekonderwysers wat tydelike aanstellings beklee het (kolom 2), van 40,1% tot 55,8% gewissel het, terwyl die persentasie tekort vir alle onderwysers (kolom 8) van 19,6% tot 28,5% gewissel het.

Die syfers in kolomme 2 en 7 is vir die jare 1982, 1983 en 1984 op dieselfde wyse as in die vorige jare saamgestel ter wille van konsekwente deurlopendheid. Sedert 1982 het 'n beter bedeling ten opsigte van getroude vroue in werking getree.

Word die getroude vroue egter buite rekening gelaat en die tekort bereken in terme van pensioentrekkers en ongediplomeerdes (kolomme 4 en 9), dan wissel die persentasie tekort van musiekonderwysers van 5,1% tot 15,4% (kolom 5), terwyl dit in die geval van alle onderwysers van 2,5% tot 5,3% gewissel het.

Hierdie tabel lei tot twee gevolgtrekkings:

- daar het 'n baie groot tekort aan musiekonderwysers bestaan;
- die getroude vrou het 'n groot rol gespeel om hierdie tekort te help verlig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

JAAR-TAL	MUSIEKONDERWYSERS					ALLE ONDERWYSERS				
	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
	Getal musiek-onder-wysers	Getroude vroue + pensioen-trekkers + ongediplo-meerdes	% te-kort	Net pen-sioentrek-kers + on-gediplo-meerdes	% te-kort	Getal alle onder-wysers	Getroude vroue + pensioen-trekkers + ongediplo-meerdes	% te-kort	Net pensioen-trekkers + ongediplo-meerdes	% tekort
1961	534	214	40,1	53	9,9	9 215	2 016	21,9	482	5,2
1962	546	236	43,2	70	12,8	9 364	2 030	21,7	492	5,3
1963	558	235	42,1	54	9,7	9 521	1 916	20,1	442	4,6
1964	574	258	44,9	103	17,9	9 654	1 890	19,6	468	4,8
1965	600	274	45,7	89	14,8	9 808	1 978	20,2	401	4,1
1966	612	268	43,8	75	12,3	10 114	2 177	21,5	374	3,7
1967	638	310	48,6	89	13,9	10 359	2 277	21,9	414	4,0
1968	668	298	44,6	88	13,2	11 072	2 571	23,2	462	4,2
1969	693	340	49,1	81	11,7	11 322	2 812	24,8	456	4,0
1970	718	364	50,7	94	13,1	11 572	2 570	22,2	462	4,0
1971	741	368	49,7	56	7,6	11 824	3 285	27,8	492	4,2
1972	762	380	49,9	69	9,1	12 004	3 207	26,7	419	3,5
1973	776	315	40,6	85	11,0	12 170	3 162	26,0	396	3,2
1974	789	393	49,8	54	6,8	12 340	3 517	28,5	387	3,1
1975	808	392	48,5	46	5,7	12 590	3 453	27,4	331	2,6
1976	801	223	27,8	41	5,1	12 809	2 820	22,0	316	2,5
1977	855	412	48,2	59	6,9	13 104	3 599	27,5	367	2,8
1978	948	481	50,8	99	10,4	13 654	3 655	26,8	471	3,4
1979	878	490	55,8	107	12,1	14 014	3 628	25,9	376	2,7
1980	908	436	46,9	118	13,0	14 277	3 078	21,6	458	3,2
1981	933	440	47,2	116	12,4	14 481	3 628	25,1	376	2,6
1982	982	420	42,8	151	15,4	14 702	3 727	24,4	516	3,5
1983	993	504	50,7	146	14,7	14 714	3 282	22,3	502	3,4
1984	989	473	47,8	151	15,3	14 739	3 066	20,8	412	2,9

Benewens die aspek van die voorsiening van onderwysers vir musiek, is dit ook noodsaaklik om na te gaan hoe die opleiding van onderwysers vir musiek sedert die begin van hierdie eeu ontwikkel het, in soverre dit die Kaaplandse Departement van Onderwys aangaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3 DIE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS VIR MUSIEK

2.3.1 Muir knap die stelsel van onderwysersopleiding op

Voor die stigting van opleidingskolleges het dr. Thomas Muir met sy bewindsaanvaarding as SGO in 1892 die stand van onderwysersopleiding in Kaapland in 'n baie onbevredigende toestand gevind, aangesien die meeste onderwysers met behulp van 'n kwekelingstelsel opgelei is. Volgens dié stelsel het sekere onderwysers in hoër skole die verantwoordelikheid gehad om van die leerlinge as kwekelingonderwysers vir die onderwysberoep voor te berei. Dr. Muir het die kwekelingstelsel aansienlik opgeknap en vir die eerste keer is Sang as 'n verpligte vak in die kursus, wat drie jaar na st. 6 geduur het, ingesluit. Vanaf 1900 is die toelatingsvereiste tot st. 7 verhoog, en 'n nuwe derdejaarsopleiding is in 1912 ingestel wat vanaf 1913 by 'n goedgekeurde opleidingskool afgelê moes word. Die uiteindelike doel was dat alle opleiding by die opleidingskole of opleidingskolleges moes geskied. Die eerste drie kolleges onder die Departement van Onderwys is dan ook in Kaapstad (1894), Wellington (1896) en Grahamstad (1897) gestig.[180)]

Die verskillende onderwysersertifikate in swang gedurende 1916 was die volgende:

* die Eersteklas Sertifikaat (Provinsioneel) van die Unieregering, 18 maande ná B.A.;
* die Tweedeklas Sertifikaat (0.2), 2 jaar ná matriek of 1 jaar ná matriek plus 0.3;
* die Derdeklas Sertifikaat Senior (0.3 Senior), 3 jaar na st. 7;
* 'n "Elementary Kindergarten"-Sertifikaat (E.K.G.), 1 jaar na 0.3;
* 'n "Higher Kindergarten"-Sertifikaat (H.K.G.), 1 jaar ná E.K.G.;
* 'n Huishoudkunde-Sertifikaat, 1 jaar ná 0.3;
* Naaldwerk-, Houtwerk-, Tekensertifikate, almal 1 jaar ná 0.3, of gelyktydig daarmee.[181)]

2.3.2 Die School Teachers' Music Certificate

Vir Musiek het daar geen spesiale sertifikate bestaan wat deur die Departement uitgereik is nie, want erkenning is verleen aan en aanmoediging gegee vir die aflê van die School Teachers' Music Certificate van die Tonic Sol-fa College van

180) J.E. Kellermann: Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika (1652 - 1936) (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1936) pp.156-168.

181) Ibid., p.205.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Londen.[182] Die jaarverslae van die SGO het dan ook vanaf 1894 gereeld melding gemaak van die getal kandidate vir die betrokke sertifikaat. In 1894 het die eerste 6 aspirantonderwysers die sertifikaat (STMC) verwerf, en hierdie getal het geleidelik gegroei tot in 1912 toe daar 131 geslaagde kandidate was (studente én onderwysers).[183] Dit het die groottotaal oor die loop van 19 jaar op 856 te staan gebring. Ná 1912 het die SGO die sertifikaat wel nog genoem en erken, maar die getal kandidate is weggelaat.

Na 1918 het die SGO nie weer van die sertifikaat melding gemaak nie, maar volledige slaaglyste het nog t.o.v. 1918 (74 kandidate), 1919 (54 kandidate), 1920 (60 kandidate) en 1921 (67 kandidate)[184] in Die Onderwysgaset verskyn. Die Departement het vir die laaste keer in 1921 as die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger van die Tonic Sol-fa College opgetree ('n reëling wat vanaf 1903 gegeld het), maar omdat hy in daardie stadium sy eie spesiale sertifikate in praktiese vakke beëindig het, het hy ook sy aandeel in die STMC opgesê.[185] Die opleiding in hierdie vakke het nou deel van sy kursusse vir die opleiding van onderwysers aan die kolleges geword. Alle studente aan die kolleges was bv. verplig om die Klasmusieklesse by te woon, en die kolleges is gemaan om nie sommer net die woord van die student t.o.v. sy/haar gebrek aan musikaliteit te aanvaar nie. So 'n student moes gereeld getoets word en slegs verskoon word nadat ondubbelsinnig vasgestel is dat die student glad nie die vermoë gehad het nie.[186]

2.3.3 Die Primêre Hoër en Laer Onderwysersertifikate

Die ou kwekelingstelsel van onderwysersopleiding is in 1920 finaal afgeskaf en alle opleiding moes aan inrigtings wat spesiaal vir die doel ingerig was, geskied.[187] In 1920 het 'n Departementele Komitee oor die Opleiding van Onderwy-

182) KOD: Report of the SGE for the Year ending 30th September 1914, p.31.

183) KOD: Report of the SGE for the Year ending 30th September 1913, p.52a.

184) KOD: "Departmental Examinations Pass List", in The Education Gazette, 24 Junie 1920, p.1181; Ibid., 21 April 1921, p.1054; Ibid., 11 Mei 1922, p.775.

185) KOD: "Tonic Sol-fa College Certicates", in The Education Gazette, 3 November 1921, p.340.

186) KOD: "Music in Training Schools", in The Education Gazette, 13 Mei 1920, p.1054

187) J.E.Kellermann: Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika (1652 - 1936) (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1936) p.206.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sers verslag gelewer en aanbevelings gedoen t.o.v. die samestelling van die Primêre Laer Onderwysersertifikaat (Primary Teachers' Lower Certificate) en die Primêre Hoër Onderwysersertifikaat (Primary Teachers' Higher Certificate).[188] Die nuwe kursus is in Januarie 1922 ingevoer en die eerste keer in Desember 1923 geeksamineer.

Om die relatiewe posisie van Musiek (Klasmusiek) aan te toon, word die punte- en lesuurtoekenning by die laer sertifikaat volledigheidshalwe aangegee:[189]

		Getal lesure per week	
Vakke	Punte	Eerste jaar	Tweede jaar
Praktiese Onderwys	300	7	7
Skooladministrasie	200	3	3
Skrif	60	1	-
Liggaamsoefening	50	1	1
Gesondheidsleer	100	-	1
Engels	250	4	4
Afrikaans/Nederlands	250	4	4
Letterkunde en Taalgeskiedenis	150	1	2
Geskiedenis	120	3	2
Aardrykskunde	120	2	2
Natuurstudie	100	2	2
Rekenkunde	60	-	2
Handwerk	100	3	3
Teken	100	2	2
Musiek	50 + 50	2	2

Aan Musiek is dus 100 uit 2 060 punte toegeken, d.w.s. 2,5% van die totaal.

Hierdie kursus het wel daarvoor voorsiening gemaak dat alle studente Musiek moes neem, maar het nie die geleentheid vir spesialisering deur die musikaal-talentvolle studente gebied nie. Met slegs twee lesure per week kon maar net 'n breë basis gelê word waarin 'n diepgaande kennis van en vaardigheid in Klasmusiek nie moontlik was nie.

188) KOD: "Commission on the Training of Teachers", in The Education Gazette, 13 Mei 1920, pp.1055-1057.

189) KOD: "Syllabuses of Courses of Training for European Teachers", in The Education Gazette, 25 Mei 1922, p.801.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.4 Die verpligte opleiding in Musiek

Verpligte opleiding in Musiek as deel van die Primêre Laer en Hoër Onderwyserservertifikate het vir die Inspekteur van Musiek, mnr. F. Farrington, probleme geskep vanweë die groot getal studente wat onbekwaam was om voordeel te trek uit enige musiekkursus. Hy het gepleit vir meer tyd vir Klassang, veral vanweë die ontspannende aard van die vak, en het kollegehoofde aangeraai om die voorbeeld van 'n kollega te volg wat meer as die voorgeskrewe tyd vir sang afgestaan het.[190)]

Die sillabus wat vir die Laer Sertifikaat voorgeskryf was, het net die werk wat in 'n eenman-laerskool gedoen moes word, bevat. Dit het ingesluit die gegradeerde Tonic Solfa-sillabus, 'n beperkte kennis van balkskrif, eenstemmige en meerstemmige sang, en beperkte musiekteoretiese kennis. Die hoop is uitgespreek dat ondervinding van koorsang opgedoen kon word.[191)] Vir die Hoër Sertifikaat is addisionele leerstof voorgeskryf soos die toonleer met sy intervalle, toonsoorte, stemomvang, aksent, maatslae, algemene musiekterme, toonhoogtes in die gewone toonsoorte, oorgange, chromatiese note, die mineur modus en koorsang.[192)]

Die verpligte deelname van alle studente aan hierdie vak het eksaminatore genoop om verskeie elementêre swakhede uit te wys soos vals singery (hoofsaaklik as gevolg van 'n gebrek aan kennis van die intervalle en die gebrek aan konsentrasie), verkeerde onderwysmetodes, 'n gebrek aan kennis van die skoolsillabus,[193)] 'n gebrek aan beheersing van die mineur modus en verkeerde begrip van ritme in gehooropleiding.[194)]

Ook die Inspekteur van Musiek, mnr. P.K. de Villiers, het gekla dat weinig tyd deur opleidingskolleges bestee is aan die kuns van onderwys gee. Studente het weinig ondervinding van die kuns van dirigeer opgedoen. "Selfs die eenvoudige en regstreekse tradisionele maatslaan word dikwels gedoen op die manier van 'n jonge dominee wat eens met opgehewe arm uitgeroep het: 'Hier op aarde,' en wat plotse-

190) F. Farrington: "Sang: Oostelike Distrikte", in Verslag van die SGO oor die Jare 1923 - 1924, p.161.

191) KOD: "European Primary Teachers' Lower Certificate Course: Music", in The Education Gazette, 25 Oktober 1923, p.698.

192) KOD: "European Primary Teachers' Higher Certificate Course: Music", in The Education Gazette, 25 Oktober 1923, p.701.

193) KOD: "Departmental Examinations 1922: Music", in The Education Gazette, 12 Julie 1923, pp.554,555.

194) KOD: "Departmental Examinations 1924", in The Education Gazette, 18 Junie 1925, p.250.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ling sy arm laat sak het by die woorde 'en daar in die hemel'."[195] 'n Oplossing vir hierdie probleem is egter eers in 1938 gevind toe die nuwe derdejaarskursus, die Hoër Primêre Onderwysersertifikaat met spesialisering in Skoolmusiek ingestel is.[196]

2.3.5 Nuwe kursusse met senior sertifikaat as toelatingsvereiste

Terwyl die student tot in 1928 met 'n Junior of 'n Senior Sertifikaat tot onderwysersopleiding toegelaat was, is die toelatingsvereistes vanaf 1929 vir alle studente verander na die Senior Sertifikaat. 'n Nuwe kursus vir die Primêre Onderwysersertifikaat het toe in werking getree, wat soos volg saamgestel is:[197]

EERSTE JAAR	TWEEDE JAAR	PUNTE
AKADEMIES		
Engels	Engels	250
Afrikaans	Afrikaans	250
Geskiedenis van Taal en Letterkunde	Geskiedenis van Taal en Letterkunde	
Aardrykskunde	Aardrykskunde	
Natuurstudie	Natuurstudie	150
Geskiedenis		
Rekenkunde		
PROFESSIONEEL		
Beginsels en Metodes van Onderwys en Organisasie	Beginsels en Metodes van Onderwys en Organisasie	250
Klasonderwys	Klasonderwys	200
	Opvoedkundige Sielkunde	150
	Geskiedenis van Opvoeding en Onderwys	
PRAKTIES		
Musiek	Musiek	100
Teken	Teken	100

Tabel vervolg/

195) P.K. de Villiers: "Inspekteur van Musiek", in Verslag van die SGO oor die Jaar 1926, p.49.

196) Vide infra, p.96.

197) KOD: "Opleidingskursusse vir Onderwysers aan Primêre Skole vir Blankes", in Die Onderwysgaset, 25 Oktober 1928, p.1010.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Handearbeid	Handearbeid	150
Liggaamsoefeninge	Liggaamsoefeninge	
Skrif	Gesondheidsleer	

In Natuurstudie, Musiek, Teken en Handearbeid was daar aan die einde van die jaar geen skriftelike eksamen nie, en die inhoud en metodes van onderwys van elk van hierdie vakke is deur die Departementele Instrukteur/Instruktrise getoets.

Die opleiding van onderwysers het in 1933 by die SATA-Kongres ernstig onder die loep gekom by wyse van 'n belangwekkende toespraak van Oscar D. da F. Wollheim. "I feel not only do we lack culture in South Africa, but we also unconsciously feel the necessity for it. Our younger generation on the whole cares not a button for good music, and there is a craze for jazz to fill in the gap... Would it not be possible, therefore, to develop in them a sense of beauty to satisfy this hunger?... If we now recognise the necessity for teaching music in the primary school as a means towards the development of a South African culture, then we must also recognise the fact that teachers are necessary for this... The teacher of music in schools should be trained doubly - first as a musician and then as a teacher... There is a positive glut of piano, violin and singing teachers in our cities, all struggling very hard to make a meagre living. Could not some of this talent be diverted to the schools which are suffering so acutely from the lack of it?..."[198)]

Hy toon verder aan dat die opleidingskursus die volgende behoort in te sluit: 'n sekere peil van bekwaamheid in klavierspel, 'n deeglike kennis van harmonie en kontrapunt, gehooropleiding, twee-, drie- en vierstemmige verwerkings, die skryf van begeleidings, elementêre orkestrasie, dirigeerwerk, musiekgeskiedenis en musiekwaardering, metodiek van Klasmusiekonderrig en 'n volle repertorium van geskikte musiek vir klas-, koor- en orkesgebruik.

Hierdie toespraak het gelei tot die aanname van die volgende Kongresbesluit: "That the Department be urged to set up a third year course of training leading to the special qualification of music teachers."[199)]

198) Oscar da F. Wollheim: "Music in the Primary School", in The Educational News, September 1933, p.129.

199) SATA: 1933 Conference Resolutions, no.3, in The Educational News, Julie 1933, p.104.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.6 Die instelling van die derdejaarskursus (Hoër Primêre Onderwysersertifikaat) in Skoolmusiek (1938)

In antwoord op die SATA se vertoë vir die instelling van 'n derdejaarskursus in musiek het die Departement aanvanklik aangetoon dat sulke derdejaar-spesialiseringskursusse aan ander staatsgesubsidieerde inrigtings soos die College of Music van die Universiteit van Kaapstad oorgelaat is en dat dit nie geregverdig kon word as die Departement ook om die klein getal beskikbare studente meeding nie.[200] In 1934 het die SATA sy vertoë herhaal[201] en in Julie 1937 het die Departement aangekondig dat 'n eenjarige kursus vir 'n Hoër Primêre Onderwysersertifikaat vanaf 1938 by die Wellingtonse Opleidingskollege ingestel sou word. In 1939 is die kursus ook by die Grahamstadse Opleidingskollege ingestel. Die doel van die kursus was om voorsiening te maak vir spesiale opleiding van onderwysers wat hulle graag wou toerus vir die verskillende tipes klaswerk in musiek, met inbegrip van musiek in die sekondêre standerds. Dit sou egter nie dien as 'n kwalifikasie vir die onderrig van instrumentale musiek aan individuele leerlinge nie, en sou onder geen omstandighede beskou word as 'n plaasvervanger of alternatief vir 'n onderwysdiploma in Musiek, soos byvoorbeeld UTLM of LRAM nie.[202]

As toelatingsvereiste tot die HPOS (Musiek) het gegeld dat diegene wat vir die kursus wou inskryf, òf geslaag het in die eksamen vir die Gevorderde Afdeling Klavier en Harmonie van die Universiteit van Suid-Afrika, òf geslaag het in Musiek in Matrikulasie of die Kaaplandse Senior Sertifikaat, òf die Inspekteur van Musiek oortuig het dat hulle in staat sou wees om voordeel uit die kursus te trek.

Die verskillende afdelings van die kursus was soos volg:

* metodes van onderwys;
* 'n studie van stemproduksie;
* 'n kennis van die opleiding en leiding van skoolkore en slagorkeste;
* die gebruik van die grammofoon in skole;
* 'n intensiewe studie van die verskillende tipes liedere vir die skool;

(vervolg)

200) Antwoorde van die SGO op SATA-Kongresbesluite, no.3, in The Educational News, November 1933, p.178.

201) Antwoorde van die SGO op SATA-Kongresbesluite, no.15, in The Educational News, Januarie 1935, p.238.

202) KOD: "Opleiding van Onderwysers: Kursus in Musiek vir die Derde Jaar", in Die Onderwysgaset, 22 Julie 1937, p.692.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

* opleiding in die kuns van begeleiding;
* 'n studie van die geskiedenis van musiek gedurende uitgesoekte tydperke;
* voorbereiding vir die organisering van skoolkonserte en dramatiese opvoerings;
* 'n kursus in uitgesoekte letterkunde (Afrikaans sowel as Engels);
* die studie van elementêre musiekvorme.[203)]

In die eerste jaar na die instelling van die kursus (1938) het drie kandidate geslaag, maar die getal het gestyg tot 'n maksimum van 19 in 1944 en 'n verdere maksimum van 20 in die jare 1964, 1966 en 1967. Gedurende die hele tydperk 1938 tot 1971 [toe die HPOS (Musiek)-kursus ten einde geloop het], het altesaam 397 kandidate in die kursus geslaag,[204)] 54 by die Grahamstadse en 343 by die Wellingtonse Opleidingskollege.

Die doelstellings van die HPOS (Skoolmusiek) is soos volg gestel: "Die doel van die kursus is om die studente op te lei om klas- en koorsang en verwante aangeleenthede waar te neem, om hulle 'n breër kennis van musiek te gee en om by hulle 'n dieper waardering daarvoor te kweek."[205)]

Die puntetoekenning was soos volg:[206)]

Praktiese Onderwys	250
Metodiek	
Notasie (solfa en balkskrif)	
Asembeheer en stemontwikkeling	
Gehooropleiding	
Liedere en koorwerk	
Euritmiek en slagorkes	
Musiekwaardering	
Klasbeheer	
Gradering van geskikte liedere	
Voorligting t.o.v. elementêre praktiese Sielkunde i.v.m. die onderrig van Musiek	350

vervolg/

203) KOD: "Opleiding van Onderwysers: Kursus in Musiek vir die Derde Jaar", in Die Onderwysgaset, 22 Julie 1937, p.693.

204) Syfers versamel uit die verslae van die SGO oor die jare 1938 tot 1971.

205) KOD: Reëls betreffende die Opleiding van Blanke Onderwysers: Hoër Primêre Kursusse, 1963, p.73.

206) Ibid., p.74; vir die sillabus, vide infra, bylae 5, pp.355-356.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teoretiese werk		
Geskiedenis en vormleer	200	
Harmonie en melodie	200	
Algemene musiekkennis	100	
Gevorderde teorie	100	600
Praktiese werk		
Klavier en sang (een hoofvak; een byvak)	300	
Spraakleer (albei tale)	200	
Vokale bladlees	100	
Gehooropleiding	100	
Koorafrigting en dirigering	100	800
TOTAAL		2 000

Die maksimumgetal studente per jaar vir hierdie kursus is op 10 per kollege vasgestel.[207)]

Twee jaar na die invoering van die kursus by Wellington en Grahamstad kon die Inspekteur van Musiek, mnr. S.J. Newns, verslag doen dat die inspeksie van die werk een van die glanspunte van sy jaar se werk was. Hy het egter daarop gewys dat die tweejarige opleiding (Primêre Onderwysersertifikaat) nie die agterstand kon inhaal wat voortgespruit het uit wat feitlik op 'n musikale leemte in die hoër skole neergekom het nie.[208)]

Ook die SGO het in sy jaarverslag in 1946 daarop gewys dat sang in skole gely het onder die algemene tekort aan onderwysers - direk weens die skaarste aan onderwysers wat bekwaam is en musiek (Klasmusiek) te onderrig, en indirek weens die moeilikheid om onder die destydse gespanne (oorlogs-)omstandighede roosters te reël.[209)]

In 1952 is die HPOS (Skoolmusiek)-kursus by Grahamstad gestaak weens 'n gebrek aan belangstelling,[210)] terwyl die SGO in 1953 gerapporteer het dat aan min primêre

207) KOD: Reëls betreffende die Opleiding van Blanke Onderwysers: Hoër Primêre Kursusse, 1963, p.9.

208) S.J. Newns: "Musiek", in Die Onderwysgaset, 28 November 1940, pp.1698 - 1699.

209) KOD: "Musiek", in Verslag van die SGO oor die Jaar 1946, p.87.

210) Rubriekskrywer: "Music", in Education, Julie 1958, p.200.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skole 'n spesiaal opgeleide onderwyser van Klasmusiek was.[211] Die HPOS (Skoolmusiek)-kursus het egter aan die Wellingtonse Opleidingskollege bly voortbestaan tot 1970, waarna die verpligte driejarige opleiding (Primêre Onderwysdiploma met Skoolmusiek as keusevak) en vierdejaarskursusse in Skoolmusiek en Instrumentale Musiek ingestel is.[212]

Ten spyte daarvan dat oor die loop van 34 jaar van die bestaan van die HPOS (Skoolmusiek) net 397 kandidate (d.w.s. gemiddeld 11,7 per jaar) die kursus voltooi het, het dit nogtans in 'n groot behoefte voorsien. En hoewel die meerderheid van die afgestudeerdes dames was wat mettertyd die onderwysberoep verlaat het, het talle van hierdie onderwysers 'n positiewe rol gespeel in die musiekopvoeding, veral in die primêre skool. Die bose kringloop van 'n tekort aan musiekopvoeders in die primêre skool, 'n verdere verwaarlosing van musiekopvoeding in die hoër skool en 'n relatief klein aanbod van studente vir Klasmusiekopleiding aan die tersiêre inrigtings het die saak van algemeenvormende musiekopvoeding egter groot skade berokken.

2.3.7 'n Vierdejaarskursus in Klasmusiek sedert 1972

Die eerste studente in die nuwe verpligte driejare Primêre Onderwysdiploma (POD - Senior Primêre Standerds) het in 1970 hulle kursusse voltooi en van toe af was Klasmusiek 'n keusevak by al die kolleges wat studente vir die senior primêre standerds opgelei het, nl. Denneoord (Stellenbosch), Graaff-Reinet, Kaapstad, Oudtshoorn, Paarl, Wellington en Port Elizabeth (lg. vanaf 1976). Oor die loop van 15 jaar, tot 1984, het gemiddeld 20,6 studente jaarliks by die 7 kolleges Klasmusiek as keusevak in die derde jaar geneem.[213]

Die keusevak Klasmusiek het nie die omvattende inhoud van die HPOS (Skoolmusiek) in alle opsigte vervang nie, maar daarvoor is ruim voorsiening gemaak in die vierdejaarskursus in Skoolmusiek/Klasmusiek aan die Wellingtonse Onderwyserskollege en waarvan die eerste 3 kandidate in 1972 die kursus voltooi het.[214] Ongelukkig het minder studente jaarliks hierdie kursus aangepak, hoofsaaklik toe te

211) KOD: "Musiek", in Verslag van die SGO oor die jare 1952 - 1953, p.63.

212) Vide infra, p.102.

213) Gegewens goedgunstiglik deur die rektore van die 7 genoemde kolleges verskaf.

214) Vide infra, p.102; vir die sillabus, vide infra, bylae 6, pp.357-363.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skryf aan die feit dat daar gelyktydig ook 'n vierdejaarskurses in Instrumentale Musiek (waarmee studente kon kwalifiseer om as musiekonderwysers aangestel te word) ingestel is.

2.3.8 Die opleiding van instrumentalis-onderwysers (musiekonderwysers)

As gevolg van die groot tekort aan musiekonderwysers (instrumentaliste) het die SAOU in 1948 vertoë gerig dat die Departement sodanige onderwysers by die kolleges oplei. In daardie stadium het die Departement die versoek na die Professionele Eksamenkommissie (PEK) verwys.[215] Die SAOU het sy oortuiging uitgespreek dat hoër vereistes gestel sou word aan die musiekkursus van die twee- of driejarige onderwysersopleiding, al sou dit meebring dat so 'n meer gevorderde kursus differensiëring noodsaaklik maak.[216]

In 1953 het die SAOU sy vertoë herhaal, maar die SGO kon steeds nie aan die versoek voldoen nie.[217] Die SGO het die saak egter in 1955 weer na die Professionele Eksamenkommissie verwys,[218] wat in Augustus van daardie jaar aanbeveel het dat alle aansoeke om derdejaarskursusse voorlopig agterweë gehou moes word.[219]

Ook die Skoolraad van Murraysburg, gesteun deur 27 ander skoolrade, het aan die Departement op 9 Desember 1958 geskryf en versoek dat 'n derdejaarskursus vir musiekonderwysers ingestel word. Die Raad het gemeld dat die nypende tekort aan musiekleerkragte dan die hoof gebied kon word aangesien musiekstudente wat by konservatoriums van universiteite ingeskryf het, nie almal tot die onderwysberoep toegetree het nie, en dié wat wel toegetree het, nie die tekort enigsins die hoof kon bied nie.[220]

215) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no.1, in Die Unie, 1 Februarie 1949, p.175.

216) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, seksie C(d), in Die Unie, 1 April 1950, p.201.

217) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no.6, in Die Unie, 1 Maart 1954, p.191.

218) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no.23, in Die Unie, 1 Maart 1955, p.75.

219) KOD, lêer L.15/66/9: Nota G.W. Meister, 20 Oktober 1955.

220) KOD, lêer L.1/0/2/24: Sekretaris Skoolraad, Murraysburg (verw. A 71/5/A) - SGO, "Tekort aan Musiekleerkragte", 18 Desember 1958.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan hierdie versoek[221] en aan 'n soortgelyke versoek van die SAOU in 1956[222] kon die SGO ook nie voldoen nie.

Met die koms van die verpligte driejarige opleiding van onderwysers vir die primêre skool waarvan die eerste kandidate in 1970 die Primêre Onderwysdiploma (POD) voltooi het, kon aandag gegee word aan 'n vierdejaarskursus in Instrumentale Musiek. Hierdie eenjarige diploma - Onderwysdiploma (OD) genoem in dáárdie stadium maar Hoër Onderwysdiploma genoem vanaf 1977 - het by die Wellingtonse Onderwyserskollege in 1973 'n aanvang geneem, en as toelatingsvereiste is gestel 'n Primêre Onderwysdiploma (POD) of 'n diploma wat deur die Departement as gelykstaande daaraan beskou is. Net studentonderwysers of onderwysers wat Musiek gedurende die drie jaar van die POD-kursus aangebied het, is tot die vierdejaarskursus in Skoolmusiek en Instrumentale Musiek toegelaat.[223] Studente moes ook kies of hulle Klasmusiek (Skoolmusiek) of Instrumentale Musiek as hoofvak wou neem.

Die driejarige POD (Senior Primêre Standerds) het Skoolmusiek as 'n keusevak vanaf die eerste jaar aangebied, en in die derde jaar het die kursus soos volg daar uitgesien:[224]

	Punte	
Amptelike Taal Hoër	400	
Amptelike Taal Laer òf Hoër	300	(400)
Een van die volgende vakke:		
Wiskunde		
Wetenskap		
Geskiedenis		
Aardrykskunde	300	
Beginsels van die Opvoedkunde	300	
Een akademiese of praktiese vak (waarvan Skoolmusiek een kon wees)	300	

Met die oorskakeling van die POD na die driejarige Onderwysdiploma (Senior Pri-

221) KOD, lêer L.1/0/2/24: SGO - Sekretaris Skoolraad, Murraysburg, 16 Januarie 1959.

222) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no.4, in Die Unie, 1 Mei 1957, p.311.

223) KOD: "Onderwysdiplomakursus in Skoolmusiek en Instrumentale Musiek", in Die Onderwysgaset, 13 Junie 1974, p.330.

224) KOD: Reëls insake die Opleiding van en Eksamens vir blanke Onderwysers aan Opleidngskolleges, geen datum, p.13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mêr) in 1977 het die kursus in hooftrekke dieselfde gebly, en het uiteindelik in 1984 soos volg daar uitgesien (met klem op die relatiewe posisie van musiekgerigte vakke):[225)]

	Punte	
Afrikaans/Engels Eerste Taal	400	
Engels/Afrikaans Tweede of Eerste Taal	300	(400)
Opvoedkunde	300	
Praktiese Onderwys	300	
'n Akademiese vak (waarvan Musiekteorie een kan wees)	300	
'n Akademiese vak òf 'n Praktiese vak (waarvan Instrumentale Musiek òf Klasmusiek een kan wees)	300	

Die getal studente wat die vierdejaarskursus (genoem Onderwysdiploma tot 1976 en Hoër Onderwysdiploma vanaf 1977) voltooi het, was soos volg:[226)]

	Skoolmusiek/Klasmusiek	Instrumentale Musiek
1972	3	-
1973	1	5
1974	3	5
1975	2	5
1976	-	5
1977	-	1
1978	5	10
1979	5	2
1980	2	4
1981	-	3
1982	2	3
1983	3	5
1984	1	3
TOTAAL	27	51

Die Departement het sedert 1972 die beleid gevolg dat onderwysers wat in die vierdejaarskursus met Instrumentale Musiek (genoem Onderwysdiploma tot 1976 en Hoër Onderwysdiploma sedert 1977) geslaag het, in permanente hoedanigheid as mu-

225) Inligting verkry uit lêers van die Onderwyserskollege, Wellington.

226) Getalle versamel uit die verslae van die Direkteur: Onderwys oor die jare 1972 - 1980 en verkry van die Onderwyserskollege Wellington.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekonderwysers in die primêre skool aangestel kon word.[227)]

Vanaf 1980 het die Eenjarige HOD in Instrumentale of Klasmusiek verval en moes die student 'n deurlopende vierjarige HOD (Senior Primêr) neem met òf Instrumentale Musiek òf Klasmusiek as een van die twee vierdejaarsvakke (2 U-peil). Tans is die veronderstelling dan ook dat die student die betrokke vak reeds vanaf die eerste jaar neem. Omdat die student in Kaapland nie toegelaat word om vanaf die tweede jaar meer as een praktiese vak te neem nie, beteken dit dus dat geen student as deel van sy kursus beide Instrumentale en Klasmusiek op vierdejaarskollegevlak mag neem nie.[228)]

2.3.9 Die opleiding van onderwyseresse ten opsigte van Klasmusiek vir die junior primêre standerds

Die eerste spesiale opleidingskursus vir onderwyseresse van die junior primêre standerds was die "Teachers' Elementary Kindergarten Certificate" wat in 1900 ingestel en in 1903 deur die "Teachers' Higher Kindergarten Certificate" gevolg is.[229)] Toe die Departement sy onderwysersopleiding aan die begin van die twintigerjare hersien het, is 'n nuwe eenjarige Kleinkinderskool-Onderwysersertifikaat ingestel wat ná die tweejarige Primêre Laer Onderwysersertifikaat òf na die eerste jaar van die Primêre Hoër Onderwysersertifikaat geneem kon word. Die puntetoekenning vir die verskillende vakke was soos volg:[230)]

Praktiese onderwys	200
Kleinkinderskoolmetodiek	100
Fisiologie en Gesondheidsleer	100
Sielkunde	120
Kinderletterkunde	80
Natuurstudie	150
Handwerk	120

vervolg/

227) Antwoorde van die Direkteur op SAOU-Kongresbesluite, no. 19, in Die Unie, Mei 1982, p.285.

228) Inligting verkry uit lêers van die Onderwyserskollege, Wellington.

229) J.E. Kellermann: Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika (1652 - 1936) (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1936) p.181.

230) KOD: "Course of Training for European Infant School Teachers", in The Education Gazette, 20 November 1924, p.427.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Musiek	50
Teken	120

Musiek (Klassang) het dus 50 uit 1 040, d.w.s. 4,8% van die groottotaal, getel. Die sillabus het net die volgende vereistes gestel: die sing van 6 kindertuinliedere en die speel van 6 geskikte stukke op die klavier of die viool, òf die sing van 12 kindertuinliedere, òf die speel van 12 geskikte stukke op die klavier of die viool.[231)]

Hierdie kursus is in 1929 opgevolg deur die hersiene Hoër Primêre Onderwysersertifikaat (Kleinkinderskoolmetodiek) wat met mindere hersiening in 1936 die opleidingskursus tot 1969 gebly het.

Vanaf die instelling van die spesiale opleidingskursus vir studentonderwysers vir die junior primêre standerds, eers as HPOS tot 1969, daarna as die Primêre Onderwysdiploma (POD) vanaf 1970 en sedertdien as Onderwysdiploma (Junior Primêr) vanaf 1977, was Skoolmusiek/Klasmusiek 'n verpligte deel van die opleiding:

HPOS (tot 1969)[232)]		Onderwysdiploma (tot 1983)[233)]		
Praktiese Onderwys	300	Praktiese Onderwys	300	
Sielkunde	250	Opvoedkunde	300	
Algemene Metodiek/Klasbeheer	250	Metodiek van Aanvangsonderrig	400	
Vakmetodiek	400	Onderwysmiddele	100	
		Skrif en Skryfbordtegniek	50	
Geskiedenis van Kleinkinderonderwys	100			
Spraakopleiding	100	Spraakopleiding	100	
Letterkunde	300	Kinderlektuur	100	
		Eerste Taal	300	
		Tweede of Eerste Taal	250	(300)
		Sosiale Wetenskap	200	
Liggaamlike Opvoeding	100	Liggaamlike Opvoeding	100	
Kuns	100	Kuns	100	

vervolg/

231) KOD: "Course of Training for European Infant School Teachers", in The Education Gazette, 20 November 1924, p.427.

232) KOD: Reëls betreffende die Opleiding van Blanke Onderwysers: Hoër Primêre Kursus, 1963, pp.37,38.

233) Inligting verkry uit lêers van die Onderwyserskollege Wellington.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Musiek	100	Musiek	100
	2 000		2 400

In 1982 het 'n nuwe vierjarige opleidingskursus, die vierjarige HOD (Junior Primêr), gelyktydig in die eerste en vierde studiejare 'n aanvang geneem. Aan Klasmusiek (100 punte) is 'n min of meer gelykwaardige plek as in die vorige kursus toegeken, maar dit word as 'n onderafdeling van die oorkoepelende vak Onderwyskunde (900 punte) ingedeel. Uit die eindtotaal van 2 600 punte, word dus 3,8% aan Klasmusiek toegeken.[234)]

Aangesien 'n aanleg vir of 'n kennis van musiek geen bepalende rol by die keuring van studentonderwyseresse vir die junior primêre kursus is nie, het die ervaring geleer dat 'n beduidende aantal van hierdie studente weinig baat vind by die kursuskomponent in Klasmusiek. Die vraag kan dan gestel word of dit sinvol is dat sodanige studente met groot moeite en teen groot onkoste (aangesien hulle ook individuele instrumentale onderrig ontvang) musiekonderrig ontvang wat tog nie die groot agterstand kan uitwis nie. Aan die een kant geld die beskouing dat die onderwys van die klein kind in so 'n mate geïntegreer moet wees dat alle onderwyseresse in staat behoort te wees om ook hulle eie klasse se Klasmusiek redelik sinvol te kan hanteer. Aan die ander kant nogtans kan geredeneer word dat net die kundigste persone die grondslae van musiekopvoeding by die jong kind behoort te lê. Daarvoor is die klasonderwyseres nie noodwendig die geskikste persoon nie; waar so 'n onderwyseres dan nie oor die vermoë beskik nie, behoort 'n geskikter persoon met die nodige agtergrond van kindertuinklasmusiek die vak te behartig.

2.3.10 Indiensopleiding van onderwysers

Die behoefte aan indiensopleiding vir musiekonderwysers het vroeg reeds bestaan en word o.a. weerspieël in die volgende paragraaf wat in 1925 in The Education Gazette verskyn het: "For some years past music teachers from various parts of the country, the now numerous body of them that received their training at the College of Music, have expressed the wish that something of the kind could be done... A very attractive course is being arranged, which should appeal not only to music teachers in need of artistic refreshment, but to music lovers throughout the country who are desirous of continuing the facilities for a pleasant holiday such as the Cape affords at Christmas with opportunities of hearing music, and hearing about music, amid surroundings which are probably unique, as far as col-

234) Inligting verkry uit lêers van die Onderwyserskollege, Wellington.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leges of music are concerned, throughout the world."[235)]

Hierdie kursus het op 11 Januarie 1926 begin en het die volgende ingesluit: 'n reeks lesings deur prof. W.H. Bell, "The making of music", 'n reeks deur 'n mej. Hutton, "The new musical education in England", kamerkonserte, spesiale orkeskonserte deur die Kaapstadse Simfonieorkes, bywoning van die orkes se repetisies met toeligtende praatjies en spesiale onderwerpe oor die onderrig van klavier, viool en sang deur personeellede.

Die Universiteit van Kaapstad het weer soortgelyke kursusse by die Suid-Afrikaanse Kollege vir Musiek in Januarie 1931[236)] en Januarie 1934[237)] gehou. Die Departement van Onderwys het gevolg met 'n eie indiensopleidingskursus in die Paarl in 1942.[238)]

Ander kursusse waaraan die Departement sy steun en/of samewerking verleen het, was die volgende:

Kursus	Aangebied deur	Plek	Datum
Vakansiekursus in Musiekopvoeding	H.H. Kaldenberg	Paarl	4-11 Julie 1950[239)]
Vakansiekursus in Musiek (Metode Gehrels)	H.H. Kaldenberg	Worcester	2-7 Oktober 1950[240)]
Kortkursus in Klasmusiek	Universiteit Stellenbosch	Stellenbosch	2-7 Oktober 1955[241)]

Tabel vervolg/

235) KOD; "Summer School in Music", in The Education Gazette, 1 Oktober 1925, p.392.

236) KOD: "Universiteit van Kaapstad: Vakansiekursus in Musiek", in Die Onderwysgaset, 16 Oktober 1930, p.867.

237) KOD: "Universiteit van Kaapstad: Vakansiekursus in Musiek", in Die Onderwysgaset, 14 September 1933, p.817.

238) KOD: "Vakansiekursus in Skoolmusiek", in Die Onderwysgaset, 22 Januarie 1942, p.79.

239) H.H. Kaldenberg: "Vakansiekursus insake Musikale Opvoeding", in Die Unie, 1 Junie 1950, p.269.

240) KOD: "Kaapse Tegniese Kollege Worcester: Vakansiekursus in Musiek (Metode Gehrels)", in Die Onderwysgaset, 7 September 1950, p.1357.

241) KOD: "Kortkursus in Skoolmusiek op Stellenbosch", in Die Onderwysgaset, 11 Augustus 1955, p.1232.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kongres oor Volksang en -musiek	FAK	Stellenbosch	30 September - 3 Oktober 1957[242)]
Kortkursus in Klasmusiek	Universiteit Stelbosch	Stellenbosch	30 September - 4 Oktober 1963[243)]
Winterskool in Musiek	Universiteit Kaapstad	Kaapstad	3-14 Julie 1967[244)]
Kortkursus in Kooropleiding	Universiteit Pretoria	Pretoria	29 Maart - 3 April 1971[245)]
Indiensopleiding in Klasmusiek vir primêre standers	KOD	38 sentra	17 Julie - 19 September 1972[246)]
Indiensopleiding in Musiek Middelbare en hoër skole (Klasmusiek en vakwerk)	KOD	13 sentra	22 Julie - 3 September 1975[247)]
Kursus in Barokmusiek	Onderwyserskollege Wellington	Wellington	1-3 April 1976[248)]
Indiensopleiding in Klasmusiek (primêr)	KOD	Verskeie sentra	19 Julie - 8 Augustus 1978[249)]
Musiek in die hoër skool	Universiteit Stellenbosch	Stellenbosch	9-11 April 1979[250)]

Tabel vervolg/

242) P. McLachlan: "FAK-Kongres oor Volksang en -musiek", in Die Unie, 1 September 1957, p.80.

243) KOD: "Kortkursus in Skoolmusiek", in Die Onderwysgaset, 25 Julie 1963, p.1025.

244) KOD: "Winterskool in Musiek", in Die Onderwysgaset, 25 Mei 1967, p.1102.

245) KOD: "Universiteit van Pretoria: Kortkursus in Koorleiding", in Die Onderwysgaset, 21 Januarie 1971, p.97.

246) KOD: "Indiensopleiding van Onderwysers: Opknappingskursus in Klasmusiek in die Primêre Standerds: 1972", in Die Onderwysgaset, 18 Mei 1972, p.358.

247) KOD: "Indiensopleidingskursus in Musiek: Middelbare en Hoër Skole", in Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die Jaar 1975, p.23.

248) KOD: "Musiekkursus", in Die Onderwysgaset, 18 Maart 1976, p.190.

249) KOD: "Indiensopleiding in Klasmusiek", in Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die jaar 1978, p.25.

250) KOD: "Indiensopleidingskursus: Musiek in die Hoër Skool", in Die Onderwysgaset, 19 November 1979, p.506.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Musiek (Vak- en buite-kurrikulêr, primêr en hoër)	KOD + Universiteit Kaapstad	Hele Provinsie (950 onderwysers)	1983 en 1984[251]

Benewens voorgenoemde formele kursusse was die Departementele adjunk-superintendent en assistendent-superintendente van onderwys (onderrigleiding - Musiek) gereeld betrokke by byeenkomste van vakonderwysers by die onderwysersentra, en die deurlopende voorligting aan onderwysers oor alle aspekte van musiekopvoeding en -onderwys.

Die groot verskeidenheid moontlikhede wat deur indiensopleiding daargestel word, hou mooi beloftes vir die toekoms van musiekopvoeding in. Hoewel die formele indiensopleidingskursusse sowel as die onderwysersentra nog betreklik jonk is, is in beide gevalle reeds bewyse gelewer dat ook die musiekopvoeder sy aanvanklike opleiding op 'n sinvolle wyse kan uitbou.

Vervolgens word aandag geskenk aan 'n belangrike komponent van musiekopvoeding, nl. die program van instrumentale onderrig, veral t.o.v. drie hoofkomponente: kurrikulêre, en buite-kurrikulêre onderrig, en die rol van musieksentra.

2.4 INSTRUMENTALE ONDERRIG IN MUSIEK

2.4.1 Musiek as eksamenvak

In die vroeë twintigerjare was Musiek as eksamenvak reeds 'n keusevak in die gedifferensieerde kursusse in die hoër skool. Van die vier kursusse, nl. die algemene kursus, die kursus vir meisies, die akademiese kursus en die handelskursus kon Musiek by die eerste twee gekies word.[252]

By die Junior Sertifikaateksamen het Musiek as hoofvak 300 punte getel en Gehooropleiding en Teorie van Musiek as byvak 'n verdere 150 punte. Laasgenoemde byvak is die eerste keer in 1926 geëksamineer. By die Senior Sertifikaateksamen is 'n praktiese en 'n teoretiese eksamen afgelê wat elk 400 punte getel het. In daardie stadium (1925 en 1926) is 'n slaagpunt in die Laer en Hoër Praktiese Musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar as 'n slaagpunt vir Musiek by die Junior Sertifikaateksamen. 'n Slaagpunt in die Intermediêre en Gevorderde Mu-

251) KOD: Omsendbrief 10/1983, "Indiensopleiding: Musiekkursusse: 1983 en 1984", 23 Mei 1983.

252) KOD: "Syllabuses of Differentiated Secondary School Courses", in The Education Gazette, 20 Oktober 1921, p.296.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekeksamens van UNISA is aanvaar as 'n slaagpunt vir Musiek by die Senior Sertifikaateksamen.[253)]

Nuwe sillabusse vir beide eksamens is in 1927 ingevoer en die Inspekteur van Musiek, mnr, P.K. de Villiers, was van mening dat 'n nuwe status aan die vak verleen sou word, en dat leerlinge wat tot sover Musiek as vak moes laat vaar, in staat sou wees om hulle studie voort te sit.[254)] Die kandidate het dermate toegeneem dat mnr. De Villiers in 1934 verslag gedoen het dat, tydens die eksaminering by verskeie sentra, uitstekende talent na vore getree het en dat kandidate veel sou kon bereik indien hulle musiek as 'n loopbaan sou volg. Die toename in die kandidate het ook tot gevolg gehad dat hy verskeie skole nie vir inspeksiedoeleindes kon besoek nie.[255)]

Die volgende tabel toon aan hoedat die getal kandidate in Musiek met die verloop van jare, met tussenpose van 5 jaar, gewissel het:[256)]

Jaartal	Getal kandidate in Musiek			
	Jr. Sert.	Sr. Sert.	Totale kandidate in Sr. Sert.	Persentasie Musiek-kandidate Sr. Sert.
1930	60	41		-
1935	147	99	2 994	3,3
1940	181	150	4 096	3,7
1945	166	164	4 187	3,9
1950	154	150	4 151	3,6
1955	126	168	4 702	3,6
1960	148	134	6 061	2,2
1965	171	142	7 334	1,9
1970	Intern	181	9 840	1,8
1975	Intern	224	12 618	1,8
1980	Intern	216	14 899	1,4

253) KOD: "Music in the Junior and Senior Certificate Examinations"; in The Education Gazette, 22 Mei 1925, pp.208,209.

254) KOD: Verslag van die Inspekteur van Musiek, in Verslag van die SGO oor die jaar 1926, p.49.

255) KOD: Verslag van die Inspekteur van Musiek, in Die Onderwysgaset, 6 September 1934, p.791.

256) Syfers ontleen aan verslae van die SGO/Direkteur van Onderwys oor die jare 1930 - 1980.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit voorgaande tabel kan opgemerk word dat, hoewel die kandidate vir Musiek in die Senior Sertifikaateksamen toegeneem het, hulle persentasiegewys afgeneem het. Hierdie verskynsel kan o.a. toegeskryf word aan die toename in die getal vakke wat deur leerlinge in die Senior Sekondêre Kursus gekies kan word.

Die getal onderrigure waarop leerlinge geregtig was, is in 1947 soos volg vasgestel: een uur praktiese onderrig per leerling per week waarvoor £1.17s.6d. per kwartaal betaal moes word; een uur onderrig in Harmonie en Kontrapunt in groepverband, waarvoor 10s. per kwartaal betaal moes word; twee uur (by die Senior Sekondêre Kursus) en een uur (by die Junior Sekondêre Kursus) onderrig in Gehooropleiding en Skriftelike Werk in groepverband.[257] Die enigste verandering wat in 1962 ingetree het, was 'n verhoging in die musiekgeld vir instrumentale onderrig tot R4,75 per kwartaal.[258] Hierdie musiekgeld is egter in 1968 afgeskaf ten opsigte van leerlinge wat Musiek as eksamenvak geneem het.[259]

'n Nuwe sillabus is die eerste keer in st. 8 in 1952 ingevoer en by die Senior Sertifikaateksamen van 1954 geëksamineer. Die sillabus het voorsiening gemaak vir Klavier, Viool en Tjello. 'n Leerling mog die vak alleen geneem het, mits hy sy onderrig ontvang het by 'n lid van die personeel of by 'n onderwyser(es) van buite, en met die toestemming van die skoolhoof.[260]

Verskeie hersiene sillabusse vir die Junior Sertifikaatkursus is in 1968 in sts. 6 en 7[261] en weer in 1972[262] ingevoer. Die leerling moes die nodige onderrig by die skool ontvang en vrystelling van hierdie vereiste sou net in buitengewone omstandighede verleen word ná skriftelike vertoë tot die Departement.

Met die instelling van gedifferensieerde onderwys wat meegebring het dat die Ju-

257) KOD, lêer Z.408: Omsendbrief "Conditions governing the Duties of Departmental Music Teachers in Schools, 1947 (geen maand) par. 1, 4.

258) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief "Departmental Music Teachers", Januarie 1962, par. 1.

259) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 4/1968, "Departementele Musiekonderwysers/esse", Januarie 1968, par. 2(i).

260) KOD: "Kaapse Senior Sertifikaateksamen: Leerplan in Musiek", in Die Onderwysgaset, 19 Februarie 1953, pp.371-378.

261) KOD: "Junior Sekondêre Kursus: Musiek (Instrumentaal, Skriftelik, Gehoor)", in Die Onderwysgaset, 2 November 1967, p.2374.

262) KOD: "Junior Sekondêre Kursus: Musiek (Instrumentaal, Skriftelik, Gehoor)", in Die Onderwysgaset, 4 November 1971, p.1362.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nior Sekondêre Kursus by st. 7 geëindig het, is hersiene sillabusse weer eens soos volg ingevoer: in 1974 vir sts. 6 en 7 is Musiek en Praktiese Musiek (Tweede Instrument of Sang), en ook in 1974 vir st. 8 (Senior Sekondêre Kursus) in Musiek Hoër Graad, Musiek Standaard Graad, Praktiese Musiek (Tweede Instrument of Sang) Standaard Graad, en Musiekkomposisie Standaard Graad.[263] Laasgenoemde vak kon slegs as sewende vak geneem word. Saam met die nuwe sillabusse in 1974 is ook 'n volledige voorligtingstuk aan onderwysers uitgereik met die oog op die onderrig en eksaminering van Musiek as vak.[264]

Sedert die eerste Senior Sertifikaateksamen onder die stelsel van gedifferensieerde onderwys was die getal kandidate in die verskillende musiekvakke soos volg:[265]

Jaartal	Musiek HG	Musiek SG	Praktiese Musiek SG	Musiekkomposisie SG
1976	48	163	10	-
1977	48	138	16	-
1978	40	161	8	-
1979	39	129	10	-
1980	58	158	14	1
1981	65	95	13	-
1982	89	81	12	-
1983	87	92	15	-

Die instrumente waaruit leerlinge kon kies, is in 1968 uitgebrei tot Klavier, Viool, Altviool, Tjello, Fluit, Klarinet, Hobo, Fagot, Franse horing, Trompet, Tromboon en Harp.[266] Hierdie lys is in 1970 verder uitgebrei met alle ander erkende instrumente van die simfonieorkes, asook Orrel en Blokfluit. 'n Belangrike voorwaarde was dat die musiekonderwyser vir die onderrig in die bepaalde instrument behoorlik gekwalifiseer moes wees. Leerlinge wat verkies het om in twee instrumente onderrig te ontvang, was geregtig op een uur per week praktiese onder-

263) KOD: "Junior Sekondêre Kursus" en "Senior Sekondêre Kursus", in Die Onderwysgaset, 18 Oktober 1973, pp.1556-1576.

264) KOD: "Voorligting vir die Onderrig en Eksaminering van Musiek Hoërgraad en Standaardgraad in Standerds 8, 9 en 10", 1974.

265) Gegewens verkry uit die verslae van die Direkteur van Onderwys oor die jare 1976 - 1983.

266) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 4/1968, "Departementele Musiekonderwysers/esse", Januarie 1968, par. 1, 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rig ten opsigte van elke instrument.[267] Leerlinge moes onderrig in al die afdelings van die vak by die skool ontvang, en die Departement sou slegs aansoeke om privaatonderrig gunstig oorweeg indien sodanige leerling onderrig in al die afdelings van daardie vak privaat ontvang.

Die volgende tabel toon aan hoe die verskillende instrumente onder die kandidate vir die Senior Sertifikaateksamen in die jare 1982 - 1984 verdeel was:[268]

Instrument	1982		1983		1984		Totaal
	HG	SG	HG	SG	HG	SG	
Klavier	57	63	64	72	75	94	425
Orrel		2		2		1	5
Blokfluit	4	3	9	5	1	4	26
Sang				2			2
Kitaar				1		3	4
Viool	2	4	3	1	2		12
Tjello			1	2	1		4
Fluit	1	2	2	5	1	7	18
Hobo			1	1			2
Klarinet		1	2	4	1	2	10
Fagot			1				1
Trompet		1	4	1	3	2	11
Skuiftrompet					1		1
Tuba				1	1		2
Euphonium						1	1
Tenoor-horing				2			2
Totaal	64	76	87	99	86	114	526

In die loop van drie jaar is daar dus in 526 gevalle individuele praktiese eksamens in st. 10 afgeneem waarvan 425 (80,8%) in Klavier en slegs 64 (12,2%) in orkesinstrumente was.[269]

Hersiene sillabusse in Musiek is weer eens in 1984 vir sts. 6 en 7 en in 1985 vir

267) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 85/1970, "Departementele Musiekonderwysers/esse", 23 Oktober 1970, par. 1, 2.

268) Gegewens verkry van die Adjunk- en Assistent-superintendente van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek).

269) Vide infra, pp.199,200.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

st. 8 ingevoer, met die oog op die eerste eksaminering in st. 10 in 1987, en wel in die volgende vakke: Musiek Hoërgraad, Musiek Standaardgraad, Praktiese Musiek (Tweede Instrument of Sang) Standaardgraad. Laasgenoemde vak kan nie alleen geneem word nie, maar slegs saam met Musiek HG of SG as tweede vak van die Kunsstudierigting (Musiek).[270] Benewens spesifieke doelstellings is in beide kursusse die volgende algemene doel gestel: om die breë musikale agtergrond van leerlinge uit te brei en hul algemene vorming en insig te verryk deur die verskillende dissiplines van die vak, die aankweek van goeie gewoontes en die bevordering van goeie smaak ten opsigte van musiek.

2.4.2 Buite-kurrikulêre onderrig in Musiek

Die toekenning van musiekposte aan skole was van die begin van die instelling daarvan tydens die Muir-tydperk bedoel vir individuele instrumentale onderrig; 21 tot 25 leerlinge is beskou as voldoende vir die behoud van 'n voltydse musiekbetrekking, maar as die leerlingtal gedaal het, is die betrekking as deeltyds verklaar vanaf die begin van die volgende kwartaal.[271] Die Inspekteur van Musiek, mnr. W. Poles, kon dan ook in 1939 rapporteer dat goeie werk deur die Departement se musiekonderwysers(esse) gedoen is, soos deur die uitslae van die Universiteit van Suid-Afrika se musiekeksamens aangetoon is.[272]

Die Mediese Inspekteur van die jaar 1921 het 'n ietwat ongewone standpunt ingeneem ten opsigte van die vermoeienisaspek by leerlinge wat Musiek geneem, maar tog nie die talent daarvoor getoon het nie: "Other causes of insufficient rest are worry from whatever cause, domestic or otherwise, and uncongenial work. In this latter respect, we would point out the folly of making children learn music. By far the majority who are made to do this irksome task have no soul for music and are wasting their parents' money and their own time using up energy all to no end, for probably not more than 5 per cent keep up their music afterwards. The time devoted to this useless grind would be much more beneficially devoted to rest or physical exercise with benefit to the individual concerned. In this respect we would say that we only refer to these children who are forced by their parents in

270) KOD: "Junior en Senior Sekondêre Kursusse, Sillabusse vir Musiek", in Die Onderwysgaset, 26 Mei 1983, pp.153-176.

271) KOD, lêer L.1/0/2/24: Omsendbrief 56/1923, "Music-teacher Posts", 21 September 1923.

272) W. Poles: "Musiek" (Jaarverslae van Inspekteurs van Spesiale Vakke) in Die Onderwysgaset, 7 September 1939, p.981.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

attempting to acquire this accomplishment without reference to their capabilities."[273)]

Hierdie uitspraak het 'n korrespondent in The Educational News genoop om sy ongeloof uit te spreek en hy het die waarde van musiekonderrig sterk bepleit.[274)]

Die groot tekort aan geskikte onderwysers, veral in ander instrumente as die klavier, het jare lank 'n groot knelpunt gebly. Nogtans was Kaapland verskeie Europese lande ver voor wat betref instrumentale onderrig in skole, aangesien hierdie onderrig in die meeste lande in privaathande was.[275)] Die groot vermeerdering in die getal poste vir musiekonderwysers het oor die jare steeds meer geleenthede vir kinders geskep om instrumentale onderrig te ontvang.[276)] Vanaf 1942 tot 1953 is daar byvoorbeeld nagenoeg 200 addisionele poste geskep, hoofsaaklik vir klavier, al moes dikwels van tydelike personeel gebruik gemaak word.[277)] En in 1962 het die SGO verslag gedoen dat by benadering 14 000 leerlinge reeds by 563 Departementele musiekonderwysers onderrig ontvang het.[278)]

Elke leerling wat onderrig in Instrumentale Musiek op individuele basis ontvang het, was geregtig op 1 uur praktiese onderrig per week wat dan gewoonlik in twee halfuurlesse verdeel is. By die meeste skole het die lesure 35 of 40 minute geduur. Dit het sekere organisatoriese probleme geskep omdat tyd "verlore" gegaan het as die musieklesse volgens die skoolrooster verloop het. In 1961 het die SAOU vertoë tot die Departement gerig dat musieklesse in ooreenstemming met die skoolrooster behoort plaas te vind, maar die Departement het nie aan hierdie versoek voldoen nie.[279)]

273) KOD: "Report of Medical Inspectors", in Report of the SGE for the Year ended 31st December 1921, p.98.

274) A.H.A.: "The Folly of learning Music", in The Educational News, September 1922, p.160.

275) KOD, lêer L.15/66/9: SAOU - Departement van Onderwys, "Memorandum oor Musiekonderwys op Skool", 1950.

276) W. Poles: "Musiek" (Jaarverslae van Inspekteurs van Spesiale Vakke) in Die Onderwysgaset, 22 November 1951, p.2233; Mej. H.S. Anders: "Oostelike Provinsie en Transkei", in Die Onderwysgaset, 6 Maart 1952, p.431.

277) W. Poles: "Musiek", in Die Onderwysgaset, 3 Desember 1953, p.2316.

278) KOD, lêer L.1/0/2/24: SGO - Administrateur, "Musiekonderrig in Skole", par. 5.

279) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 8, in Die Unie, 1 Maart 1962, p.483.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanaf 1968 kon leerlinge formele onderrig ontvang in Solosang of in die volgende instrumente, mits die musiekonderwyser/es daarvoor gekwalifiseerd was: Klavier, Viool, Altviool, Tjello, Fluit, Klarinet, Hobo, Fagot, Franse Horing, Trompet, Tromboon, Harp en Blokfluit (ekstra vak). Sodanige leerlinge moes ook een uur per week onderrig in die grondbeginsels van musiek ontvang, waarvoor hulle in vorderingsgroepe verdeel moes word.[280)]

Vanaf 1975 mog hierdie onderrig geskied ten opsigte van Orrel of enige erkende instrument van die simfonieorkes.[281)] Terselfdertyd is ook die Trapstelsel ingevoer wat op tien vorderingstrappe gebaseer was.

Die Trapstelsel,[282)] waarop interprovinsiaal ooreengekom is, was 'n groot verbetering op die ou stelsel van buite-kurrikulêre musiekonderrig waarvolgens leerlinge op lukrake wyse en afhangende van die betrokke musiekonderwyser se oordeel en geesdrif - of gebrek daaraan - die praktiese eksamens van eksterne eksaminerende liggame soos UNISA, The Royal Schools of Music (London) e.d.m. afgelê het. Musiekleerlinge (buite-kurrikulêr sowel as kurrikulêr) moes vanaf Januarie 1978 die sillabusse vir alle instrumente soos voorgeskryf in die Trapstelsel, begin invoer. (In 1983 is egter opdrag gegee dat leerlinge wat Musiek as eksamenvak aangebied het die onderskeie 1973-sillabusse vir Musiek as eksamenvak moes volg totdat die nuwe sillabusse in 1985 in werking gestel sou word.)[283)] Die invoer van die sillabus vir gehoor en skriftelike werk moes geleidelik geskied volgens elke leerling se vermoë en die leerkrag se diskresie. 'n Leerling mog enige tyd van die jaar begin met enige trap wat hy kon behartig, en buitengewoon talentvolle leerlinge kon te eniger tyd gedurende die jaar na 'n hoër trap opgeskuif word. 'n Leerling wat nie die vereistes van 'n bepaalde trap binne 'n jaar of vier kwartale kon behartig nie, behoort musieklesse te staak of na 'n ander instrument oor te skakel.

'n Belangrike kenmerk van die stelsel is dat alle trappe intern geëksamineer is,

280) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 4/1968, "Departementele Musiekonderwysers/esse", par. 1.

281) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 2/1975, "Departementele Musiekonderwysers/esse", par. 1.

282) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 50/1977, "Onderrig in Musiek", par. 2.5, 2.6.

283) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 38/1983, "Onderrig in Musiek", par. 2.6.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderhewig aan moderering deur die vakadviseurs van Musiek. Daar moet verder op gelet word dat die Trapstelsel die Departement se amptelike evalueringstelsel vir buite-kurrikulêre musiek is, en dat dit die onderwysers steeds vry staan om hulle leerlinge vir eksterne musiekeksamens van ander liggame in te skryf.

2.4.3 Musieksentra

In teenstelling met ander provinsies het die onderrig van orkesinstrumente op enige ander wyse as deur die musiekonderwyser wat aan die skool verbonde is, lank geneem om te realiseer. Die skool se musiekonderwyser wat ook 'n orkesinstrument kan onderrig, is normaalweg net aan daardie skool verbonde en benewens vir 'n relatief beperkte getal leerlinge, kan sy kundigheid derhalwe onderbenut word.

Die antwoord op hierdie probleem lê grootliks opgesluit in musieksentra, hetsy op watter wyse dit ook al geadministreer word. In 1984 het die Kaaplandse Departement van Onderwys een Musieksentrum ten volle beheer, nl. die Musieksentrum Beau Soleil te Kenilworth. 'n Tweede musieksentrum, nl. vir die Noordelike voorstede van Kaapstad, was ook reeds in die beplanningstadium en sou gedurende 1986 met sy werksaamhede begin.

2.4.3.1 Die Musieksentrum van die Universiteit Port Elizabeth in samewerking met die Kaaplandse Departement van Onderwys (KODUPE)

Die ontstaan van die musieksentrum KODUPE kan teruggevoer word na die jaar 1973 toe die rektor van die Universiteit Port Elizabeth, prof. E.J. Marais, met mnr. A.H. Vosloo, Administrateur van Kaapland, onderhandelings gevoer het oor 'n moontlike subsidie vir UPE se Jeugorkes. Prof. Marais het na die groot tekort aan musici in die Republiek verwys, melding daarvan gemaak dat opleiding in veral orkesinstrumente in Suid-Afrika veel te wense oorgelaat het en die groot rol angeprys wat prof. Jack de Wet sedert sy aanstelling in Oktober 1972 as professor in Uitvoerende Musiek gespeel het. Prof. Marais het dan ook 'n bewilliging van R10 000 per jaar van die Provinsie aangevra.[284] In sy antwoord het die Administrateur aangedui dat die Provinsie nie kans sien om die bydrae te maak nie in die lig van die R1 380 000 wat tot die minimumbehoeftes van die KRUIK-orkes bygedra word.[285]

284) UPE, lêer 03 02 38: E.J. Marais - Sy Edele die Administrateur, 8 Junie 1973.

285) UPE, lêer 03 02 38: Administrateur (A.H. Vosloo) - Prof. E.J. Marais, 8 Februarie 1973.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Intussen het prof. Jack de Wet voortgegaan om die strykonderrig uit te bou sodat hy in 1976 reeds die onderrig aan 70 leerlinge self behartig het. Weer eens het prof. Marais vertoë deur bemiddeling van mnr. F.D. Conradie, L.U.K., gerig "met die ernstige versoek dat u sal probeer om die kultuurverarmde Oos-Kaap te help om hierdie saak op vaste grond te bring deur 'n beskeie bedrag hiervoor in die begroting van die Provinsie te laat invoeg."[286)]

Die Uitvoerende Komitee van die Provinsie het hierdie versoek deeglik oorweeg, maar moes dit weer eens van die hand wys, hoofsaaklik op wetlike gronde, aangesien hulpverlening aan universiteite nie 'n funksie van die provinsies was nie. Boonop wou die Uitvoerende Komitee nie 'n presedent skep wat hom in die onbenydenswaardige posisie sou plaas waar hy moreel verbind sou wees om elke universiteit wat om sodanige hulp aanklop, moes subsidieer nie.[287)]

In Augustus 1977 het prof. Marais by wyse van 'n omvattende memorandum vertoë tot die Departement van Onderwys gerig vir die totstandbrenging van 'n sentrale konservatorium vir skoolleerlinge wat as 'n gesamentlike projek deur die KOD en die UPE bedryf kon word. Die memorandum het verwys na soortgelyke of ander projekte in al die ander provinsies van die RSA sowel as in Suidwes-Afrika waar leerlinge reeds ver gevorder het en waar verskeie jeugorkeste reeds goed gefunksioneer het.[288)] Hierdie memorandum is op versoek van die Adjunk-Direkteur van Onderwys (Administratief), mnr. E.N. Volsteedt, deur prof. Marais met 'n verdere brief met meer inligting in Maart 1978 opgevolg. Hierdie brief het o.a. aangetoon watter leerlinge reeds in 1978 by die Universiteit instrumentale onderrig ontvang het: Fluit 17, Blokfluit 14, Viool 51, Altviool 3 en Tjello 11,[289)] terwyl daar by die UPE steeds 'n waglys van leerlinge vir onderrig in orkesinstrumente was. Ook in Junie 1978 het prof. Marais op versoek van die Departement verdere agtergrond en meer spesifieke behoeftes vir 'n musieksentrum uiteengesit. Daarin kon hy aandui dat die Universiteit met die nodige steun voorsiening sou kon maak vir 100

286) UPE, lêer 03 02 38: E.J. Marais - F.D. Conradie, L.U.K., 1 September 1976.

287) UPE, lêer 03 02 38: M.L.C. Bester, Waarnemende Provinsiale Sekretaris - Die Rektor UPE, 15 Oktober 1976.

288) UPE, lêer 03 02 38: "Die Verdere Ontwikkeling van die Musiekonderrig in Oos-Kaapland", E.J. Marais, 26 Augustus 1977.

289) UPE, lêer 03 02 38: E.J. Marais, Rektor - E.N. Volsteedt, Adjunk-Direkteur van Onderwys (Administratief) 14 Maart 1978.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot 140 leerlinge.[290] Prof. Marais se bemoeienis is eindelik beloon toe die Administrateur-in-Uitvoerende Komitee besluit het dat 'n aanvanklike subsidie van R44 000 in die eerste jaar aan die Universiteit betaal sou word vir die stigting van die musieksentrum. Verskeie voorwaardes was aan hierdie besluit verbind, soos die maksimum van R4,50 onderriggeld per leerling wat musiekonderrig op buite-kurrikulêre grondslag by die sentrum ontvang, die totstandkoming van 'n beheerkomitee, en die jaarlikse oorweging van die subsidie op grond van die voorlê van 'n uitgawe- en ontvangstestaat.[291]

Om die praktiese implementering van die musieksentrum verder uit te pluis het prof. Marais op 24 Oktober en 13 November 1979 samesprekings met mnr. R.K. de Villiers, Streekhoofinspekteur, en mnr. R.G. Smith, Vakadviseur (Musiek) gevoer en die volgende aanbevelings gedoen wat deur die Uitvoerende Komitee van die Universiteitsraad goedgekeur is:[292]

* dat 'n KODUPE-Musieksentrum as 'n gesamentlike onderneming van die Kaaplandse Onderwysdepartement en die UPE gestig word;
* dat die hoofgebou van die Birdstraatkampus en meublement kosteloos vir 'n onbepaalde tydperk aan die Musieksentrum beskikbaar gestel word, met dien verstande dat sodanige beskikbaarstelling aanvanklik tot minstens 1985 sal geld en daarna vyfjaarliks hersien kan word, en met dien verstande dat die Musieksentrum vir die instandhouding en skoonmaak van die gebou, water-, krag-, versekering-, tuin- en telefoonuitgawes verantwoordelik sal wees;
* dat 'n begroting vir 1979, insluitende die posteverdeling tussen die Sentrum en die UPE en die finansiering van die begrote tekort vir 1979 deur die UPE goedgekeur word sodat die Musieksentrum so spoedig moontlik in 1979 met sy aktiwiteite kan begin.

Die reglement van die Musieksentrum het die doelstellings soos volg gestel:[293]

* om studie- en onderriggeleenthede in nie-klavierinstrumente te voorsien aan

290) UPE, lêer 3-3-41: E.J. Marais, Rektor - Waarnemende Direkteur van Onderwys, 2 Junie 1978.

291) KOD, lêer L.15/19/18: P.S. Meyer, Direkteur van Onderwys - Prof. E.J. Marais, Rektor, "Port Elizabeth: Voorgestelde Musieksentrum in Samewerking met die Universiteit van Port Elizabeth", 22 September 1978.

292) UPE, lêer 14.1.1: E.J. Marais - Die Direkteur van Onderwys, "Stigting van 'n KODUPE-Musieksentrum te Port Elizabeth", 14 November 1978.

293) UPE: Reglement van die Musieksentrum (KODUPE) van die Kaaplandse Onderwysdepartement en die Universiteit van Port Elizabeth - soos goedgekeur by Raadsbesluit R78.64.5, dokument R/28A/79, 16 Februarie 1979.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorskoolse en skoolgaande kinders en aan ander persone soos van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee bepaal;

* om die musieklewe in die algemeen en in die Oos-Kaap in die besonder te stimuleer deur openbare uitvoerings, konserte, ens.

Die reglement het verder voorsiening gemaak vir die status van KODUPE, die struktuur (samestelling van die Bestuurskomitee, die hoof en ander personeel), finansiële reëlings en 'n oorsigtelike beskrywing van aktiwiteite. Enkele belangrike aspekte van hierdie reglement is

* KODUPE is nie 'n afsonderlike regspersoon nie, maar 'n integrale deel van die Universiteit; die finale gesag oor KODUPE berus by die Raad en die Rektor van die Universiteit as hoofuitvoerende beampte van die Raad;
* die Raad wys die Bestuurskomitee aan om KODUPE te bestuur volgens die goedgekeurde begroting en volgens verpligtinge soos van tyd tot tyd met die Onderwysdepartement ooreengekom;
* die Bestuurskomitee doen gereeld verslag aan die Raad, en die Raad aan die Onderwysdepartement;
* die Bestuurskomitee bestaan uit die Streekhoofinspekteur van Onderwys as voorsitter, die Rektor van UPE of sy sekundus, die Vakadviseur (Musiek), die hoof van die Musieksentrum, en verteenwoordigers van die SAOU en die SATA afsonderlik;
* KODUPE is essensieel 'n selfonderhoudende afdeling van die Universiteit.

Die eerste vergadering van die Bestuurskomitee het op 1 Februarie 1979 plaasgevind, waarby mnr. R.K. de Villiers, prof. E.J. Marais, prof. J. de Wet en mnr. G.R. Smith teenwoordig was. Daar is besluit dat leerlinge in die toekoms slegs deur bemiddeling van hulle skole by die Sentrum kon inskryf. Aandag is ook gegee aan kanale waardeur die Sentrum gepropageer kon word. Die universiteitsdosente se tyd was in daardie stadium reeds vol beset en daar sou gepoog word om ook persone buite die universiteit op deeltydse basis aan te stel.[294)]

Die getal leerlinge wat gedurende die eerste jaar (1979) onderrig ontvang het, was soos volg:[295)]

294) UPE, lêer 3.3.41: Notule van die Vergadering van die Beheerkomitee van die KODUPE-Musieksentrum om 15h00 op 1 Februarie 1979 in die Raadsaal van die Universiteit van Port Elizabeth.

295) UPE: Notule van die Beheerkomitee, KODUPE, soos gehou op 29 Mei 1979.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fluit en Blokfluit	40
Klarinet	3
Orrel	3
Sang	4
Tjello	22
Viool	64
	136

'n Opname van die behoeftes het getoon dat die aanvraag vir 1980 veel groter was, nl. 343 leerlinge wat, benewens in bogenoemde instrumente, ook nog in kitaar, kontrabas, harp, trompet, horing, hobo en ander hout- en koperblaasinstrumente onderrig wou ontvang. Die getal leerlinge wat vir 1980 goedgekeur is, het op 144 te staan gekom, terwyl die getal instrumente wel uitgebrei is.[296] Verdere uitbreiding is deur die gebrek aan finansies gekortwiek aangesien die totale uitgawe vir 1979 R62 259,78 was, wat 'n tekort van R13 671,88 verteenwoordig het en wat deur die Universiteit Port Elizabeth gefinansier is.[297]

Die nuwe voorsitter van die Bestuurskomitee, mnr. J.J. Visser, het aan die hand van 'n deeglike memorandum die behoeftes van KODUPE ten opsigte van 1980 aan die Departement voorgelê en om 'n totale subsidie van R99 000 vir die jaar aansoek gedoen.[298] Die Departement het nogtans versoek dat die begroting besnoei word en wel 'n subsidie van R77 000 toegeken.[299] Die leerlingtal het ten spyte daarvan gegroei sodat dit op 1 Maart 1980 soos volg daar uitgesien het:[300]

Kitaar	2
Blokfluit	24
Fagot	1
Fluit	18
Hobo	1
Klarinet	6
Eufonium	2

Tabel vervolg/

296) UPE: Notule van die Buitengewone Vergadering van die Beheerkomitee, soos gehou op 5 September 1979.

297) UPE: KODUPE-Musieksentrum, Inkomste- en Uitgawerekening vir die Jaar geëindig 31 Desember 1979.

298) UPE, lêer 3.3.41: Memorandum KODUPE-Musieksentrum.

299) UPE: Notule van vergadering van die Bestuurskomitee van die KODUPE-Musieksentrum gehou op 12 Maart 1980, dokument R/95/80.

300) UPE: UKR-besluite van 14 April 1980 betreffende die Verslag van die Beheerkomitee, KODUPE (Dokument R95/80), verwysing 03/02/38, p.14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Franse horing	9
Tromboon	7
Trompet	13
Tuba	2
Orrel	2
Altviool	1
Tjello	15
Viool	64
	167

Intussen is daar ook met 'n KODUPE-simfoniegroep sowel as Orff-instrumentklasse aan skoolkinders begin.[301)]

Die UPE-strykorkes onder leiding van prof. Jack de Wet het gedurende hierdie jaar (1980) besonder gepresteer. Hulle het gedurende die tydperk 11 - 25 Julie 1980 in Oostenryk getoer waar hulle ook genooi is om oor die Oostenrykse radionetwerk uit te saai. Hulle was een van 5 orkeste wat uit talle inskrywings oral oor die wêreld genooi is om aan die eindronde van 'n internasionale kompetisie deel te neem. Die orkes het uitstekend gevaar en is uiteindelik op 'n tegniese punt tweede geplaas.[302)]

1980 was dan ook die jaar waarin KODUPE-bedrywighede sterk na vore begin tree het soos met prestasies in die UNISA-eksamens en 'n fluit-leerling wat in KRUIK se jeugmusiekfees 'n concerto saam met die KRUIK-orkes gespeel het; die strykorkes het ook verskeie uitvoerings oor die radio en op die TV gelewer en is na die Republiekfees in Durban (1981) genooi; 'n blaasorkes sowel as 'n junior simfonieorkes, aanvanklik met 43 lede, is gestig.[303)] In 1981 is hierdie vordering voortgesit toe die KODUPE-Simfonieorkes sy eerste optrede op 6 Maart in die Sportsentrum van die UPE kon hou; die Junior Strykers het tydens die amptelike opening van die Nasionale Jeugorkeskursus in Johannesburg opgetree; 10 lede van die KODUPE-Simfonieorkes is gekies as volle lede van die Nasionale Jeugorkes; vier violiste het as soliste saam met die Nasionale Simfonieorkes in Johannesburg vir 'n TV-opname opgetree; die verskillende orkeste het by verskeie geleenthede in

301) UPE: UKR-besluite van 14 April 1980 betreffende die Verslag van die Beheerkomitee, KODUPE (Dokument R95/80), verwysing 03/02/38, p.15.

302) UPE: Notule van 'n Vergadering van die Bestuurskomitee van die KODUPE-Musieksentrum gehou op 11 September 1980, dokument R/326/80, par. 4.6.

303) UPE: KODUPE-Musieksentrum, Kort verslag, 15 September 1980.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Port Elizabeth opgetree.[304] 189 leerlinge het in daardie stadium onderrig ontvang, terwyl 5 voltydse en 'n aantal deeltydse dosente die onderrig gegee het. In 1982 het die getal leerlinge tot 176 gedaal, terwyl hulle oor 41 skole versprei was. Gedurende 1983 was die voltydse personeel 4, die deeltydse personeel 16 en die leerlinge 168.[305] Die getal leerlinge het in 1984 tot 179 gestyg.

Die finansiële bystand van die Kaaplandse Onderwysdepartement was gedurende die eerste vyf jaar van die Sentrum se bestaan soos volg:

1979	R 44 000
1980	77 000
1981	92 550
1982	100 130
1983	110 000
1984	110 000

Die feit dat die Departementele subsidie sedert 1982 nie bygehou het met inflasie en die styging in salarisse nie, het sekere implikasies vir die Musieksentrum ingehou. Uitbreidings en die skepping van nuwe poste moes agterweë gehou word[306] en om die gewone program te kon handhaaf, moes die Raad van die Universiteit Port Elizabeth self instaan vir die beraamde tekort. Die Universiteit sou egter nie in staat wees om sodanige tekorte in die toekoms te dra nie.[307] Prestasies deur lede van die Sentrum is steeds gehandhaaf; selfs op internasionale vlak is 'n wenner vir die Interlochen- oorsese beurskompetisie sowel as 'n wenner van die Internasionale Concerto-Kompetisie in Michigan, V.S.A. gelewer.[308]

'n Verdere teenspoed het die Sentrum getref deurdat die Birdstraatgebou in 1984 verkoop is en dus vanaf 1985 nie meer beskikbaar sou wees nie. Die Uitvoerende Komitee van die Universiteitsraad het daarna besluit dat die Sentrum op die koste

304) UPE: KODUPE-Musieksentrum, Kort verslag, Augustus 1981, dokument R/125/81, par. 7.

305) UPE: KODUPE-Musieksentrum, Verslag Augustus 1983, dokument R/146/83, par. 2, 3.

306) UPE: Notule van gewone Vergadering van die Bestuurskomitee van die KODUPE-Musieksentrum gehou op 24 Februarie 1984, dokument R/26/84, par. 4.2.11.

307) UPE: KODUPE-Musieksentrum, Verslag Augustus 1984, dokument R/100/84, par. 13.

308) Ibid., par. 11.1 (vii).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Universiteit na die gebou van die Walmerse Primêre Skool oorgeskuif sou word.[309)]

Die Beheerkomitee van die Musieksentrum het in die eerste vyf jaar van sy bestaan vier voorsitters gehad, almal Streekhoofinspekteurs van Onderwys:
Vanaf 1 Februarie 1979, mnr. R.K. de Villiers; 29 Mei 1979, mnr. J.J. Visser; 20 Augustus 1981, mnr. H.L.F. Koch; 24 Februarie 1984, mnr. D.J. Swanepoel.

2.4.3.2 Die musieksentrum vir die Kaapse Skiereiland

2.4.3.2.1 Ontstaan

Die behoefte aan 'n musieksentrum vir die Kaapse Skiereiland is reeds in 1969[310)] en weer in 1972 sterk aangevoel, maar weens 'n tekort aan fondse kon die saak nie verdere aandag geniet nie.[311)] Toe die SAOU in 1977 by sy Kongres te Oos-Londen vertoë rig vir die stigting van musieksentra in gebiede waar dit prakties uitvoerbaar was, het die Direkteur geantwoord dat daadwerklike aandag reeds gegee is aan die moontlike stigting van musieksentra in die groter stadsgebiede van Kaapland.[312)]

Op 13 Februarie 1979 het mnr. J.P.P. Hugo, Vakadviseur Musiek, 'n voorlopige beplanning en begroting in verband met die voorgestelde musieksentrum te Nuweland aan die Direkteur van Onderwys voorgelê. Die beplanning het voorsiening gemaak vir 'n hoof (wat die helfte van sy tyd aan onderrig, en die ander helfte aan die administrasie sou moes wy), 7 assistente vir instrumentale onderrig en 'n deeltydse sekretaresse. Verder is melding gemaak van uitrusting vir die verskillende kamers, asook die voorsiening van die groter en duurder instrumente soos die harp, basviool, tjello, tuba, skuiftrompet en die Franse horing.[313)] Op 12 Maart

309) UPE: Registrateur (Algemeen) - D.J. Swanepoel, Streekhoofinspekteur, 22 November 1984.

310) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 25/1969, "Beoogde Stigting van 'n Musieksentrum in die Kaapse Skiereiland", Maart 1969.

311) KOD, lêer L.1/0/24/16: Direkteur van Onderwys - Administrateur, "Musieksentrum", 12 Maart 1979, par. 4.

312) Antwoorde van die Direkteur van Onderwys op SAOU-Kongresbesluite, no. 38, in Die Unie, Februarie 1978, p.240.

313) KOD, lêer L.1/7/167/02: J.P.P. Hugo - Direkteur van Onderwys i.s. Musieksentrum Kaapstad, 13 Februarie 1979.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1979 het die waarnemende Direkteur van Onderwys, mnr. A.J. Keulder, deur bemiddeling van die L.U.K. belas met Onderwys, mnr. F.A. Loots, 'n voorlegging aan die Administrateur gemaak met die versoek dat die stigting van 'n musieksentrum met die hoofdoel om leerlinge die geleentheid te bied om onderrig in goedgekeurde simfonieorkesinstrumente te ontvang, in beginsel goedgekeur word. Die voorlegging het melding daarvan gemaak dat die Departement se instrumentale opvoedingsprogram hoofsaaklik voorsiening gemaak het vir onderrig in klavierspel. Die openbare belangstelling in simfonie-, opera- en balletuitvoerings het egter 'n kritieke tekort aan orkeslede veroorsaak, sodat die professionele orkeste in die land slegs uit sowat 10% gebore Suid-Afrikaners bestaan het.[314] Die eiendom bekend as Monorgan in Nuweland is vir die Administrasie te koop aangebied en kon as geskikte gebou vir die beoogde sentrum beskou word.[315] Op 13 Maart 1979 het die Uitvoerende Komitee die stigting van die musieksentrum in die Kaapse Skiereiland goedgekeur.[316] Na 'n verdere voorlegging deur die volgende Direkteur van Onderwys, dr. P.S. Meyer, het die Uitvoerende Komitee op 4 Maart 1980 besluit dat die sentrum vanaf Januarie 1981 gestig sou word, dat die nodige instrumente aangeskaf en dat die verlangde personeel aangestel sou word.[317] Ongelukkig moes die implementeringsdatum tot 1 Julie 1982 uitgestel word as gevolg van 'n besparingsveldtog in die owerheidsektor wat dit genoodsaak het dat geen poste in die betrokke boekjaar geskep kon word nie.

Die personeeldiensstaat wat reeds goedgekeur was, het 'n wysiging ondergaan te dien effekte dat drie van die assistentsposte tot dié van departementshoof omskep is. Die oogmerk hiervan was 'n groter organisatoriese verantwoordelikheid, asook om geskikte aansoekers teen 'n mededingende salaris te kan lok. Die Uitvoerende Komitee het dan ook op 30 Maart 1982 die personeeldiensstaat soos volg goedgekeur: 1 hoof (op dieselfde posvlak as hoof S2), 3 departementshoofde (senior instrumentaliste), 3 musiekonderwysers (instrumentaliste), 1 sekretaresse en 2 skoonmakers.[318]

314) Vide infra, p.339, bylae 1.

315) KOD, lêer L.1/7/167/02: Waarnemende Direkteur van Onderwys - Administrateur, 12 Maart 1979.

316) KOD, lêer L.1/7/167/02: Uitvoerende Komitee, Minute no. 458/1979, 13 Maart 1979.

317) KOD, lêer L.1/7/167/02: Uitvoerende Komitee, Minute no. 331/1980, 4 Maart 1980.

318) KOD, lêer 1/32/195/02: Uitvoerende Komitee, 30 Maart 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.3.2.2 'n Geskikte gebou

Die gebou wat aanvanklik beoog is, naamlik Monorgan in Nuweland, het ná 'n ondersoek deur die hoof van die Musieksentrum, mnr. J.F. Zietsman wat ook 'n opgeleide argitek is, geblyk nie 'n geskikte gebou te wees nie vanweë die hoë koste wat aangegaan sou moes word om die akoestiese gebreke te oorkom. 'n Ander gebou, naamlik Beau Soleil te Kenilworth, het toe onder die aandag gekom.[319] Die Direkteur: Onderwys het reeds in Junie 1968 vertoë gerig dat die betrokke eiendom, wat aan die terrein van die Hoërskool Voortrekker grens, onteien word met die oog op die uitbreiding van sportfasiliteite vir hierdie skool. Op 28 Desember 1973 is die gebou en terrein vir R200 000 uit die boedel van wyle kolonel J.G. Rose aangekoop. Dié Eduardiaanse herewoning is op versoek van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar kragtens kennisgewing no. 1187 van die Uitvoerende Komitee, gedateer 10 Junie 1983.[320]

2.4.3.2.3 Die eerste Advieskomitee

'n Advieskomitee vir die Musieksentrum het op 12 Februarie 1982 gekonstitueer en het uit die volgende persone bestaan: mnr. J.S. Labuschagne (Eerste Onderwysbeplanner - voorsitter), mnre. J.P.P. Hugo (Senior Vakadviseur Musiek), W.T. Oosthuysen (Assistent-hoof, Fisiese Geriewe), S.B. Smith (administratiewe beampte), R.A. Bowes (Inspekteur van Onderwys), J.F. Zietsman (hoof - adviserend) en mev. A.M. Wium (Vakadviseur Musiek). (Mnr. J. Campbell, Inspekteur van Onderwys in die Wynberg-omgang, is op 6 Desember 1982 in die Beheerkomitee gekoöpteer.) Die volgende sake het op die eerste vergadering aandag geniet: die agtergrond en ontstaan van die sentrum, doelstellings en doelwitte, Musiek as eksamenvak, gebou, tikwerk, salarisstrukture van die personeel, deeltydse personeel, begroting, 'n eie rekening, die adverteer van poste, orkesspel, oorsese katalogusse, publisiteit en vervoer.[321] Op hierdie vergadering is ook besluit dat die aankoop van 'n harp eers agterweë gehou sou word, veral vanweë die hoë koste daaraan verbonde.

319) KOD, lêer 1/7/167/04: Notule van die vergadering van die Advieskomitee van die Musieksentrum, 30 Maart 1982.

320) Departement van Werke, lêer AC 2/20/103/3: Direkteur: Werke - E. Smit, 11 September 1984.

321) KOD, lêer L.1/7/167/04: Notule van die vergadering van die Advieskomitee van die Musieksentrum, 12 Februarie 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.3.2.3 Die werksaamhede aan die Sentrum

- Die opening en 'n naamsverandering

Die hoof van die Musieksentrum, mnr. J.F. Zietsman, wat reeds op 1 Februarie 1982 diens aanvaar het, het in oorleg met die Advieskomitee op 29 Maart 1982 'n volledige inligtingsbrief aan alle skoolhoofde in die inspeksiestreke van Kaapstad en Parow uitgereik.[322] Hierdie brief het inligting verskaf in verband met ligging en vervoer, doel en omvang, die huur van instrumente, lesse en gelde vir buitekurrikulêre en vakleerlinge, toelatingsvereistes, leerlinge in primêre en sekondêre skole, ander aktiwiteite en 'n versoek om die voorlegging van voorlopige kandidate se name. En op 23 April 1982 het die Direkteur van Onderwys, mnr. H.A. Lambrechts, by wyse van 'n persverklaring die doel van die Musieksentrum geskets: die algemene musisering van die skoolgaande jeug, die opleiding van jong instrumentaliste met die oog op die kweek van 'n lewenslange belangstelling (sommige waarvan tot die instrumentale onderrig en ander tot simfonieorkeste sou toetree, of op 'n ander wyse musikaal aktief sou bly om die gemeenskappe waarin hulle beweeg, kultureel te verryk), en die totstandbrenging van 'n Kaapstadse Jeugsimfonieorkes.[323]

Die werwing van leerlinge vir die Sentrum het gepaard gegaan met 'n vraelys wat vir elke leerling afsonderlik ingevul moes word. Die musiekonderwyser by die skool moes die leerling op 'n vyf-punt-skaal evalueer ten opsigte van algemene musiekaanleg, skoolprestasies, intelligensie, houding ten opsigte van die akademie, musiek en sosiaal, fisieke koördinasie, en ondersteuning en aanmoediging van die ouers. Die 255 vraelyste wat reeds op 24 Junie 1982 ontvang is (alle skole het toe nog nie gereageer nie) en waarvan die leerlinge aan die minimum toelatingsvereistes voldoen het, was so verdeel: strykinstrumente 85, houtblaasinstrumente 95, koperblaasinstrumente 45, slagwerk 10 en onseker 20.[324] Nadat die gebou op 19 Julie 1982 in gebruik geneem is, kon die keuring van kandidate op 26 Julie 1982 begin en het die eerste lesse (toe nog net in blaasinstrumente) op 17 Augustus 1982 'n aanvang geneem.[325] As gevolg van die werwing van geskikte personeel kon die eerste onderrig in stryk- en slagwerkinstrumente eers op 1 Februarie 1983

322) Musieksentrum, lêer MS-O: Nuusbrief 2/1982, Inligting in verband met Musieksentrum, 29 Maart 1982.

323) "Musieksentrum vir skole" in Die Burger, 27 April 1982.

324) KOD, lêer L.1/7/167/04: Notule van 'n vergadering van die Advieskomitee van die Musieksentrum, 24 Junie 1982.

325) KOD, lêer L.1/7/167/04: J.F. Zietsman - Direkteur van Onderwys, 18 April 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

begin.[326)]

Die amptelike opening van die sentrum is op 15 April 1983 deur die Direkteur van Onderwys, mnr. H.A. Lambrechts, waargeneem. In daardie stadium het die personeel uit 3 voltydse en 18 deeltydse instrumentaliste bestaan, en het 118 leerlinge in blaasinstrumente, 60 in strykinstrumente en 12 in slagwerk onderrig ontvang. 'n Junior blaasorkes van 41 lede onder leiding van mnr. Nico Hoogendoorn, 'n intermediêre blaasorkes van 31 lede onder leiding van mnr. R.C. Howell en 'n senior blaasorkes van 28 lede onder leiding van mnr. J.F. Zietsman was ook reeds aan die gang.[327)]

Die volgende belangrike aanstelling in die personeel was 'n departementshoof in strykinstrumente, mnr. D. Snaith, wat op 1 Mei 1984 diens aanvaar het. Opsommenderwys is die senior personeel dus op die volgende datums aangestel:

1 Februarie 1982: hoof, mnr. J.F. Zietzman
1 Julie 1982 : departementshoof houtblasers, mnr. R.C. Howell
1 Oktober 1982 : departementshoof koperblasers, mnr. N. Hoogendoorn
1 Mei 1984 : departementshoof strykers, mnr. D. Snaith

Die naam van die sentrum (Die Kaapstadse Musieksentrum) moes ook in heroorweging geneem word, aangesien daar 'n musiekwinkel met 'n gelykluidende naam bestaan het. Die Direkteur van Onderwys het toe verlof toegestaan dat die naam na die Musieksentrum Beau Soleil (Music Centre Beau Soleil) verander word.[328)]

Instrumente kan aan leerlinge verhuur word, veral met die oog op aanvanklike onderrig en sover dit die duur instrumente betref. In Augustus 1984 was die volgende instrumente op die Musieksentrum se inventaris:

Klavier	8	Hobo	3	Stel tempelblok	1
Viool	5	Fagot	7	Marimba	1
Altviool	2	Saxofoon	4	Tromstel	1
Tjello	10	Trompet	2	Bastrom	1
Kontrabas	3	Horing	5	Buisklokke	1
Piccolo	1	Skuiftrompet	4	Pouke	4

Tabel vervolg/

326) KOD, lêer L.1/7/167/04: J.F. Zietsman - Direkteur van Onderwys, 18 April 1983.

327) Ibid.

328) KOD, lêer L.1/7/167/04: Notule van 'n vergadering van die Advieskomitee, 21 September 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fluit	1	Eufonium	4	Gong	1
Klarinet	1	Tuba	5	Simbale	1
Altklarinet	1	Stel rototom	1	Glockenspiel	1
Basklarinet	1	Tamboeryn	2	Sytrom	2
				Hangsimbaal	1

- Leerlingaangeleenthede

Die jaar 1984 het reeds getuig van vordering op verskeie terreine. Benewens die drie reeds bestaande blaasorkeste is ook drie strykorkeste gestig: 'n junior, 'n intermediêre en 'n senior strykorkes. Verskeie blaasensembles het die eerste keer aan die Cape Town Eisteddfod deelgeneem, en die Senior Blaasorkes het die eerste keer aan die blaasorkesfees van die Universiteit Stellenbosch deelgeneem. Die resensent, Fred Scott, het geskryf: "Die Beau Soleil-blaasensemble onder leiding van Johan Zietsman het in sy debuutoptrede getoon dat hy in alle afdelings oor groot potensiaal beskik."[331)]

Waar aanvanklik 141 leerlinge met instrumentale onderrig begin het, was daar in Julie 1984, twee jaar na die stigting van die Musieksentrum, 208 leerlinge wat onderrig in orkesinstrumente ontvang het. Hulle was, wat instrumente en skoolstanderds betref, so verdeel:[332)]

Instrument	Sub-st.B	st.1	st.2	st.3	st.4	st.5	st.6	st.7	st.8	st.9	st.10	Totaal
Viool	2		5	6	7	4	7	3	3			37
Altviool						1		1	2			4
Tjello			2	3	1	4	3		1			14
Kontrabas						1	1			1		3
Fluit				2		3		14	2	2	1	24
Klarinet				2	2	6	7	4	2	3	1	27
Hobo			1			2	2	3		1	1	10
Fagot					1	1	1	3	1			7
Saxofoon						3	1	2		2	2	10

Tabel vervolg/

329) KOD, lêer L.1/7/167/01: Direkteur van Onderwys - Die Administrateur, 24 Augustus 1983.

330) KOD, lêer L.1/7/167/01: Uitvoerende Komitee, minute no. 1087/1983, 29 Augustus 1983.

331) Ted Scott: "Blaasorkeste imponeer", in Die Burger, 16 Augustus 1984, p.10.

332) Inligting verkry van die hoof van die Musieksentrum op 24 Augustus 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Instrument	Sub-st.B	st.1	st.2	st.3	st.4	st.5	st.6	st.7	st.8	st.9	st.10	Totaal
Trompet		1		2	4	1	4	8	1	1	3	25
Skuiftrompet					1	3	1	2	1	4	1	13
Franse Horing						1	4	3	1	1		10
Eufonium					3	1		2				6
Tuba					1			2		1		4
Perkussie		1	2	1		3	2	1	2	2		14
Totaal	2	2	10	16	20	34	33	48	16	18	9	208

24 van hierdie leerlinge het hulle instrumentale onderrig kurrikulêr ontvang:

st. 6 - 4
7 - 8
8 - 3
9 - 5
10 - 4

- Indiensopleiding vir onderwysers

Die personeel van die Musieksentrum het die behoefte begin aanvoel dat die onderwysers van die gewone skole nouer by die musiekopvoedingsprogram moet inskakel ten einde leerlinge wat instrumente bespeel, beter te kan benut in die skool se musiekprogram deur byvoorbeeld die instrumente te kombineer in ensembles saam met Orff-instrumente en/of kore. Daar is selfs in die vooruitsig gestel dat onderwysers by die skole leerlinge wat probleme met hulle instrumente ondervind kon help en selfs in 'n beperkte mate les aan beginners kon gee. Vir hierdie doel is 'n eerste reeks besonder geslaagde tweedaagse aand-indiensopleidingsklasse vir onderwysers gedurende die tydperk 13 Februarie 1984 tot 1 Maart 1984 gehou.[333)]
Die volgende aspekte is gedek:

Dag 1 - agtergrond van die instrumente en die speel daarvan; beginsels waarop spel gebaseer word; klankproduksie van die begin af; die hantering en sorg van instrumente; algemene probleme en sorg van instrumente; algemene probleme en oplossings.

Dag 2 - meer detail oor spesifieke instrumente; hantering van spesifieke fi-

333) Musieksentrum, lêer MSO/01/84: "Onderwyserhulp: Instrumentale Onderrig", 30 Januarie 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sieke probleme; repertorium en metodiek; vraag en antwoord.

Twee kursusse is vir koperblaas- en twee kursusse vir houtblaasinstrumente gehou.

2.4.4 Die betaling van musiekgeld

In die vroeë twintigerjare is die lesgeld vir buite-kurrikulêre musiekonderrig op £1.17s.6d per kwartaal (R3,75) plus 10s.0d (R1) vir harmonieonderrig vasgestel. Die geld was vooruitbetaalbaar en indien 'n leerling nie binne een maand vanaf die begin van die kwartaal betaal het nie, mog hy nie verder musiek neem nie. Die vergoeding waarop 'n onderwyser vir onderrig ná ure kon aanspreek maak, was vir 'n maksimum van 10 uur.[334] In daardie stadium was musiekbetrekkings in 'n groot mate selfversorgend sover dit die besoldiging van onderwysers betref.[335]

Hierdie bedrag het baie jare lank dieselfde gebly ten spyte van die geleidelike styging in koste. Toe die SAOU in 1939 vertoë gerig het dat die lesgeld tot £1.7s.6d verminder behoort te word, het die Kontroleur van Onderwysfinansies geantwoord dat Musiek as 'n spesiale vak beskou is, die onderrig waarvan addisionele uitgawes vir die Administrasie meegebring het en waarop aansienlike verliese gely is.[336] Op die 1940-Kongres van die SAOU is egter weer eens vertoë om 'n vermindering tot £1.10s. per kwartaal gerig (harmonie en kontrapunt ingesluit).[337]

Ook die Vroue-Landbouvereniging van Kaapland het op hulle 1944-Kongres tot die slotsom gekom "dat in ons dae van kulturele ontwikkeling dit gebeur dat Musiek as vak uitgesonder word om belas te word. Kinders wat Musiek wil neem, kan nie in aanmerking kom vir kwytskelding van skoolgeld nie, en hierdie Kongres versoek beleef en dringend om hierdie anomalie te verwyder."[338] Die SAOU het eweneens in 1944 versoek dat die behoeftige musiekleerlinge nie gepenaliseer behoort te word

334) Kantoor van die Administrateur, lêer EM/42: Omsendbrief 46/1922 aan alle Skoolraadsekretarisse, "Fees for individual Instruction in Music", 6 April 1922.

335) Vide supra, p.71 vir salarisskale.

336) KOD, lêer EM/42: Kontroleur van Finansies - Dr. G.G. Cillié, Sekretaris van die SAOU, 20 Mei 1939.

337) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 33, in Die Unie, 1 Maart 1943, p.203.

338) KOD, lêer L.1/0/2/24: Vroue-Landbouvereniging-SGO, 28 Oktober 1944.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle om vrystelling van skoolgeld aansoek gedoen het nie.[339] Die volgende jaar het die SAOU dieselfde versoek gerig ten opsigte van leerlinge wat om losiesbeurse aansoek gedoen het.[340] Dieselfde vertoë is deur die SATA in 1946[341] en die SAOU in 1947 herhaal, terwyl laasgenoemde vereniging ook daarop gewys het dat die ander provinsies die betaling van skoolgeld afgeskaf het.[342] Die SGO het telkemale geantwoord dat die versoeke na die Kontroleur van Finansies verwys is, maar ook gemeld dat musiekonderrig baie duur was. Waardering is egter ook deur die SAOU uitgespreek vir die Departement se subsidiëring van instrumentale onderrig aan leerlinge.[343]

Leerlinge wat Musiek as eksamenvak geneem het, was onderhewig aan dieselfde bepaling t.o.v. die betaling van musiekgeld. In 1957 en 1961 het die SAOU om die vrystelling daarvan vertoë gerig, maar die Departement het aanvanklik nie sy weg oop gesien nie.[344] Die Uitvoerende Komitee het hierdie beleid weer eens in 1962 bekragtig met die oog op die finansiële posisie van die Provinsie.[345]

Die deurbraak is by wyse van 'n ordonnansiewysiging op 3 April 1964 aangekondig. Vanaf die tweede kwartaal van 1964 sou geen musiekgeld gehef word nie vir die onderrig van 'n leerling in Musiek (Instrumentale Musiek, Harmonie en Kontrapunt ingesluit) wat hy as eksamenvak van die sesde tot en met die tiende standerd geneem het.[346] Die SAOU het vir hierdie vergunning sy opregte dank uitgespreek.[347]

339) Verslag van die veertigste SAOU-Kongres, besluit no. 11, in Die Unie, 1 Augustus 1944, p.23.

340) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 21, in Die Unie, 1 Mei 1946, p.237.

341) Antwoorde van die SGO op SATA-kongresbesluite, no. 2, in Education, Mei 1947, p.69.

342) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 5, in Die Unie, 1 April 1948, p.202.

343) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 19, in Die Unie, 1 Mei 1953, p.245.

344) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 29, in Die Unie, 1 Mei 1957, p.314, en no. 8, in Die Unie, 1 Maart 1962, p.483.

345) KOD, lêer L.1/0/2/24: Vergadering van die Uitvoerende Komitee, Minute no. 1497/1962, 20 Junie 1962.

346) KOD: Omsendbrief 64/1964, "Wysiging van die Onderwysordonnansie, 1956: Betaling van Musiekgeld", 10 Augustus 1964.

347) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 17, in Die Unie, 1 Februarie 1965, p.429.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die eerste verhoging van musiekgeld na 'n tydperk van $39^3/4$ jaar is in 1961 aangekondig. Vanaf 1 Januarie 1962 is die musiekgeld van R3,75 tot R4,75 verhoog.[348] In sy 1966-jaarverslag het die SGO weer eens daarop gewys dat die koste verbonde aan musiekonderrig aan individuele leerlinge aansienlik was, want benewens die vergoeding aan die onderwysers moes musieklokale en klaviere ook voorsien word.[349]

Die betaling van dieselfde musiekgeld vir Instrumentale Musiek of Solosang was ook van toepassing op studente aan opleidingskolleges wat onderrig ontvang het, en wat nie deel van hulle onderwysersertifikaatkursus was nie.[350]

Die Departement het ook toegestem dat leerlinge in groepe onderrig mag word, in welke geval die onderriggeld vir een leerling eweredig onder die lede van die groep verdeel moes word.[351]

'n Verdere vergunning het vanaf 1 April 1973 gegeld: 'n vermindering van musiekgeld wat deur die Komitee van Onderwyshoofde op R4,50 per leerling per kwartaal vasgestel is.[352] Vir die onderrig van Harmonie en Kontrapunt het die onderriggeld R1 per leerling per kwartaal gebly.[353] Die betaling van hierdie R1 het egter met ingang 1 Januarie 1978 verval.[354]

Die vooruitbetaling van musiekgeld het steeds 'n voorwaarde gebly, en by gebreke daarvan kon 'n leerling nie toegelaat word om onderrig te ontvang totdat die geld vir die kwartaal ten volle betaal was nie.[355]

348) Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop: Omsendbrief 26/1961, "Musiekgeld", 9 Oktober 1961.

349) KOD: Verslag van die SGO oor die Jaar 1966, p.7.

350) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 4/1968, "Departementele Musiekonderwysers/esse", Januarie 1968, par. 3.

351) Ibid., par. 4.

352) KOD: Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die Jaar 1972, p.4; lêer L.15/66/9: Omsendbrief 29/1973, "Departementele Musiekonderwysers(esse), Lesgeld vir Buite-kurrikulêre Musiekonderrig", 30 Maart 1973.

353) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 2/1975, "Departementele Musiekonderwysers/esse", 15 Januarie 1975, par. 3(b).

354) KOD, lêer L.15/66/9: Omsendbrief 50/1977, "Onderrig in Musiek", par. 2.11.2.

355) Ibid., par. 2.11.4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanaf 1 April 1982 is die musiekgeld (sowel as die onderriggeld vir ballet) die eerste keer in 20 jaar verhoog, en wel tot R10 per leerling per kwartaal.[356)]

Opsommenderwys was die musiekgeld dus soos volg betaalbaar:

1922	-	£1.17s.6d
1962	-	R4,75
1973	-	R4,50
1982	-	R10,00

Hierdie besonder goedkoop musiekonderrig (en gratisonderrig in die geval van Musiek as eksamenvak) kan beskou word as een van die gunstigste voorregte vir die onderwys van enige vak in die kurrikulum omdat die grootste deel van die onderrig op 'n individuele basis geskied.

Hoewel dit uit die aard van die saak baie moeilik is om die koste van een musiekles te bereken vanweë die rol van 'n aantal moeilik berekenbare faktore (soos geboue, fasiliteite, diensvoordele van die onderwysers), kan nogtans gelet word op die koste salarisgewys, soos gebaseer op die 1982- en Oktober 1984-skale. Ter illustrasie word net twee salariskerwe gebruik: dié van onderwyseres kategorie D in die eerste jaar van haar onderwysloopbaan, en dié van onderwyser kategorie E wat op die maksimum van die tweede prestasie-erkenning staan. Verder word veronderstel dat elkeen van hierdie twee onderwysers aan 25 leerlinge buite-kurrikulêre musiekonderrig gegee het en dat die leerlinge uit die ongeveer 200 skooldae per jaar benaderd 6 weke lank vanweë eksamens en ander onderbrekings nie musiekonderrig ontvang het nie. Dit lewer dan ongeveer 70 individuele lesse per leerling per jaar.

Benaderde koste per les (salarisgewys):[357)]

356) KOD, lêer L.1/0/2/18/2: Omsendbrief 8/1982, "Verhoging van Gelde wat gehef word ten opsigte van Pre-primêre Onderrig by Departementele Skole asook Gelde vir Onderrig in Buite-kurrikulêre Vakke (Musiek, Ballet en Kuns)", 3 Maart 1982.

357) Aangesien die aangeleentheid van die besoldiging van onderwysers vertroulik is, is verlof van die Direkteur: Onderwys gevra om hierdie bedrae te gebruik. Vide Direkteur: Onderwys - E. Smit, lêer L.15/73/7, 6 Augustus 1985.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Beginneronderwyseres kategorie D	Onderwyser, maksimum van tweede prestasie-erkenning kategorie E
Skale 1981 - September 1984	R4,48	R10,00
Skale vanaf Oktober 1984	R6,73	R14,81

Daar sal dus ernstig besin moet word of musiekonderrig op 'n basis van een-tot-een onbeperk so voortgesit kan word en of alternatiewe vorme nie 'n meer optimale benutting van mannekrag tot gevolg kan hê nie. Terselfdertyd sal oorweging geskenk moet word aan 'n selfs ingrypende verhoging in die onderriggeld wat teen die einde van 1984 op net R10 per leerling per kwartaal te staan gekom het.

2.5 DIE MUSIEKINSPEKTORAAT

Toe dr. Thomas Muir in 1893 as SGO van Kaapland aangestel is, het hy die onderwysstelsel op verskeie gebiede begin hervorm. Hy was veral oor die stand van musiekopvoeding bekommerd en het dit noodsaaklik geag om twee inspekteurs spesiaal vir hierdie doel aan te stel.[358)]

2.5.1 Benaminge

Die benaminge van die musiekinspektoraat het met die verloop van tyd soos volg verander:[359)]

1916 : Instrukteur (Engels : Instructor; Nederlands : Departementsleraar)
1923 : Inspekteur van Musiek
1925 : Instrukteur van Vokale Musiek
1934 : Instrukteur van Musiek
1950 : Inspekteur van Musiek
1959 : Organiseerder van Musiek
1964 : Inspekteur van Musiek
1970 : Vakinspekteur van Musiek
1975 : Vakadviseur van Musiek

Vervolg/

358) Vide supra, p.44.

359) Vide Jaarverslae van die SGO/Direkteure van Onderwys en Onderwysgasette oor die tydperk 1916 - 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Beplanner van Musiek (vir die Senior Adviseur)
1980	:	Eerste Vakadviseur (Musiek)
		Senior Vakadviseur (Musiek)
		Vakadviseur (Musiek)
1984 (Okt.)	:	Adunk-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek)
		Senior Assistent-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek)

2.5.2 Uitbreiding van die inspektoraat

Die aanvanklike getal van 2 Instrukteurs het geblyk nie voldoende te wees nie, want die provinsie was baie uitgestrek en moes in Westelike Distrikte en Oostelike Distrikte verdeel word. Reeds in 1919 het mnr. F. Farrington, wat toe een van die twee Instrukteurs was, in sy verslag aanbeveel dat daar 'n aparte superintendent vir vokale musiek behoort te wees en dat hy die hulp van soveel assistente as wat nodig was, moes hê.[360] In 1934 het mnr. S.J. Newns, die een Instrukteur van Musiek, daarop gewys dat met twee Departementele Instrukteurs dit onmoontlik was om elke skool jaarliks te besoek.[361]

In 1939 is 'n besluit op die SAOU-Kongres geneem wat die Departement sou versoek om op die wenslikheid van die aanstelling van 'n aantal sangadviseurs in te gaan.[362] Die Hoofbestuur van die SAOU het egter op sy vergadering van 2 Oktober 1939 van hierdie besluit afgestap.[363] Vertoë is weer in 1952 gerig dat meer sanginspekteurs aangestel moes word sodat klasonderrig in Skoolmusiek beter gekontroleer kon word, maar die SGO het geantwoord dat daar nie in daardie stadium aan die versoek voldoen kon word nie.[364] 'n Soortgelyke versoek is ook in 1954 van die hand gewys.[365] Die getal inspekteurs vir Musiek wat aanvanklik net twee was, is nietemin in 1950 met een en weer in 1956 met nog een vermeerder, sodat

360) KOD: Report of the SGE for the Year 1919, p.48.

361) KOD: Report of the SGE for the Period 1934 - 1935, p.128.

362) Besluite van die 1939 SAOU-Kongres, no. 48, in Die Unie, 1 November 1939, p.43.

363) SAOU: Notule van SAOU-Hoofbestuursvergadering, in Die Unie, 1 November 1939, p.15, par. 4.

364) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 20, in Die Unie, 1 Mei 1953, p.245.

365) Antwoorde van die SGO op SAOU-Kongresbesluite, no. 11, in Die Unie, 1 Maart 1954, p.192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die getal in 1984 steeds 4 was.

2.5.3 Bekleërs van die betrekkings in die inspektoraat

Ter wille van die volledigheid word vervolgens 'n naam- en datumlys van al die persone wat poste in die musiekinspektoraat gevul het, aangegee:[366)]

1893 - 1894 :	Mnr. J. Rodger
1894 - 1923 :	Mnr. A. Lee
1884 - 1924 :	Mnr. F. Farrington
1925 :	Mnr. A.H. Ashworth (waarnemend)
1925 - 1944 :	Mnr. S.J. Newns
1923 - 1934 :	Mnr. P.K. de Villiers
1935 - 1953 :	Mnr. W.L.W. Poles
1946 - 1949 :	Mnr. P.J. Britton
1946 - 1961 :	Mnr. J. MacLachlan
1950 - 1959 :	Mej. H.S. Anders
1954 :	Mnr. I.D.M. Condie (waarnemend)
1956 - 1957 :	Mnr. S. Smuts
1956 - 1957 :	Mnr. J.G. Vermaak
1957 - 1969 :	Mnr. J.J. Enslin
1960 - 1964 :	Mnr. J.D. Malan
1962 - 1971 :	Mnr. D.J.H. Müller
1964 - 1973 :	Mnr. M. van der Spuy
1969 - 1977 :	Mnr. N.F.P. Burger
1970 :	Mnr. J.P.P. Hugo
1973 :	Mnr. G.R. Smith
1975 :	Mev. A.M. Wium
1979 :	Mnr. G.P. Hugo

2.5.4 Verslae

Vroeër het verslae van die musiekinspektoraat in Die Onderwysgaset en ook in die SGO-verslag onder hulle name verskyn. Gedurende ander jare soos 1916, 1917, 1920, 1923, 1946 en 1952 - 1953 het die SGO self ook spesiaal van Musiek melding gemaak sodat, in die geheel gesien, oor Musiek betreklik deeglik verslag gedoen is gedurende die tydperk 1916 - 1953. In hierdie proefskrif word verskeie kere na hierdie verslae verwys wat 'n insiggewende beeld van die stand van musiekopvoe-

366) Vide Verslae van die SGO/Direkteur van Onderwys oor die jare 1894 - 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ding gedurende die betrokke tydperk verskaf. Die publikasie van sodanige verslae is vanaf 1954 gestaak.

2.5.5 Omgange

Vir die doel van onderrigleiding in musiek was Kaapland teen die end van 1984 soos volg verdeel: mnr. J.P.P. Hugo (Adjunk-SO), 'n deel van Wes-Kaap en Noordwes-Kaap; mev. A.M. Wium (SASSO), 'n gedeelte van Wes-Kaap en die Suidwestelike distrikte; mnr. G.R. Smith (SASSO), Oos-Kaap; mnr. G.P. Hugo (SASSO), Noord- en Noordoos-Kaap.

2.5.6 Die pligstaat van die Adjunk-superintendent/Senior Assistent-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek)

Die pligstaat kan in twee hoofafdelings verdeel word: administratief en professioneel.

Administratief:

* Besluit oor prosedures om die Departementele beleid ten opsigte van musiek uit te voer.
* Klasgroeperings in skole.
* Kontroleer gedifferensieerde programme vir alle leerlinge.
* Modereer vraestelle, nasienskemas, punte, simbole, praktiese werkstukke en jaarpunte.
* Kontroleer die werkverdeling onder die onderwysers, die doeltreffendheid van roosterbeplanning, die versorging van departementele eiendom, voorrade (bestellings, inventarisse, afskrywings, katalogusse), vakfasiliteite, die produktiewe benutting van biblioteke en mediasentrums, aanbevelings vir die boekekomitee.
* Skryf verslae oor skoolbesoeke.
* Werk- en reisbeplanning.
* Stel voorligtingstukke saam vir verspreiding in die omgang of streek.
* Verrig Departementele komiteewerk in die musiek deur bv. studiekomitee, eksamenwerk, kommissies van ondersoek, interdepartementele komiteewerk.
* Waar verlang, doen aanbeveling aan die Departement via die Superintendent van Onderwys (Onderrigleiding) met betrekking tot vaste aanstellings van onderwyspersoneel, prestasie-erkennings van onderwysers, bykomende deeltydse en rond-

367) G. de Villiers, Hoofonderwysbeplanner - E. Smit, 24 Augustus 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reisende onderwysers, die invoering van nuwe vakke, nuwe klein werke, die neem van 'n sewende vak deur senior sekondêre leerlinge, klagtes van wangedrag.

* Verskaf by wyse van 'n E.6-navraag inligting, motivering, kommentaar en 'n aanbeveling aan die Departement.
* Kontroleer die nakoming van voorskrifte in verband met vakke, bv. sillabusvereistes en tydtoewysing.
* Hanteer tenders en stel spesifikasies op (slegs Adjunk-S.O.)

Professioneel

* Hanteer en kanaliseer klagtes en probleme in verband met ongunstige menseverhoudings.
* Bedag wees op onheilsame neigings en afwykings by onderwysers.
* Woon skoolfunksies op uitnodiging by.
* Doen formele besoeke in primêre standerds.
* Doen formele besoeke in sekondêre standerds.
* Besoek tersiêre inrigtings op uitnodiging.
* Doen opvolgwerk by wyse van informele besoeke.
* Kontroleer die peil van professionele leiding en personeelontwikkeling op die musiekvakgebied, en die gehalte van dissipline op die vakgebied.
* Gee tydens en na besoeke voorligting aan vakonderwysers met betrekking tot die verhoging van die onderrigstandaarde, die verbetering van onderrigtegnieke, die vernuwing ten opsigte van klaskamerpraktyke, leerlingevaluerings- en/of eksamineringstegnieke, werkbeplanning.
* Reël en/of aanbied van indiensopleidingsgeleenthede, soos studiegroepe of seminare vir groepe leerkragte.
* Bywoning van indiensopleidingskursusse vir leerkragte, dosente en superintendente van onderwys.
* Ontmoet beginner-onderwysers: motiveer, bemoedig en gee algemene wenke.
* Gee leiding ten opsigte van musiek.
* Lees en studeer en doen navorsing om op die hoogte van die ontwikkeling in die pedagogiek en die vakgebied te bly.
* Skep die klimaat vir 'n vrymoedige navraagsituasie op die vakgebied.
* Moedig onderwysers aan om met meer ervare vakgenote te skakel.
* Beantwoord navrae van skoolhoofde en rektore in verband met benoemings in musiek.
* Stel die Departement via die Superintendent van Onderwys (Onderrigleiding) in kennis van wetenswaardige feite, gebeure of tendense.
* Hou toesprake op uitnodiging.

Dit is duidelik dat die adjunk- en senior assistent-superintendente van onderrigleiding (Musiek) vir 'n omvattende pligstaat verantwoordelik is en 'n groot rol te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

speel het in die beheer en kontrole oor Kaapland se omvattende musiekopvoedingsprogram met sy verskeidenheid van onderafdeligs. As veral daaraan gedink word dat kurrikulêre musiekonderrig (insluitende eksaminering), buite-kurrikulêre musiekonderrig én Klasmusiekonderrig vir die hele Kaapland deur net vier persone hanteer moet word, kan die vraag tereg gestel word of die tyd nie ryp is dat die getal superintendente uitgebrei moet word nie.

Sedert die ontstaan van onderwysersentra (die eerste een in 1973) het die ASO en SASSO (Musiek) op versoek van onderwysers 'n prominente rol daar begin speel. Vervolgens word kortliks op die rol van onderwysersentra t.o.v. musiekopvoeding ingegaan.

2.6 ONDERWYSERSENTRA

'n Belangrike ontwikkelingsfase in die uitbou van musiekopvoeding in Kaaplandse skole is die stigting van Onderwysersentra waar musiekonderwysers die geleentheid gebied word om in vakstudiegroepe en op eie inisiatief werkgroepe te vorm. Die volgende onderwysersentra het reeds sulke groepe gevorm:

2.6.1 Die Kaapstadse Onderwysersentrum[368)]

Hierdie sentrum is in April 1973 gestig. Sedert die stigtingsjaar het 'n musiekstudiegroep bymekaargekom, maar hulle was nie baie aktief nie. Hulle het egter die aktiwiteite van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (SAVMO/SASMT) sterk ondersteun. In September 1982 is twee musiekstudiegroepe gestig, een vir hoër en een vir laer skole. Hierdie groepe vergader minstens vier keer per jaar, maar dit kom ook voor dat hulle 2 tot 3 keer per kwartaal vergader.

Om die werksaamhede van die musiekstudiegroepe te illustreer, word 'n lys van die byeenkomste van 1983 en 1984 aangestip:

1983	Onderwerp	Primêr/Hoër	Inleier
9 Februarie 9, 16 Maart (3 vergaderings)	Gehoorvermoë en hoe dit ontwikkel kan word	P/H	Mej. D. Podlashuc
2 Maart	Die Trapstelsel	P/H	Mnr. J.P.P. Hugo Mev. A.M. Wium

368) J.X. Munnik, Hoof, Kaapstadse Onderwysersentrum - E. Smit, "Musiekopvoeding: Kaapstadse Onderwysersentrum", 12 November 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1983	Onderwerp	Primêr/Hoër	Inleier
23 Maart	Gehooropleiding; probleme en oplossings	PH	Celia Halkett
13, 27 April (2 vergaderings)	Die belangrike eerste twee jaar van klavieronderrig	PH	Mej. June Keeves
28 April	Orff-werksessies	P	Mev. Ethnie Morries
26 Mei (2 sessies)			
7 Mei	Blokfluitsimposium	PH	Dr. P. Loeb van Zuilenburg
10 Mei	Werkgroepsessie: blokfluitonderrig	PH	Mev. Ingrid Linde
25-28 Julie (2 tweedaagse sessies)	Orff-Schulwerkkursus	P	Lois Birkenshaw
1, 8, 15 Junie (3 vergaderings)	Die onderrig van harmonie	H	Mej. L. Anderson Mnr. C. Dew Mnr. L. Wentzel
27 Julie	Klassang	P	Mev. Pamela Whyte
10 Augustus	Koorafrigting	P	Mnr. H.D. Loock
24 Augustus	Koorafrigting	H	Mnr. D.J. Smit
17 Augustus	Die onderrig van harmonie	H	Mev. A.M. Wium
31 Augustus	Die onderrig van harmonie	H	Mnr. L. Wentzel
14 September	Instrumentale onderrig by skole	PH	Mnr. J.F. Zietsman
12 Oktober	Werkgroepsessie: Die nasien van praktiese eksamens	H	Mnr. Alistair Cockburn
30 November	Oorsig: Praktiese Musiek, Senior Sertifikaat, Geskrewe Vraestel	H	-

1984	Onderwerp	Primêr/Hoër	Inleier
29 Februarie	Musiek as vak - interpretasie van die sillabus	H	Mnr. J.P.P. Hugo Mev. A.M. Wium
7 Maart	Kooronderrig en -dirigering	PH	Mev. Christine Reynolds
19 Maart	Euritmie - die kuns van beweging	(Spraak en Drama)	Eurytheum Stuttgart

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

24 April - 2 Mei (6 sentra)	Klasmusiek vir beginneronderwyseresse in junior primêre klasse	P	Mev. A.M. Wium
18 April - 16 Mei (3 vergaderings)	Die klavier: van beginner tot Gr. 4	P/H	Mev. June Keeves
6 Junie	Remediërende klavieronderrig	P/H	Mev. Nancy Hofmeyer
13 Junie	Demonstrasie van musiekinstrumente	P/H	Mev. Heather Tracey
20 Junie	Om Klasmusiek baas te raak	P/H	Dr. Penny Gibson
1 Augustus	Praktiese werksessie oor die klavier	P	-
15 Augustus	Skeppende Klasmusiekonderrig	P	Reëlingskomitee
29 Augustus	Groeponderrigtegnieke in Blokfluit	P	Mev. Monica Kahn
14 September	Royal Schools - Sillabusse en eksamens	P/H	Ronald Smith
17, 31 Oktober	Basiese spierkoördinasie in klaviertegniek	P/H	Prof. Lionel Bowman
7 November	Die rekenaar in die musiekkamer	P	Mej. P. Podlashuc
28 November	Jaarvergadering en film	H	Komitee

Benewens die reël van vergaderings is die studiegroepe ook besig om aan die Sentrum vir Onderwystegnologie hulp te verskaf met die evaluering van oudiovisuele sagteware wat in die onderrig van Musiek gebruik kan word.

2.6.2 Die Kimberleyse Onderwysersentrum[369)]

Die Kimberleyse Onderwysersentrum is in Januarie 1979 gestig, maar die musiekstudiegroep het reeds op 22 Augustus 1978 die eerste keer bymekaargekom. Die Studiegroep in Skoolmusiek vergader ongeveer drie keer per jaar met 'n gemiddelde bywoningsyfer van 20. Vanweë die uitgestrektheid van die area word alle byeenkomste nie net by die sentrum gehou nie.

369) D.H. Rossouw, Hoof, Onderwysersentrum Kimberley - E. Smit, Kimberley-Onderwysersentrum: "Skoolmusiekstudiegroep", 28 November 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Byeenkomste gedurende 1983 en 1984 was soos volg:

1983	Plek	Onderwerp	Inleier
9 Februarie	Jan Kempdorp	Demonstrasieles (sts. 2 - 5)	Mev. A.M. Jacobs
2 Maart	do	do (sub. A - st. 1)	do
16 Maart	do	Algemene werke (sts. 2 - 5)	do
22 Maart	Kathu	Vertolking van silla-bus	Mnr. Venter
15 April	Upington	Vingeroefeninge / beluistering	do
27 Julie	Kuruman	Orff-instrumente	do
29 Julie	Upington	do	do
17 Augustus	Vryburg	do	do
5 September	Sentrum	Ritme: Sub. B / Notasie st. 1	Mev. A.M. Jacobs
1984			
17 Februarie	Sentrum	Instrumentale onderrig	Mev. Van Breda
18 Februarie	do	do	do
27 Maart	Kathu	Klassang	Mnr. Venter
12 April	Stella	do	do
12 Mei	Upington	Musiekbeluistering	Mnr. G.P. Hugo
24 Mei	Jan Kempdorp	do	do
14 Augustus	Kathu	do	Mnr. Venter
16 Augustus	Vryburg	do	do

2.6.3 Die Onderwysersentrum Oudtshoorn[370)]

Die Onderwysersentrum Oudtshoorn is in Oktober 1981 gestig en het Musiek-/klassangstudiegroepe by die volgende sentra in die lewe geroep: Oudtshoorn Primêr

370) D.B. Mac L. Smit, Adjunk-hoof, Onderwysersentrum Oudtshoorn - E. Smit, "Navorsing oor Musiekopvoeding", 13 November 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(3 Maart 1982), Langeberg (10 Maart 1982), Tuinroete (11 Maart 1982), Oudtshoorn Sekondêr (22 Maart 1982), Beaufort-Wes (28 April 1982) en Graaff-Reinet (29 April 1982). Die studiegroepe vergader twee keer per jaar gedurende Februarie/Maart en Augustus. 'n Lys van onderwerpe wat reeds behandel is, herhalings uitgesluit, is soos volg: Die Trapstelsel

Harmonie en voorgeskrewe werk
Behoeftes ten opsigte van die sillabus
Die nuwe sillabusse
Die sinvolle aanbieding van Klasmusiek
Koorleiding
Musiekbeluistering in die hoër skool
Klassang
Die gebruik van Orff-instrumente
Afronding van die skoolkoor
Probleme rondom die beginner
Trapstelsel vir Blokfluit
Melodiese versienings in Barok
Instrumentarium vir die laer skool
Musiek en Klassang

Hierdie lesings is aangebied deur dosente, onderwysers en die vakadviseuse, t.w. mnre. J.A. van der Merwe, D. Bishop, L. du Preez, W. Lewis, L. Fouché, A. van Straaten, H.D. Loock, mejj. A. Kok, L. Vos en mevv. A.M. Wium en Andreè Rossouw.

Die bywoning van die byeenkomste wissel van 50 - 70%; 'n wesenlike probleem is die feit dat alle vakgroepe op dieselfe dag vergader en dat leerkragte wat klasmusiek onderrig, ook vir ander vakke verantwoordelik is. Nogtans word die byeenkomste as baie vrugbaar beskou en die behoeftes van onderwysers geniet besondere aandag.

2.6.4 Die Onderwysersentrum Parow[371)]

Hierdie sentrum is in April 1982 gestig, terwyl 'n Klasmusiekstudiegroep in Februarie 1983 met twee afdelings die lig gesien het: 'n Klasmusiekwerkgroep (Stellenbosch) en 'n Blokfluitgroep (Laer skole). Beide groepe probeer minstens een keer per kwartaal vergader, en het 'n gemiddelde bywoning van meer as 40.

371) C.R. Meintjies, Hoof, Onderwysersentrum Parow - E. Smit, "Navorsing oor Musiekopvoeding", 12 November 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende byeenkomste van 1984 is deur middel van die Onderwysersentrum bekendgemaak:

17 Februarie	Stellenbosch	Orff-instrumente: Speeltegnieke	P	Mev. A.M. Wium
5 Maart	Bellville	Werkswinkel: Blokfluit beginners		Mev. I. Linde
12 Maart	do	do	P	do
16 Maart	Stellenbosch	Kursus in beweging met musiek en poësie		Eurytheum Stuttgart
13 April	do	Beluistering Bespreking boeke- en platereekse Beluistering en lestegnieke	P	Mev. A. Miller Mev. E. Lubbe Mej. H. du Plessis
18 April	Onderwysersentrum	Vormontleding Senior Standerds	H	Mnr. L. Mommen
11 Mei	Stellenbosch	Bendstelling skooloperette + reperforum	P	Mnr. Walter Swanson
25 Julie	Parow	Beweging en Volksdans		Mev. S. Tracey
17 Augustus	Stellenbosch	Musiek en Beweging	P	
14 September	Rondebosch	Royal Schools' Examinations		Mnr. Ronald Smith
14 September	Stellenbosch	Instrumentale Spel	P	
26 Oktober	Stellenbosch	Beluistering	P	
16 November	Stellenbosch			Mev. E. Rademan Mev. E. Spies

2.6.5 Die Onderwysersentrum Worcester[372)]

Die jongste van die onderwysersentra is op 1 Julie 1983 gestig. Op Moorreesburg het daar reeds etlike jare 'n Musiekwerkstudiegroep bestaan, terwyl 'n soortgelyke studiegroep op Vredendal op 16 November 1983 gestig is. Op Worcester bestaan reeds etlike jare 'n tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (SAVMO) wat onafhanklik van die Onderwysersentrum funksioneer.

372) G.F.P. Kellerman, Hoof, Onderwysersentrum Worcester - E. Smit, "Navorsing oor Musiekopvoeding onder die KOD", 12 Desember 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende byeenkomste is vir 1984 gereël:

Datum	Plek	Onderwerp	Opkoms	Inleier
9 Februarie	Worcester	Kursus in Koorleiding	100	Mnr. H.D. Loock
16 Februarie	Moorreesburg	do	43	do
23 Februarie	Vredendal	do	46	do
26 April	Worcester	Hoërskoolvakwerk	25	Mev. A.M. Wium
2 Mei	Worcester	Buite-kurrikulêre musiekonderrig in die laer skool	34	do
2 Mei	do	Klasmusiek Senior Primêr	34	do
10 Mei	Moorreesburg	Sillabus sts. 6-10 Musiekgeskiedenis, Styl en Harmonie	12	Mnr. L. Mommen
24 Mei	Worcester	Musiek in die preprimêre skool	29	Mej. K. Gouws
1 Augustus	Vredendal	Pedaalgebruik	13	Mev. T.P. Goosen
8 Augustus	Paarl	Praktiese Klasmusiekonderrig vir Kindertuinvakstudiegroep	60	Mnr. P. van Schalkwyk
1 November	Moorreesburg	Moderne Musiek	13	Mnr. D.J. Smit

2.6.6. Die Onderwysersentrum Port Elizabeth[373)]

Die Port Elizabethse Onderwysersentrum is in 1975 gestig. Drie musiekstudiegroepe tree onder beskerming van die sentrum op:

* Die P.E.-tak van die Orff Schulwerkvereniging van Suid-Afrika; hierdie tak is in 1976 gestig, en vergader een keer per kwartaal met 'n gemiddelde bywoning van ± 60 leerkragte.

* Die Klasmusiekstudiegroep vir hoër skole is in Januarie 1985 gestig en vergader een keer per kwartaal met 'n gemiddelde bywoning van ± 35 leerkragte.

* Die vakstudiegroep vir Musiek vir hoër skole is in 1976 gestig maar het later

373) Geoff Smith, Assistent-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding) - E. Smit, 20 Augustus 1985.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onaktief geword. Dit is in Julie 1985 herstig, met 'n gemiddelde bywoning van ± 6 leerkragte.

Aangesien die lys van bedrywighede omvattend is, was besonderhede nie beskikbaar nie.

2.6.7 Die Onderwysersentrum Oos-Londen[374)]

Die Oos-Londense Onderwysersentrum is reeds van Januarie 1978 af in werking, en is formeel in Augustus 1984 geopen. Die "East London Schools' Music and Drama Association", wat reeds in 1941 gestig is,[375)] vervul die rol van 'n musiekstudiegroep. Die vereniging vergader een keer per kwartaal en 30 tot 40 onderwysers woon gewoonlik die byeenkomste by.

2.6.8 Die waarde van onderwysersentra

Die groot rol wat onderwysersentra te speel het in die verskaffing van 'n struktuur, as saambindende faktor en deur bemiddeling van die geleentheid tot propagering, blyk duidelik uit die omvang van die programme wat reeds in 'n betreklik kort tyd afgehandel is. Opmerklik is dit dat die Kaapstadse Onderwysersentrum wat reeds die langste in werking is, ook die omvattendste program afgehandel het. Voor die koms van onderwysersentra het die musiekopvoeders slegs die SAVMO gehad wat hom hoofsaaklik op instrumentale musiekonderig toespits. Vir die eerste keer in die geskiedenis van musiekopvoeding in Kaapland kan musiekopvoeders onder 'n oorkoepelende struktuur bymekaarkom en gedagtes wissel in die onderskeie dissiplines van musiekopvoeding en -onderwys.[376)]

2.7 KOORKOMPETISIES, KUNSWEDSTRYDE EN GEBIEDSKORE

2.7.1 Koorkompetisies

Skoolkoorkompetisies het hulle ontstaan in die jaar 1893 gehad toe die SGO, dr. Thomas Muir, twee sanginstrukteurs, mnre. Arthur Lee en James Rodger, aangestel het. 'n Eerste groot en geslaagde sang- en kooruitvoering is in Kaapstad gehou en

374) D.L. Grant, Media Councellor, Teachers' Centre East London - E. Smit, 17 Julie 1985.

375) Vide infra, p.150.

376) Vide infra, p.312.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

500 skoolkinders het daaraan deelgeneem. In 1897 is 'n silwer wisselskild vir skoolkore in die Kaapse afdeling uitgeloof. Soortgelyke sangkompetisies het ontstaan en 'n hele reeks wisselskile is deur munisipaliteite en privaat persone geskenk.[377)]

In die jaar 1916 was skoolkoorkompetisies in volle gang en die 38 kompetisiesentra vir daardie jaar was soos volg ingedeel:[378)]

	Westelike distrikte	Oostelike distrikte	Totaal
Blanke leerlinge	15	7	22
Sendingskole	5	-	5
Swart leerlinge	-	11	11
Totaal	20	18	38

Spesieke reëls was op hierdie kompetisies van toepassing, byvoorbeeld: elke koor mog nie meer as 30 lede hê nie; elke koorlid moes 'n voltydse leerling of studentonderwyser wees en moes onder 17 jaar oud wees op die dag van kompetisie; elke koor moes 'n voorgeskrewe stuk, 'n tweede stuk van eie keuse twee- of driestemmig sing, sowel as onvoorbereide een- en tweestemmige bladlees. Die pryse het bestaan uit 'n wisselskild, 'n boekprys of 'n medalje vir die afrigter en 'n boek aan elke lid van die wen-koor. Elke koor kon ook twee lede vir 'n gehoortoets inskryf waar die deelnemers frases wat een maal gesing is, moes neerskryf.

In 1919 het die Departementele Instrukteur in Musiek, mnr. Farrington, die kompetisies aangeprys en aanbeveel dat dit verder aangemoedig behoort te word.[379)] Die gees waarin die beoordeling gedoen is, word ten beste uit twee sodanige verslae weerspieël: "Prescribed song - The Sunrise, by Dr. Dunstan. This trio was sung uncommonly well by each choir. Victoria West was the best in the matter of feeling and the skill with which it was modulated. The parts were delightfully clear at Prince Albert and Laingsburg... Laingsburg alone finished on the key... Sight reading - (a) Unison - Gounod's 'Where are the joys I knew'. Victoria West - The choir was uncertain about a couple of notes, but read the song in

377) Herman M. Dalebout: Sir Thomas Muir en die Onderwys in Kaapland tydens sy Bestuur as Superintendent-Generaal van Onderwys, 1892 - 1915 (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1942) p.247.

378) KOD: "School Choir Competitions", in The Education Gazette, 22 Junie 1916, p.1285.

379) F. Farrington: "Vocal Music: Eastern Districts", in Report of the SGE for the Year 1919, p.48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

every respect correctly... (b) Dual test - ... Beaufort West -The third reading was excellent, and there was no departure from the pitch..."[380] En "Wellington Training College - Two choirs of mixed voices competed on 14th September, 1921, each choir consisting of 16 sopranos, 7 altos, 4 tenors, and 6 basses. As formerly, the competition drew a good house. The prepared music consisted of the following selections from the Messiah:

Sopranos : How beautiful are the feet
Alto : He was despised
Tenors : But thou didst not leave
Bases : The trumpet shall sound
Full choir : Hallelujah Chorus

...The Hallelujah Chorus was given with commendable spirit by both choirs..."[381]

Die doel van die kompetisies by die kolleges was duidelik gestel om soveel studente as moontlik aan te moedig om in koorafrigting te eksperimenteer.[382] Die kompetisies vir blanke skole het egter geleidelik minder geword, sodat in 1925 slegs die Springbok-Garies-Kamieskroon-Soebatsfontein en die Calvinia-Clanwilliam-Van Rhynsdorp-kompetisies gerapporteer is,[383] en in 1926 slegs van die kompetisies vir swart leerlinge melding gemaak is. 'n Musiekfees vir al die skole op Balfour in 1927[384] en 'n koorwedstryd vir blanke skoolkore op Beaufort-Wes in 1928[385] het weer 'n mate van lewe gebring. Mnr. P.K. de Villiers kon in 1934 verslag doen "dat die hoë standaard wat by verskillende koorwedstryde vanjaar aan die lig gekom het, oorvloedige bewys is van die nuttigheid van inspeksie plus onderrig."[386] Een van die mees standhoudende kompetisies vir blanke skole was die

380) KOD: "Karoo Public School Choir Competition", in The Education Gazette, 6 Desember 1917, p.664.

381) KOD: "School Choir Competition Reports", in The Education Gazette, 31 Augustus 1922, p.96.

382) KOD: "Choir Competitions in Training Colleges", in The Education Gazette, 25 November 1920, p.493.

383) KOD: "Namaqualand Singing Competitions" en "Choir Competitions", in The Education Gazette, 29 Oktober en 12 November 1925, pp.432,459.

384) KOD: "Onderlinge Musiekfees van Skole op Balfour", in Die Onderwysgaset, 9 Junie 1927, p.390.

385) KOD: "Blanke Koorwedstryd: Fort Beaufort se Distrik", in Die Onderwysgaset, 19 Julie 1928, p.649.

386) P.K. de Villiers: "Sangmusiek: Westelike Distrikte", in Die Onderwysgaset, 6 September 1934, p.791.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ceres-Malmesbury-Tulbagh-koorwedstryd wat jaarliks tot 1938[387] en daarna weer in 1946 aangekondig is.[388]

In 1936 het die Departement sy spyt uitgespreek dat so baie van die koorkompetisies veral sedert die Eerste Wêreldoorlog verval het. "Bowendien wil die Departement die instelling van sulke wedstryde, oral waar moontlik, aanspoor, daar hy daarvan oortuig is dat hulle van musikale, opvoedkundige en maatskaplike waarde is, en die spoorslag mag wees vir 'n lewediger belangstelling in en waardering van musiekwaardes aan die kant van leerlinge, onderwysers en die publiek. Die hoop word gekoester dat interskoolsangwedstryde iets algemeens deur die hele Provinsie sal word."[389]

In 1938 kon mnr. W. Poles verslag doen dat skoolkonserte gewild geword het en dat die getal koorkompetisies 'n bevredigende vermeerdering getoon het,[390] hoewel die Departement nie meer van die afsonderlike kompetisies verslag gedoen het nie. Die volgende jaar het mnr. Poles gemeld dat 'n buitengewoon hoë standaard bereik is en hy het sterk aanbeveel dat nuwe kompetisies gehou of oues heringestel moes word.[391] In 1941 pleit hy weer eens dat die wedstryde uitgebrei moes word, aangesien mededinging 'n sterk dryfveer kon wees en die koorwedstryde 'n byna ongeëwenaarde aantrekkingskrag vir sowel die ouers as die publiek gehad het: waar Suid-Afrika min ander geleenthede vir musiek kon bied, kon die skool die bron van die volk se musieklewe word as die geleentheid daartoe geskep word. Mnr. Poles het ook op die gevaar van ongesonde mededinging gewys en aangetoon dat die ware mikpunt om na te streef die bereiking van die hoogs moontlike standaarde moes wees.[392] In 1953 het hy geskryf: "Sowel wedstryde as sangfeeste laat 'n mens besef dat 'n singende volk 'n gelukkige volk is."[393]

387) KOD: "Sangskildwedstryde", in Die Onderwysgaset, Oktober 1938, p.233.

388) KOD: "Singing Competition: Malmesbury, Tulbagh, Wellington", in The Education Gazette, 8 Augustus 1946, p.1009.

389) KOD: "Interskool-sangwedstryde", in Die Onderwysgaset, 30 April 1936, pp.402,403.

390) W. Poles: "Vokale Musiek: Westelike Distrikte", in Die Onderwysgaset, 1 Desember 1938, p.1274.

391) W. Poles: "Musiek: Westelike Distrikte", in Die Onderwysgaset, 7 September 1939, p.983.

392) W. Poles: "Musiek: Westelike Distrikte", in Die Onderwysgaset, 27 November 1941, pp.1686,1687.

393) W. Poles: "Musiek: Westelike Distrikte", in Die Onderwysgaset, 3 Desember 1953, p.2316.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Koorkompetisies in die ou onafhanklike vorm het egter weer in onguns verval namate kunswedstrydverenigings gestig is en hierdie verenigings afdelings vir kore daargestel het, òf op kompeterende basis, òf op 'n sangfeesbasis.[394] Dit was juis die kompetisie-element wat uiteindelik 'n rol gespeel het om koorkompetisies in sangfeeste te omskep, en 'n nuwe belangstelling wakker gemaak het.

Die Swartlandse Sangfees is 'n voorbeeld van sodanige herlewing. In 1962 het die skoolhoofde van die Hoërskole Swartland (Malmesbury), Moorreesburg en Piketberg met die nuwe sangfees begin en in 1964 het Porterville ook aangesluit. Die interessante beleid het ontwikkel dat die sangfees op elk van die vier dorpe aangebied word rondom die tweede naweek van die derde kwartaal. Noukeurige instruksies bestaan sodat die sangfees op elke dorp presies dieselfde as op die ander dorpe verloop.[395]

Die Weskus-Sangfees is in Februarie 1976 in die lewe geroep op 'n vergadering van skoolhoofde en musiekonderwysers van Hopefield, Vredenburg en Velddrif. Die eerste sangfees het dan reeds op 6, 7 en 8 Mei op die drie dorpe plaasgevind; die kore van die primêre afdelings het net op hulle tuisdorpe opgetree, maar die sekondêre, dogtersmassa-, seunsmassa- en gemengde massakore op al drie dorpe. In 1978 het twee skole van Saldanha ook aangesluit, en is die sangfees op vier dorpe gehou. In daardie jaar is ook besluit om die sangfees tweejaarliks te hou en vanaf 1980 is wat massakore betref, slegs die gemengde massakoor behou.[396] Uit die Weskus- en Swartland-sangfeeste het die Goeie Hoop-Jeugkoor in 1980 ontstaan.[397]

2.7.2 The East London Schools' Music and Drama Association

Hierdie vereniging (E.L.S.M.D.A./O.L.S.M.D.V.) verskil in een belangrike opsig van kunswedstrydverenigings: die jaarlikse kunsfeeste is op nie-kompeterende basis gehou. Die vereniging is in 1941 deur 'n groep Oos-Londense onderwysers gestig en in 1942 is die eerste fees gehou. Sedertdien het alle skole onder die Oos-Londense Skoolraad lid van die vereniging geword. Een van die belangrikste projekte van die vereniging is die jaarlikse sang- en orkesfees waaraan die mees-

394) Vide infra, p. 155.

395) S.S. le Roux - E. Smit, 26 Junie 1984.

396) C.A. Roux - E. Smit, 26 Julie 1984.

397) Vide infra, p. 170.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te skoolkore, met inbegrip van massakore, en skoolorkeste deelneem. In die verlede is ook lesings en uitvoerings aan skole deur bekende kunstenaars gereël. Uit die inkomste is ook al toekennings aan skole gemaak om musiekinstrumente en ander uitrusting aan te koop. Tydens die silwer jubileum in 1967 is 'n junior orkes op die been gebring.[398)]

Sover nagevors kon word, is die ELSMDA die enigste vereniging van hierdie aard wat in Kaapland tot stand gekom het en steeds bestaan.

2.7.3 Kunswedstryde

Die werk wat in die eerste dekades van die eeu deur koorkompetisies gedoen is, het in sommige streke oorgegaan in die hande van kunswedstrydverenigings wat benewens die kompetisies op koorgebied, ook voorsiening gemaak het vir 'n wye verskeidenheid kompetisies op ander terreine, veral ook op individuele basis. Die oudste van hierdie verenigings, die Cape Town Eisteddfod, is reeds in 1903 gestig, gevolg deur die Kaapstadse Afrikaanse Eisteddfod in 1927.

'n Hele reeks kunswedstrydverenigings het mettertyd ontstaan, maar nie almal het die toets van die tyd deurstaan nie. Die volgende plekke het sulke verenigings opgelewer en diegene wat in 1984 nog bestaan het, word met 'n asterisk aangedui (alfabetiese volgorde): De Aar*, Despatch, George*, Graaff-Reinet, Kaapstad (Afrikaans)*, Kaapstad (Engels)*, Kimberley (Afrikaans)*, Kimberley (Engels)*, Oos-Londen (Afrikaans)*, Oos-Londen (Engels)*, Oudtshoorn*, Overberggebied*, Paarl*, Port Elizabeth*, Queenstown, Stellenbosch*, Suid-Skiereiland, Swellendam*, Tygerberggebied*, Uitenhage, Umtata, Wellington.

Die volgende statistiek is saamgestel uit syfers wat goedgunstiglik deur die volgende kunswedstrydverenigings verskaf is.[399)] Die verenigings word gerangskik volgens die ouderdom:[400)]

398) Izak Bellingan, Voorsitter O.L.S.M.D.V. - E. Smit, 6 November 1984.

399) Die verenigings is versoek om die syfers van hulle mees onlangse kunswedstryd gedurende die jare 1982 - 1984 te verskaf, aangesien alle verenigings nie noodwendig elke jaar 'n kunswedstryd hou nie.

400) Die oudste van die verenigings, die Cape Town Eisteddfod, is in 1903 gestig. Deelnamesyfers was ongelukkig nie beskikbaar nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Stigtingsjaar
Die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod		1927
Die Port Elizabethse Afrikaanse Kunswedstrydvereniging		1933
Die Afrikaanse Kunsfees Kimberley		1934
Die Tygerberg-Eisteddfod		1948
The Northern Cape Arts Festival		1960
Die Noord-Boland-Eisteddfod		1968
Die Overbergse Kunswedstryd		1969
Die Afrikaans Kunswedstryd van De Aar		1979
Die Paarlse Kunswedstryd		1981
Die Oudtshoornse Kunswedstryd	herleef :	1982
The East London Eisteddfod (1926-1976)	herleef :	1984

Die tabelle maak voorsiening vir ouderdomsklasse met jaar-intervalle tot by "Ope". Alle verenigings gebruik nie dieselfde indeling nie, en verenigings is gevra om die naaste ouderdom te gebruik waar bv. "12" beteken "12 jaar en onder", soos by die meeste verenigings die geval is. In sommige gevalle gebruik verenigings twee-jaar-intervalle, soos "12 jr. en onder", "14 jaar en onder".

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deelname aan 11 kunswedstryde

Ouderdom:	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	ope	Totaal
Sang, solo	71	176	281	225	298	236	308	144	110	33	101	15	66	10	9	30	2 113
Sang, duet		20			20		94	2	28	2	90	2	56			32	356
Sang, trio													57			21	78
Sang, eie kitaar									22								22
Sang, kwartet																16	16
Sanguitvoering															1	11	12
Sang, opera																6	6
Sang, oratoria																7	7
Kunslied																13	13
Uit operette																6	6
Eietydse sang																1	1
Met eie klavier																1	1
Totaal sang	71	196	281	225	318	236	402	146	160	35	191	17	179	10	10	144	2 621
Klavier, solo	14	12	169	160	261	207	299	100	120	101	116	52	31	7	4	7	1 660
Klavier, duet			50	46	40	58	162	14	46	8	28	2	12		2	2	470
Klavier, trio							18										18
Tweeklaviere					16		24		6	4	18	6	10			8	92
Sonate/sonatine					7	1	41	1	50	2	37	1	36		1	4	181
Klavier, Bach					35	6	51	3	34	5	36	4	33		1	2	210
Klavierkonsert								9	2	17	5	5	11		2	1	52
Klavier, groepsolo's							15	2	2	15	12	1	10			3	60
Klavier, bladlees				6	18	6	19		12	1	19		7		1		89
Klavier, program							2				4		3			3	12
Klavier, snelstudie					4	15	7		3		2		1				32
S.A. komposisie					7		15		3		16						41
Totaal klavier	14	12	219	212	388	293	653	129	278	153	293	71	154	7	11	30	2 917
Kitaar									2		5		3			4	14
Blokfluit, solo	2		27	57	90	65	121	6	22	8	22		8		5	1	434
Blokfluit, duet			10	78	32	26	24		4		10						184
Blokfluit, trio						3											3
Blokfluit ensemble			±	70	30	45	122		5		20		10				302
Blokfluit, bladlees					1		2										3
Blokfluit, sonate							3		3		4						10
Totaal Blokfluit	2		37	205	153	139	272	6	34	8	56		18		5	1	936
Viool, solo		6	6	5	2	5	5	7	3	6	2		8			5	60
Viool (stryk)-duet						2				2							4
Vioolkonsert											3		3			2	8
Vioolprogram							1				4		2			3	10
Totaal Viool		6	6	5	2	7	6	7	3	8	9		13			10	82
Altviool, solo							1				4		2			3	10
Tjello										1	3		5			4	13
Fluit											4		5			6	15
Houtblaas (Oos-Londen)					16		27		6		2		2				53
Klarinet							1		5		6		6			4	22
Trompet									6		5		4			3	18
Koperblaas (Oos-Londen)									3		1		2				6
Franse horing									1		3		2			4	10
Tromboon									3		4		5			5	17

Tabel vervolg/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	ope	Totaal	
Tuba											2		3			3	8	
Blaasinstrumente										4			6		1		11	
Instrumentale duet					28						10		1				39	
Elektroniese orrel																1	1	

Voorafgaande deelname kan soos volg opgesom word:

Ouderdom:	6	7	8	9	10	11	12	13	14	15	16	17	18	19	20	ope	Totaal	%
Sang	71	196	281	225	318	236	402	146	160	35	191	17	179	10	10	144	2 621	38,9
Klavier	14	12	219	212	388	293	653	129	278	153	293	71	154	7	11	30	2 917	43,3
Kitaar									2		5	3				4	14	0,2
Blokfluit	2		37	205	153	139	272	6	34	8	56		18		5	1	936	13,9
Viool		6	6	5	2	7	6	7	3	8	9		13			10	82	1,2
Altviool							1				4		2			3	10	0,1
Tjello										1	3		5			4	13	0,2
Fluit											4		5			6	15	0,2
Houtblaas (OL)					16		27		6		2		2				53	0,8
Klarinet							1		5		6		6			4	22	0,3
Trompet									6		5		4			3	18	0,3
Koperblaas (OL)									3		1		2				6	0,1
Franse horing									1		3		2			4	10	0,1
Tromboon									3		4		5			5	17	0,3
Tuba											12		3			3	8	0,1
Totaal	87	214	543	647	877	675	1 362	288	501	205	588	91	400	17	26	221	6 742	100
Persentasie	1,3	3,2	8,1	9,6	13,0	10,0	20,2	4,3	7,4	3,0	8,7	1,3	5,9	0,3	0,4	3,3	100	
Gegroepeer	1,3	11,3		22,7		30,2		11,7		11,7		7,2		0,7		3,3		

Kommentaar op statistiek insake kunswedstryddeelname

1. Die syfers in voorgaande tabelle verteenwoordig die deelname van veral leerlinge aan 11 kunswedstrydverenigings, hoofsaaklik ten opsigte van individuele en kleingroep-inskrywings. Die syfers kan egter nie as verteenwoordigend van die hele Kaapland beskou word nie; pogings wat aangewend is om die ander verenigings te betrek was ongelukkig onsuksesvol.

2. Aangesien sommige verenigings van twee-jaar-trappe in die ouderdomsklasse gebruik maak ("12 jaar en onder", "14 jaar en onder", "16 jaar en onder") is in die opsommingstabel 'n dergelike groepering gemaak. Uit die tabel kan afgelei word dat die grootste deelname aan kunswedstryde in sover dit musiek betref, by 12 jaar en onder voorgekom het (12: 19,5%; 11 + 12: 29,3%), met 'n drastiese afname wanneer leerlinge na die hoër skool gaan.

3. Die deelname aan klasse vir orkesinstrumente was relatief klein en het slegs 3,0% van alle deelname gevorm. Klavier (41,1%), sang (40,8%) en blokfluit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(14,9%) het verreweg die grootste deelname uitgemaak. Hierdie verskynsel het nou saamgehang met die onderrigsituasie in die skole.[401] Hoewel die formele onderrig van sang in skole nie veel aandag geniet nie, kan die gewildheid van sang toegeskryf word aan die begeerte om die natuurlike sangstem te gebruik en ten toon te stel.

Die volgende tabel maak voorsiening vir die getal groepe en die beraamde aantal deelnemers in die onderskeie afdelings:

	Sub. A - st. 1		st. 2 - st. 5		st. 6 - st. 10		Volwassenes	
	Groepe	Deelnemers	Groepe	Deelnemers	Groepe	Deelnemers	Groepe	Deelnemers
Slagorkes	24	600	7	162				
Kinderorkes/skoolorkes	8	240	18	465	8	195		
Orff-orkes	12	330	4	85				
Blaasensemble			5	20	4	22		
Strykensemble					3	21		
Gemengde ensemble			8	30	6	25		
Kitaarensemble							2	4
Sangspeletjies	16	400						
Koorkompetisies	38	1 640	71	2 550	81	1 450	4	150
Sangfees	35	1 677	80	4 159	41	2 109	11	316
Groepsang, eie begeleiding			4	80				
Totale	133	4 887	197	7 551	93	3 822	17	470

Groottotaal groepe = 440

Beraamde aantal deelnemers = 16 730

Kommentaar op syfers insake groepdeelname

Die kunswedstrydverenigings het voorsiening kon maak vir 'n beraamde 16 730 deelnemers aan groepitems teenoor die getal van 6 742 aan hoofsaaklik individuele items. Dit is veral op hierdie terrein waar ook die minder talentvolle leerlinge deel kon hê aan die genot van deelname in groepverband. 8 261 (d.w.s. 49,4%) van hierdie deelnemers kon dit doen in sangfeeste op 'n nie-kompeterende basis.[402] Die voorsitters/sekretarisse van die verskillende verenigings is ook gevra om die volgende inligting te verskaf:

401) Vide infra, pp.203,204, opm. 4.

402) Vide supra, p.216.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Beroepsverspreiding van die dagbestuurs-/uitvoerende komiteelede

Beroepe	Ampte						
	Voor-sitter	Onder-voor-sitter	Sekretaris/esse	Hulp-sekretaresse	Tesourier	Ander dagbestuur	Ander breë komitee
Skoolhoof	6	5	1			2	1 + x
Adjunk-hoof	1						
Departementshoof		1					
Onderwyser/es	2	2	4	2	4	19 + x	31 + x
Rektor		1					
Hoofsuperintendent	1						
Dosent						6	5
Assistent-superintendent		1					
Skoolsekretaresse			1				
Privaatsekretaresse			1		1		
Predikant							2
Boer						1	
Sakeman	1				1	2	
Redakteur							1
Huisvrou			4	4	1	6	4
Ander	1						1

Uit voorgaande tabel blyk dit dat persone verbonde aan die onderwys 'n groot rol speel op bestuursvlak: 96 uit 127 geïdentifiseerde ampte, d.w.s. 75,6%.

As erelede en beskermhere maak die verenigings gebruik van L.P.'s, L.P.R.'s, burgemeesters, hoofsuperintendente en superintendente van onderwys, skoolhoofde, dosente en sakelui.

Kunswedstrydverenigings werk normaalweg op die beleid van geaffilieerde skole, hoewel individuele inskrywings uit skole buite die "bedieningsgebied" ook aanvaar word. 9 van die 11 verenigings het getalle verskaf t.o.v. die geaffilieerde skole: Voorbereidingskole 18, primêre skole (sts. 2-5) 8, primêre skole (sts. A-5) 139, middelbare skole 3, hoër skole (6-10) 69, hoër skole (sts. A-10) 15, privaatskole 3, privaatmusiekskole 4, d.w.s. 'n totaal van 259 skole.

Slegs drie van die verenigings hou die kunswedstryd jaarliks, en die ander tweejaarliks. Sangfeeste/koorfeeste/koorkompetisies is ook deel van die programme en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word minstens tweejaarliks gehou.

Besture is versoek om hulle menings oor sekere stellings ten opsigte van die rol wat kunswedstrydverenigings speel, te gee:

STELLING	RESPONS			
	Ja	Gedeeltelik	Nee	Onseker
Kunswedstryde is eintlik 'n onmisbare ergenis en word hoofsaaklik aan die gang gehou as gevolg van sekere individue se besondere ywer.	1	4	5	1
Dit is opvoedkundig verkeerd om d.m.v. die kunste te kompeteer, want kunsuitinge is 'n persoonlike saak, ook vir die ontluikende kunstenaar.		4	6	1
Die kompetisie-element skep ernstige probleme wat die meeste moontlike goeie werk van 'n kunswedstryd neutraliseer.		2	8	1
Ten spyte van moontlike nadele verbonde aan kunswedstryde is daar genoeg oortuigende bewyse dat kunswedstryde 'n positiewe bydrae te lewer het in die ontwikkeling van veral die talentvolle leerlinge.	11			
Ons kunswedstrydvereniging tref sekere maatreëls om die nadele verbonde aan die kompetisie-element aan bande te lê.	9	1	1	
Die algemene standaard van musiekopvoeding onder al ons kinders het verhoog sedert die kunswedstryd in die lewe geroep is.	8	1	1	1
Slegs die talentvolle leerlinge het baat gevind by die instelling van 'n kunswedstryd, terwyl die ander leerlinge in die skole weinig of geen voordele daaruit getrek het nie.		4	7	
Kompetisie behoort slegs deel van individuele of kleingroepnommers te wees, terwyl groter groepe (soos kore) slegs op 'n feesbasis, desnoods met geslote beoordeling, moet saamtrek.	4	2	4	1

Besture is ook gevra om aan te dui watter probleme hulle ondervind:

PROBLEEM	Ja	Gedeeltelik	Nee	Onseker
'n Kroniese gebrek aan finansies	2	3	6	
'n Gebrek aan genoeg persone om diens te lewer	2	3	6	
'n Gebrek aan geskikte beoordelaars	1	2	8	
'n Gebrek aan belangstelling by skole	1	5	5	
'n Gebrek aan belangstelling by die publiek	3	6	2	

Addisioneel het 'n vereniging aangemeld dat 'n verkeerde gesindheid by sommige afrigters en ouers aangetref word. 'n Ander vereniging het te min inskrywings by die ope afdelings ontvang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Ontleding van voorgaande menings toon dat, wat die besture betref, die voortbestaan van kunswedstryde waarskynlik veilig is. Nadele en probleme wat ondervind word, word ondervang. Hoewel sekere nadele inherent is aan die bestaan van 'n kunswedstryd, beskou die besture die voordele daaraan verbonde as van beslissende belang.

Dit is duidelik dat kunswedstrydverenigings in 'n bepaalde soort behoefte vervul. Bloot die feit dat verenigings gestig word of selfs herleef, onderstreep sodanige behoefte; en die feit dat daar opvoeders beskikbaar en gewillig is om tyd en kragte vir kunswedstryde af te staan, verseker die voortbestaan van dié verenigings.

Waar koorsang normaalweg 'n onderafdeling van die werksaamhede van kunswedstrydverenigings is, en waar die eerste gebiedskoor in Kaapland 'n produk van die Tygerberg-Eisteddfod is, sal vervolgens na die ontstaan en vordering van sodanige kore gekyk word.

2.7.4 Gebiedskore

Die uitgestrektheid van Kaapland was in die verlede steeds die onoorkomelike probleem in die stigting van 'n provinsiale jeugkoor, soos die Vrystaatse[403] en Natalse Jeugkore,[404] en die jeugkore in die inspeksiestreke van Transvaal.[405] Dit het egter nie die liefhebbers van koormusiek daarvan weerhou om plaaslik inisiatief te neem en soortgelyke gebiedskore te stig nie: die Tygerberg-kinderkoor (1973), die O.P.-Jeugkore (1978), die Goeie Hoop-Jeugkoor (1980), die Breërivierkinderkoor (1982) en die Kaapse Jeugkoor (1983).

2.7.4.1 Die Tygerberg-Kinderkoor

Gedurende 1973 het die Tygerberg-Eisteddfod, die grootste Kunswedstrydvereniging in Kaapland, sy kwarteeufees gevier. Tydens die beplanning van die feesvieringe het die bestuur op sy vergadering van 15 Augustus 1972, op 'n wenk van die destydse voorsitter, mnr. E. Smit, besluit om 'n feeskoor te stig. Die bestuur het ook besluit om mnr. Hendrik D. Loock, wat in daardie stadium 'n onderwyser aan die

403) Vide infra, p.288.

404) Vide infra, p.298.

405) Vide infra, p.309.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Laerskool De Kuilen was en wat 'n puik skoolkoor op die been gehad het, te nader om as koorleier op te tree.[406] 'n Konsepbrief waarin nominasies van skole vir koorlede gevra is, is op die bestuursvergadering van 17 Oktober 1972 goedgekeur en aan alle geaffilieerde laer skole van die Tygeberg-Eisteddfod gestuur. Mnr. Loock het die oudisies gereël, die koorlede is gekeur en die eerste kooroefeninge kon in Januarie 1973 op Saterdagoggende by die Hoërskool D.F. Malan, Bellville begin.

Op 13 Maart 1973 het die bestuur van die Eisteddfod besluit dat die koor by al vier sangfeeste op 27 April, 1, 3 en 4 Mei 1973 moes optree. Die koor se program het liedere soos The Lord is my Shepherd (Schubert) en Die Vrolike Wandelaar (Möller) ingesluit en het soveel byval gevind dat allerweë versoek is dat die koor moes bly voortbestaan. Op 23 Mei 1973 het die bestuur van die Eisteddfod die volgende persone as reëlingskomitee van die koor aangewys: mnr. E. Smit (voorsitter), mnr. H.D. Loock (koorleier), mev. E. Prins (sekretaresse), mnr. D.J. Smit en mej. J. Gouws.[407] Die Jaarvergadering van die Eisteddfod het in Augustus 1973 dit bekragtig dat die koor as 'n vaste koor sou bly voortbestaan.

Gedurende 1974 het die koor se werksaamhede in hoogste rat gekom toe dit reeds 11 vollengte-konserte kon hou voor die afsluiting van die eerste koorjaar in April 1974. 'n Uitnodiging van KRUIK om in die opera "Hansie en Grietjie" deel te neem is aanvaar en derhalwe kon 31 van die lede in 5 optredes gedurende die tydperk 30 September - 11 Oktober 1974 op die verhoog van die Nico Malan-operahuis verskyn. Hierdie optrede is by 'n heraanbieding van die opera gedurende 10 - 28 Januarie 1976 herhaal. In hierdie verband het die Hoof van Opera, mnr. Louis Steyn, geskryf: "Dit was werklik aangenaam om met hulle te werk, en soos gewoonlik, was die dissipline voortreflik en die sang puik...."[408]

Die aanvanklike naam van die koor, naamlik die "Tygerbergse Laerskolestreekkoor" is gou as te lank beskou, en op die bestuursvergadering van 14 Oktober 1974 is dit verander na die "Tygerbergstreek-Kinderkoor". Finale beslag is eers op 3 Mei 1977 aan die naam gegee toe 'n gekombineerde vergadering van die bestuur en ouers die naam na "Tygerberg-Kinderkoor" verander het.

406) Tygerberg-Eisteddfod: Notule van Bestuursvergadering gehou op 15 Augustus 1972.

407) Tygerberg-Eisteddfod: Notule van Bestuursvergadering gehou op 23 Mei 1973.

408) KRUIK: Louis Steyn, Hoof van Opera - E. Smit, Voorsitter Tygerberg-kinderkoorbestuur, 3 Maart 1976.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Belangrike ontwikkeling het in 1977 plaasgevind toe die Departement van Onderwys gunstig gereageer het op vertoë van die bestuur in verband met 'n formele erkenning van die koor. Die Direkteur van Onderwys het soos volg verslag gedoen: "Sonder enige geldelike ondersteuning van die Administrasie het die Tygerbergse Jeugkoor tot een van die beste kore in die land ontwikkel. Ten einde verdere ontwikkeling aan te moedig, het die Uitvoerende Komitee besluit om die koor tot 'n maksimumbedrag van R5 000 per jaar te subsidieer..."[409] 'n Voorwaarde aan hierdie subsidie verbonde was dat 'n nuwe Beheerkomitee jaarliks 'n geouditeerde staat van ontvangste en uitbetalings deur middel van die Skoolraad Parow aan die Departement voorlê.[410] Die eerste beheerkomitee het uit die volgende persone bestaan: Mnr. H.G.J. Lintvelt (Streekhoofinspekteur van Onderwys), voorsitter; mnr. F.J. Kruger (Skoolraadsekretaris, Parow) sekretaris; mnr. G.F. van Wyk (namens die Laerskoolhoofdevereniging); mnr. E. Smit (voorsitter van die Koorkomitee). Mnr. Smit is in 1978 deur mnr. W.T. Oosthuysen, en die voorsitter, mnr. Lintvelt, in 1979 deur mnr. R.K. de Villers, Hoofinspekteur van Onderwys, opgevolg.

Die Beheerkomitee het die status quo ten opsigte van die feit dat die Tygerberg-Eisteddfod-bestuur die koorbestuur aanwys en dat die koorbestuur die praktiese reëlings in verband met verskeie koorsake bly behou, gehandhaaf.[411] Die Departement het verder besluit dat die jaarlikse subsidie wat deur die Departement bewillig is, vir die volgende items aangewend mag word: reiskoste van koorlede, advertensie- en drukkoste, verblyfkoste van personeellede, saalhuur, die aankoop van koorbladmusiek, kooruniforms, die aankoop van meubels en uitrusting, die betaling van honorariums en toekennings (uittredingstoekennings aan oud-koorlede).[412]

'n Besondere kenmerk van die koororganisasie is die groot getal onderwysers en ouers wat op individuele of op groepsbasis deur die jare die koorleier en die bestuur op verskeie terreine bygestaan het ten opsigte van byvoorbeeld hulpafrig-

409) KOD: Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die jaar 1977, p.7.

410) KOD, lêer L.15/66/9/3: P.S. Meyer, Direkteur van Onderwys - E. Smit, Skoolhoof, Hoërskool D.F. Malan, 5 April 1977.

411) KOD, lêer L.15/66/9/3: "Kinderkoor van die Tygerbergstreek: Betaling van Subsidie: Samestelling van Koorkomitee en Beheerkomitee: Funksies van Komitees: Beheer oor Finansies", 1978.

412) KOD, lêer L.15/66/9/3/1, R.E. de Stadler n. Direkteur van Onderwys - Sekretaris-tesourier, Tygerberg-Kinderkoor, "Tygerberg-Kinderkoor: Aanwending van Subsidie", 13 November 1979.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ting, begeleiding, kleredrag, vervoer, fondsinsameling, reklame, drukwerk, toerorganisering (veral ook die oorsese toere), onthale en gesellighede, reëlings van koorkampe, en as toerouers.

Die Reglement van die Tygerberg-Kinderkoor is in 1981 deeglik hersien en maak voorsiening, onder andere vir die naam, doel, ledetal, vereistes en prosedure vir lidmaatskap, beheer (beheerkomitee en koorkomitee) en finansies.[413] Die doel is soos volg in die Reglement gestel: om die vormende waarde van musiek en dissipline van deelname aan koorsang aan te wend in die opvoeding van die jeug; om koorsang in Kaapland en, in besonder, die Tygerbergstreek te bevorder; om geleentheid te skep vir musikaalbegaafde leerlinge in openbare optrede en om die beoefening van hul talent in 'n groepverband verder te ontplooi; om waardering vir goeie musiek in die algemeen te bevorder en só 'n bydrae te lewer tot kultuurbevordering.[414] 'n Belangrike klousule ten opsigte van beheer is die volgende: "Die funksionering van die Koor geskied in opdrag van Sy Edele die Administrateur van Kaapland onder toesig en beheer van die Beheerkomitee."[415]

'n Vaste deel van die Koor se program is die jaarlikse vakansietoer waartydens gepoog word om mettertyd die belangrikste streke in die land te dek. Die eerste toer het gedurende die Aprilvakansie 1974 plaasgevind en het 8 optredes vanaf Worcester tot Bloemfontein en Kimberley behels. Hierdie toergroep het bestaan uit 4 koorlede uit st. 3, 14 uit st. 4, 15 uit st. 5 en 19 uit st. 6, dit wil sê altesaam 52 waarvan 14 seuns was. Vanweë die aanvanklike onbekendheid van dié Koor het die opkomste baie gewissel, maar die ys was gebreek. Hierdie eerste toer het 'n totale uitgawe van R1 815,37 gehad met 'n uiteindelike verlies van R132,57 wat goedgunstiglik deur die Departement van Nasionale Opvoeding (Afdeling Kultuursake) vereffen is. In sy verslag oor die toer het die voorsitter soos volg geskryf: "Kaapland het tans geen ander kinderkoor wat op streekbasis saamgestel is nie, en die koorbestuur is van mening dat ons provinsie nie mag opsystaan nie....."[416]

Dieselfde jaar, gedurende die tydperk 6 - 10 Desember, onderneem die koor 'n kort

413) KOD, lêer L.15/66/9/3/1: "Reglement van die Tygerberg-Kinderkoor", 17 September 1981.

414) Ibid., klousule 2, p.1.

415) Ibid., klousule 5.1, p.2.

416) Tygerbergse Laerskolestreekkoor: Verslag van Konserttoer Maart/April 1974.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toer en hou konserte op Mosselbaai, George, Knysna en Hartenbos. 'n Toer na Bloemfontein en Transvaal volg in Maart/April 1975 (7 konserte) waartydens die koor besonder gunstige resensies ontvang, waaronder: "Bloemfontein is nogal diskriminerend ten opsigte van koormusiek en die enkele male in die verlede dat 'n staande ovasie gegee is, was dit ryklik verdien. Soos die geval Saterdagaand in die Odeion was, was dit die Tygerbergstreek-Kinderkoor onder leiding van Hennie Loock wat hierdie eer te beurt geval het...."[417)]

Toere wat hierna gevolg het, is twee toere in 1976 na die Klein Karoo en Oos-Kaapland, na Transvaal in 1977, 'n vliegtuigtoer na sekere hoofsentra van die land in 1978, na die Swartland en Noordwes-Kaapland in 1979, na Europa in 1980, na Pietermaritzburg en Durban tydens die Republiekfeesvieringe in 1981, 'n toer tot in Pretoria in 1982, 'n tweede oorsese toer na Europa sowel as 'n toer na die Roodepoortse Internasionale Eisteddfod in 1983. Tydens die 1982-toer het die resensent in Bloemfontein onder andere soos volg geskryf: "Ná Vrydagaand se konsertuitvoering in Bloemfontein deur die Tygerbergse Kinderkoor kon elkeen van die groot aantal toehoorders van een ding seker wees terwyl hulle die groep staande toegejuig het: hier is die beste koor van ongebroke kinderstemme in Suid-Afrika."[418)]

Dié Koor se twee oorsese toere was besondere hoogtepunte in die Koor se kort bestaansgeskiedenis. In 1980 het hulle verskeie konserte in Europa gegee en die Silwertulp-trofee vir die hoogste toekenning op dié Internasionale Musiekfees te Katwijk-aan-Zee met 'n toekenning van 95,78% - die hoogste persentasie wat nog ooit aan enige groep sedert die ontstaan van die Tulip Time Music Festival toegeken is.[419)] Met hierdie pragprestasie het die Nederlanders die Koor aan hulle harte gedruk, ten spyte van 'n betogingsaksie van groepe linksgesindes soos die Boycott Outspan Aktie, Komitee Zuidelike Afrika Katwijk, Rooie Vrouwen, en andere. Johan van Wolfswinkel het in sy resensie ná die eerste aand geskryf: "Reeds nu mag echter al gezegd word dat het Zuidafrikaanse Tijgerkoor in zangkwaliteit, voordracht, uitspraak en algemene discipline uitmuntte."[420)]

417) D. de V.: "'n Staande Ovasie vir Kinderkoor", in Die Volksblad, 24 Maart 1975, p.12.

418) D. de V.: "Kinderkoor S.A. se beste", in Die Volksblad, 5 April 1982, p.4.

419) Tygerberg-Kinderkoor: "Verslag van Europese Toer, 1980", deur mev. I. Leuvennink.

420) Johan van Wolfswinkel: "Zuidafrikaans koor uitmuntend", in Leidsch Dagblad, 8 April 1980, p.3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die tweede oorsese toer gedurende Junie/Julie 1983, die Koor se feesjaar, was weer eens 'n skitterende hoogtepunt. Die geweldige kostestyging sedert die 1980-toer het die begroting van R80 000 tot R175 000 opgestoot. Die bestuur, onder aanvoering van die voorsitster, mev. Elsa Lombard, die ouers en koorlede het met groot ywer verskeie projekte aangepak en donateurs gewerf sodat die toer 'n werklikheid kon word. 68 koorlede, vergesel van 14 volwassenes en 'n TV-span van 4 lede onder leiding van Pierre Marais, het op 23 Junie van die lughawe D.F. Malan vertrek en verskeie groot sentra in Europa soos Amsterdam, Brussel, Frankfurt, Basel, Luzern, München en Salzburg besoek.

Die hoogtepunt van hierdie toer het aangebreek in die Sofien-saal in Wenen toe die koor tydens die twaalfde Internasionale Jeug- en Musiekfees aangewys is as die beste koor uit 17 inskrywings uit 9 lande. Die werke wat die koor uitgevoer het, was Exultate Deo (Scarlatti), See the Gypsies Play (Zoltan Kodaly) en die siklus Sewe Boerneefliedjies (Pieter de Villiers). Hierdie prestasie, waarvoor die Koor bykans volpunte verdien het, het allerweë die hoogste lof uitgelok. Interessante kommentaar het in Die Burger in 'n hoofartikel verskyn: "Dat dié koor wat in 1973 as feeskoor ontstaan het ter viering van die 25-jarige bestaan van die Tygerberg-Eisteddfod so presteer, getuig van watter groot waarde eisteddfods kan wees en van die aansienlike talent waaroor Kaapland beskik. Hopelik sal die koor se prestasies meer toegewydes aanspoor om die vele talente van die mense in hierdie land te ontgin."[421)]

'n Besondere eer het mnr. Hendrik Loock, Koorleier, op 9 Mei 1981 tydens die feesbanket van die Bellvillese stadsraad op inisiatief van die Burgemeestersvrou, mev. Bess Meyer, te beurt geval toe die Burgemeester, raadslid Tinie Meyer, die nuwe stad se eerste vier toekennings vir besondere prestasie gedoen het. H.D. Loock was een van die vier en het die toekenning ontvang op grond van sy werk met die Tygerberg-Kinderkoor. Ook die ATKV het in Desember 1983 'n oorkonde aan mnr. Loock te Parow oorhandig vir die kultuurbedrywighede van die Tygerberg-Kinderkoor. Hierdie oorkonde is in 1984 te Hartenbos met die ATKV-Toekenning aan die Tygerberg-Kinderkoor opgevolg vir die bevordering van die Afrikaanse lied. Laasgenoemde toekenning was een van drie, en is in 1984 die eerste keer toegeken.

Gedurende 1982 het die Koorkomitee deur bemiddeling van die voorsitter van die Beheerkomitee, mnr. R.K. de Villiers, vertoë tot die Departement gerig dat die

421) Redakteur: "'n Uitmuntende Prestasie", hoofartikel in Die Burger, 19 Julie 1983, p.12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

posisie van die dirigent sodanig gevestig word dat die standaard van die koor gehandhaaf en selfs verbeter kan word. Die Departement het op hierdie vertoë gunstig gereageer deur mnr. Loock vanaf 1 Januarie 1983 as Departementshoof aan die Onderwyserskollege Denneoord, Stellenbosch, aan te stel met deelopdragte die Tygerberg-Kinderkoor asook die indiensopleiding van onderwysers in koorleiding in samewerking met die Eerste Vakadviseur (Musiek) en die Onderwysersentrum Parow.[422)]

Gedurende 1983, toe die Koor sy hoogtepuntjaar beleef het, was die koorkomitee soos volg saamgestel: Mev. E. Lombard (voorsitster), ds. S. Jonck (vise-voorsitter), mev. I. Wagener (sekretaresse), mnr. G.H.C. van Zyl (tesourier), mnr. H.D. Loock (koorleier), mev. A. Brand (begeleidster), mnr. D. Smit (hulpbegeleier), en as addisionele lede mnre. D. Brand, W.T. Oosthuysen, mev. M. Loubser en mev. A. Wium. Die Beheerkomitee het in dieselfde jaar bestaan uit mnr. R.K. de Villiers (Streekhoofinspekteur Parow - voorsitter), mnr. C.J. van der Merwe (Skoolraadsekretaris Parow - sekretaris), mnr. J.J. Pretorius (Skoolraad Parow - tesourier), en addisionele lede mnr. P.J.A. Borman (voorsitter Tygerberg-Eisteddfod), mnr. J.P.P. Hugo (Senior Vakadviseur Musiek), mev. E. Lombard (Voorsitster Tygerberg-Kinderkoor).

Die volgende tabel gee 'n oorsig van die Koor se bedrywighede in terme van die getal optredes gedurende die eerste twaalf jaar van sy bestaan:

	Vollengte-konserte	Ander optredes
1973	-	6
1974	11	6
1975	16	6
1976	13	16
1977	12	11
1978	16	4
1979	10	6
1980	9	6
1981	8	21
1982	18	7
1983	19	21
1984	18	7

422) KOD, lêer L.5127782: Waarnemende Direkteur: Onderwys - Mnr. H.D. Loock, 15 Junie 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vier plaatopnames het reeds die lig gesien - in 1976, 1980, 1982 en 1983.

Terwyl die koorleier gedurende die twaalf jaar dieselfde persoon gebly het, het die volgende poste soos volg gewissel:

Voorsitter	Sekretaresse	Begeleidster
Mnr. E. Smit Jan. 1973-Des.1977	Mev. E. Prins Mei 1973-April 1976	Mej. Jossie Gouws Jan.-Sept. 1973
		Mej. Bardien Visser Okt.-Des. 1973
		Mej. Loanda du Toit Jan. 1973-Julie 1977
Mnr. W.T. Oosthuysen Jan. 1978-Sept. 1982	Mej. Marie van Zyl Mei 1976-Jan. 1979	Mev. Theresa Loock Aug. 1977-Julie 1980
Mev. E. Lombard Okt. 1982-	Mev. I. Wagener Febr. 1979-	Mev. Annatjie Brand Aug. 1980-

'n Bykomende liggaam, die Vriende van die Tygerberg-Kinderkoor, is in 1982 gestig met die doel om die voortbestaan van die Koor te help verseker deur middel van 'n redelik vaste, bykomende inkomste. Gedurende 1984 het die lidmaatskap reeds gegroei tot 52.

2.7.4.2 Die Oostelike Provinsie-Jeugkore

Teen die einde van 1977 is mnr. G.R. Smith, Vakadviseur (Musiek) in die Oos-Kaapstreek, deur musiekonderwysers genader om die lewensvatbaarheid van 'n streekskolekoor te ondersoek. Vroeg in 1978 het mnr. Smith 'n omsendbrief aan al die hoër skole in Port Elizabeth en omgewing gestuur met die uitnodiging dat lede van skoolkore vir oudisies moes aanmeld. Hierdie oudisies is op 9, 10 en 15 Februarie 1978 gehou en hoewel die reaksie van die dogters oorweldigend was, was die reaksie van die seuns teleurstellend, sodat die getal koorlede tot ongeveer 50 beperk is.

Die Koor het met sy oefeninge op Saterdae van 08h00 tot 09h30 in die saal van die Greenwood-Laerskool begin. Hierdie oefentye is gedurende die winter na Vrydae, van 16h00 tot 17h00, verskuif, en die oefenlokaal na die Onderwysersentrum. 13

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoër skole het aan die projek deelgeneem en in die finale konsert in 1978 het 22 soprane, 14 alte en 7 seuns opgetree. Ten spyte van talle probleme, waaronder ongereelde bywoning deur koorlede as gevolg van ander skoolverpligtinge, het mnr. Smith gerapporteer dat dit 'n verrykende jaar was, ook vir hom as Vakadviseur om op 'n sinvoller basis by die skole betrokke te kon raak.[423)]

In 1979 het mnr. Smith ook 'n kleiner kamerkoor op die been gebring, maar om die kore op 'n stewiger grondslag te plaas, het hy in Julie 1979 'n omsendbrief aan alle skoolhoofde, musiekonderwysers, ouers van koorlede en ander belanghebbendes gestuur en 'n vergadering op 19 Julie 1979 by die Onderwysersentrum belê.[424)] Hoewel die vergadering verskeie aangeleenthede bespreek het, was die belangrikste uitvloeisel die verkiesing van die volgende 13 persone wat opdrag gekry het om self te konstitueer en ampsdraers te kies: mnre. J. Botha, J. Linck, G.R. Smith, J.M. Terblanche en mevv. J. de Beer, L. Fleetwood-Jones, J. Lamprecht, D. Linck, J. Scarr, L. Smith, mej. B. Surmon, Mej. E. Tisi en mev. E. van Rooyen.[425)] Mnr. J.M. Terblanche is as voorsitter en mev. E. van Rooyen as sekretaresse verkies.

Vanaf 1980 het mej. A. du Plessis van die Onderwyserskollege Port Elizabeth die koorleiding oorgeneem en ook 'n tweede koor, die O.P.-Kinderkoor, op die been gebring. Op die eerste jaarvergadering van die O.P.-Jeugkore in Mei 1980 kon oor verskeie aangeleenthede verslag gedoen word: 'n netjiese koordrag met 'n embleem is ontwerp; 'n grondwet was in die konsepstadium; op 9 Mei 1980 het albei kore hulle eerste openbare optredes by die 50-jarige bestaansvieringe van die Hoërskool Kirkwood gehou; die Departement van Onderwys sien nie sy weg oop om die Koor finansieel te steun nie, behalwe in die geval van skryfbehoeftes en ritte van die vakadviseur in belang van die koor; die Departement staan egter positief teenoor die Koor en betoon graag belangstelling en welwillendheid. Die jaarvergadering het dan ook die konsepkonstitusie met enkele wysigings aanvaar en ook die volgende bestuur verkies: mnr. J.M. Terblanche (voorsitter), mev. J. de Beer (ondervoorsitter), mev. E. van Rooyen (sekretaresse), mej. E. Tisi (hulpsekretaresse), mnr. J. Linck (penningmeester) en as bykomende lede mej. B. Surmon, mevv.

423) Geoff R. Smith: Report on Eastern Cape Regional Youth Choir, 1978.

424) G.R. Smith - All School Principals, Music Teachers, parents of Choir Members, Other Interested Persons, 10 July 1979.

425) E.P. Youth Choirs: Minute of inaugural Meeting of the E.P. Youth Choirs held at the Teachers Centre on Thursday, 19 July 1979, at 19h30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

J. Lamprecht, J. Scarr, M.C. van der Walt en J. van Zyl.[426)]

In hierdie stadium het die kore reeds sekere vaste patrone in hulle werksaamhede ontwikkel. Verskeie optredes het deur die jaar plaasgevind, òf op uitnodiging, òf in samewerking met ander instansies. Die jaar se werksaamhede is gewoonlik afgesluit met 'n tradisionele prestige-konsert in die Onderwyserskollege Port Elizabeth se ouditorium. Die O.P.-Jeugkore-vereniging se grondwet het voorsiening gemaak vir twee soorte lidmaatskap: ouers van kinders wat lid van een van die twee kore geword het, en skole.

Die grondwet het verder o.a. voorsiening gemaak vir die doelstelling, kleure, ledegeld, aanwys van dirigente, algemene vergaderings, samestelling en werksaamhede van die bestuur en finansies. Die doelstelling is soos volg omskryf: "Die doel van die vereniging in die algemeen is om koorsang in die Oostelike Provinsie te bevorder, en in die besonder om een of meer jeugkore op die been te bring."[427)] Oudisies het jaarliks gedurende September/Oktober geskied met 'n aanvullende oudisie na gelang van omstandighede in Maart van die volgende jaar. Die eerste kooroefening geskied in Oktober, waar bladmusiek uitgedeel en van koorlede verwag word om die musiek by die eerste oefening in Januarie te ken. Van elke skool is verwag om 'n skakelonderwyser aan te wys en die bestuur kan ook met die goedkeuring van die skoolhoof skakelouers aanwys.[428)] 'n Fondsinsamelingskomitee is ook op die tweede jaarvergadering in Maart 1981 op die been gebring.[429)]

Die jaarvergadering van Februarie 1982 het sekere veranderinge in die uitvoerende bestuur teweeggebring: mnr. P.R. Visser (voorsitter), mev. M.D. van der Walt (ondervoorsitster), mev. E. van Rooyen (bly aan as sekretaresse), mev. C. Bruwer (hulpsekretaresse) en mev. J. de Beer (tesourier). Melding is ook gemaak van probleme wat met die Koor se organisasie ondervind is, soos lede wat onttrek en wat daardeur ontwrigting veroorsaak, en skakeling met skole waar alles nie altyd

426) O.P.-Jeugkore: Notule van die eerste Jaarvergadering van die O.P. Jeugkore gehou op Maandag, 26 Mei 1980 om 19h30 by die Onderwysersentrum.

427) O.P.-Jeugkore: Grondwet.

428) O.P.-Jeugkore: Konsep-handleiding om onder bestaande en voornemende Koorlede, Skoolhoofde en ouers te versprei.

429) O.P.-Jeugkore: Notule van die tweede Jaarvergadering van die O.P. Jeugkore gehou op Dinsdag, 10 Maart 1981, om 7 nm. by die Onderwysersentrum.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na wense verloop het nie.[430)]

As gevolg van die swaar las en organisatoriese probleme wat ondervind is om twee kore deur middel van een dirigent en een bestuur te laat funksioneer, het die bestuur op sy vergadering van 16 Junie 1982 besluit om die twee kore t.o.v. dirigente, voorsitters en sekretaresses te skei en onafhanklik van mekaar te laat funksioneer. Mej. A. du Plessis, as dienende koorleidster, sou die reg kon uitoefen om eers te kies watter koor sy wil behartig, waarna die bestuur vir die ander koor voorsiening sou maak.[431)] Mej. du Plessis het dan ook besluit om met die Senior Koor voort te gaan, waarna die bestuur mev. Junita Lamprechts, koorleidster van die Hoërskool Framesby, vir die Kinderkoor genader het.[432)] Die Senior Koor sou in die vervolg as die O.P.-Jeugkoor en die Junior Koor as die O.P.-Kinderkoor bekendstaan.

Vir die Jeugkoor is in 1983 'n Koorkomitee gestig wat uit koorlede bestaan het, nl. 'n voorsitter, 'n sekretaresse en vier lede verteenwoordigend uit elk van die vier stempartye. Die doel van hierdie komitee was om hulle in die geleentheid te stel om die belange van koorlede te behartig, om leierskapspotensiaal te ontwikkel en om 'n aktiewer belang in koorsake te ontwikkel.[433)] Die Jeugkoor het in daardie stadium uit 68 lede, en die Kinderkoor uit 60 lede bestaan.

Die enigste bron van inkomste vir die kore was in die verlede die affiliasiegeld wat op R10 per skool, en lidmaatskapsgeld wat op R2 per ouer vasgestel was.[434)] Tydens toere en buitekonserte was die ouers vir alle uitgawes vir hulle kind(ers) verantwoordelik.

Gebrek aan finansiële hulp was deurgaans in die O.P.-Jeugkore die grootste knelpunt wat oorbrug moes word. Aangesien die inkomste uit toere nie naasteby die uitgawes kon dek nie, moes ouers grotendeels die uitgawes help dra. In 1984, bv., was die totale koste van die toer deur die Vrystaat en Natal R12 539,84, waarvan

430) O.P.-Jeugkore: Notule van die derde algemene Jaarvergadering van die O.P. Jeugkore gehou op Dinsdag, 1982-02-16 om 19h00 by die Onderwysersentrum.

431) O.P.-Jeugkore: Aanbevelings van die Dagbestuur van die O.P. Jeugkore na aanleiding van 'n vergadering gehou op Woensdag 1982-06-16 om 15h30 in die personeelkamer van die Hoërskool Pearson.

432) O.P.-Jeugkore: Notule van Bestuursvergadering van die O.P. Jeugkore gehou op 10 September 1982.

433) O.P.-Jeugkore: Jaarverslag van die Voorsitter, 22 Februarie 1983, par. 3.

434) O.P.-Jeugkore: Jaarverslag van die Voorsitter, 1982, par. 8.1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

R8 541,34 deur ouers en ander bronne van inkomste gedek is, en R3 998,50 uit die koor se kas. Die toerleidster, mev. Elsa van Rooyen, het in haar verslag opgemerk: "Dit het my vanjaar weer opnuut opgeval dat die jeugkore op 'n wyse bedryf word wat ons opset werklik laat lyk na 'n groentjie. Die Natalse Jeugkoor....word bestuur deur 'n kantoor met voltydse amptenare.... Dit kos lede van die Vrystaatse Jeugkoor nie 'n sent om 'n toer te onderneem nie, want die geld is daar... Die owerhede (plaaslik ingesluit) se guns sal gewen móét word sodat ons finansiële steun kan kry."[435)]

Teen die einde van 1984 is 'n volledige aansoek by die Departement van Onderwys om finansiële steun ingedien. Hoewel die Departement simpatiek gestaan het teenoor hierdie aansoek, kon weens die ekonomiese klimaat die oorweging van 'n subsidie nie toegestaan word nie.

Die Kinderkoor se bestuur het hierdie probleem opgelos deur die lidmaatskapsgeld aansienlik te verhoog: ouers is versoek om R10 per maand ledegeld te betaal, beginnende op 1 November 1984.[436)]

Die O.P.-Jeugkoor se bestuur, het op sy beurt begin werk aan die gedagte om 'n borg of borge te kry om die koor se werksaamhede gedeeltelik te finansier.[437)]

Toere het mettertyd ook 'n belangrike deel van die kore se werksaamhede geword. Die kore het die volgende toere agter die rug, afgesien van kort naweektoere na nabygeleë dorpe:

O.P.- Junior Koor/Kinderkoor

Maart 1982	-	Kaapstad
September/Oktober 1983	-	Pretoria en Roodepoortse Eisteddfod (verower tweede plek by Eisteddfod)
September/Oktober 1984	-	Suidwes-Afrika

O.P.-Jeugkoor

Augustus 1979	-	F.A.K.-feesverrigtinge, Kaapstad
Junie/Julie 1983	-	Transvaal
Junie/Julie 1984	-	O.V.S., Natal

435) O.P.-Jeugkore: Verslag van O.P.-Jeugkoortoer (1984) deur Toerleidster mev. E.E. van Rooyen.

436) O.P.-Kinderkoor: Omsendbrief aan ouers, 12 November 1984.

437) O.P.-Jeugkoor: Jaarverslag, Oktober 1984, par. 3.6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na vyf jaar van die afsonderlike bestaan van die twee kore is 'n mooi koortradisie opgebou en 'n hoë standaard bereik. Ná die prestige-konsert op 22 September 1984 in die Port Elizabethse Technikon-ouditorium het 'n resensent soos volg geskryf: "Both choirs have developed musically and it was rewarding to hear how the tenors and basses of the E.P. Youth Choir gained resonance and power. Junita Lamprecht's singers have developed into a closely-knit ensemble - beautiful tone, healthy and unspoilt singing have always been a positive feature of children's choir..."[438] En ten opsigte van die konsert van die O.P.-Kinderkoor saam met Mimi Coertse op 15 Junie 1984 het 'n ander resensent geskryf: "The success of Friday evening's varied concert must very largely be attributed to Junita Lamprecht and her obviously enthusiastic young choir, who are certainly an asset to the Eastern Province. Their contribution was evidence of meticulous preparation both in musicianship and deportment."[439]

2.7.4.3 Die Goeie Hoop-Jeugkoor

Gedurende 1980 het Toeropa Reise (Edms.) Bpk. deur bemiddeling van hul besturende direkteur, mnr. Hentie Eksteen vir mnr. Korrie van der Laag, voormalige internasionale toerbestuurder van die Drakensberg-Seunskoorskool, gevra om elke jaar 'n koor te organiseer om na die buiteland te reis en op te tree. Op grond van sy persoonlike verbintenis met mnr. Jannie Hough, musiekonderwyser by die Hoërskool Vredenburg en vroeër verbonde aan die Drakensberg-Seunskoor, het mnr. Van der Laag hom genader om die eerste sodanige koorgroep wat in Desember 1981 na België sou toer, saam te stel.[440] Mnr. Hough het in September 1980 omsendbriewe aan die ag hoër skole wat aan die Swartland- en Weskus Sangfeeste deelgeneem het, gestuur, en die skole genooi om leerlinge in sts. 6 tot 8 vir dié doel te nomineer. Oudisies sou by die verskillende skole gedurende die tydperk 4 tot 9 Oktober 1980 gehou word.[441]

Die 36 koorlede wat uit 179 nominasies gekeur is, was soos volg verdeel: die Hoërskole Swartland (10 lede), Vredenburg (10), Dirkie Uys (4), Hopefield (4),

438) Eastern Province Herald: Prestige Concert E.P. Youth Choir.....E.P. Children's Choir....., September 24, 1984, p.16.

439) Evening Post: "Mimi, choir in effective partnership", 18 Junie 1984.

440) K. van der Laag: Verslag van Vergadering gehou te Piketberg op 28 Januarie 1981 en bygewoon deur ouers van die "Goeie Hoop-Koor", Toeropa Reise, 1 Februarie 1981.

441) J. Hough: "Suid-Afrikaanse Jeugkoorgroep na die Buiteland", omsendbrief aan skoolhoofde, 2 September 1980.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Piketberg (3), Porterville (3) en Velddrif (2).[442] Ouers moes onderneem om die nodige reisgeld te betaal, asook die nodige klerasie en uitrusting soos deur die bestuur bepaal. Verder moes ouers onvoorwaardelik toestemming gee dat hulle seun/dogter op enige toer mag gaan soos deur die bestuur besluit en beplan word.[443] 'n Spesiale spaarrekening is by 'n bank geopen sodat ouers die toergeld by enige tak van die betrokke bank kon inbetaal, en drie persone is aangewys as trustees.[444]

Om administrasiekoste te dek is aanvanklik 'n inskrywingsgeld van R20 per koorlid gevorder. Dit het egter gou duidelik geword dat ouers en lede van die publiek gewillig was om die Koor met bydraes te help. Gevolglik is 'n vereniging op 28 Januarie 1981 gestig wat tydelike magtiging ingevolge die Wet op Fondsinsamelings ontvang het om fondse in te samel. Op dié vergadering van ouers is 'n konstitusie goedgekeur en 'n bestuur saamgestel om die finansies en ander sake van die Koor te beheer. Hierdie bestuur was: mnr. E.W. Pienaar (Malmesbury) - voorsitter; mnr. H. Theron (Vredenburg) - vise-voorsitter; mnr. J. Spamer (Malmesbury) - toerbestuurder; mnr. P.J. Hager (Moorreesburg) - tesourier; mev. A. Pienaar (Malmesbury) - sekretaresse. Mnr. J. Hough (koorleier) en mev. E. Carstens (begeleidster) is ampshalwe in die bestuur gekoöpteer.[445]

Die Koor het so dikwels moontlik op Woensdag- of Saterdagmiddae geoefen en wel in rotasie op die tuisdorpe van koorlede. 'n Reeks konserte is op koorlede se tuisdorpe gehou, en as gevolg van goeie ondersteuning deur die publiek was dit moontlik om 'n wins op elke konsert te maak. As gevolg van hierdie steun en gunstige kommentaar van kundige persone het die bestuur oortuig gevoel dat 'n streekkoor in die Swartland 'n nuttige doel gedien het.[446]

Mnr. van der Laag het intussen gedurende Maart 1981 op 'n reis na België, Nederland en Oostenryk reëlings vir die toer getref, wat België, Nederland en Londen ingesluit het, en wat vanaf 5 tot 23 Desember sou duur. Die toerorganisasie sou reëlings vir 36 koorlede en 5 personeellede tref, maar ouers wat op eie koste die

442) K. van der Laag - Mev. G.J.T. Hagen, korrespondent "Die Burger", 6 Desember 1980.

443) Goeie Hoop-Jeugkoor: Ooreenkoms, Vorm C. par. 5, 6.

444) Goeie Hoop-Jeugkoor: Omsendbrief 1/80, par. 1 - 3.

445) Goeie Hoop-Jeugkoor: Stigting en Doelstellings, 13 Mei 1982.

446) Ibid., p.2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toer wou meemaak, was ook welkom.[447] Op 1 Augustus het mnr. Van der Laag die bestuur ontmoet en sekere besonderhede gefinaliseer, o.a. dat die toergroep uit 51 persone sou bestaan en dat Londen op die toerprogram deur Switserland vervang is.[448]

Gedurende die September-skoolvakansie het die Koor 'n koorkamp te Saldanha gehou ter voorbereiding van die reeks afskeidskonserte en die toer. Aan die einde van die kamp is opnames gemaak wat vir ongeveer 600 plate gebruik is. Die verkoop van die plate is gebruik om die toerfonds aan te vul.[449]

Die Koor het sy eerste konsert op die toer op Maandagaand, 7 Desember 1981 in die konsertsaal van die Stedelike Konservatorium in Mechelen gehou. Daarna het nog 14 optredes van groter en kleiner omvang gevolg in kerksale, skoolsale, kultuursentrums, kerke en 'n ouetehuis totdat die toer deur Vlaandere en Nederland in Borgenhout afgesluit is. Die opkomste was bevredigend en op sommige plekke uitstekend. Daarna het hulle 4 dae in Switserland vakansie gehou. Die bestuur was tevrede dat die lede van die Koor gedurende 1981 die geleentheid gehad het om musikaal te ontwikkel, dat die toer 'n sukses was beide as konserttoer en as opvoedkundige toer, en dat die koste van die toer billik was.[450]

Op 17 Mei 1982 het die bestuur 'n vergadering van verteenwoordigers en musiekpersoneel van ledeskole gehou om die voortbestaan van die koor te bespreek. Die voorsitter, mnr. E.W. Pienaar, het verduidelik dat die Departement van Onderwys en die Administrateur die bestaan van die koor erken het en dat die Beplanner (Musiek), mnr. J.P.P. Hugo, ten gunste daarvan was dat verdere beplanning in samewerking met die skole gedoen moes word. Die vergadering het eenparig besluit dat die Koor moes bly voortbestaan, dat twee onverbonde persone die keuring moes doen (waarvan een deur die Departement aangewys sou word), en dat twee skoolhoofde, mnre. J.U. Bell (Aurora) en R.A. van der Merwe (Porterville) in die bestuur

447) Goeie Hoop-Jeugkoor: K. van der Laag - mnr. J.S. Spamer, "I.s. toer na België, Nederland en Londen", 24 Maart 1981.

448) Goeie Hoop-Jeugkoor: Notule van die Goeie Hoop-Jeugkoor-Bestuursvergadering op 1 Augustus 1981 te Vredenburg.

449) Goeie Hoop-Jeugkoor: Stigting en Doelstellings, 13 September 1982, p.1.

450) Goeie Hoop-Jeugkoor: Jaarverslag en Verslag oor buitelandse Toer Desember 1981, 6 Februarie 1982, pp.3,4.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verkies word.[451] Die nuwe bestuur was dan soos volg: mnr. E.W. Pienaar (voorsitter), mnr. J. Spamer (sekretaris), mnr. P. Hager (tesourier), mnr. T. Viljoen (Vredenburg), mev. L. Carstens (Hopefield), mnr. R.A. van der Merwe (verskuif na Malmesbury), en mnr. J.U. Bell (Aurora).[452]

Met die vertrek van mnr. Hough as koorleier in die derde kwartaal 1982 het die bestuur daarin geslaag om die dienste van mnr. T.R.V. van Wyk van die Wellingtonse Onderwyserskollege vanaf Oktober 1982 te bekom. Onder hulle nuwe dirigent kon die Koor reeds weer op 5 Desember 1982 in die N.G. Kerk Vredenburg optree.[453] Beplanning vir 'n verdere oorsese toer was ook reeds weer aan die gang met die oog op die einde van 1983. Suid-Amerika of Europa is oorweeg, maar dit het geblyk dat die ontvanklikheid vir sulke toere intussen verander het. Soos mnr. Van der Laag geskryf het: "Daar is te veel kore in Suid-Afrika wat na die buiteland wil gaan en wat nie die gehalte het om te gaan nie - dis plesierreise, maar tot nadeel van die S.A. Kultuur."[454]

Op 14 Januarie 1983 het die voorsitter van die bestuur, mnr. E.W. Pienaar, vergesel deur mnr. P.J. Hager, in 'n onderhoud met die Administrateur, Sy Ed. E. Louw, die L.U.K. belas met onderwys, mnr. W. Bouwer, die Direkteur: Onderwys, mnr. H.A. Lambrechts, en die Beplanner (Musiek), mnr. J.P.P. Hugo die Koor se probleme geskets.[455] 'n Uitvloeisel van hierdie onderhoud was dat die Direkteur: Onderwys 'n brief aan die sekretaris van die Koor gerig het waarin verlof toegestaan is tot die voortsetting van die bedrywighede van die Koor, en waarin "'n baie vriendelike dog dringende beroep op skoolhoofde binne die Koor se belangegebied (gedoen is) om hulle samewerking sover dit moontlik is te verleen ten opsigte van hierdie mooi kulturele bedrywigheid."[456]

Tydens die jaarvergadering op 9 April 1983 het die teenwoordige ouers eenparig

451) Goeie Hoop-Jeugkoor: Notule van Vergadering van die Bestuur met die Verteenwoordigers van Ledeskole en Musiekpersoneel van Ledeskole gehou op 17 Mei 1982, pp.1-3.

452) Goeie Hoop-Jeugkoor: Omsendbrief 2/82, 6 Augustus 1982, p.2.

453) Goeie Hoop-Jeugkoor: Omsendbrief 4/82, 3 Desember 1982.

454) Goeie Hoop-Jeugkoor: Notule van Bestuursvergadering gehou te Ruststasie op 22 Januarie 1983.

455) KOD, lêer L.15/66/9/3: H.A. Lambrechts, Direkteur: Onderwys - Die Sekretaris, Goeie Hoop-Jeugkoor, 27 Januarie 1983.

456) Goeie Hoop-Jeugkoor: K. van der Laag - J. Spamer, 6 November 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besluit dat die moontlikheid van 'n toer na Israel en Europa ondersoek moes word. Die bestuur het egter geoordeel dat die Koor nie vir sodanige toer gereed sou wees nie en dat die toer liefs opvoedkundig van aard moes wees.[457] Die reaksie was nietemin baie goed ten spyte van die feit dat die toerkoste van R1 100 per koorlid (1981) tot R2 000 (1983) gestyg het.[458] Hierdie toer het gedurende die Desembervakansie 1983 plaasgevind.

Op dieselfde jaarvergadering is ook kennis geneem van die bedanking van die nuwe koorleier, mnr. Van Wyk, wat vanweë sy verpligtinge by sy kollegekoor nie kans gesien het om verder as koorleier op te tree nie. In sy plek is aangewys mej. H. Lesch van die Hoërskool Swartland, Malmesbury. Mej. Lesch het egter ook vanweë haar skoolverpligtinge aan die einde van 1983 bedank.

Gedurende Augustus 1984 het die tweejaarlikse sangfeeste van die Swartland- en Weskus-skole plaasgevind. Aangesien koorlede van die Goeie Hoop-Jeugkoor in hulle eie skoolkore aktief betrokke was, het die koorbestuur en die skoolhoofde ooreengekom dat die Koor se aktiwiteite gedurende 1984 opgeskort sou word, waarna die Koor weer normaal sou kon funksioneer. Die Koor het egter in 1985 nie weer sy werksaamhede hervat nie.

2.7.4.4 Die Breërivier-Kinderkoor

Die stigtingsvergadering van die Breërivier-Kinderkoor (wat aanvanklik as die Breërivier-Streekkinderkoor bekend was), het op 1 Junie 1982 onder voorsitterskap van die onderburgemeester van Worcester, raadslid Dirk Brand, plaasgevind.[459] Ander persone wat teenwoordig was, was dr. H.E. Fox, Streekhoofinspekteur van Onderwys; mnr. J.J Steyn, Inspekteur van Onderwys; mnr. J.P.P. Hugo, Senior Vakadviseur (Musiek); hoofde van die volgende skole: Goudini-Hoërskool, Laerskool Die Bron, Laerskool Robertson, Hoërskool De Doorns, Hoërskool Wolseley, Laerskool Gericke (Ceres), Hoërskool Tulbagh, Laerskole Worcester, Worcester-Noord, Worcester-Oos en die Pionierskool; mnr. F. en mev. Andreè Rossouw.

Mnr. Brand het verduidelik dat die stadsraad van Worcester die gedagte van 'n

457) Goeie Hoop-Jeugkoor: Omsendbrief 3/83, 13 April 1983.

458) Goeie Hoop-Jeugkoor: Omsendbrief aan Toerlede en Ouers, verwysing 45/O/T, 1 November 1983.

459) Breërivier-Kinderkoor: Notule van stigtingsvergadering gehou op 1 Junie 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

streekkoor sterk gesteun het, en mev. Rossouw het gemeld dat sy eintlik op versoeke uit die publiek gereageer het om haar as koorleidster beskikbaar te stel. Die vergadering het toe o.a. besluit om na 'n proefperiode van 18 maande te oorweeg om Departementele erkenning vir die koor te probeer verkry.

Die eerste koorkomitee was soos volg saamgestel: Mnr. M.J.W. Kilian (Laerskool Worcester) - voorsitter, mnr. F Rossouw - sekretaris, addisionele lede: mnr. G.N. Visser (Hoërskool Wolseley), mnr. J.A. Heÿl (Laerskool Worcester-Noord), en mnr. T.H.J. Mouton (Laerskool Gericke, Ceres).[460] Hierdie komitee is later tot 5 skoolhoofde en 4 ouers uitgebrei.[461]

Die volgende dag (2 Junie) het die voorsitter aan alle laer skole en skole met primêre afdelings in die natuurlike Noord-Bolandgebied en die Breërivierviallei-omgewing 'n omsendbrief uitgestuur waarin die stigting en doel bekendgemaak is, die wyse waarop leerlinge uit sts. 2 tot 5 vir keuring voorgelê moes word en dat die eerste oefening op Vrydag, 23 Julie 1982 sou plaasvind. 'n Belangrike beleidsaak is ook gemeld: aansoekers moes aktiewe lede van hulle eie skoolkore wees en bly, behalwe natuurlik in gevalle waar geen skoolkoor bestaan het nie.[462] Benoemings van leerlinge kon ook slegs deur bemiddeling van die skool gedoen word; waar van hierdie beleid afgewyk word, sou die skoolhoof eers genader word.[463]

In die daaropvolgende algemene vergaderings gedurende Augustus en September 1982 waarheen die ouers ook uitgenooi was, is verskeie aangeleenthede bespreek soos skakeldames vir elke skool, fondsinsamelingsprojekte, 'n koordragkomitee, 'n koorkamp en die reël van optredes.[464]

Op die algemene vergadering van 17 September 1982 is die koordragkomitee se aanbevelings ten opsigte van die volgende koordrag aanvaar: Seuns: swart broeke, sokkies en skoene, kolletjiesmateriaalhemde met 'n Peter Pan-kraag, swawelstertstrikdas en valletjies weerskante van die knope; meisies: bloese van kolle-

460) Ibid.

461) Breërivier-Kinderkoor: Jaarverslag van koorbedrywighede vir die tydperk 1 Junie 1982 tot 31 Desember 1983, par. 2.

462) Breërivier-Kinderkoor: Omsendbrief, Streekkoor vir Laerskoolleerlinge in die Noord-Boland/Breërivierviallei, 2 Junie 1982.

463) Breërivier-Kinderkoor: Omsendbrief van die Voorsitter, Januarie 1983.

464) Breërivier-Kinderkoor: Notules van algemene vergaderings gehou op 6 Augustus, 20 Augustus en 17 September 1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tjiesmateriaal met 'n val om die nek en valletjies om die mouboordjies, 'n strikdassie van swart materiaal om die nek, 'n swart sesbaanromp, swart skoene en wit broekiekouse.[465)]

Die getal lede van die Koor was aan die begin 69, maar is later tot 60 beperk. Die getal skole wat aanvanklik verteenwoordig was, nl. 15[466)] het egter veral as gevolg van die petrolprysstyging gedurende 1984 sodanig afgeneem dat slegs die volgende ag skole nog in 1985 koorlede beskikbaar gestel het: Worcester- Primêre Skool, (9 lede), Laerskool Worcester-Oos (14 lede), Worcester-Noord- Primêre Skool (9 lede), Laerskool Breërivier (1 lid), Hoërskool De Doorns (7 lede), Goudini-Hoërskool (4 lede), Hoërskool Wolseley (1 lid) en Hoërskool Bonnievale (2 lede).[467)]

Die probleem van laat ure en lang afstande tydens veral optredes is deels opgelos deur die stelsel van voogouers op Worcester wat huisvesting aan koorlede van ander dorpe aangebied het.[468)] Addisionele tuisdorpoefeninge is ook vanaf 1984 vir Woensdagnamiddae gereël.[469)] 'n Ander manier waarop die instudeer van musiek bevorder is, was die gereelde naweekkampe waartydens meer intensiewe aandag daaraan gegee kon word; sodanige naweke het gewoonlik ook met kooroptredes saamgeval.

Gedurende die eerste 2½ jaar van sy bestaan het die Koor op die meeste dorpe in sy voedergebied, asook op Vredendal en Oudtshoorn, opgetree. Vir die vooruitbeplanning van toere is 'n afsonderlike toerkomitee van 8 lede, aanvanklik onder die voorsitterskap van mev. Rienie du Toit, in die lewe geroep.[470)] Hierdie komitee se taak sou wees om in samewerking met die koorleidster te besluit wanneer en waarheen getoer sou word en om alle reëlings in verband met die toer te beplan. Die twee ander komitees wat aangewys is, was die klerekomitee en die

465) Breërivier-Kinderkoor: Notule van algemene vergadering gehou op 17 September 1982.

466) Breërivier-Kinderkoor: Notule van algemene vergadering gehou op 6 Augustus 1982.

467) Breërivier-Kinderkoor: Lys van koorlede 1985.

468) Breërivier-Kinderkoor: Notule van dagbestuursvergadering gehou op 29 Augustus 1983, p.4, par. 16.

469) Breërivier-Kinderkoor: Keuringsbrief aan nuwe lede, 30 November 1983.

470) Breërivier-Kinderkoor: Notule van 'n vergadering van die beheerkomitee gehou op 2 September 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fondsinsamelingskomitee.[471)]

Die aangeleentheid van Departementele erkenning is deur die voorsitter op 'n algemene vergadering van 4 Mei 1984 geopper.[472)] Die besluit by watter geleentheid dit sou plaasvind, het uiteindelik op die prestige-konsert, nl. die Kersprogram op 6 Desember 1984, geval, waartydens prof. Anna Neethling-Pohl, Virginia Davids en die Musica-sangers ook opgetree het.[473)] 'n Departementele paneel, bestaande uit mnr. J.P.P. Hugo, Adjunk-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek) en mev. A.M. Wium, Assistent-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek), het die konsert bygewoon. Die Direkteur van Onderwys, mnr. H.A. Lambrechts, het op 18 Desember 1984 aan die voorsitter van die beheerkomitee geskryf dat die Departement amptelik erkenning aan die Koor as 'n streekkoor verleen het, dat 'n beheerkomitee gestruktureer moes word waarin die Hoofsuperintendent van Onderwys (Onderrigleiding) van Worcester die voorsitter, en een 'n Superintendent van Onderwys (Onderrigleiding) een van die komiteelede sou wees. Die Direkteur het dit egter ook beklemtoon dat finansiële ondersteuning nie gegee kan word nie, aangesien die Departement in die afsienbare toekoms nie oor die fondse sou beskik nie.[474)]

2.7.4.5 Die Kaapse Jeugkoor

Die Kaapse Jeugkoor, wat aanvanklik as die Skiereilandse Jeugkoor bekend gestaan het, het sy ontstaan te danke aan die entoesiasme van sy koorleidster, mej. Hanlie van Niekerk, wat in daardie stadium musiekonderwyseres en koorleidster van die Hoërskool Groote Schuur, Rondebosch, was. Die stigtingsvergadering het op 5 Augustus 1983 by die Hoërskool Voortrekker plaasgevind en die volgende skole was verteenwoordig: die Hoërskole Bellville, Bergvliet, De Kuilen (Kuilsrivier), D.F. Malan (Bellville), Groote Schuur, Milnerton, Paul Roos-Gimnasium (Stellenbosch), Stellenbosch en Thornton. Die voorsitter van die vergadering, mnr. W.P.J. du Preez, hoof van die Hoërskool Voortrekker, kon die vergadering meedeel dat 49 lede reeds gekeur was, maar dat 'n koor van 60 beoog is. Hy het ook die

471) Breërivier-Kinderkoor: Notule van bestuursvergadering gehou op 21 Maart 1984.

472) Breërivier-Kinderkoor: Notule van algemene vergadering gehou op 4 Mei 1984.

473) Breërivier-Kinderkoor: Notule van beheerkomiteevergadering gehou op 6 September 1984.

474) KOD, lêer L.15/66/9/3: Direkteur: Onderwys - Mnr. M. Kilian, Voorsitter van die Beheerkomitee, Breërivier-Kinderkoor, 18 Desember 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doel van die Koor se ontstaan uiteengesit: genotvolle vryetydsbesteding, dissipline, hartlike spanwerk, die bevordering van konsentrasievermoë en die bevordering van goeie menseverhoudinge. Die gedagte was ook dat die Koor uit lede uit die Skiereiland en omliggende dorpe bestaan, tot so ver as Somerset-Wes, Stellenbosch, Paarl en Wellington. Ouers sou die bestuur vorm, en op die betrokke stigtingsvergadering is die volgende eerste bestuur verkies:

Mev. M.I. Human (Stellenbosch)	-	voorsitter
Mev. R. van Zijl (Constantia)	-	vise-voorsitter
Mev. B. Senekal (Stellenbosch)	-	sekretaresse
Mnr. I. Hopley (Kuilsrivier)	-	tesourier
Mev. A. Engelbrecht (Bellville)	-	addisionele lid
Mev. A. van Dyk (Plumstead)	-	addisionele lid
Mev. J. Bruwer (Kuilsrivier)	-	addisionele lid[475)]

Die nuwe bestuur het ná die stigtingsvergadering vergader en as sy eerste en belangrikste taak geïdentifiseer die opstel van 'n grondwet, en ook besluit dat die Koor se lidmaatskapsgeld op R10 per kind per jaar vasgestel word.[476)] Op die volgende bestuursvergadering is mej. Van Niekerk, die koorleidster, en mev. I. Leuvennink as addisionele lid, in die bestuur gekoöpteer.

Die naam van die Koor, naamlik die Skiereilandse Jeugkoor, is reeds deur die bestuur op sy vergadering van 5 September 1983 gewysig tot die Kaapse Jeugkoor/-Cape Youth Choir. Die feit dat sommige skoolhoofde nie gelukkig was met die ontstaan van die Koor nie, is deur die bestuur teruggevoer tot die feit dat die koorlede privaat genader is en dat die skole dus die Jeugkoor as 'n bedreiging vir die bestaan van hulle eie kore kon beskou. Die bestuur het egter van die standpunt uitgegaan dat leerlinge se eerste prioriteit by hulle skoolkoor moet lê en het besluit dat 'n brief aan skoolhoofde uitgestuur sou word om die nodige agtergrondinligting te verskaf.[477)]

Op 16 September 1983 is 'n algemene vergadering van ouers gehou waarby 19 ouers teenwoordig was. Die volgende redes vir die totstandkoming van die Koor is beklemtoon: baie kinders wat in goeie laerskoolkore sing, beskik nie oor dieselfde voorreg ná st. 5 nie - die Kaapse Jeugkoor kan hierdie leemte vul, waar hierdie

475) Kaapse Jeugkoor: Notule van Stigtingsvergadering gehou op 5 Augustus 1983.

476) Kaapse Jeugkoor: Notule van eerste bestuursvergadering gehou op 5 Augustus 1983.

477) Kaapse Jeugkoor: Notule van Bestuursvergadering gehou op 5 September 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders in groepverband hulle talente kan uitleef; die ander provinsies het reeds verskeie jeugkore en Kaapland het ook die talente vir so 'n koor. Op dieselfde vergadering is die ouers ook meegedeel dat die Koor uit 60 - 65 lede sou bestaan, dat 'n komitee bestaande uit ouers van koorlede op die jaarvergadering aan die begin van die tweede semester gekies sou word en dat die Koor nie op plaaslik kompeterende vlak sou meeding nie, maar op uitnodiging sou optree en later onafhanklike uitvoerings sou gee.[478)]

Die eerste optredes van die Koor was in die vorm van deelname aan gemeentelike kerssangdienste: N.G. Kerk Stellenbosch-Noord, 20 November 1983; N.G. Kerk Bellville-Riebeeck, 27 November 1983; N.G. Kerk Stellenbosch-Wes, 4 Desember 1983.[479)]

Om geskikte oefentye vir 'n koor bestaande uit hoërskoolleerlinge te vind, was 'n groot probleem as gevolg van sodanige leerlinge se uiteenlopende kokurrikulêre programme. Die Jeugkoor se oefentye is op Vrydae van 15h30 tot 18h30 vasgestel, hoewel ook hierdie tyd probleme van ongereelde bywoning by sommige lede in die hand gewerk het. Die komitee het hierdie probleem by verskeie geleenthede bespreek en beroepe op ouers en koorlede gedoen om getroue bywoning van oefeninge te bevorder.[480)] Om met die instudeer van musiek te kon vorder, het die Koor in sy eerste bestaansjaar ook vier naweekkoorkampe gehou: 27 Oktober 1983 te Kliprug, Paarl; 13 Januarie 1984 te Die Eiland, Stellenbosch; 13 April 1984 en 20 Julie 1984 te Hawekwa-Jeugterrein, Wellington.

Die Koor se amptelike optrededrag is op 12 Februarie 1984 deur die komitee goedgekeur en enkele aanpassings later aangebring: 'n blou toga met swart panele voor af vir beide seuns en dogters; die seuns dra roomkleurige hemde, swart broeke en swart skoene, met 'n swart das met die koorembleem; die dogters dra 'n roomkleurige rokkie. Ouers moes die toga betaal, maar wanneer die lid die Koor verlaat, sou die helfte van die koste aan die ouers terugbetaal word.[481)]

478) Kaapse Jeugkoor: Notule van Algemene vergadering gehou op 16 September 1983.

479) Kaapse Jeugkoor: Notule van Komiteevergadering gehou op 17 Oktober 1983.

480) Kaapse Jeugkoor: Notule van Komiteevergadering gehou op 13 Maart 1984; Notule van Algemene Jaarvergadering gehou op 23 Augustus 1984.

481) Kaapse Jeugkoor: Notule van Bestuursvergadering gehou op 12 Februarie 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die grondwet van die Koor is op die bestuursvergadering van 7 Mei 1984 goedgekeur.[482] Enkele belangrike klousules uit hierdie grondwet is die volgende:

* Die oogmerke van die Vereniging van die Kaapse Jeugkoor is
  - die bevordering van koorsang, liefde vir musiek, vryetydsbesteding, spanwerk en dissipline;
  - die uitbouing van 'n koor in streekverband vir hoërskoolleerlinge;
  - optredes op 'n nie-kompeterende grondslag behalwe op provinsiale en internasionale terrein.
* Ouers en/of voogde van lede van die Koor en die koorleier(s) kan as lede van die vereniging verkies word.
* Ledegeld word van tyd tot tyd deur die bestuur vasgestel.
* Die bestuur bestaan uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris, penningmeester, vier addisionele lede en die koorleier.
* Komitees sal deur die bestuur aangewys word.
* Die bestuur kan enige van sy bevoegdhede aan 'n persoon of persone oordra sodat hy in staat kan wees om makliker uitvoering aan sy pligte te gee tot voordeel van die vereniging.
* Die algemene jaarvergadering sal jaarliks gedurende Mei gehou word.
* Die bestuur moet 'n spesiale ledevergadering op versoek van minstens 10 lede byeenroep.

Gedurende 1984 kon die Koor die volgende optredes op sy kerfstok plaas:

27 April	:	optrede by die amptelike opening van die Nassausentrum, Hoërskool Groote Schuur;
6 Mei	:	optrede tydens die aanddiens, N.G. Kerk De Tyger, Parow;
13 Mei	:	optrede tydens die aanddiens, N.K. Kerk Rondebosch;
20 Mei	:	optrede tydens die aanddiens, N.K. Kerk De Eike, Kuilsrivier;
27 Mei	:	optrede tydens die aanddiens, N.G. Moedergemeente Stellenbosch;
28 Junie	:	optrede tydens die Internasionale Kongres oor die Begaafde Kind, Stellenbosch;
4 Augustus	:	optrede saam met die Tygerberg-Kinderkoor, en kore van van die Hoërskole D.F. Malan, Bellville en Jan van Riebeeck in 'n uitvoering van die Gloria (Vivaldi) as

482) Kaapse Jeugkoor: Grondwet en Reglemente van die Kaapse Jeugkoor.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		deel van KRUIK se jaarlikse Jeugmusiekfees;
11 Augustus	:	optrede in kore-aand, stadsaal Stellenbosch;
17 Augustus	:	optrede by Nederburgh, Paarl, in samewerking met die kore van die Hoër Meisieskool La Rochelle, Laer Meisieskool La Rochelle, Laerskool Eversdal en die orkes van die Hoërskool Durbanville;
20 Oktober	:	bekendstellingsuitvoering plus kaas-en-wyn-onthaal te Nooitgedacht, distrik Stellenbosch;
9 Desember	:	optrede saam met Mimi Coertse in die Nico Malan-operahuis in die program "Kersfees met Mimi".

Ten opsigte van die Nooitgedacht-konsert (20 Oktober) het 'n resensent onder andere soos volg geskryf: "Dis nie moeilik om te voorspel nie dat die Kaapse Jeugkoor hom nog in die toekoms gaan bewys as 'n belangrike musikale krag in ons geweste en ook daarbuite."[483)]

In September 1984 het die Koor 'n uitnodiging ontvang om gedurende Julie 1985 aan die Internasionale Jeug- en Musiekfees in Wenen deel te neem. Die bestuur en die ouers het onmiddellik aan die werk gespring om fondse in te samel, aangesien die beraamde koste op R2 600 per koorlid te staan sou kom. Finansiële oorwegings het die Koor egter genoodsaak om nie die toer te onderneem nie.

Teen die afsluiting van die jaar 1984 het die Koor uit 61 lede uit 16 verskillende hoër skole bestaan.

2.7.4.6 <u>'n Beskouing oor jeug- en kinderkore</u>

Uit voorgaande beknopte weergawe van die jeug- en kinderkore wat reeds in mindere of meerdere mate 'n rol gespeel het in die jeugmusiektoneel in Kaapland, blyk dit duidelik dat hierdie kore 'n lang en soms moeisame pad moet loop om as kore genoegsame erkenning en samewerking te ontvang. Hierdie probleme kan in 'n sekere mate toegeskryf word aan die feit dat Kaapland 'n ander beleid as die ander drie provinsies gevolg het ten opsigte van die ontstaan en voortbestaan van sodanige kore. Waar in die ander provinsies die Onderwysdepartement reg van die begin af formeel by die stigting van die kore betrokke was, het Kaapland kennis geneem van sodanige kore en ook die werk van die kore aangemoedig. Betrokkenheid het egter op 'n ad hoc-basis geskied, wat o.a. bepaal kon word deur gelewerde prestasies en

483) G. Cillié: "Jeugkoor handhaaf hoë standaard", in <u>Die Eikestadnuus</u>, 26 Oktober 1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die handhawing van 'n hoë standaard.

Hierdie beleid hou sekere nadele in:

* daar word nie noodwendig op 'n eweredige basis voorsiening vir kinder- en jeugkore gemaak wat deur die provinsie versprei is nie;
* kore kan ontstaan wat nie noodwendig verteenwoordigend genoeg van 'n bepaalde streek is nie;
* omdat die inisieerders nie noodwendig die regte kanale volg nie, kan samewerking ontbreek sodat die beste stemme nie na die koor gestuur word nie;
* die nooi van 'n koorleier hang af van die oorspronklike inisieerders, wat tot gevolg kan hê dat 'n koorleier in daardie posisie aangewys word wat nie noodwendig die beste beskikbare persoon is nie; die gevaar kan dus ontstaan dat sodanige kore in die eerste plek draai om die persoon van die toevallige koorleier, sodat die bestaan van die koor en die deurlopende hoë standaard wat veronderstel is om gehandhaaf te word, in die gedrang kan kom.
* aangesien die Departement nie formeel betrokke is nie, kan kore ontstaan waarvan die standaard vir die Departement 'n verleentheid is, aangesien die leerlinge nog steeds aan Departementele skole verbonde is.

Om die moontlikheid van 'n verleentheid vir die Departement uit te skakel, is 'n omsendbrief in 1981 uitgestuur waarin skole of groepe skole opdrag gegee is dat skoolkore, orkeste, ensembles, ens. wat oorsee wil toer, eers voor 'n departementele paneel van musiekkenners moet optree sodat vasgestel kan word of die peil van die musiekuitvoering sodanig is dat die goeie naam wat Suid-Afrika, en Kaapland in die besonder op dié gebied verwerf het, nie skade sal ly nie. Skole moes dus vroegtydig, en nog voordat enige vervoer- of ander reëlings getref of fondse ingesamel word, die Departement oor die beoogde toer inlig en volledige besonderhede verstrek sodat die nodige reëlings vir beoordeling getref kon word.[484)]

Sedert hierdie reëling ingestel is, het die volgende skoolkore met verlof van die Departement oorsee getoer: die Hoër Meisieskool Bloemhof, Stellenbosch en die Hoër Meisieskool Paarl.

Waar finansiële oorwegings 'n baie belangrike aspek van die instandhouding van gebiedskore is, bemoeilik die steeds stygende koste die taak van organiseerders veral as koortoere in die jaarprogram opgeneem word. Wat buitelandse toere be-

484) KOD: Omsendbrief 78/1981, "Oorsese Toere van Skoolkore, Blaasorkeste, Ensembles, Ens.", 18 Desember 1981

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tref, is in 1983 voorsiening gemaak dat Provinsiale Rade ten behoewe van toere deur kore of orkeste uit die provinsiale inkomstefonds betalings kan maak indien dit hulle doel is om sang of musiek onder die leerlinge of studente te bevorder.[485)]

In Oktober 1983 is 'n verdere poging aangewend om die finansiële hulp aan die kore of orkeste uit te brei. Op die Administrateurskonferensie is besluit dat vertoë tot die Regering gerig word om oorweging te skenk aan 'n wetswysiging wat voorsiening kan maak vir die instelling van kore of orkeste vir leerlinge of studente, om vervolgens deur onderrig die aanleg van dié leerlinge te ontwikkel èn om ook fondse vir dié kore of orkeste beskikbaar te stel.[486)]

Ongelukkig het van hierdie baie belangrike voorgestelde wetswysiging niks tereggekom nie en kon die Direkteur van Onderwys ook nie verklaar waarom die voorgestelde wysigings nie in die wet opgeneem is nie.[487)]

Streekkore of gebiedskore beskik oor sekere besondere moontlikhede:

* die meer talentvolle leerlinge op die gebied van koorsang kan by wyse van keuring in die geselskap van ander talentvolle leerlinge hulle potensiaal tot 'n veel hoër peil ontwikkel as wat normaalweg in 'n gewone skoolkoor moontlik is;
* die teenwoordigheid van enkele knap gekeurde gebiedskoorlede in die gewone skoolkoor kan as inspirasie dien dat ook die skoolkoorsang tot 'n hoër peil ontwikkel;
* skoolkoorleiers raak bewus van 'n hoër peil van koorsang in hulle omgewing en probeer hulle beste lewer om ook 'n hoër peil van skoolkoorsang te lewer;

Die verskyning van talle goeie skoolkore in Kaapland en in die RSA oor die afgelope dekade of meer kan deels toegeskryf word aan dié wisselwerking tussen gebieds- en skoolkore. Dit is derhalwe noodsaaklik dat gebiedskore op 'n geordende en gestruktureerde wyse tot stand gebring en in stand gehou word.

485) Republiek van Suid-Afrika: Staatskoerant, no. 8795, 6 Julie 1983, p.5, par. 3 (1).

486) KOD: Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die Jaar 1983, p.4, par. 2.3.

487) KOD, lêer L.15/66/9/3: Direkteur: Onderwys - E. Smit, "Navorsing oor Musiekopvoeding in Kaapland", 7 Augustus 1985.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.8 SAMEWERKING MET KRUIK

'n Belangrike faset van die musiekopvoedingsprogram is die in aanraking bring van die leerling met die professionele kunstenaar. Sodanige geleenthede het in die verlede wel sporadies en ongeorganiseerd voorgekom, maar die eerste besoeke van professionele kunstenaars op 'n georganiseerde basis het in 1966 begin, nadat KRUIK die inisiatief daarin geneem het.

In sy 1965-jaarverslag het die Direkteur van KRUIK, mnr. J.P. Theron, gemeld dat die musiekuitvoerings op dorpe in Kaapland dikwels nie die verwagte ondersteuning van die publiek geniet het nie. Om dié toedrag van sake te probeer verhelp, het hy 'n intensiewer opvoedkundige veldtog, met inbegrip van skoolkonserte en lesings, en die beskikbaarstelling van bandopnames om programme deur instrumentale kunstenaars vooruit te loop, in die vooruitsig gestel.[488)] Op 15 November 1965 het 'n afvaardiging van KRUIK die SGO ontmoet en sekere voorstelle ten opsigte van die bevordering van musiekwaardering in skole met hom bespreek.[489)] Hierdie samespreking het uitgeloop op die eerste formele besoeke van kunstenaars van KRUIK aan skole gedurende 1966. Gevolglik kon die Direkteur in sy jaarverslag meld dat geesdriftige ondersteuning vir hierdie werk, veral van inspekteurs van onderwys, ontvang is. Die kort toer deur KRUIK se blaasensemble onder leiding van Henk Bras wat lesing-uitvoerings by 5 Bolandse skole aangebied het, het 'n geesdriftige reaksie by onderwysers sowel as leerlinge uitgelok.[490)]

Die programme van besoeke aan skole is met die loop van jare uitgebrei sodat veral die hoër skole dwarsoor Kaapland besoeke van 'n groot verskeidenheid kunstenaars ontvang het. Die kunstenaars het in kleiner groepies - vokaal, instrumentaal of in kombinasies daarvan opgetree en die reaksie van skoolhoofde was deurgaans positief, waarderend en aanmoedigend. Die doel met die aanbiedings is deur die Direkteur van KRUIK gestel as: "om ons jeug te help en leiding te gee in hul algemene musiekwaardering vir hul eie kulturele voordeel en toekomsontwikkeling."[491)]

488) KRUIK: Jaarverslag 1965/1966, p.8.

489) KOD, lêer 6.15/66/9; J.H. Blomerus n. Sekretaris (Departement van Onderwys) - Direkteur KRUIK, 9 Augustus 1966.

490) KRUIK: Jaarverslag 1966/1967, p.9.

491) KRUIK: "Opsomming Jaar Geëindig 31 Desember 1975", p.45.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Statistiek van hierdie besoeke is vanaf 1969 beskikbaar:[492)]

Jaar	Getal uitvoerings by skole	Bywoning	Inkomste
1969	46	18 140	R 7 360
1970	686*	247 445*	16 570
1971	255	86 115	20 350
1972	290	96 928	23 200
1973	287	105 106	22 960
1974	280	108 330	23 186
1975	372	125 934	31 210
1976	356	123 742	31 505
1977	224	75 610	21 235
1978	326	125 160	30 970
1979	329	128 170	31 255
1980	303	117 854	28 785
1981	309	119 501	29 520
1982-01-01 tot 1983-03-31	327	129 808	40 065
1983-04-30 tot 1984-03-31	300	118 258	37 500

*Gedurende 1970 was die bywoningsyfer besonder hoog, omdat die meeste skole 2 of 3 besoeke ontvang het - dit was moontlik gemaak vanweë die aansienlike toevoegings van KRUIK uit sy eie fondse tot die hulptoelae van die Departement van Onderwys.[493)]

Oor die loop van 15 jaar tot Maart 1984 het daar dus 'n gemiddelde van 115 080 leerlinge en onderwysers per jaar voordeel getrek uit hierdie belangrike werk wat KRUIK met die skolebesoek gedoen het. Die gemiddelde jaarlikse koste was R26 378 wat 'n subsidie van 23 sent per leerling/onderwyser per jaar vir die Departement van Onderwys beteken het. Hierdie subsidie wat jaarliks deur die Uitvoerende Komitee van Kaapland gesteun is,[494)] kan as een van die belangrikste redes beskou word vir die vordering wat in hierdie opvoedingsprojek getoon is. Daar moet verder in gedagte gehou word dat skole ook deur KRUIK se ballet- en toneelgroepe op soortgelyke wyse en met behulp van afsonderlike subsidies besoek is.

492) KRUIK: Jaarverslae 1969 - 1982/1983.

493) KRUIK: Verslag vir die Jaar geëindig 31 Desember 1971, p.7.

494) KOD, lêer L.15/80/7/4: B.T. Glynn n. Direkteur van Onderwys - Direkteur van KRUIK, 10 Februarie 1977.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dat die koste verbonde aan hierdie besoeke wel die moeite werd was, blyk uit die reaksie van 2 416 hoërskoolleerlinge op die vraag: "Wat is jou ervaring van die besoeke van professionele musiekkunstenaars (bv. KRUIK) aan jou skool?" 37,7% het aangedui dat hulle dit baie geniet het en 39,2% dat hulle dit geniet het; vir 17,1% was dit om't ewe en 6,0% het aangedui dat hulle dit nie geniet het nie.[495)]

In 1982 is laer skole vir die eerste keer besoek toe die KRUIK-blaaskwintet voor 4 302 leerlinge in 9 laer skole opgetree het.[496)]

Die ooreenkoms waarvolgens KRUIK-kunstenaars die skole besoek, het in 1984 voorsiening gemaak vir 300 inrigtings waarvan 270 hoër skole, hoër tegniese skole, hoër handelskole, spesiale middelbare skole en onderwyserskolleges moes wees. Die orige 30 besoeke sou aan laer skole toegeken word. KRUIK het egter die interessante siening dat hierdie besoeke liefs ten volle aan laer skole toegeken behoort te word.[497)]

Die kunstenaars wat die inrigtings besoek, ondervind 'n verskeidenheid probleme; hulle ervaar dikwels o.m. die volgende: dat hulle verdra eerder as verwelkom word; dat die leerlinge dikwels vanweë 'n gebrek aan kennis of ondernemingsgees by die onderwysers nie op die besoek voorberei is nie; dat daar 'n gebrek is aan tyd in die skoolkurrikulum; dat die skoolsaal of ander lokaal nie altyd vir die besoek voorberei is nie; dat die klavier soms in 'n swak toestand of nie behoorlik gestem is nie. Verder ondervind KRUIK probleme om die beskikbare tye van 'n skool met dié van sy eie kunstenaars te sinchroniseer; buite-kunstenaars moet dus soms gehuur word.[498)]

'n Ander belangrike bydrae van KRUIK meer spesifiek op die uitvoerende vlak was die jeugkonsertfeeste waartydens talentvolle jong Suid-Afrikaanse soliste saam met die KRUIK-orkes opgetree het. Die eerste aanbieding van hierdie soort het op 2 Oktober 1971 plaasgevind toe 8 soliste uit 60 inskrywings vir dié doel gekeur was.[499)] Die jaarlikse jeugkonsertfeeste het besondere byval gevind sodat die

495) Vide infra, p.257.

496) KRUIK: KRUIK-Jaarverslag 1982/83, p.9.

497) Kenneth Reynolds, Musiekbestuurder - E. Smit, 3 September 1985, par. 3.1.

498) Ibid., par. 3.2.

499) KRUIK: Verslag vir die Jaar geëindig 31 Desember 1971, p.7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

getal konserte vanaf 1976 tot 2, in 1978 tot 4 en in 1980 tot 5 uitgebrei is - van hierdie 5 konserte was 2 aan kooraande gewy. Vanaf 1981 is die getal konserte egter weer tot 2 verminder.[500)]

Die stigting van KRUIK se junior orkes in 1972 was 'n verdere poging om musiek onder die jeug te bevorder. Hierdie groep wat onder die leiding van Karl Koperski gestaan het, het gereeld in die Nico Malan gerepeteer met die doel om aan sy lede ondervinding in orkesspel te bied en om uiteindelik ook 'n bydrae te lewer tot die voorsiening van spelers in die land se professionele orkeste.[501)] Hierdie junior orkes is in 1976 opgevolg deur twee jeugorkeste onder leiding van Toon van Dongen.[502)] Twee konserte wat goed bygewoon is, is gehou en het gunstige reaksies uitgelok.[503)] Die werksaamhede van die jeugorkeste is egter in 1978 "weens tegniese probleme" gestaak.[504)]

Dat KRUIK ook erkenning verleen het aan goeie werk wat op skolevlak gedoen word, is onmiskenbaar. So byvoorbeeld het die Tygerberg-Kinderkoor reeds verskeie kere in die Nico Malan opgetree: twee keer in die opera "Hansie en Grietjie" (30 September tot 11 Oktober 1974 en 10 - 28 Januarie 1976), twee keer in "Kersfees met Mimi" saam met Mimi Coertse (3 Desember 1977 en 18 Desember 1983) en drie keer in vollengtekonserte van die koor alleen (20 April 1978, 5 Mei 1980 en 5 Augustus 1983).[505)]

In 1984 het KRUIK die geleentheid vir skoleproduksies gebied om in die Nico Malanteater uitgevoer te word. Van die drie skole wat genooi is, het twee wel van die geleentheid gebruikgemaak. Dit het egter geblyk dat die vind van 'n geskikte datum vir sowel die betrokke skole as KRUIK 'n probleem geskep het.[506)]

Individuele lede van die KRUIK-orkes lewer op 'n deeltydse grondslag waardevolle

500) KRUIK: Jaarverslae, 1976 - 1981.

501) KRUIK: KRUIK-Jaarverslag 1972, p.8.

502) KRUIK: CAPAB 1976 KRUIK, p.7.

503) KRUIK: "Statistiek : Kusnte vir die Jaar geëindig 31 Desember 1976", p.60.

504) KRUIK: CAPAB 1978 KRUIK, p.7.

505) Vide supra, p. 159.

506) Kenneth Reynolds - E. Smit, 3 September 1985, par. 3.5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dienste as instrumentalisonderwysers by beide die Musieksentrum Beau Soleil en sommige skole.[507)]

As in gedagte gehou word dat die besoeke van professionele musiekkunstenaars aan skole vir baie leerlinge van die weinig geleenthede is waar hulle lewende uitvoerings van meer ernstige musiek kan beleef, dan kan besef word dat KRUIK deur hierdie besoeke 'n waardevolle bydrae tot die musiekopvoeding van die skoolgaande jeug lewer. Die kritiese opmerkings van skoolhoofde in die besoekverslae getuig van hoë waardering, sodat die geld wat aan hierdie projekte bestee word, beslis goeie vrugte afwerp.

2.9 DIE DEPARTEMENTELE STUDIEKOMITEE VIR MUSIEK

Die Studiekomitee vir Musiek is in 1983 saamgestel en bestaan uit:

Die Adjunk-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek) - voorsitter
1 Superintendent van Onderwys (Onderrigleiding)
1 Assistent-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek)
1 Verteenwoordiger van die universiteite
1 Verteenwoordiger van die onderwyserskolleges
1 Verteenwoordiger van die SAOU
1 Verteenwoordiger van die SATA
3-4 Onderwysers, soos gekoöpteer

Die belangrikste taak van hierdie studiekomitee is die opstel van sillabusse en handleidings ter verduideliking daarvan.[508)]

507) Kenneth Reynolds - E. Smit, 3 September 1985, par. 3.4.

508) Mededeling deur mnr. J.P.P. Hugo, ASO (Onderrigleiding - Musiek).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

DIE STAND VAN MUSIEKOPVOEDING IN KAAPLANDSE PROVINSIALE HOËR, MIDDELBARE EN LAER SKOLE AAN DIE HAND VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK

Aangesien geen ondersoek van hierdie aard nog in Kaapland gedoen is nie, en 'n vergelykende studie dus nie moontlik was nie, is besluit om met die toestemming van die Kaaplandse Departement van Onderwys drie afsonderlike vraelyste uit te stuur:

* vraelys A aan skole onder die KOD om hoofsaaklik op feitelike grondslag oor die stand van musiekopvoeding inligting in te win;
* vraelys B aan musiekopvoeders om benewens sekere feitelike inligting, ook menings in te win;
* vraelys C aan hoërskoolleerlinge, ook om feitelike inligting asook menings in te win.

3.1 VRAELYS A AAN PROVINSIALE SKOLE IN KAAPLAND

3.1.1 Doel van die vraelys

Vraelys A is in Julie/Augustus 1982 aan skole in Kaapland gestuur met die doel om 'n oorsigtelike beeld te vorm van die stand van musiekopvoedkundige bedrywighede, kurrikulêr, buite-kurrikulêr en kokurrikulêr in die provinsiale skole. Aspekte soos instrumentale onderrig (buite sowel as binne vakverband), die beskikbaarheid van onderwysers, Klasmusiekonderrig en kokurrikulêre musiek-gerigte bedrywighede is dus aangesny.

3.1.2 Respons van die skole

Vraelys A is aan altesaam 782 skole gestuur, insluitende gewone hoër, laer en voorbereidingskole, sowel as hoër tegniese, huishoudkunde-, handel-, landbou- en gewone middelbare skole. Pre-primêre, spesiale middelbare, hospitaalskole en kerkskole is vir die doel van hierdie ondersoek weggelaat.

Daar is besluit om die vraelyste aan alle skole te stuur en nie van 'n ewekansige steekproef gebruik te maak nie. Laasgenoemde prosedure sou eweseer 'n gedeeltelike reaksie ontlok, aangesien geen skool of onderwyser onder enige verpligting gestaan het om die vraelys in te vul nie. Op terugontvangs van die vraelyste sou dan oorweeg word in watter mate die beskikbare vraelyste op 'n aanvaarbare mate van ewekansigheid aanspraak kon maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Altesaam 524 skole het die vraelyste teruggestuur (67,0% van 782), maar 28 vraelyste kon vanweë onvolledigheid nie gebruik word nie. Die redes vir onvolledigheid was onder andere die volgende:

* die skool het op sluiting gestaan en die skoolhoof het geoordeel dat die skool in dié stadium nie 'n sinvolle bydrae kon lewer nie;
* die skoolhoof het geoordeel die skool was te klein en kon nie 'n bydrae lewer nie; ook omdat die skool nie 'n opgeleide persoon het om enige vorm van musiekopvoeding te behartig nie (hierdie groep was egter baie klein);
* hoewel groot dele van die vraelys nie op alle skole van toepassing was nie, het die vraelys lank vertoon en is moontlike respondente daardeur afgeskrik.

496 van die vraelyste kon ná noukeurige nasien uiteindelik benut word, wat 63,4% van alle uitgestuurde vraelyste verteenwoordig.

Om die 63,4%-respons ten opsigte van aanvaarbaarheid te ondersoek, is die skole se response op verskeie maniere volgens skooltipes ontleed:

TABEL 3.1: PERSENTASIE SKOLE WAT VRAELYS A VOLLEDIG BEANTWOORD HET, VERDEEL VOLGENS VERSKILLENDE KATEGORIEË

	Werklike respons	Moontlike respons	Persentasie respons
Alle skole	496	782	63,4%
Slegs hoër skole (insluitende deurlopende, tegniese, huishoudkunde-, handel- en landbouskole)	172	252	68,3%
Slegs middelbare skole	13	19	68,4%
Slegs laer skole (uitgesonderd dié laer skole wat op sluiting gestaan het)	311	511	60,9%
Afrikaans of hoofsaaklik Afrikaans	374	573	65,3%
Engels of hoofsaaklik Engels	122	209	58,4%
Slegs hoër seunskole	16	25	64,0%
Slegs laer seunskole	4	7	57,1%
Slegs hoër meisieskole	12	16	75,0%
Slegs laer meisieskole	8	11	72,7%
Hoofsaaklik stedelik/voorstedelik	188	288	65,3%
Hoofsaaklik plattelands	308	494	62,3%
Slegs voorbereidingskole	24	37	64,9%
Deurlopende hoër skole	65	94	69,1%
Ad hoc- hoër skole	107	148	72,3%

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was nie moontlik om die skole volgens klein en groot te verdeel nie, aangesien die inskrywing van dié skole wat nie die vraelyste teruggestuur het nie, nie beskikbaar was nie. 'n Oorsigtelike beoordeling het egter dieselfde tendens getoon, naamlik in die omgewing van 60%.

Aangesien die verskillende kategorieë relatief min verskil, word die bestaande respons vir die doel van hierdie vraelys dus met die nodige versigtigheid aanvaar.

Die totale getal leerlinge in die 496 skole volgens die Junie-registers was 158 637. Dit het 68,6% van 231 415[1)] leerlinge in Kaapland se skole (uitgesonderd pre-primêre en spesiale middelbare skole) verteenwoordig.

Getal onderwysers

Die totale getal onderwysers (uitgesonderd musiekonderwysers) wat in 'n voltydse hoedanigheid by hierdie skole onderwys gegee het, was 8738, met 'n gemiddelde van 17,6 onderwysers per skool. Die skool met die grootste personeel het 57 onderwysers gehad.

Getal musiekposte

Die getal voltydse musiekposte aan hierdie skole was 726, met 'n gemiddelde van 1,46 poste per skool (insluitende dié skole wat oor geen musiekpos beskik het nie). 342 van hierdie poste was permanent, 371 tydelik gevul[2)] en 13 was vakant. Daarbenewens was daar ook 30 deeltydse musiekposte. 599 van die musiekonderwysers (84,4%) het ook Klasmusiek onderrig.

3.1.3 Buite-kurrikulêre instrumentale onderrig

Die skole is versoek om 'n volledige opname te maak van alle buite-kurrikulêre instrumentale onderrig aan leerlinge, binne en buite skoolverband. (Alle instrumentale onderrig word later - tabel 3.12[3)] - bymekaargetel.)

1) KOD, 1êer L.15/73/7: Hoof, Onderwysburo - E. Smit, 29 September 1983.

2) Vide supra, p. 88.

3) Vide infra, p. 203.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.2: DIE GETAL MUSIEKLEERLINGE WAT BUITE-KURRIKULÊRE MUSIEKONDERRIG BY DIE SKOOL ONTVANG HET

Instrument	Standerd												Tot.	%
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Klavier	140	303	1295	2032	2147	1990	1667	798	753	493	362	170	12150	75,6
Blokfluit	82	285	586	671	581	417	347	57	55	33	32	16	3162	19,7
Klassieke kitaar	4	2	4	25	15	27	23	30	40	25	23	18	236	1,5
Orrel				1	1	2	2		4	5	3	2	20	0,1
Sang				1	2	1	4	6	11	6	17	4	52	0,3
Viool	15	14	19	24	21	17	10	8	7	4	4	1	144	0,9
Altviool						1	1						2	0,0
Tjello	1				1	1			1		1		5	0,0
Fluit				2	4	6	5	13	16	6	9	5	66	0,4
Klarinet				3	3	12	1	17	12	10	8	10	76	0,5
Trompet			1	2	5	7	4	12	15	12	15	15	88	0,5
Franse horing					1	2	1	3	8	5			20	0,1
Skuiftrompet					1	1	2	6	8	8	1	2	29	0,2
Eufonium						1	1	1	1		2		6	0,0
Tenoorsaxofoon									4	1		3	8	0,0
Tuba									1	1	2		4	0,0
Totaal	242	604	1905	2761	2782	2485	2068	951	936	609	479	246	16068	100,0
Persentasie	1,5	3,8	11,9	17,2	17,3	15,5	12,9	5,9	5,8	3,8	3,0	1,5	100,0	

Opmerkings by tabel 3.2

1. Leerlinge wat meer as een instrument geneem het, is by albei of ál drie instrumente getel. Die groottotaal 16068 kan dus as 'n "aangepaste" leerlinggetal beskou word.[4] Die werklike getal leerlinge wat hier betrokke was, is 16068 - 784[5] = 15 984. Dit verteenwoordig 10,1% van alle leerlinge in die betrokke skole wat dus buite-kurrikulêre musiekonderrig by die skool ontvang het.

4) Vide infra, p.300.

5) Vide infra, p.195, opm. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2. Onderrig in klavier (75,6%) en in blokfluit (19,7%) het die toneel oorheers.

3. Onderrig in orkesinstrumente (448 aangepaste leerlinge) het slegs 2,8% van alle buite-kurrikulêre onderrig in musiek binne skoolverband gevorm.

4. In die geval van "Sang" het sommige skole dit as "klasmusiek" vertolk. In sulke klaarblyklike gevalle is die skole se getalle buite rekening gelaat.

5. Piek-onderrig het in st. 3 voorgekom (17,3%) met 'n volgehoue uitsakking tot by st. 10 (1,5%). Die skielike daling ná st. 5 kan onder andere toegeskryf word aan dié leerlinge wat Musiek as eksamenvak vanaf st. 6 geneem het.

6. Om vas te stel in watter mate ook van groeponderrig gebruikgemaak word, is skole versoek om dié leerlinge in tabel 1.2 wat ook in groepe onderrig word, addisioneel op te som (tabel 3.3).

TABEL 3.3: BUITE-KURRIKULÊRE ONDERRIG IN GROEPVERBAND
(Hierdie getalle is reeds by tabel 2 ingesluit)

Instrument	Getal groepe	Getal leerlinge	Gem. per groep
Blokfluit	515	2148	4,2
Kitaar	32	120	3,8
Klavier	37	103	2,8
Viool	10	38	3,8
Klarinet	2	5	2,5
Trompet	9	27	3,0
Skuiftrompet	2	3	1,5
Eufonium	1	2	2,0
Fluit	1	2	2,0

Opmerking by tabel 3.3

Slegs in blokfluitonderrig is op redelik uitgebreide basis van groeponderrig gebruik gemaak. Die tradisionele en uiters duur een-tot-een-onderrigsituasie vier dus nog hoogty in Kaaplandse skole.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.4: KOMBINASIES VAN INSTRUMENTE DEUR LEERLINGE BY DIE SKOOL OP BUITE-KURRIKULÊRE VLAK GENEEM

Kombinasie	Standerd												Tot.	%
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Klavier en blokfluit	3	9	80	111	165	145	62	10	12	11	10	1	619	80,2
Klavier en kitaar		5	1		10	10	1	4	3	3	5	1	43	5,6
Klavier en fluit			1	3	5	4	2	5	2	1	1		24	3,1
Klavier en viool		1	1	1	3	3	5	2	1	2	2		21	2,7
Klavier en blokfluit en viool			7	1			1		1				10	1,3
Klavier en orrel									3	4	3		10	1,3
Klavier en sang								5	2		3		10	1,3
Klavier en klarinet					1	2	1	2	1		1		8	1,1
Klavier en trompet						2		2			1		5	0,6
Klavier en tjello							2		1	1	1		5	0,6
Viool en blokfluit			1		1								2	0,3
Viool en trompet							1			1			2	0,3
Kitaar en sang										1		1	2	0,3
Kitaar en blokfluit						1					1		2	0,3
Klavier en skuiftrompet					1	1							2	0,3
Viool en kitaar			1										1	0,1
Fluit en kitaar						1							1	0,1
Orrel en kitaar						1							1	0,1
Klavier en fluit en blokfluit							1						1	0,1
Viool en horing en tjello						1							1	0,1
Klavier en eufonium									1				1	0,1
Klavier en horing											1		1	0,1
Totaal	3	15	92	116	186	171	76	30	27	24	29	3	772	100
Persentasie	0,4	1,9	11,9	15,0	24,1	22,2	9,8	3,9	3,5	3,1	3,8	0,4	100	

Opmerkings by tabel 3.4

1. Die standerd waarin die grootste getal leerlinge voorkom wat twee of meer instrumente buite-kurrikulêr neem, is weer eens st. 3 (24,1%). In die hoër skool is die persentasies betreklik laag, omdat leerlinge òf net een instrument geneem het, òf die ander instrument in vakverband geneem het.

2. Die oorheersing van die kombinasie klavier en blokfluit val weer eens

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

op (80,2%). As die drie-instrumentkombinasies (klavier en blokfluit en viool, en klavier en fluit en blokfluit) bygevoeg word, styg die persentasie tot 81,6%.

3. Hierdie tabel voorsien die syfer waarmee tabel 3.2 se aangepaste leerlingtal terugverwerk kan word tot werklike leerlinge. 772 is die getal leerlinge wat twee of meer instrumente neem; 12 van hulle neem 3 instrumente: die aanpassingsyfer is dus 772 + 12 = 784.[6)]

Die skole is versoek om aan te dui hoeveel leerlinge musiekonderrig by konservatoria, musieksentra, technikons en by privaatpersone geneem het, sodat 'n volledige beeld van musiekonderrig opgebou kon word:

TABEL 3.5: BUITE-KURRIKULÊRE ONDERRIG BY 'N KONSERVATORIUM

	Standerd												Tot.	%
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Klavier	1	4	10	6	5	1	1				2		30	17,2
Blokfluit	1	1	3		1			2			2		10	5,7
Kitaar	1			1	1			2	1	1			7	4,0
Orrel										1	1		2	1,1
Sang											1		1	0,6
Viool/Altviool	3	2	4	9	13	6	5	6	6	2	6	1	63	36,0
Tjello			1	2		3	3		1	2	4		16	9,2
Fluit					1	1	6	2	1	2	7	3	23	13,1
Klarinet					1	3	1	2	1	2	1	2	13	7,4
Hobo					1		1					1	3	1,7
Fagot											1		1	0,6
Trompet						1			1	1			3	1,7
Franse horing						1	1					1	3	1,7
Totaal	6	7	18	18	23	16	18	14	11	11	25	8	175	100,0
Persentasie	3,4	4,0	10,3	10,3	13,1	9,1	10,3	8,0	6,3	6,3	14,3	4,6	100,0	

6) Vide supra, p. 192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opmerking by tabel 3.5

Hoewel die hulp wat konservatoria verleen in die instrumentale onderrig, relatief klein in getal is, figureer die orkesinstrumente hier meer prominent: 71,4% van die onderrig aan leerlinge by die konservatoria. Die onderrig was ook eweredig oor die verskillende skoolstanderds versprei. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat leerlinge normaalweg slegs by konservatoria aanvaar word as hulle 'n besondere musiekaanleg toon en selfs reeds goeie vordering gemaak het.

TABEL 3.6: BUITE-KURRIKULÊRE ONDERRIG BY ANDER INSTANSIES: MUSIEKSENTRA, KOLLEGES, TECHNIKONS

Instrument	Standerd												Tot.	%
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Klavier	6	5	15	18	18	10	8	1	4			2	87	30,4
Blokfluit	2	10	1	2		2	4	1	1		2		25	8,7
Kitaar	2		2	4	6	6	8	1	5			2	36	12,6
Orrel	2	2	1	2	7	1	8		2	1	2	1	28	9,8
Harp					1								1	0,3
Viool	5	7	6	4	4	2	6	1		1	2	1	39	13,6
Tjello		1	1			3	1		1				7	2,4
Fluit					5	4	4	1	1	2	5	5	27	9,4
Klarinet			2	2	2	5	2		4	3			20	7,0
Hobo						2							2	0,7
Fagot											1		1	0,3
Trompet			2				1				1		4	1,4
Kornet								1					1	0,3
Skuiftrompet									2		1		3	1,1
Franse horing						1		1		1	1		4	1,4
Eufonium									1				1	0,3
Tuba											1		1	0,3
Totaal	17	25	30	32	42	36	42	7	21	8	16	11	287	100,0
Persentasie	5,9	8,7	10,5	11,2	14,6	12,6	14,6	2,4	7,3	2,8	5,6	3,8	100,0	

Opmerkings by tabel 3.6

1. Die Musieksentrum Beau Soleil was nog nie in die onderrigfase toe hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opname gemaak is nie.[7)]

2. Hoewel die totale getal leerlinge ook relatief klein was, het hierdie inrigtings 'n wesentlike rol gespeel in die onderrig van orkesinstrumente (38,7% van die tersaaklike onderrig).

3. By die sekondêre standerds was daar by hierdie inrigtings 'n groter verlies as by die universiteite. Dit kan onder andere toegeskryf word aan die groter aandeel wat hierdie inrigtings in klavieronderrig gehad het - sodanige leerlinge sou makliker by die hoër skole kon inskakel vanweë die gunstiger musiekpersoneel-toekenning by hoër skole as by laer skole.

TABEL 3.7: BUITE-KURRIKULÊRE ONDERRIG BY PRIVAATPERSONE BUITE SKOOLVERBAND

Instrument	Standerd												Tot.	%
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10		
Klavier	58	129	218	246	258	233	185	42	35	18	13	4	1440	56,5
Blokfluit	27	56	59	63	65	45	28	5	8	3	2		361	14,2
Kitaar	1	1	30	38	57	58	68	19	14	26	11	7	330	12,9
Orrel	1			6	7	8	5		2	7	6	1	43	1,7
Sang		2			2	1	3	1	1	5	3	1	19	0,7
Harp							2						2	0,1
Trekklavier						1	2						3	0,1
Doedelsak					1								1	0,0
Elektriese orrel	6	7	16	20	22	26	20	9	8	4	2		140	5,5
Viool	9	10	9	16	19	13	16	5	1	1	2		101	4,0
Tjello		2	2	1	4	2			2	1	1		15	0,6
Fluit	1	1		2	1	7	6	4	7	3	6	1	39	1,5
Klarinet				1	2	2	7	1	6	3		1	23	0,9
Hobo					1								1	0,0
Trompet			1		2	1	2			1	2	8	17	0,7
Kornet					1	1			2				4	0,2
Horing			1										1	0,0
Eufonium						1							1	0,0
Skuiftrompet					1	1	1		1				4	0,2
Saxofoon									1				1	0,2
Perkussie		1	1				1				1		4	0,2
Totaal	103	209	337	393	443	400	347	88	86	72	49	23	2550	100,0
Persentasie	4,0	8,2	13,2	15,4	17,4	15,7	13,6	3,5	3,4	2,8	1,9	0,9	100,0	

7) Vide supra, pp.123-130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opmerkings by tabel 3.7

1. Ook in die onderrig by privaatpersone lê die piek-onderrig by st. 3 (17,4%) met 'n drastiese afname in die hoër skool tot 0,9% in st. 10. Die gunstiger musiekpersoneelvoorsiening in die hoër skool kan 'n rol speel deurdat leerlinge vanuit die privaatonderrig by die skool opgeneem word.

2. Aangesien klavieronderrig onder andere ook hier 'n groot rol gespeel het (56,5%), het die onderrig van orkesinstrumente slegs 8,2% beslaan.

3. Tabel 3.8 bevat die kombinasies van instrumente deur leerlinge buite-kurrikulêr sowel as buite skoolverband geneem. Hieruit, en uit tabelle 3.5, 3.6 en 3.7, kan die werklike getal leerlinge wat musiek buite-kurrikulêr en buite skoolverband geneem het, bereken word.[8)]

TABEL 3.8: KOMBINASIES VAN INSTRUMENTE DEUR LEERLINGE GENEEM BUITE-KURRIKULÊR EN BUITE SKOOLVERBAND

	Standerd												
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	Tot.
Klavier + blokfluit	2	6	6	2	8	13	2	2	1	2	1		45
Blokfluit + kitaar				5	5	6	5						21
Klavier + kitaar				2	2	4	4	2					14
Klavier + viool			2	2	2	3	2	1			1		13
Klavier + tjello		1		2	1	2	1				1		8
Klavier + blokfluit + kitaar						6							6
Klavier + fluit				1		2	1		1			1	6
Klavier + klarinet					1	1	2	1					5
Klavier + orrel						2					1		3
Orrel + kitaar + trompet + trekklavier						4							4
Blokfluit + fluit							1				1	1	3
Blokfluit + viool			1		1	1							3
Blokfluit + klarinet				1					1				2
Orrel + blokfluit				1	1								2
Orrel + kitaar				2									2
Klavier + klarinet + blokfluit + kitaar							2						2
Klavier + sang										1			1
Viool + tjello			1										1
Orrel + sang						1							1
Blokfluit + horing						1							1
Klavier + trompet			1										1
Viool + fluit											2		2
Klavier + blokfluit + fluit					1								1

Tabel vervolg/

8) Vide infra, p.203, opm. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	Standerd												Tot.
	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	
Viool + blokfluit + fluit					1								1
Blokfluit + fluit + kitaar								1					1
Klavier + orrel + blokfluit						1							1
Blokfluit + hobo						1							1
Kitaar + sang								1					1
Fluit + kitaar								1					1
Kitaar + trom		1											1
Totaal	2	8	11	18	23	48	20	9	3	3	7	2	154

3.1.4 Musiek as eksamenvak

Onderstaande is 'n opsomming van alle instrumentale onderrig wat in vakverband (kurrikulêr) geneem is (Musiek HG, Musiek SG, Praktiese Musiek - Tweede Instrument SG):

TABEL 3.9: MUSIEK AS EKSAMENVAK

Instrument			Hoër Graad			Standaard Graad			Standaard Graad 2e Instr.			Mus. Pr 2e Instr.			Alle vakverband					Tot.	%
	St.6	7	8	9	10	8	9	10	8	9	10	8	9	10	6	7	8	9	10		
Klavier	261	173	76	53	66	60	52	52					1		261	173	136	106	118	794	86,7
Blokfluit	7	3	2	3	4	1	1	3	1	1	1	1		1	7	3	5	5	9	29	3,2
Kitaar	1	1	1	1								1	1		1	1	2	2		6	0,7
Orrel		1							1		1	1	1	2		1	2	1	3	7	0,8
Sang							2					1	2				1	2		3	0,3
Viool + Altviool	5	6	2	4	2	1									5	6	3	4	2	20	2,2
Tjello		1						1			2		1			1		1	3	5	0,5
Fluit	2		2	2	1		1			1		1	1	2	2		1	3	2	8	0,9
Klarinet	4	2	2	4		1								2	4	2	3	4	2	15	1,6
Hobo				1			1											2		2	0,2
Fagot				1														1		1	0,1
Trompet	2	2	3	3		1	1								2	2	4	4		12	1,3
Kornet	1					1									1		1			2	0,2
Horing	1			2	1		2								1			4	1	6	0,7
Skuiftrompet	1	1													1	1				2	0,2
Tuba			1	1		1	1										2	2		4	0,4
Totaal	285	190	89	75	74	66	61	56	2	2	4	5	7	7	285	190	160	141	140	916	100,0
Persentasie															31,1	20,7	17,5	15,4	15,3	100,0	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer die groottotaal 916 met 27 verminder word (met ander woorde met dié getal leerlinge wat ook Musiek Tweede Instrument geneem het), is daar dus 889 leerlinge wat Musiek as eksamenvak geneem het. Hulle verteenwoordig 0,6% van al die leerlinge wat by die ondersoek betrokke was.

Opmerkings by tabel 3.9

1. Die klavier is verreweg deur die meeste leerlinge van alle instrument as instrument in vakverband geneem - 86,7% van alle onderrig.

2. Alle simfonieorkesinstrumente het saam slegs 8,4% van alle onderrig in vakverband gevorm.

3. Die skerp vermindering in vakonderrig vanaf st. 6 tot st. 7 (31,3% tot 20,7%) kan toegeskryf word aan die feit dat leerlinge, wat hulle vakkeuse betref, een praktiese vak ná st. 6 kan laat wegval.

4. 'n Tweede instrument in Musiek S.G. of vir Musiek Prakties (Tweede Instrument) het nie baie aftrek by leerlinge gekry nie: 0,9% en 2,1% onderskeidelik van alle onderrig in vakverband.

5. Alle leerlinge het nie hulle instrumentale onderrig in vakverband by die skool geneem nie. Tabel 10 gee 'n opname van dié leerlinge wat die onderrig by 'n ander instansie (dit wil sê by 'n privaatpersoon, by 'n ander skool, die Universiteit van Stellenbosch, die Universiteit van Kaapstad, KODUPE[9] of die Onderwyserskollege Wellington geneem het. Die aandag word weer daarop gevestig dat die Musieksentrum Beau Soleil nog nie in die stadium toe die opname gemaak is, gefunksioneer het nie.[10]

9) Vide supra, pp.116-123.

10) Vide supra, pp.123-130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.10: LEERLINGE WAT DIE HOOFINSTRUMENT VIR MUSIEK HG OF SG BY 'N ANDER INSTANSIE AS DIE SKOOL GENEEM HET

Instrument	Standerd					Totaal	%
	6	7	8	9	10		
Klavier	1	1		1	1	4	5,7
Blokfluit		3	1	3	1	8	11,4
Sang				1	3	4	5,7
Orrel			2			2	2,9
Kitaar	1					1	1,4
Viool	9	6	1	4	4	24	34,3
Altviool	1					1	1,4
Tjello	2			3		5	7,2
Fluit	1		2	3	2	8	11,4
Klarinet	3	1	1	1	1	7	10,0
Hobo				1		1	1,4
Fagot				1		1	1,4
Trompet			1	1		2	2,9
Skuiftrompet			1			1	1,4
Franse horing					1	1	1,4
Totaal	18	11	9	19	13	70	100
Persentasie	25,7	15,7	12,9	27,1	18,6	100	

Opmerkings by tabel 3.10

1. Omdat slegs 70 leerlinge in die betrokke skole hulle kurrikulêre instrumentale onderrig buite die skool ontvang het, is die persentasies te onbetroubaar om geldende gevolgtrekkings te maak.

2. Die buite-instansies speel nogtans 'n noemenswaardige rol in die onderrig van orkesinstrumente: in 1982 het 51 leerlinge onderrig in hierdie instrumente buite die skool ontvang, wat 66,2% van alle kurrikulêre onderrig in orkesinstrumente in die betrokke skole verteenwoordig. Hierdie 51 leerlinge het 5,7% van alle kurrikulêre onderrig in die betrokke skole gevorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.11: LEERLINGE WAT EEN INSTRUMENT VIR MUSIEK AS EKSAMENVAK GENEEM HET, MAAR WAT OOK 'N TWEEDE INSTRUMENT BUITE-KURRIKULÊR BY DIE SKOOL GENEEM HET

Kurrikulêr	Buite-kurrikulêr	Standerd					Totaal
		6	7	8	9	10	
Klavier	viool	1	4	2			7
Klavier	tjello					1	1
Klavier	fluit	5	8	2	9	3	27
Klavier	blokfluit	2	4		2	1	9
Klavier	klarinet		1		1		2
Klavier	hobo		1				1
Klavier	trompet		4				4
Klavier	horing		1		1		2
Klavier	skuiftrompet		3				3
Klavier	saxofoon		1				1
Klavier	efonium		1				1
Klavier	orrel		2	1	2	3	8
Klavier	kitaar	1		1			2
Klavier	sang					2	2
Viool	trompet	1			1		2
Tjello	klarinet			1			1
	Totaal	10	30	7	16	10	73

Opmerking by tabel 3.11

Ten opsigte van hulle eerste instrument is hierdie leerlinge reeds by tabel 3.9, en ten opsigte van hulle tweede instrument, by tabel 3.2 ingereken.

3.1.5 Die opsomming vir alle instrumentale onderrig

Die opsomming vir alle instrumentale onderrig deur leerlinge in alle standerds ontvang (kurrikulêr, buite-kurrikulêr en buite skoolverband) was soos volg:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.12: OPSOMMING VIR ALLE INSTRUMENTALE ONDERRIG

Instrument	Sub A	Sub B	St. 1	St. 2	St. 3	St. 4	St. 5	St. 6	St. 7	St. 8	St. 9	St. 10	Tot.	%
Klavier	212	441	1538	2304	2428	2236	1863	1095	966	648	484	294	14509	73,5
Blokfluit	112	352	625	510	646	464	379	71	70	40	41	24	3334	16,9
Kitaar	8	3	36	68	79	91	99	53	61	54	36	27	615	3,1
Orrel	3	2	1	9	15	11	15	–	9	15	13	6	99	0,5
Elektroniese orrel	6	7	16	20	22	26	20	9	8	4	2	–	140	0,7
Sang	–	2	–	1	4	2	7	7	12	12	25	5	77	0,4
Viool	32	33	38	53	57	38	37	27	21	11	18	7	372	1,9
Altviool	–	–	–	–	–	1	1	–	–	–	–	–	2	0,0
Tjello	1	3	4	3	5	9	4	2	6	3	9	1	50	0,3
Fluit	1	1	–	4	11	18	21	21	25	16	31	17	166	0,9
Klarinet	–	–	2	6	8	22	11	24	25	21	13	15	147	0,7
Hobo	–	–	–	–	2	2	1	–	–	–	3	1	9	0,0
Fagot	–	–	–	–	–	–	–	–	–	–	3	–	3	0,0
Trompet	–	–	2	4	7	9	7	14	18	18	22	23	124	0,6
Kornet	–	–	–	–	1	1	–	4	–	1	–	–	7	0,0
Skuiftrompet	–	–	–	–	2	2	3	7	12	8	2	2	38	0,2
Franse horing	–	–	1	–	1	4	2	5	8	6	5	2	34	0,2
Eufonium	–	–	–	–	–	2	1	1	2	–	2	–	8	0,0
Tuba	–	–	–	–	–	–	–	–	1	3	5	–	9	0,0
Saxofoon	–	–	–	–	–	–	–	–	5	1	–	3	9	0,0
Perkussie	–	1	1	–	–	–	1	–	–	–	1	–	4	0,0
Harp	–	–	–	–	–	–	2	–	–	–	–	–	2	0,0
Totaal	375	845	2264	2982	3288	2938	2474	1340	1249	861	715	427	19758	100,0
Persentasie	1,9	4,3	11,5	15,1	16,6	14,9	12,5	6,8	6,3	4,4	3,6	2,1	100,0	

Opmerkings by tabel 3.12

1. Tabel 3.12 sluit die gegewens verkry uit tabelle 3.2, 3.5, 3.6, 3.7, en 3.9 in. Aangesien die groottotaal van 19758 dié leerlinge wat meer as een instrument geneem het, by albei of by al drie instrumente ingesluit het, kan dié syfer dus as die "aangepaste" getal leerlinge beskou word.

2. Om die werklike getal leerlinge wat musiek in een of ander vorm geneem het, te bepaal, word die getal "aangepaste" leerlinge verminder met die getal leerlinge wat twee of meer instrumente uit tabelle 3.4, 3.8 en 3.11 geneem het. ('n Leerling wat 3 instrumente geneem het, word twee keer afgetrek.)

Werklike getal leerlinge = 19758 – [(772 + 11) + (154 + 22) + 73]

= 18726 leerlinge

3. Die werklike getal leerlinge (18726) wat instrumentale onderrig in een of ander vorm ontvang het, vorm 11,8% van alle leerlinge (158637) wat in 1982 in die betrokke 496 skole was.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. Klavieronderrig het 'n oorheersende rol gespeel (73,5% van alle instrumentale onderrig), met blokfluitonderrig tweede (16,9%), kitaaronderrig derde (3,1%) en vioolonderrig vierde (1,9%).

5. Die "aangepaste" leerlinge wat by die onderrig van orkesinstrumente betrokke was (975), het 5,0% van alle instrumentale onderrig gevorm. Hierdie getal moet met 9 aangesuiwer word ten opsigte van leerlinge wat meer as een orkesinstrument geneem het (tabelle 3.2, 3.4, 3.5, 3.5, 3.7, 3.8, 3.9 en 3.11). Die werklike getal leerlinge wat onderrig in orkesinstrumente ontvang het, was dus 966, wat 0,6% van alle leerlinge in die betrokke skole verteenwoordig het.

6. Die proporsie waarin leerlinge die verskillende orkesinstrumente geneem het, word in tabel 3.13 ondersoek.

7. Standerd 3 was die standerd waarin leerlinge 'n piek-deelname aan musiekonderrig beleef het (16,6%) met 'n skerp afname by st. 6 (6,8%) en 'n geleidelike uitsakking tot by st. 10 (2,1%).

3.1.6 Die proporsie waarin orkesinstrumente geneem is

TABEL 3.13: DIE PROPORSIE WAARIN DIE VERSKILLENDE ORKESINSTRUMENTE DEUR LEERLINGE GENEEM IS IN VERGELYKING MET DIE PROPORSIE VAN DIE INSTRUMENTE VAN 'N TIPIESE GROOT SIMFONIEORKES[11)]

Instrument	Getal in groot simfonieorkes (100)	Getal leerlinge uit tabel 12	Leerlinge as 'n persentasie
Eerste (18) en tweede (15) viool	33	372	38,2
Altviool	12	2	0,2
Tjello	12	50	5,1
Kontrabas	9	0	0,0
Fluit (3) en piccolo (1)	4	166	17,0
Hobo (3) en Cor Anglais (1)	4	9	0,9
Klarinet (3) en basklarinet (1)	4	147	15,1
Fagot (3) en kontrafagot (1)	4	3	0,3
Franse horing (4 - 6)	5	34	3,5
Trompet	4	131	13,5
Skuiftrompet	3	38	3,9
Tuba	1	17	1,7
Perkussie (2 - 4) en Pouk (1)	4	4	0,4
Harp	1	2	0,2
Totaal	100	975	100,0

11) Joseph Machlis: The Enjoyment of Music, p. 44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opmerkings by tabel 3.13

1. Waar een doel van die opleiding van leerlinge in orkesinstrumente die voorsiening van spelers vir jeugorkeste, jeugsimfonieorkeste en volwasse simfonie-orkeste is, het tabel 3.13 sekere tekortkominge:

1.1 Om 'n verspreiding van die verskillende instrumente oor die hele Kaapland te oorweeg, word nog nie oorweging geskenk aan die proporsies in 'n bepaalde gebied nie, byvoorbeeld Kaapstad en omgewing, en Port Elizabeth en omgewing. 'n Jeugsimfonieorkes kan net funksioneer as sy lede binne 'n bepaalde geografies maklik bereikbare gebied woon.

1.2 Aangesien nie alle leerlinge in Kaapland by die opname betrokke was nie (slegs 68,6%), en aangesien die onderrig in veral sommige instrumente relatief skaars is, bestaan die moontlikheid dat slegs enkele skole waar die onderrig van orkesinstrumente 'n positiewe rol speel, die relatief klein getalle beduidend kan verander.

1.3 Daar bestaan onsekerheid of alle skole genoegsaam moeite gedoen het om die gegewens ten opsigte van leerlinge wat buite skoolverband onderrig in orkes-instrumente ontvang het, te bekom.

2. 'n Belangrike bevinding uit voorgaande tabel is dat, wanneer die kolom "Leerlinge as 'n persentasie" met die kolom "Getal in 'n groot simfonieorkes" vergelyk word, dit voorkom dat 'n relatiewe ooraanbod bestaan het in die fluit, klarinet en trompet, en in 'n mindere mate die viool. 'n Tekort het in die altviool, tjello, kontrabas, hobo, fagot, perkussie en harp, en in 'n minder mate in die Franse horing bestaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.7 Die beskikbaarheid van onderwysers

TABEL 3.14: ONDERWYSERS WAT BESKIKBAAR IS VIR INSTRUMENTALE ONDERRIG

Instrument	Musiek-onderwysers	Ander onderwysers	Totaal	%
Klavier	558	39	597	53,8
Blokfluit	188	15	203	18,3
Kitaar	16	2	18	1,6
Sang	106	32	138	12,4
Orrel	48	-	48	4,3
Viool	26	1	27	2,4
Altviool	-	1	1	0,1
Tjello	14	-	14	1,2
Fluit	22	1	23	2,1
Klarinet	12	2	14	1,3
Hobo	3	-	3	0,3
Fagot	2	-	2	0,2
Trompet	9	-	9	0,8
Horing	3	-	3	0,3
Skuiftrompet	3	-	3	0,3
Tuba	3	-	3	0,3
Saxofoon	2	-	2	0,2
Harp	1	-	1	0,1
Totaal	1016	93	1109	100,0

(Opmerkings volg ná tabel 3.16)

TABEL 3.15: ONDERWYSERS WAT MEER AS EEN INSTRUMENT ONDERRIG

Die volgende tabel toon aan hoe onderwysers wat twee of drie instrumente kon onderrig, onder die instrumente verdeel was:

ONDERWYSERS MET	Twee instrumente				Drie instrumente			
	klavier +	Orrel +	Fluit +	Sang +	klavier orrel +	klavier blokfluit +	klavier sang +	klavier fluit +
Blokfluit +	80	2		4	9		4	
Orrel +	61							
Sang +	26	1			3			
Kitaar +	3							
Viool +	17			1		2	1	1
Altviool +								1
Tjello +	7					2		
Fluit +	10	1			1	3		
Klarinet +	5				1			1
Hobo +	1							
Fagot +						1		
Trompet +	2							
Perkussie +	3		1					

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daabenewens kon sommige onderwysers 4 of meer instrumente onderrig:

2 klavier + blokfluit + tjello + sang
1 klavier + blokfluit + klarinet + sang
1 klavier + blokfluit + orrel + sang
1 klavier + blokfluit + fluit + sang
1 klavier + fluit + saxofoon + perkussie
1 trompet + skuiftrompet + horing + tuba
1 klavier + harp + alle houtblaasinstrumente
1 fluit + alle houtblaasinstrumente
1 trompet + alle koperblaasinstrumente
1 kitaar + alle koperblaasinstrumente
1 trompet + verskeidenheid (nie gespesifiseer)

12

Opmerking by tabel 3.15

Die gegewens van tabel 3.15 toon dat 267 van die musiekonderwysers (wat 93 ander onderwysers ingesluit het wat nie musiekbetrekkings beklee het nie), in twee of meer instrumente onderrig kon gee. Die betrokke 174 musiekonderwysers het dus 23,4% van die totale getal (743) gevulde musiekbetrekkings by skole gevorm.

TABEL 3.16: DIE MATE WAARIN BESTAANDE ONDERWYSERS MET ONDERRIGKWALIFIKASIES IN DIE ORKESINSTRUMENTE WEL VIR DIE ONDERRIG DAARVAN BENUT IS (Tabelle 3.2 + 3.9 - 3.10)

Instrument	Potensiële getal leerlinge teen 25 per onderwyser	Werklike getal wat binne skoolverband onderrig is	Persentasie benutting
Viool	650	144	22,2%
Altviool	25	2	8,0
Tjello	350	5	1,4
Fluit	560	66	11,8
Klarinet	350	84	24,0
Hobo	75	1	1,3
Fagot	50	-	0,0
Trompet	125	89	71,2
Horing	75	25	33,3
Skuiftrompet	75	30	40,0
Tuba	75	4	5,3
Harp	25	-	0,0
Perkussie	100	-	0,0

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opmerkings by tabelle 3.14 - 3.16

1. Onderwysers vir die klavier het 'n groot oorwig gevorm (53,8%), met blokfluit tweede (18,3%) en sang derde (12,4%).

2. Onderwysers vir orkesinstrumente het saam slegs 9,5% gevorm, en vorm waarskynlik die kern van die probleem waarom ook so min leerlinge orkesinstrumente neem.[12)]

3. Tabel 3.16 toon aan dat, behalwe in die geval van trompet, die personeel-onderrigpotensiaal in al die ander instrumente meestal ver onder die 50% was. Hierdie onderbenutting kan onder andere toegeskryf word aan die feit dat die onderwyser aan een skool verbonde was, slegs 'n paar leerlinge in daardie skool in die betrokke instrument onderrig, en verder 'n "volop" instrument soos klavier onderrig.

3.1.8 Doelstellings by die onderrig van musiek

Aan skole is die volgende ses breë doelstellings in musiekopvoeding voorgehou, en hulle is versoek om dié mate waarin die onderrig van Musiek in die skool aan dié doelstellings beantwoord het, aan te dui:

1. om elke leerling tot die besef te bring dat musiek 'n belangrike rol te speel het in sy estetiese ontwikkeling, wat 'n noodsaaklike faset van die skool se breë opvoedingsprogram behels;

2. om aan elke leerling 'n basiese algemene musiekkennis te verskaf;

3. om aan elke leerling die praktiese belewenis van musiek te bied deur middel van sang, beweging en instrumentale spel;

4. om positiewe gesindhede by die leerling te ontwikkel, en sodanige liefde vir musiek by hom in te skerp dat hy ná voltooiing van sy skoolloopbaan 'n program van self-musiekopvoeding sal voortsit;

5. om aan die leerling leiding te gee in sy beoordeling van musiek, wat hom in staat sal stel om te onderskei tussen verskillende soorte musiek;

12) Vide supra, p. 204, opm. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. om benewens die voorsiening van 'n breë musiekopvoedingsprogram aan elke leerling, ook die talentvolle leerling betyds te ontdek en hom genoegsame geleentheid te bied om sy musiektalente optimaal te ontwikkel.

TABEL 3.17: DIE GESLAAGDHEID VAN FORMELE MUSIEKONDERRIG SOOS GEMEET AAN SEKERE DOELSTELINGS

Doelstelling No.	N[13]	Groot rol		Gemiddelde rol		Weinig bydrae		Geen bydrae	
		n	%	n	%	n	%	n	%
1	171	78	46%	82	48%	8	4%	3	2%
2	172	99	58	60	35	11	6	2	1
3	169	74	44	76	45	14	8	5	3
4	168	78	47	71	42	17	10	2	1
5	168	70	42	74	44	19	11	5	3
6	164	91	55	50	31	15	9	9	5

Opmerking by tabel 3.17

Wanneer "Groot rol" en "Gemiddelde rol" bymekaargetel word, kan afgelei word dat die hoër skole waar Musiek (kurrikulêr) onderrig word, die verskillende doelstellings as geslaag beskou (in volgorde van geslaagdheid):

Doelstelling 1 - 94%
2 - 93%
3 en 4 - 89%
5 en 6 - 86%

3.1.9 Die onderrig van Klasmusiek

Die 496 skole by die ondersoek betrokke het 'n totaal van 6759 afsonderlike klasseksies verteenwoordig, teen 'n gemiddelde van 13,6 seksies per skool. Die grootste getal seksies by 'n bepaalde skool was 38. Klasmusiek is soos volg by die skole onderrig:

13) "N" verteenwoordig die groottotaal vir elke doelstelling, terwyl "n" die getal in elke kategorie verteenwoordig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voorbereidingskole	(A - 1)	18	
Primêr skole	(A - 5)	249	
Primêre skole	(2 - 5)	28	
Middelbare skole		15	
Hoër skole	(A - 10)	49	
Hoër skole	(6 - 8)	12	(dit wil sê sts. 9 en 10 geen onderrig)
Hoër skole	(6 - 9)	7	(dit wil sê st. 10 geen onderrig)
Hoër skole	(6 - 10)	92	
Geen klasmusiekonderrig		18	
		496	

Van die 496 skole blyk dus dat 3,6% geen Klasmusiek onderrig het nie, en van die orige 160 hoër skole (A - 10 of 6 - 10) daar 7 (4,4%) was wat geen Klasmusiek in st. 10, en 12 (7,5%) wat geen Klasmusiek in sts. 9 en 10 onderrig het nie.

Die skole is versoek om aan te dui in watter mate sekere komponente van Klasmusiekonderrig in die verskillende standerds aandag ontvang het. Die skole moes van die kategorieë "Nie van toepassing", "Gereeld", "Selde" of "Nooit" vir elke komponent in elke standerd gebruikmaak. Die respons van die skole word in tabel 3.18 aangegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Opmerkings by tabel 3.18

1. Getal skole met klasse in sub-st. A tot st. 1 = 364
   Getal skole met klasse in st. 2 - st. 5 = 364[14)]
   Getal skole met klasse in st. 6 - st. 8 = 186
   Getal skole met klasse in st. 9 - st. 10 = 172

2. In sommige gevalle is die response uitgelaat, omdat die bepaalde Klasmusiek-aktiwiteit normaalweg glad nie in die betrokke standerds beoefen word of veronderstel is om beoefen te word nie (byvoorbeeld ritmiek en beweging nie hoër as st. 1 nie).

3. As slegs die respons "gereeld" in ag geneem word, is 'n benaderde rangorde soos volg:

TABEL 3.19:

Benaderde rangorde	Komponent	Standerd met die hoogste respons	Standerd met die laagste respons
1	Eenstemmige sang	st. 2 : 92,6%	st. 10 : 78,5%
2	Solfa (sts. A - 5)	st. 3 : 77,5%	sub. A : 58,9%
3	Notasieleer en bladlees	st. 3 : 78,5%	st. 8 : 23,1%
4	Ritmiek, beweging (sts.A-1)	st. A : 73,1%	st. B : 57,7%
5	Musiekbeluistering	st. 7 : 67,7%	st. B : 42,9%
6	Algemene musiekkennis	st. 6 : 66,1%	st. A : 39,0%
7	Nie-melodiese instrumente	st. B : 63,5%	st. 5 : 43,1%
8	Gehoorontwikkeling	st. 3 : 60,5%	st. 10 : 26,2%
9	Asembeheeroefeninge	st. 3 : 56,9%	st. 10 : 27,9%
10	Stembouing	st. 3 : 51,9%	st. 10 : 27,9%
11	Intonasieoefeninge	st. 3 : 50,3%	st. 10 : 25,6%
12	Meerstemmige sang	st. 7 : 49,5%	st. A : 6,9%
13	Orff	st. 3 : 48,1%	st. 10 : 2,3%
14	Blokfluitspel	st. 5 : 25,3%	st. 10 : 5,8%
15	Skeppende werk	st. A : 22,8%	st. 2 : 15,7%
16	Opvolgopdragte	st. 4 : 6,6%	st. A : 0,8%

4. Hierdie rangorde kan slegs as "benaderd" beskou word, omdat die volgorde vir elke standerd afsonderlik nie noodwendig dieselfde as die algemene rangorde sou wees nie. Daarbenewens is alle aktiwiteite ook nie op alle standerds van toepassing nie.

14) Dieselfde getal 364 is daaraan toe te skryf dat die getal voorbereidingskole (20) toevallig dieselfde was as die getal skole met net sts. 2 - 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.10 Die benutting van saalbyeenkomste vir musiekopvoeding

Skole is versoek om aan te dui in watter mate saalbyeenkomste deur middel van sekere aktiwiteite vir die doeleindes van musiekopvoeding benut is:

TABEL 3.20:

Aktiwiteit N = 496	Gereeld		Selde		Nooit		N.v.t.	
	n	%	n	%	n	%	n	%
Instudeer van gewyde liedere	279	56,3	71	14,3	125	25,2	21	4,2
Instudeer van ander liedere	107	21,6	110	22,2	253	51,0	26	5,2
Begeleiding van sang met 'n instrumentale groep	56	11,3	75	15,1	333	67,1	32	6,5
Musiekbeluistering tydens aantree/verdaag	165	33,3	66	13,3	235	47,4	30	4,0
Musiekbeluistering terwyl leerlinge sit	43	8,7	74	14,9	347	69,9	32	6,5
Uitvoerings deur leerlinge	96	19,4	163	32,9	213	42,9	24	4,8
Uitvoerings deur personeellede	19	3,8	67	13,5	375	75,6	35	7,1

Opmerkings by tabel 3.20

56,3% van die skole het gereeld aandag gegee aan die instudeer van gewyde liedere. Op die vlak van beluistering maak slegs 33,3% van die skole gebruik van beluistering terwyl die leerlinge aantree of verdaag, en 8,7% terwyl hulle sit. Dit blyk dat die ander aktiwiteite nie veel aandag geniet het nie en dat skole in die algemeen nog nie genoeg moeite doen om hierdie waardevolle opvoedingsmoontlikheid in die musiek te eksploiteer nie.

3.1.11 Kokurrikulêre musiekbedrywighede

Die volgende tabel (3.21) toon die deelname van leerlinge aan kokurrikulêre musiekbedrywighede soos kore en orkeste. Hierdie 15 aktiwiteite was by die vraelys ingesluit, maar sommige skole het ook ander aktiwiteite soos ligte sanggroepe, gewyde sanggroepe, kamerkoor, onderwyser-leerling-koor, folk-groep, trekklaviergroep, kitaarwerkswinkel, kitaarklub en volkspele genoem. Hierdie aktiwiteite word egter nie by die tabel ingesluit nie, omdat daar moontlik by ander skole sulke aktiwiteite kon bestaan het, maar wat nie aangemeld is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In kolom 3 is 'n beraming gemaak van hoeveel skole die toepaslike aktiwiteit nie aangebied het nie. Byvoorbeeld 'n kadetorkes kan net in 'n hoër skool wat wel seuns het, voorkom, daarom is alle voorbereidingskole en primêre skole buite rekening gelaat; vir "ensemble" is alle skole in berekening gebring; vir "senior primêre koor" is alle primêre, middelbare en deurlopende hoër skole in berekening gebring. Die persentasies skole wat wel die betrokke aktiwiteit aangebied het, word in kolom 4 weergegee. In meriete-orde is die volgende 8 aktiwiteite dus die gewildste: Gemengde hoërskoolkoor (79,2%), kadetorkes (70,0%), meisieskoor (hoër skole) 53,2%, senior primêre koor (49,2%), junior primêre koor (27,7%), seunskoor (18,6%), Orff-orkes (17,7%) en slagorkes (15,6%). Dit val op dat dié aktiwiteite wat aan instrumentale vaardigheid gekoppel is, soos ensembles en orkeste, laag op die lys staan: hierdie verskynsel onderstreep weer eens die swak posisie van die onderrig in orkesinstrumente tot die jaar 1982.

Die getal seuns en meisies wat aan die verskeie aktiwiteite deelgeneem het, asook die gemiddelde getal leerlinge per aktiwiteit per deelnemende skool word in kolomme 5 - 8 gegee. In die geval van die gewildste aktiwiteit, naamlik die gemengde hoërskoolkoor, het 'n totaal van 6429 leerlinge deelgeneem wat 11,7% van alle hoërskoolleerlinge wat in die ondersoek betrokke was, verteenwoordig. In die geval van ensemblespel was 917 leerlinge betrokke, wat slegs 0,6% van alle leerlinge verteenwoordig.

Die getal kere wat die verskillende aktiwiteite weekliks repeteer/bymekaarkom word in kolom 9 gegee. Die groot meerderheid van skole se aktiwiteite repeteer een of twee keer per week, met 'n klein minderheid wat meer keer bymekaarkom.

Die getal kere wat die verskillende aktiwiteite gedurende 1982 opgetree het, word in kolom 10 gegee. Dit is opvallend dat daar heelwat skole bestaan waar die onderskeie aktiwiteite nie na buite optree nie (kolom "? of 0"). Die meerderheid skole maak egter voldoende voorsiening vir optredes na buite.

'n Afsonderlike opname het verder aan die lig gebring dat toere en kampe vir kore en orkeste reeds by sommige skole inslag gevind het. Gedurende die jare 1973 tot 1982 is 55 koortoere, 98 koorkampe, 113 orkeskampe (insluitende kadetorkeskampe), 30 orkestoere en 51 ander musiekopvoedkundige toere deur skole onderneem.

En in tabel 3.22 kan opgemerk word dat die meerderheid skole aandag gee aan een of ander vorm van 'n musiekkonsert (54% minstens tweejaarliks), maar dat 'n eie skoolsangfees, orkeskonserte of operettes selde of nooit aangebied word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.21: DIE DEELNAME VAN LEERLINGE AAN KOKURRIKULÊRE MUSIEKBEDRYWIGHEDE

	1	2	3	4	5	6	7	8	9					10						
Aktiwiteit	Getal kore, orkeste ens.	Getal skole	Getal toepaslike skole wat aktiwiteit nie aanbied nie H = hoër skool P = primêre skool M = middelbaar	% skole wat aktiwiteit wel aanbied	Getal seuns wat deelneem	Gem. seuns per skool	Getal meisies wat deelneem	Gem. meisies per skool	Getal skole wat 1-5 keer per week buite skoolure gerepeteer het					Getal kore/orkeste, ens. met die getal keer in 1982 opgetree						
									1	2	3	4	5	? of 0	1	2	3	4	5	5+
Gemengde hoërskoolkoor	114	114	30 H	79,2	1744	16	4685	43	58	36	11	1	8	4	11	17	21	18	14	29
Meisieskoor	88	83	73 H	53,2	-	-	3767	47	54	20	5	1	8	5	2	23	16	16	6	20
Seunskoor	30	29	127 H	18,6	1032	36	-	-	16	11	3	-	-	7	4	4	6	2	1	6
Sr. prim. koor	181	178	184 P + H + M	49,2	2477	14	7413	42	85	75	13	7	1	26	15	30	38	30	11	31
Jr. prim. koor	102	101	264 P + H + M	27,7	1576	16	4053	41	41	46	10	1	2	9	8	28	29	15	3	10
Blaasorkes	13	13	159 H	7,6	169	14	23		5	1	3	-	3[a]	5	-	1	2	2	-	3
Kadetorkes	113	112	48 H	70,0	1898	17	210	2	59	31	12	5	6[b]	36	11	24	21	9	3	9
Marsjeerorkes	1	1			54		25		1	-	-	-	-	-	-	-	1	-	-	-
Strykorkes	3	3	169 H	1,7	31	10	4		1	2	-	-	-	-	-	-	1	-	1	1
Skoolorkes (simfonie-instrumente)	7	4	168 H	2,3	26	4	147	38	4	3	-	-	-	-	-	2	-	1	2	2
Ensemble	58	49	447 P + H + M	9,9	177	4	740	16	38	17	2	-	-	17	6	9	12	2	3	9
Orff-orkes	51	47	218 P + H + M	17,7	300	6	1036	22	39	9	-	1	2	14	7	15	9	1	1	4
Slagorkes	63	57	308 P + H + M	15,6	679	12	971	17	45	16	2	-	-	23	16	10	5	4	2	3
Ligte orkes	20	20	152 H	13,2	77	4	177	9	19	1	-	-	-	2	2	6	1	5	1	3
Musiekvereniging	11	11	161 H	6,4	138	14	185	18	4[c]	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-

a = sluit ook een orkes in wat ses keer per week oefen

b = sluit twee orkeste in wat ses keer per week oefen

c = die ander verenigings kwartaalliks

? = geen aanduiding van optredes

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

TABEL 3.22: OPENBARE OPTREDES

Die frekwensie waarvolgens openbare optredes gehou is

N = 496	Minstens een keer per jaar		Twee-jaarliks		Selde		Nooit	
	n	%	n	%	n	%	n	%
Algemene musiekkonsert	236	47,6	39	7,9	43	8,7	178	35,6
Eie skoolsangfees	98	19,7	35	7,0	36	7,3	327	66,0
Orkeskonsert	15	3,0	1	0,2	27	5,4	453	91,3
Operette	32	6,5	87	17,5	145	29,2	232	46,8

3.1.12.1 Individuele deelname aan kunswedstryde

Die getalle leerlinge wat aan Kunswedstryde deelgeneem het, was soos volg: (Hierdie gegewens is soos die skole dit aangemeld het, maar dit was duidelik dat sommige skole wat gereeld aan Kunswedstryde deelneem, nie syfers verskaf het nie. Ook het aan die lig gekom dat die Port Elizabethse Afrikaanse Kunswedstrydverening in 1981 geen kunswedstryd gehad het nie vanweë die Republiekfeesvierings):

TABEL 3.23: INDIVIDUELE DEELNAME AAN KUNSWEDSTRYDE

	Sub A	B	St.1	St. 2	St. 3	St. 4	St. 5	St.6	St.7	St.8	St.9	St.10	Tot.	%
Klavier	8	29	98	159	205	200	191	162	131	137	154	98	1572	44,1
Blokfluit		16	41	50	105	108	44	20	31	27	13	14	469	13,1
Sang	91	141	192	207	219	216	212	35	36	29	40	16	1434	40,2
Kitaar									1		2		3	0,1
Viool		1	3	2	10	4	7	2	1	3	9		42	1,2
Tjello				5	1	1	2	1	2	1			13	0,4
Fluit							1	1	2		3	2	9	0,3
Klarinet			1			2	1	1	1	2	3		11	0,3
Trompet								2	1	3	3		9	0,3
Skuiftrompet								1					1	0,0
Totaal	99	187	335	423	540	531	458	225	206	202	227	130	3563	100
%	2,8	5,2	9,4	11,9	15,2	14,9	12,8	6,3	5,8	5,7	6,4	3,6	100	

Soos in die tabel waarin die neem van alle instrumente opgesom is, (tabel 3.12), word ook hier opgemerk dat st. 3 dié standerd is waarin die meeste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leerlinge aan Kunswedstryde deelneem, met 'n geleidelike uitsakking tot by st. 10. Trouens, elk van die standerds van die senior primêre fase, (insluitend standerd 5) oortref enige sekondêre standerd. Sts. 2 - 5 verteenwoordig 54,8% van die deelname, en sts. 6 - 10 27,8%. Ten opsigte van die kunswedstryd-klasse oorheers die klavier (44,1%) en sang (40,2%) die toneel.

3.1.12.2 Groepdeelname aan kunswedstryde

Die getalle leerlinge wat in groepverband aan Kunswedstryde deelgeneem het (onderhewig aan dieselfde opmerkings as by die vorige tabel), was soos volg:

TABEL 3.24: GROEPDEELNAME AAN KUNSWEDSTRYDE

	A	B	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	Tot.	%
Slagorkeste	70	171	145										386	4,2
Orff-orkeste				77	137	162	175						551	6,0
Skoolorkeste			2	5	16	17	25	6	12	8	9	8	108	1,2
Gemengde kore	292	454	663	638	665	862	918	277	247	262	281	288	5847	63,6
Meisieskore			1	159	141	176	177	78	91	115	137	126	1201	13,1
Seunskore				35	44	63	95	39	21	31	39	23	390	4,2
Ensembles		14	39	58	46	88	55	14	36	29	44	28	451	4,9
Sangspeletjies	72	81	104										257	2,8
Totaal	434	720	954	972	1049	1368	1445	414	407	445	510	473	9191	100,0
%	4,7	7,8	10,4	10,6	11,4	14,9	15,7	4,5	4,4	4,9	5,5	5,2	100,0	

Wanneer die drie soorte kore (gemengde, seuns- en meisieskore) bymekaargetel word, blyk dit dat koorsang verreweg die grootste deel uitmaak van groepdeelname op Kunswedstryde: 80,9% teenoor 16,3% in die geval van orkes- en ensemblespel.

Enkele skole het ook klassang- en volkspeledeelname aangemeld.

Wanneer die individuele en die groepdeelname aan die Kunswedstryde saamgevoeg word, naamlik 12754, verteenwoordig dit 8,0% van alle leerlinge. In die oorweging van hierdie persentasie moet in gedagte gehou word dat leerlinge wat aan meer as een nommer deelgeneem het, meer keer getel is; aan die ander kant was sommige skole se kunswedstryddeelnamesyfers klaarblyklik nie volledig genoeg aangegee nie,[15] en alle Kunswedstryd-verenigings het nie in die betrokke jaar kunswedstryde gehou nie.

15) Vide supra, p. 154.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.13 Eksterne musiekeksamens

Die getal leerlinge wat gedurende 1982 die praktiese en teoretiese eksamens van UNISA, Royal Schools, Trinity College en andere afgelê het, was soos volg:

TABEL 3.25: DIE AFLÊ VAN EKSTERNE MUSIEKEKSAMENS

Teoretiese eksamens

	Gr.1	Gr.2	Gr.3	Gr.4	Gr.5	Gr.6	Gr.7	Gr.8	Tot.
n	960	747	569	288	245	79	5	4	2897
%	33,1	25,8	19,6	9,9	8,5	2,7	0,2	0,2	100,0

Praktiese eksamens

	Gr.1	Gr.2	Gr.3	Gr.4	Gr.5	Gr.6	Gr.7	Gr.8	Tot.	%
Klavier	917	738	507	353	278	150	108	54	3105	90,5
Blokfluit	35	83	32	39	18	7	8	6	228	6,7
Kitaar	5	5	1	2	1				14	0,4
Sang					1				1	0,0
Orrel					1	1	1	2	5	0,1
Viool/Altviool	8	7	4	4	6		4	2	35	1,1
Tjello	1			1	1		2		5	0,1
Fluit		2	6	5	1	2			16	0,5
Klarinet			2	1	1	2			6	0,2
Fagot					1				1	0,0
Trompet	8	2			1	1		1	13	0,4
Skuiftrompet				1					1	0,0
Franse horing					1				1	0,0
Totaal	974	837	552	406	311	163	123	65	3431	100,0
Persentasie	28,4	24,4	16,1	11,8	9,1	4,7	3,6	1,9	100,0	

Opmerking

In die teoretiese sowel as die praktiese musiekeksamens is dit opmerklik dat die piek-deelname Gr. 1 was, met 'n skerp daling in die hoër grade. Ten opsigte van die instrumente is die oorheersing van die klavier weer eens opvallend (90,5%), terwyl alle simfonie-orkesinstrumente saam slegs 2,3% van die eksamens gehaal het.[16)]

16) Die betroubaarheid van hierdie syfers staan in 'n sekere mate onder verdenking, aangesien die onderrig in orkesinstrumente dikwels buite die skoolorganisasie geskied en onderwysers nie noodwendig van al sulke eksamens wat deur leerlinge afgelê is, bewus was nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.1.14 Ballet

Hoewel ballet nie by hierdie navorsing ingesluit is nie, is die skole nogtans gevra om aan te dui hoeveel leerlinge in die verskillende standerds Ballet as eksamenvak of buite-kurrikulêr geneem het:

TABEL 3.26: DEELNAME AAN BALLET

Ballet as eksamenvak

	St. 6	St. 7	St. 8	St. 9	St. 10
Seuns	1	-	-	-	1
Meisies	34	16	14	10	8
Totaal	35	16	14	10	9

Ballet (buite-kurrikulêr en buite die skool)

	Sub A	Sub B	St.1	St.2	St.3	St.4	St.5	St.6	St.7	St.8	St.9	St.10	Totaal
Seuns	1	2	6	12	8	10	4	4	3	-	1	1	52
Meisies	1064	950	786	648	508	384	250	113	81	76	71	36	4967
Totaal	1065	952	792	660	516	394	254	117	84	76	72	37	5019
%	21,2	19,0	15,8	13,1	10,3	7,9	5,1	2,3	1,7	1,5	1,4	0,7	100,0

Opvallend is die groot uitsakking van die getal leerlinge wat ballet neem: as die vak- en buite-kurrikulêre leerlinge saamgetel word, was die uitsakking van sub-st. A tot st. 10 95,7%. Verder is dit duidelik dat ballet as 'n aktiewe belangstelling weinig aftrek onder die seuns geniet het (1,0%).

3.2 VRAELYS B AAN MUSIEKOPVOEDERS

3.2.1 Die doel van die vraelys

Ten opsigte van die meer ernstige musiekprogramme (byvoorbeeld Jong Suid-Afrika, Internasionale Klavierkompetisie, Die Huwelik van Figaro en Serenade) was daar, soos in die geval van luistermusiek, geen noemenswaardige verandering in die kykpatroon vanaf st. 6 tot st. 10 op te merk nie. Dit kom dus voor of musiekopvoedingsprogramme, hetsy formeel deur die skool, of informeel deur die media oor die algemeeen geen besliste positiewe uitwerking gehad het nie.

3.3.16 Die plek waar geluister

Die leerlinge is versoek om aan te dui waar hulle die meeste na musiek luister:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1 = oor die radio;

2 = na 'n platespeler/kassetspeler tuis;

3 = in 'n diskoteek;

4 = by maats

0 = nie ingevul nie.

TABEL 3.91: DIE PLEK WAAR LEERLINGE MEESTAL NA MUSIEK LUISTER

	Totaal		Afrikaans		Engels		Seuns		Meisies		St. 6		St. 7		St. 8		St. 9		St. 10	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
1	1187	48	649	46	481	51	442	42	744	53	202	52	176	48	209	55	152	46	448	45
2	104	43	640	46	376	40	495	47	567	40	168	44	164	44	145	38	158	48	429	44
3	86	4	36	3	46	5	53	5	33	2	5	1	16	4	10	3	7	2	48	5
4	103	4	60	4	40	4	47	4	56	4	9	2	13	4	19	5	14	4	48	5
0	15	1	11	1	4	0	8	1	7	0	2	1	1	0	–	–	–	–	12	1
N	2455		1396		947		1045		1407		386		370		384		331		985	

Dit kom dus voor dat meer as 90% van die leerlinge meestal tuis na musiek luister (1 + 2).

3.3.17 Die beroepskeuse van st. 10-leerlinge

Vraelys C is aan alle standerd 10-leerlinge in 17 hoër skole uitgedeel om vas te stel hoeveel van hulle beoog het om 'n studierigting in musiek te neem. 986 leerlinge het die vraelys ingevul, waarvan die response soos volg was:

B. Mus.	5
B. Mus. + HOD of B.Mus.Ed.	4
B.A. (Mus.)	1
Onderwysdiploma of Hoër Onderwysdiploma (Sr. Prim.) met Instrumentale Musiek as een hoofvak	2
Onderwysdiploma of Hoër Onderwysdiploma (Sr. Prim.) met Klasmusiek as een hoofvak	3
Onderwysdiploma of Hoër Onderwysdiploma (Jr. Prim.) met buite-kurrikulêre musiekonderrig	5
Lisensiaat	2
	22

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk dat slegs 22 leerlinge (2,2%) van plan was om in musiek verder te studeer. Hierdie getal verteenwoordig 14,1% van die 156 st. 10-leerlinge wat wel instrumentale onderrig (kurrikulêr, buite-kurrikulêr of privaat) geneem het. Die uitsakking ná skool blyk dus nog groter te wees as die uitsakking gedurende die hoërskooljare.[31)]

31) Vide supra, p. 259.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

'N KURSORIESE OORSIG VAN DIE HUIDIGE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN MUSIEKOPVOEDING ONDER DIE ONDERWYSDEPARTEMENTE VAN TRANSVAAL, NATAL EN DIE ORANJE-VRYSTAAT

In hoofstukke 2 en 3 is op oorsigtelike wyse gepoog om perspektief te stel ten opsigte van sekere aspekte van musiekopvoeding onder die Kaaplandse Departement van Onderwys. Hoewel hierdie studie op Kaapland toegespits is, kan die perspektief verruim word deur 'n blik te werp op die bepalings ten opsigte van die ander drie provinsies in die R.S.A.

Dit is nie moontlik om in die kort bestek van een hoofstuk 'n getroue beeld te gee van die stand van musiekopvoeding in dié provinsies nie, aangesien elkeen op sigself 'n volle studieterrein dek. Slegs sekere aspekte kon kortliks bespreek word, veral waar dit eie aan die betrokke provinsie is. Hierdie hoofstuk is dus geen poging tot 'n vergelykende studie nie.

Daar word merendeels van die teenwoordige tyd in die skryfwyse gebruik gemaak, omdat dit die stand van sake is gedurende die jare 1983/1984, wat die afsluitingstydperk van hierdie navorsing verteenwoordig. In al die provinsies is verskeie ontwikkelinge onderweg, sodat die stand van die breë program van musiekopvoeding ook spoedig sal kan verander.

4.1 'N KURSORIESE OORSIG VAN DIE HUIDIGE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN MUSIEKOPVOEDING ONDER DIE VRYSTAATSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS [1)]

4.1.1 Klasmusiek

Aangesien Klasmusiekonderrig algemeenvormend van aard vir alle leerlinge is, word dit as die belangrikste komponent van musiekonderrig beskou. As gevolg van 'n gebrek aan goed opgeleide Klasmusiekleerkragte kom hierdie komponent egter nie altyd tot sy reg nie. Buite-kurrikulêre musiekonderwysers is dikwels genoodsaak om ook hierdie komponent te behartig. Ondanks hierdie probleme word puik werk by sekere skole gelewer. 'n Natuurlike uitvloeisel van deeglike Klasmusiekonderrig word weerspieël in talle hoogstaande kooruitvoerings asook massa-koorsaamtrekke.[2)]

1) Gegewens verkry tydens persoonlike onderhoude met mnr. J.D. Bouwer, Hoof van Musiek van die Vrystaatse Onderwysdepartement op 11 en 12 Oktober 1983.

2) Onderwysdepartement Provinsie Oranje-Vrystaat: Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1982, p.22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klasmusiekonderrig is verpligtend in alle klasse tot by standerd 10. Normaalweg ontvang elke klasseksie in die primêre skool 2 lesure en in die hoër skool 1 lesuur per week onderrig. Die interdepartementele kernsillabusse in Klasmusiek word gevolg hoewel talle leerkragte ruimskoots daarop uitbrei. Enkele gevalle van Klassangaande waarop klasse in groepverband optree, kom voor.

Die O.V.S. maak formeel by nuwe skoolgeboue voorsiening vir 'n Klasmusieklokaal as deel van die musiekblok. Die lokaal kan twee klasse huisves en beskik oor skuins trappies en bankies. Voorsiening word ook gemaak vir 'n klavier, 'n skryfbord met musieklyne en 'n oorhoofse projektor. Ander onderrigmiddels kan deur die skool op 'n R-vir-R-basis aangeskaf word, en in 1983 was die Departement se maksimumbydrae R120 per apparaat. 'n Uitstekende hoëtrou-radio-kassetspeler het ook in 1983 op die katalogus verskyn. Vir die primêre skole word 'n sekere kwota melodiese en nie-melodiese slaginstrumente toegeken, maar skole kan addisionele instrumente op die R-vir-R-basis aankoop.

4.1.2 Die buite-kurrikulêre musiekonderrig en orkesopleidingsprogram

Buite-kurrikulêre musiekonderrig bestaan uit twee komponente:

* onderrig in klavier, blokfluit, orrel en sang wat deur musiekonderwysers in spesialisteposte wat aan skole verbonde is, gegee word (in 1983 was daar 285 musiekonderwysers aan skole in die Vrystaat verbonde);
* onderrig in orkesinstrumente wat deur instrumentis-dosente by sentrums en in rondreisende hoedanigheid gegee word (in 1983 was daar 25 sulke instrumentiste op die algemene diensstaat van die Administrasie).

4.1.2.1 Ontstaan van die orkesopleidingsprogram

Die orkesopleidingsprogram het sy eerste beslag gekry toe die Uitvoerende Komitee met besluit 533 op sy vergadering van 4 Mei 1959 voorstelle goedgekeur het dat 'n strykkwartet in die Vrystaat tot stand gebring moes word.[3)] Die samewerking van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is verkry en aanvanklik is die vier instrumentiste op die diensstaat van die Onderwyserskollege geplaas. In November 1973 is hulle op die algemene diensstaat van die Provinsiale Administrasie oorgeplaas. Die strykkwartet was enersyds vir uitvoerings en andersyds vir die onderrig van strykinstrumente aan leerlinge en studente verantwoordelik. Daar was onmiddellik 'n groot toestroming sodat die eerste geslaagde jeugorkesfeeste in 1962

3) G.A.P. Steenkamp: 'n Historiese oorsig van die totstandkoming en ontwikkeling van die orkesprogram in die Oranje-Vrystaat (M.Mus., U.O.V.S., 1983) p.10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en 1963 gehou kon word.

Aangesien die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat die enigste Streekraad in Suid-Afrika was sonder 'n vaste orkes, is met die Onderwysdepartement ooreengekom dat die beheer oor die Vrystaatse Jeugorkes op 1 September 1964 deur SUKOVS oorgeneem sou word. Onder die nuwe bedeling het die Jeugorkes spoedig tot 'n gesogte Vrystaatse uitvoerproduk ontwikkel. Die vier professionele lede van die strykkwartet is ook in 1967 deur die UOVS in diens geneem met behoud van hulle verpligting ten opsigte van die orkesopleidingsprogram.

4.1.2.2 Die invoer van blaasinstrumente

'n Belangrike volgende fase in die ontwikkeling van die orkesopleidingsprogram tot 'n volwaardige jeugsimfonieorkes het sedert 1969 ingetree met die aanstelling van vier dosente in hout- en koperblaasinstrumente. Gedurende 1970 is die Vrystaatse Jeugensemble gestig en in dieselfde jaar het die strykorkes die eerste en enigste Suid-Afrikaanse jeugorkesgroep geword wat aan die Internasionale Jeugorkesfees te St. Moritz in Switserland deelgeneem het. Walter Susskind, een van die gasdirigente, het beweer dat die Vrystaatse strykers die beste toongehalte van al nege die orkeste op die fees gehad het.

In 1973 het die Provinsiale Administrasie magtiging verleen dat die getal instrumentiste tot 24 vermeerder word. Saam met die vier strykdosente aan die UOVS was daar dus 28 professionele spelers wat as kern vir die SUKOVS-orkes kon dien. Met die aanvulling van begaafde studente, enkele leerlinge en ook enkele bedrewe buitestaanders kon die orkes tot 45 uitgebrei word. Hierdie nuutgestigte orkes het sy debuut op 26 Februarie 1974 gemaak.

Gedurende 1983 was die volgende vaste jeugorkesgroepe in swang: te Bloemfontein 'n beginnerstrykensemble, die Orpheusstrykensemble, die Bachstrykensemble, die Vrystaatse Jeugstrykorkes, 'n junior blaasensemble, 'n senior blaasensemble, verskeiekamermusiekgroepe; te Marquard 'n stryk- en blaasorkes; te Welkom 'n blaasensemble en 'n strykensemble; te Kroonstad 'n gemengde blaasensemble; te Sasolburg 'n blaasorkes.

4.1.2.3 Die Vrystaatse Jeugsimfonieorkes

Op 5 April 1983 is 'n langverwagte hoogtepunt tydens 'n orkeskursus te Bloemfontein bereik met die stigting van die Vrystaatse Jeugsimfonieorkes met 83 lede (67 leerlinge en 16 universiteitstudente) en Gerard Geist as geleentheidsdirigent.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanaf 1984 het die orkes as 'n staande orkes begin funksioneer en het die Provinsiale Administrasie ook die pos van 'n vaste dirigent goedgekeur wat benewens sy dirigentskap van die Jeugsimfonieorkes ook toesig hou oor die orkesopleidingsprogram en optree as dirigent van die SUKOVS-orkes.

Die 1983-Jeugsimfonieorkes van 83 spelers was so saamgestel:

Eerste viool	15	Klarinet	4
Tweede viool	14	Fagot	2
Altviool	7	Trompet	3
Tjello	8	Franse horing	7
Kontrabas	4	Skuiftrompet	3
Hobo	5	Tuba	1
Fluit	4	Perkussie	5
Piccolo	1		

In die Provinsiale begroting bestaan daar ook 'n spesiale begrotingspos Jeugsimfonieorkes met die oog op uitgawes aan voorrade en dienste.

4.1.2.4 Ouer-dosentevereniging

Die opleidingsprogram in Bloemfontein word ondersteun deur 'n ouer-dosentevereniging. Ouers betaal 'n vrywillige lidmaatskapsgeld van R10 per jaar. Skenkings word ook gewerf om die fonds te versterk. Die fonds word onder andere gebruik om behoeftige leerlinge by die jaarlikse orkeskursus van die Nasionale Jeugorkesstigting en lede van die Nasionale Jeugsimfonieorkes te ondersteun.

4.1.2.5 Die omvang van die orkesopleidingsprogram

Gedurende 1983 het 694 leerlinge soos volg in die orkesopleidingsprogram onderrig ontvang:

Viool	184	Trompet	97
Altviool	27	Skuiftrompet	52
Tjello	42	Franse horing	38
Kontrabas	23	Tuba	15
Fluit	37	Eufonium	23
Hobo	34	Saxofoon	22
Klarinet	46	Perkussie	39
Fagot	15		

In Bloemfontein geskied die onderrig gedeeltelik in die Green Hill-gebou, en an-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dersins ook in die namiddae by sekere skoolgeboue waar dit vir die leerlinge gerieflikker is. Sekere instrumentiste reis ook na ander sentrums soos Marquard, Kroonstad en Welkom, terwyl instrumentiste wat op Sasolburg en Kroonstad gestasioneer is, ook Heilbron en Welkom bedien. 'n Groot voordeel van hierdie unieke opleidingsprogram is dat opleiding aan jong talentvolle leerlinge verskaf word om 'n loopbaan in die RSA se beroepsorkeste te kan volg. Die jong musici kry die geleentheid om onder die bekwame leiding van 'n professionele dirigent by wyse van deelname in die Vrystaatse Jeugsimfonieorkes waardevolle ondervinding op te doen. Verder kry die meer gevorderde studente en leerlinge die geleentheid om verdere praktiese ondervinding op te doen deur saam met professionele musici in die SUKOVS-simfonieorkes te speel. In hierdie opsig dien die Jeugsimfonieorkes as voedingsbron vir die beroepsorkes van SUKOVS en terselfdertyd vervul die SUKOVS-simfonieorkes die funksie van 'n opleidingsorkes. Dit is ook opmerklik dat juis hierdie orkes van al die professionele simfonie- en Streekraadorkeste in die land die meeste gebore Suid-Afrikaners as lede het.[4)]

4.1.2.6 Personeel

Die personeelopset van die orkesopleidingsprogram gedurende 1984 sien soos volg daar uit:

1 Hoof van Orkesopleiding (posvlak 4)
1 Seksiehoof Strykinstrumente (posvlak 2; vanaf 1985 posvlak 3)
1 Seksiehoof Houtblaasinstrumente (do.)
1 Seksiehoof Koperblaasinstrumente (do.)
4 Senior Instrumentisdosente Strykinstrumente (posvlak 2 vanaf 1985)
4 Senior Instrumentisdosente Houtblaasinstrumente (do.)
2 Senior Instrumentisdosente Koperblaasinstrumente (do.)
1 Senior Instrumentisdosent Perkussie-instrumente (do.)
1 Senior Instrumentisdosent Musiekteorie en Begeleiding (do.)
4 Instrumentisdosente Strykinstrumente (posvlak 1)
3 Instrumentisdosente Houtblaasinstrumente (do.)
3 Instrumentisdosente Koperblaasinstrumente (do.)

Vanaf 1 Januarie 1985 is drie bykomende poste in blaseronderrig geskep, waarvan twee te Welkom gestasioneer is.

Al hierdie dosente is op die algemene diensstaat van die Provinsiale Administra-

4) Vide infra, bylae 1, p.339.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sie en van elkeen word onder andere verwag om 'n sekere aantal ure per week, soos deur die Direkteur van Onderwys bepaal, musiekonderrig aan leerlinge van verskillende skole te verskaf; te help met die ontwikkeling van die Jeugsimfonieorkes en ook daarin te speel indien verlang; sy dienste, teen addisionele vergoeding, aan die UOVS as deeltydse lektor beskikbaar te stel; beskikbaar te wees, teen addisionele vergoeding, om in die SUKOVS-simfonieorkes te speel.

4.1.2.7 Keuring van leerlinge

Vanaf 1 Januarie 1978 is geen leerlinge wat by skole op waglyste geplaas is tot buite-kurrikulêre musiekonderrig toegelaat nie, tensy hulle deur lede van die musiekinspektoraat gekeur is. Sulke leerlinge moet ook eers in die RGN-musiekaanlegtoetse slaag. Wanneer hulle wel tot die opleidingsprogram toegelaat word, moet hulle 'n slaagsyfer handhaaf. Indien hulle vir twee opeenvolgende kwartale nie 50% behaal nie, word die onderrig gestaak. Volgens die 1982-toetsing was ongeveer 40% van die aansoekers nie as geskik vir instrumentale onderrig beskou nie.

4.1.2.8 Die Trapstelsel

Vanaf 1983 is die onderrigprogram geleidelik volgens die interdepartementele sillabusse in 10 vorderingstrappe ingedeel. Die implementering kon geskied volgens elke leerkrag se vermoë en diskresie. Noukeurige instruksies is deur die Departement vir die invoer daarvan uitgereik.[5] 'n Benaderde repertoriumevaluering is soos volg:

5) Onderwysdepartement van die OVS: Omsendbrief Prins. 7/1983: "Musiekonderrig - Implementering van Sillabusse", 14 Januarie 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VAKMUSIEK	UNISA GRAAD	DEPARTEMENT TRAP	KLOPPENBURG TRAP
		1(b)	Werke by Inleiding
	1	2	1
	2	3	2 gedeeltelik
St. 7 (2de instrument)	3	4	
8 (2de instrument)	4	5	3
6			
7		6	4
8 SG	5	7	5
9 (2de instrument)			
9 SG	6	8	6
8 HG			
10 (2de instrument)			
10 SG	7	9	7
9 HG			
10 HG	8	10	8 - 10

4.1.2.9 Die huur en koop van instrumente

Hoewel dit van leerlinge verwag word om so gou moontlik hulle eie instrumente te koop, kan hulle in die aanvangstadium instrumente teen R4 per kwartaal van die Departement huur. Die groot en duur instrumente word egter normaalweg nie deur leerlinge aangekoop nie. Die Departement begroot jaarliks vir die aankoop van instrumente.

4.1.2.10 Jeugkonsertfees

'n Jeugkonsertfees vind jaarliks plaas waartydens ná streng oudisies talentvolle leerlinge en studente die geleentheid kry om saam met die SUKOVS-simfonieorkes op te tree. Ander jong belowende soliste tree ook saam met die Jeugsimfonieorkes op, en die orkes begelei ook by geleentheid 'n Bloemfonteinse Sekondêre Skolekoor (± 350 lede).

4.1.2.11 Samewerking tussen verskeie instansies

'n Besondere kenmerk van die Vrystaatse orkesopleidingsprogram lê daarin dat oor

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die loop van slegs 23 jaar verbasende resultate gelewer is danksy die toewyding en deursettingsvermoë van verskeie persone, asook die samewerking tussen die Provinsiale Administrasie, die UOVS, SUKOVS en aanvanklik ook die Bloemfonteinse Stadsraad.

4.1.3 Die Vrystaatse Jeugkoor

In Mei 1964 het Sy Edele J.W.J.C. du Plessis, Administrateur van die OVS, die moontlikheid van die stigting van 'n Provinsiale Jeugkoor geopper. Die Uitvoerende Komitee en die destydse Direkteur van Onderwys, mnr. E.E. van Kerken, het dit sterk ondersteun. Die taak om hierdie idee tot uitvoer te bring, is aan mnr. D.I.C. de Villiers, Musiekinspekteur, opgedra. Vir die eerste keer sou provinsiale kleure aan 'n kultuurgroep toegeken word.
Uitvoerige gestandaardiseerde oudisies is in alle Vrystaatse hoër skole gehou, en in Maart 1965 het die eerste Vrystaatse Jeugkoor, dertig sterk, sy tentatiewe buiging gemaak. Die première te Boshof in die Wes-Vrystaat en die twaalftal konserte wat daarop gevolg het, het sulke entoesiasme van die een volgepakte saal na die ander ontlok dat die proefneming die volgende jaar herhaal is.[6)]

Jaarliks word teen die begin van die tweede halfjaar aan alle hoër skole per omsendbrief nominasies gevra van leerlinge met buitengewone sangtalent en musikaliteit vir die volgende jaar se Jeugkoor. Klem word daarop gelê dat die skool reeds vooraf streng moet keur. Aan alle genomineerdes word 'n behoorlike oudisie gegee. Na die koorlede finaal gekeur is, word 'n memorandum aan die Administrateur voorgelê waarin die name van die koorlede, ampsdraers, beoogde uitvoerings, reise vir repetisies, verblyfkoste van ampsdraers en ander finansiële aangeleenthede uiteengesit word. Nadat die name in die pers bekendgemaak is, ontvang elke koorlid 'n skrywe waarin sekere voorwaardes aangestip is en wat ook deur die ouer/voog en die skoolhoof onderteken moet word.

Gekeurde lede ontvang reeds gedurende die laaste kwartaal die koormusiek en die dirigent trek op verskeie dorpe groepe lede saam om te help met die instudeer van die musiek. Koorlede kan ook kassette aanvra om as hulpmiddels te dien. Die eerste kwartaal van die nuwe jaar word op tweërlei wyse ter voorbereiding gebruik: ongeveer 4 naweke (waarvan een vóór die skole heropen) word aan koorkampe afgestaan en op die ander Saterdae word repetisies te Winburg van ongeveer 08h00

6) Vrystaatse Onderwysdepartement: Vrystaatse Onderwysnuus, Desember 1968, pp.21,22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot 16h00 gehou. Ouers span saam om koorlede na repetisies te vervoer. Toere word gedurende die April- en Junie-vakansies gehou en ongeveer 25 konserte word per jaar aangebied. Opnames vir die radio en TV, sowel as 'n jaarlikse plaatopname, word ook gereeld gemaak.

Om administrasie- en ander koste te dek bewillig die Provinsiale Administrasie jaarliks 'n bedrag vir die Jeugkoor, hoewel die inkomste uit toegangsgelde normaalweg die uitgawe oorskry. Die inkomste word aan die Provinsie oorbetaal.

Gesamentlike optredes van die Jeugkoor en die Jeugsimfonieorkes vind ook periodiek plaas.

Oorsese toere wat reeds onderneem is, was in 1978 na België en Londen; 1981 na Engeland, Italië, Griekeland en Israel; 1983 na die 13e internasionale koorfees te Zimriya in Israel.

Die 1984-koor het as die 20ste Vrystaatse Jeugkoor bekend gestaan.

'n Nasionale Jeugkoorsaamtrek (provinsiale en streekkore) word deur die Oranje-Vrystaatse Onderwysdepartement gedurende Augustus 1985 in Bloemfontein gereël.

4.1.4 Musiek as eksamenvak

Onderrig in Musiek as vak geskied volgens die interdepartementele kernsillabusse met geringe aanpassings. Sommige skole maak ook gebruik van die dienste van buite-kurrikulêre onderwysers. Slegs die vakke Musiek HG en Musiek SG is tot in 1983 aangebied, maar in 1984 is Musiek SG (Tweede Instrument of Sang) en Musiek LG bygevoeg.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1982 het die volgende getalle leerlinge Musiek as vak geneem:[7)]

		MUSIEK HG	MUSIEK SG	TOTAAL
St. 8	Seuns	6	-	
	Meisies	13	5	
	Totaal	19	5	24
St. 9	Seuns	2	1	
	Meisies	11	12	
	Totaal	13	13	26
St. 10	Seuns	-	5	
	Meisies	9	19	
	Totaal	9	24	33

4.1.5 Vakkomitee en indiensopleiding

Die Departementele Vakkomitee vir Musiek bestaan uit:

Die Hoof van Musiek - Voorsitter

3 Onderwysadviseurs (Musiek)

1 Klasmusiekverteenwoordiger van die Onderwyserskollege

1 Verteenwoordiger van die UOVS

2 Musiekonderwysers

(Verdere koöpsie volgens behoefte)

Aangesien daar 'n baie noue skakeling tussen die inspektoraat en die skole bestaan, is die behoefte aan formele indiensopleidingskursusse nie groot nie. Vakadviseurs gee normaalweg voldoende voorligting op streek- en individuele vlak. Vakstudiegroepe bestaan op verskeie plekke.

'n Formele reeks indiensopleidingskursusse deur 'n paneel is vir 1984 beplan.

7) Onderwysdepartement Provinsie OVS: Verslag vir die Jaar geëindig 31 Desember 1982, p.43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.2 'N KURSORIESE OORSIG VAN DIE HUIDIGE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN MUSIEK-OPVOEDING ONDER DIE NATALSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS[8)]

4.2.1 Die onderrig van Klasmusiek

In Natal is die onderrig van Klasmusiek verpligtend van sub-st. A tot st. 7. In sts. 8 - 10 word die onderrig aanbeveel en is daar 'n hele aantal skole wat uit eie inisiatief lofwaardige programme in stand hou.

Gedurende 1983 was daar nog 196 spesialisteposte in Klasmusiek in die primêre skole, maar as gevolg van die besparings- en rasionalisasieprogramme wat van krag was, het die situasie wat betref Klasmusiekonderrig, dermate verander dat 'n spesiale omsendbrief aan hoofde van skole uitgestuur is.[9)] Klem is daarop gelê dat die klasonderwyser in toenemende mate hierdie taak sal moet verrig namate die spesialisonderwyser uitfaseer, en hoofde kon aan die hand van sekere kriteria soos liefde en waardering vir die musiek, 'n elementêre kennis van musieknotasie, 'n elementêre vaardigheid op minstens een instrument, 'n redelike stem met goeie intonasie en 'n bereidheid om vertroud te raak met melodiese en nie-melodiese slagwerk, die geskikste onderwysers aanwys. Voorligting is verder gegee oor die oogmerke van Klasmusiekonderrig, die voorgeskrewe sillabus en die nie-spesialis, beplanning van 'n les, instrumente en literatuur, luisterapparaat, geskikte liederbundels, betrokkenheid van leerlinge, en buitemuurse bedrywighede.

Wat betref die kernsillabus vir sts. 6 en 7 hoef dit nie streng gevolg te word nie, maar kan van kort kursusse van verskillende tydsduur gebruik gemaak word:

'n Volle kursus	:	40 lesse (vier kwartale)
'n Minikursus	:	20 lesse (twee kwartale)
'n Mikrokursus	:	10 lesse (een kwartaal)

Onderwerpe van hierdie kursusse kan bv. wees: Instrumente van die Simfonieorkes; Ou Instrumente (vóór die tradisionele simfonieorkes); 'n Geskiedkundige Oorsig van die Ontwikkeling van Populêre Musiek; Inheemse Musiek; ens. Sekere van hierdie kursusse word deur die sillabuskomitee uitgewerk en is reeds in 'n aantal projekskole met sukses beproef.

4.2.2 Buite-kurrikulêre musiekonderrig

4.2.2.1 Personeel

8) Gegewens verkry tydens persoonlike onderhoude met mnr. J.H. de Villiers, Eerste Vakadviseur (Musiek) op 26 en 27 September 1983.

9) Natalse Onderwysdepartement, omsendbrief "Insake: Klasmusiekonderrig", 6 Mei 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Getal leerlinge	Voltydse poste	Deeltydse poste
60	2	-
70	2	1
80	2	2
90	3	-
ens.		

Elke voltydse onderwyser onderrig 25 uur per week, hoofsaaklik gedurende die namiddae tot 18h00. Waar genoeg leerlinge by 'n skool is, kan lesse reeds om 11h00 begin.

4.2.2.2 Die klassifisering van betrekkings per musiekskool

Hoofonderwyser	1
Adjunk-hoof	1 betrekking by 'n aanvaarde inskrywing van 600 en meer leerlinge
Departementshoof	1 betrekking by stigting
	2de betrekking by 'n inskrywing van 200
	3de betrekking by 'n inskrywing van 400
	4de betrekking by 'n inskrywing van 800

Sekretariële personeel word volgens Departementele beleid toegeken, met 'n minimum van een sekretaresse by elke sentrum.

4.2.2.3 Komitees

Elke skool beskik oor drie komitees: 'n Finansiële komitee
'n Adviserende komitee
'n Bestuurskomitee

Vir die drie skole saam word 'n oorkoepelende Beplanningskomitee gevorm, wat soos volg saamgestel is: Die Eerste Vakadviseur (Musiek)
Die Senior Vakadviseur (Musiek)
Die Skoolhoofde
Departementshoofde van stryk-, koperblaas-, houtblaas- en slaginstrumente soos benodig.

4.2.2.4 Doelstellings

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Buite-kurrikulêre musiekonderrig geskied deur middel van rondreisende onderwysers, vir wie in 1983 42 poste bestaan het en 38 gevul was. Organisatories het hierdie onderwysers onder een musiekskool geval met 'n rondreisende administratiewe hoof (met die status van skoolhoof SII) en hoofkwartier in Pietermaritzburg. Daar is egter beoog dat hierdie skool vanaf 1984 uitgebrei sou word tot drie musiekskole (Pietermaritzburg, Durban en Pinetown) wat in eie geboue gehuisves sal word. Hierdie geboue moet onder andere die volgende lokale bevat: onderriglokale, ouditoriums, teorielokale en pakkamers. Die musiekskole sal satellietsentrums hê sodat alle dorpe in Natal uiteindelik bedien sal kan word. Elke musiekskool sal sowat 300 leerlinge kan onderrig.

In 1983 was die 38 onderwysers soos volg tussen die instrumente verdeel:

Viool	12
Tjello	2
Basviool/trompet	1
Fluit/piccolo	3
Fluit	1
Klarinet	3
Hobo/fagot	1
Franse horing/trompet	2
Trompet	1
Skuiftrompet/trompet	4
Skuiftrompet	1
Tuba	1
Verskeidenheid koper- en houtblaasinstrumente	3
Harp	1
Slagwerk	1

By die aantstel van onderwysers en die inname van leerlinge word die getalleverhouding tussen die verskillende instrumente in die simfonieorkes in gedagte gehou.

Die voorgeskrewe interdepartementele personeelvoorsieningskale word toegepas by die toekenning van poste:

Getal leerlinge	Voltydse poste	Deeltydse poste
30	1	-
40	1	1
50	1	2

Tabel vervolg/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doelstellings van die musiekskool is om so veel leerlinge moontlik die geleentheid te bied om musiek deur die speel van 'n orkesinstrument te ervaar, en om kinders met besondere talente as instrumentiste die gewenste vordering te laat maak ten einde in ensemble- en orkesspel deel te hê.

4.2.2.5 Inname en onderrig van leerlinge

Inname van leerlinge kan twee keer per jaar geskied. Die leerling se prestasie in die RGN-musiekaanlegtoetse, sy ouderdom, fisieke eienskappe en akademiese prestasie word by keuring in aanmerking geneem. 'n Leerling kan sy instrument nie willekeurig kies nie omdat die inname proporsioneel volgens die getalle van die verskillende soorte instrumente in die simfonieorkes beheer word. As hy dus nie by die instrument van sy eerste keuse geplaas kan word nie, kan hy normaalweg ander opsies uitoefen. Indien 'n leerling nie na wense vorder nie of nie die groepspel bywoon nie, kan sy lesse na twee kwartale beëindig word. Alle leerlinge woon ook teorieklasse by en alle werk van leerlinge word deur middel van huiswerkboeke en weeklikse oefenkaarte gekontroleer. Elke leerling ontvang een individuele en een groeples per week.

Die Natalse Onderwysdepartement bepaal die minimumgetal leerlinge wat benodig word vir die stigting van 'n musieksentrum op 'n bepaalde plek en wat onder die musiekskool ressorteer.

Teen die einde van die tweede kwartaal 1983 het die volgende getalle leerlinge in Natal onderrig ontvang, hoewel die verhouding tussen die getalle instrumente nog geensins as ideaal beskou word nie:

Viool	253
Altviool	4
Tjello	43
Basviool	7
Fluit	104
Klarinet	86
Hobo	19
Fagot	6
Horing	23
Skuiftrompet	19
Trompet	80
Euphonium	4
Tuba	3
Saxofoon	6

Tabel vervolg/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klavier 205

(44 van dié klavierleerlinge ontvang individuele onderrig).

4.2.2.6 Trapstelsel en Evaluering

Alle leerlinge volg die interdepartementeel goedgekeurde Trapstelsel van 10 trappe. Interne eksamens word halfjaarliks afgeneem. Sertifikate word aan die einde van trappe 3, 6, 9 en 10 toegeken.

4.2.2.7 Lesgeld

Leerlinge betaal R25 onderriggeld per instrument plus 'n administratiewe bydrae van R4 (skoolfonds) per kwartaal. Leerlinge wat musiek as vak neem, betaal nie onderriggeld nie.

4.2.2.8 Klavieronderrig

Klavieronderrig begin by st. 1 en geskied hoofsaaklik op groepsbasis waaruit toekomstige orkesspelers getrek of gekeur word. In 1983 het daar vyf elektroniese klavierlaboratoria te Edgewood-Onderwyskollege, die Durbanse Onderwyskollege, Hoër Meisieskool Berea, Arboretum- Primêre Skool en die Musieksentrum te Pietermaritzburg bestaan. Die aanvanklike opleiding duur twee jaar, waarna die leerling kan oorskakel na 'n orkesinstrument, of indien gekeur, met klavieronderrig kan voortgaan.

4.2.2.9 Die voorsiening van instrumente

Leerlinge kan van die beskikbare musiekinstrumente van die instrumentebank huur, maar moet na 'n tydperk van twee jaar hul eie instrumente koop in die geval van die relatief goedkoper instrumente. Die musiekskool voorsien die swaar en duur instrumente soos die slagwerk, harpe, tubas, dubbelfagotte en Cor Anglais.

Die musiekskool se instrumente-inventaris in September 1983 was soos volg:

Viool	31	Trompet	11
Altviool	6	Franse horing	18
Tjello	24	Skuiftrompet	11
Kontrabas	6	Euphonium	2
Harp	2	Saxofoon	1
Fluit	4	Tuba	4
Piccolo	4	Kitaar	12

Tabel vervolg/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hobo	3	Klavier (laboratorium)	48
Klarinet	13	Klavier (gewoon)	4
Fagot	5	Musiekstaander (voubaar)	181
		Musiekstaander (Manhasset)	53

4.2.2.10 Fisiese fasiliteite

Die volgende word as die ideaal gestel vir elke skool met 13 onderwysers:

Klaslokale, klankdig vir individuele onderrig	13
Klavierlaboratorium, volgrootte-klaskamer	2
Bronnesentrum	1
Teoriekamer, normale klaskamergrootte	1
Ensemblekamer, groepe tot 12	2
Orkeslokaal, groepe tot 60	1
Gehoorsaal, 300 sitplekke	1
Kantoor, hoof	1
Kantoor, tikster	1
Kantoor, skoolsekretaresse graad 1	1
Pakkamer, instrumente	1
Pakkamer, voorraad	1
Kombuis	1
Toiletgeriewe, 13 personeellede	
Toiletgeriewe, 350 leerlinge	
Wagkamer vir ouers, volgrootte-klaskamer	1
Personeelkamer	1
Snoepwinkel	1
Afrolkamer	1

4.2.2.11 Orkeswerk en groepspel

Die stigting en instandhouding van orkeste by skole word deurlopend aangemoedig. Groepspel en orkeswerk word by die sentrums beoefen en word saamgestel uit leerlinge van skole wat onder die sentrums ressorteer. Sodra 'n leerling gereed is om aan groepwerk deel te neem, word van hom verwag om aan minstens een, maar nie meer as drie groepe nie deel te neem.

Die volgende orkeste/ensembles het in 1983 by die verskillende musieksentrums bestaan:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ORKESTE/ENSEMBLES	VRYHEID	NEWCASTLE	PIETER-MARITZBURG	PINETOWN/DURBAN
Junior strykorkes				1
Senior strykorkes				1
Junior blaasorkes	1		1	1
Senior blaasorkes	1		1	
Blaasorkes				
Blaasensemble		1		
Senior blaasensemble	1			
Sentrumorkes		1		1

Orkesoefeninge word op 'n weeklikse basis gehou. Vir intensiewe voorbereiding word orkesnaweke en een vyfdaagse musiekkamp jaarliks gehou.

4.2.2.12 Konserte en toere

Aan elk van die drie skole word 'n provinsiale groep toegeken (Jeugkoor, Jeugsimfonieorkes, Jeugblaasorkes) om die organisasie ten opsigte van konserte en toere te behartig. Die skoolhoof is verantwoordelik om aan die einde van elke jaar 'n begroting, wat deur die Beplanningskomitee van die drie skole goedgekeur is, aan die Departement vir goedkeuring voor te lê.

4.2.2.13 Artistieke beheer en kontrole

Die Eerste Vakadviseur van Musiek het sitting in die oorkoepelende Beplanningskomitee ten opsigte van artistieke beheer. Hy moet omsien na die implementering van die Departementele beleid ten opsigte van die artistieke, die keuring van nuwe aansoeke en aanbevelings ten opsigte van aanstellings van personeel, die vereistes ten opsigte van onderrig en voordragstandaarde, klasbesoek en die evaluering van leerkragte.

4.2.3 Die Natalse Jeugorkes

Die Natalse Jeugorkes het sy eerste openbare optredes in 1981 gehou. As kern vir hierdie orkes het gedien die Durbanse Kamerorkes wat reeds sedert 1974 bestaan het, en ook die groter orkesgroep wat in 1978 gestig is.

Die beste leerlinge word jaarliks vir die Natalse Jeugorkes gekeur en provinsiale kleure word aan die lede van hierdie orkes toegeken. 'n Speelvermoë van min of

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer graad 6 - 7 word van lede verwag. Hierdie orkes hou 'n beperkte getal (± 8) konserte per jaar binne en buite Natal.

4.2.4 Die Natalse Jeugblaasorkes

Hierdie orkes word op soortgelyke basis as die Jeugorkes saamgestel, en oorvleueling van lede word vermy.

4.2.5 Die Natalse Jeugkoor

Die Jeugkoor word jaarliks gekies uit die beste sangstemme van alle hoërskoolleerlinge in Natal. Kooroefeninge word gedurende die eerste kwartaal op 'n tweeweeklikse basis oor naweke op 'n sentrale punt gehou. Die Jeugkoor word ook ingesluit by die jaarlikse musiekkamp. Optredes word vanaf die tweede kwartaal gehou.

Die Natalse Jeugkoor is in 1968 deur die Onderwysdepartement gestig en het reeds talle geslaagde konserte binne en buite die provinsie en ook twee oorsese toere op die kerfstok. 'n Hoogtepunt van die 1982- oorsese toer was bv. 'n deelname aan die internasionale koorfees in Loreto waar die koor as een van die drie beste kore aangewys is.

4.2.6 Musiek as eksamenvak

'n Beleidsverandering in Natal in 1967 het teweeggebring dat Musiek as eksamenvak op 'n area-basis aangebied word om 'n spesifieke gebied te bedien. Die 12 musiekdepartemente is oor die volgende 13 strategies-geplaasde hoër skole versprei:

Vryheid	Dirkie Uys (Durban)
Newcastle	Port Natal (Durban)
Estcourt	Suid-Natal (Port Shepstone)
Voortrekker (Pietermaritzburg)	Empangeni
Girls' High (Pietermaritzburg)	Richardsbaai
Gelofte (Pinetown)	Ladysmith
Berea Girls' High (Durban)	

Hierdie skole voorsien meestal ook koshuisfasiliteite vir dié leerlinge uit die area wat Musiek as vak wil neem en uit hulle normaalweg aangewese hoër skole moet verskuif.

32 Onderwysers was in 1983 as voltydse musiekonderwysers (instrumentiste) by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie skole in diens en wat in klavier en alle teoretiese werk onderrig gee. Indien 'n leerling ook in 'n orkesinstrument onderrig ontvang, geskied dit by die naaste musieksentrum. (In 1982 het 49 kandidate uit Natal hulle aangemeld vir die Senior Sertifikaateksamen, waarvan 19 Musiek HG en 30 Musiek SG geskryf het.)

By die finale uitslag van die Senior Sertifikaateksamen word daar, soos ook by ander vakke, van 'n stelsel van aanslag deur die skool gebruik gemaak, waarvolgens 'n leerling se werk dwarsdeur die jaar 'n beduidende rol in sy finale uitslag speel.

4.2.7 Die sillabuskomitee

Hierdie komitee, wat ook as 'n studiekomitee rakende alle aspekte van die musiekopvoeding in Natal optree, bestaan uit die volgende verteenwoordigers:

Die Eerste Vakadviseur (Musiek) - Voorsitter
Die Senior Vakadviseur (Musiek)
2 van die buite-kurrikulêre Musiekskool
3 onderwysers van Klasmusiek
4 onderwysers van Musiek as vak
1 van die Natalse Onderwysersunie
1 van die Natal Teachers' Society
1 van die privaatskole
1 van die onderwyskolleges
1 van die Universiteit van Natal

Die komitee vergader een keer per kwartaal. Benewens roetinewerk, word ook groter struktuurprojekte onderneem. 'n Voorbeeld hiervan is die kombinasie van 8 goeie skoolkore met die Natalse Jeugorkes in 'n uitvoering van Puccini se Messa di Gloria gedurende September 1984 te Durban en Pietermaritzburg.

4.3 'N KURSORIESE OORSIG VAN DIE HUIDIGE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN MUSIEKOPVOEDING ONDER DIE TRANSVAALSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS[10)]

4.3.1 Klasmusiek

Die onderrig van Klasmusiek is verpligtend tot by st. 7, maar opsioneel in die

10) Gegewens verkry tydens persoonlike onderhoude met mnr. D.W. de Beer, Superintendent van Onderwys: Musiek en lede van die Transvaalse Onderwysburo op 3 - 6 Oktober 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

senior sekondêre fase. Tot by st. 5 word 2 lesure per week, en in die sekondêre skool 1 lesuur per week per klas aan die onderrig toegewys. Skole volg normaalweg die kernsillabus. Min sekondêre skole maak voorsiening vir Klasmusiekonderrig ná st. 7.

In die primêre skole word slegs van voltydse personeellede gebruikgemaak en geen deeltydse onderwysers mag onderrig in die vak gee nie. Voldoende voorsiening word vir melodiese en nie-melodiese slaginstrumente in die katalogus gemaak. Kassetopnemers kan voorsien word, maar hoëtrouklanktoerusting kan deur middel van die mediakatalogus bestel word waar dit dan beskikbaar is vir sowel die mediasentrum as vir musiekonderrig.

In die sekondêre skole kan voorsiening gemaak word vir 'n deeltydse onderwyser indien geen opgeleide of bekwame persoon in die personeel beskikbaar is nie. Die getal ure word bereken volgens die leerlingtal van die betrokke skool. Die maksimumtyd wat aan so 'n deeltydse pos toegeken kan word, is 14 uur per skool per week.

4.3.2 Buite-kurrikulêre musieksentrums[11)]

Buite-kurrikulêre musieksentrums word gestig met die doel om onderrig te verskaf aan leerlinge wat oor die nodige aanleg in instrumentale musiek beskik. Die eerste musieksentrums is in April 1971 gestig toe daar by 24 skole elk een pos ingestel is. Gedurende 1983 het 145 sentrums met altesaam 422 poste in Transvaal bestaan. Elke sentrum staan onder direkte beheer van die hoof van die sekondêre of primêre skool waaraan dit verbonde is. Vanaf 1 Desember 1984 is departementshoofposte ingestel. Die betrokke sentrum bedien ook die leerlinge van ander skole in die bepaalde omgewing. Sulke musieksentrums kan ook gestig word by die Skole vir Kuns, Ballet en Musiek.

Aansoeke om die stigting van 'n sentrum, of die uitbreiding van 'n bestaande een, word deur die betrokke skoolhoof deur middel van die plaaslike beplanningskomitee [onder voorsitterskap van die superintendent van onderwys (kring)] aan die Departement voor 15 September voorgelê. Aansoeke kan slegs oorweeg word as aan sekere minimumvereistes voldoen word; 'n verwagte inskrywing van minstens 30 aangepaste leerlinge,[12)] die beskikbaarheid van opgeleide personeel en van 'n geskikte lokaal,

11) TOD: Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie, hoofstuk 1, pp.1-25.

12) "Aangepaste leerlinge" verwys na die gebruik dat 'n leerling wat onderrig in twee instrumente ontvang, as 2 getel word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toerusting en instrumente.

4.3.2.1 Personeel

Personeel word toegeken volgens 'n skaal:

30 - 39 leerlinge	-	1 voltydse pos
40 - 49 leerlinge	-	1 voltydse en 1 deeltydse pos
50 - 59 leerlinge	-	1 voltydse en 2 deeltydse poste
60 - 69 leerlinge	-	2 voltydse poste
70 - 79 leerlinge	-	2 voltydse en 1 deeltydse pos

(Volledige instruksies bestaan vir die hantering van die vermindering/vermeerdering van leerlinge gedurende die jaar.)

Buite-kurrikulêre poste word op die gewone wyse in die vakaturelys vir permanente aanstelling geadverteer.

Hoofde moet nogtans self die nodige tydelike personeel werf om goedgekeurde poste te vul, met dien verstande dat die Departement nie noodwendig onderwysers wat deur hoofde gewerf word, sal aanstel nie. Alle onderwysers wat in buite-kurrikulêre sentrums onderwys gee, word op die gewone wyse by die Departement geregistreer. Hoofde word toegelaat om voltydse of deeltydse poste onder verskillende deeltydse bekleërs te verdeel, maar daar moet by die totale getal toegekende onderrigure (volgens die toegekende poste) gehou word. Waar 'n voltydse pos van 25 uur onder verskillende bekleërs verdeel word, kan die bekleërs nie vir permanente benoemings in aanmerking kom nie.

Onderwysers wat nie oor professionele onderwyskwalifikasies beskik nie, kan wel in spesialisteposte in musiek aangestel word, indien hulle oor toepaslike kwalifikasies vir sulke poste beskik. Instrumentiste wat nie oor formele kwalifikasies beskik nie, maar wat bewys kan lewer dat hulle in erkende simfonieorkeste gespeel het, of nog speel, kan in tydelike hoedanigheid in kategorie E(S) aangestel word, indien 'n skriftelike verklaring deur die dirigent voorgelê word dat die persoon bevoeg is en 'n gereelde lid van die orkes is, of was.

Deeltydse onderwysers word pro rata volgens die getal onderrigure besoldig:

$$\frac{\text{Getal ure aangestel}}{25} \times \text{Toepaslike salariskerf}$$

'n Bepaalde instrumentis-onderwyser kan by meer as een sentrum onderrig gee en sy besoldiging hang van sy totale aangestelde ure af. As hy in totaal 25 uur onder-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rig gee, kan hy 'n voltydse pos beklee.

Enkele poste vir reisende onderwysers (vir orkesinstrumente) is ook aan die Witwatersrand en Pretoria ingestel.

4.3.2.2 Instrumentale onderrig

Leerlinge betaal die lesgeld vooruit. In 1984 was dit R24 per instrument per termyn. Die instrumente wat onderrig kan word, is alle erkende instrumente van die simfonieorkes, ander erkende instrumente van 'n koperblaasorkes, klavier, klawesimbel, orrel, blokfluit, klassieke kitaar, Keltiese harp en konsertharp.

Alle leerlinge moet 'n musiekaanlegtoets aflê[13] en 'n bepaalde peil daarin behaal om ingeskryf te mag word.

Elke leerling ontvang een individuele les van 30 - 45 minute en een groeples van 45 - 60 minute per week. Laasgenoemde word gewy aan teorie, harmonie en ensemblespel. Leerlinge in primêre skole mag op 'n rotasiebasis uit klasse vir hoogstens 4 halfuurlesure per jaar uit elke afsonderlike vak (uitgesonderd Bybelonderrig) onttrek word.

Gedurende Maart 1983 was die totale getalle leerlinge wat aan buite-kurrikulêre musieksentrums in Transvaal onderrig ontvang het, soos volg:

	GRAAD VAN GEVORDERDHEID			
	Trap 1-4	Trap 5-7	Trap 8-10	Totaal
VOKAAL				
Sang[14]	138	33	7	178
NIE-ORKESINSTRUMENTE				
Klavier	5 022	944	144	6 110
Orrel	53	31	13	97
Blokfluit	598	50	5	653

Tabel vervolg/

13) TOD: Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie, hoofstuk 1, bylaes B, C en D, pp. 30 - 44.

14) Die Sang waarna hier verwys word, is meestal groepensembles. Sang as "instrument" word nie toegelaat nie en daar is ook nie 'n sillabus beskikbaar nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	GRAAD VAN GEVORDERDHEID			
	Trap 1-4	Trap 5-7	Trap 8-10	Totaal
NIE-ORKESINSTRUMENTE				
Kitaar	249	36	2	287
Harp	3	2	3	8
Musieklaboratorium	54			54
HOUTBLAASINSTRUMENTE				
Fluit	11	4	-	15
Klarinet	81	37	14	132
Fagot	9	4	3	16
Hobo				-
Cor Anglais				-
Kontrafagot				-
KOPERBLAASINSTRUMENTE				
Trompet	118	43	10	171
Horing	15	-	2	17
Tromboon	7	9	1	17
Eufonium	6	3	-	9
Bariton	1	-	-	1
Sousafoon				-
Tuba				-
HIBRIDIESE INSTRUMENTE				
Saxofoon	2	-	1	3
PERKUSSIE				
Membraantipes	79	9	-	88
Melodiese tipes	78	-	-	78
STRYKINSTRUMENTE				
Viool	217	53	10	280
Altviool				-
Tjello	47	16	11	74
Kontrabas	3	1	-	4

Hierdie leerlinge (1983) was volgens standerds, geslag en huistaal soos volg versprei:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

	GESLAG		HUISTAAL				
	Seuns	Meisies	Afri-kaans	Engels	Beide	Ander	Totaal
Graad 1	68	123	160	23	2	6	191
Graad 2	135	287	351	61	4	6	422
Standerd 1	283	688	805	141	15	10	971
St. 2	332	845	965	164	15	33	1 177
St. 3	359	881	946	251	18	25	1 240
St. 4	345	979	1 054	228	18	24	1 324
St. 5	264	850	913	164	11	26	1 114
St. 6	218	504	555	142	13	12	722
St. 7	149	363	407	90	10	5	512
St. 8	134	300	313	96	14	11	434
St. 9	77	218	213	63	13	6	295
St. 10	37	147	128	48	3	5	184
Spesiale Klasse	1	0	1	0	0	0	1
Preprimêre klasse	30	11	32	9	0	0	41
TOTAAL	2 432	6 196	6 843	1 480	136	196	8 628

Die volgende is 'n voorbeeld van hoe die onderwysers en leerlinge by 'n bepaalde sekondêre skool se musieksentrum ingedeel was op 30 Mei 1983:[15)]

Onderwyser 1	:	Trompet	14
		Euphonium	2
		Skuiftrompet	1
		Horing	1
		Viool	13
Onderwyser 2	:	Klavier	31
		Orrel	1
Onderwyser 3	:	Kitaar	18
Onderwyser 4	:	Klarinet	6
Onderwyser 5	:	Klavier	18
Onderwyser 6	:	Klavier	25
Onderwyser 7	:	Klavier	14
Onderwyser 8	:	Tjello	5
Onderwyser 9	:	Fluit	6

Tabel vervolg/

15) Gegewens van die drie hoër skole verkry tydens persoonlike besoeke op 4 - 6 Oktober 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onderwyser 10	:	Hobo	2
		Blokfluit	4
			171

Hierdie getal leerlinge het in die derde termyn toegeneem tot 185.

'n Ander sekondêre skool wat oor 'n besonder groot sentrum beskik, hanteer ongeveer 350 leerlinge en beskik oor 14 onderwysers.

'n Derde sekondêre skool onderrig in hulle buite-kurrikulêre musieksentrum die volgende instrumente (die getalle was van toepassing in die tweede termyn van 1983):

Klavier	111	Euphonium	7
Orrel	5	Skuiftrompet	5
Blokfluit	10	Tuba	2
Fluit	1	Franse horing	5
Klarinet	4	Viool	14
Saxofoon	1	Tjello	3
Trompet	13	Kitaar	13

(Hierdie betrokke skool beskik ook oor verskeie ensembles en 'n orkes wat in die openbaar optree en skoolproduksies begelei.)

Leerlinge wat Musiek as eksamenvak neem, mag nie by die buite-kurrikulêre musiek-afdeling ingeskryf word nie, tensy hulle onderrig word in 'n instrument wat nie binne die skool aangebied word nie, hetsy as eerste of as tweede instrument. So 'n leerling kan onderrig in daardie instrument dus ook by die musieksentrum van 'n ander skool ontvang indien dit nie deur sy eie skool se sentrum aangebied word nie.

4.3.2.3 Toerusting

Vir klaviere word op die gewone wyse begroot. Die Departement begroot en koop ook orkesinstrumente aan. Buite-kurrikulêre sentrums wat onderrig gee in orkes-instrumente mag van hierdie instrumente bestel. Dit word voorsien (indien dit beskikbaar is) aan skole vir bruikleen deur leerlinge. Geen huurgeld is betaal-baar nie en die veronderstelling is dat die leerling sy eie instrument sal koop sodra hy bewys lewer dat hy oor die nodige aanleg vir die bepaalde instrument be-skik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2.4 Sillabusse

Alle onderrig in die buite-kurrikulêre musieksentrums geskied volgens interdepartementele sillabusse op die 10-trapstelsel.[16] Die trappe vergelyk soos volg met die praktiese vereistes van Musiek as eksamenvak:

Trap	Musiek as vak
5	st. 6
6	st. 7
7	Musiek SG st. 8
8	Musiek SG st. 9 of HG st. 8
9	Musiek SG st. 10 of HG st. 9
10	Musiek HG st. 10

4.3.3 Skole vir Kuns, Ballet en Musiek

As gevolg van 'n sterk bewustheid dat leerlinge met uitsonderlike vermoëns en talente in die skone kunste nie altyd tot hulle reg gekom het in die gewone skole nie, het die TOD in 1969 twee skole, een in Johannesburg en een in Pretoria, vir Kuns, Ballet en Musiek gestig. In 1976 is die Afrikaanssprekende leerlinge in Johannesburg oorgeplaas na die Hoërskool Die Kruin wat, benewens hierdie studierigtings, ook 'n Handelstudierigting het. Die Johannesburg-skool (Engels-medium) beskik ook oor 'n Drama-afdeling.[17]

Die totale voltydse inskrywing van hierdie drie skole was 920 in 1983, van wie 126 leerlinge die musiekstudierigting gevolg het. Alle musiekleerlinge aan hierdie skole is verplig om die Kunsstudierigting (Musiek) te volg, wat beteken dat hulle Musiek HG en Praktiese Musiek (Tweede Instrument of Sang) moet neem. In sts. 6 en 7 neem die leerlinge, soos in enige ander hoër skool, die verpligte eksamenvakke Afrikaans, Engels, Wiskunde, Algemene Wetenskap, Geskiedenis, Aardrykskunde, en Frans of Duits. Vir Musiek word twee instrumente (en musiekvakke) geneem. In die senior sekondêre fase word die twee landstale, Musiek HG, Praktiese Musiek SG (Tweede instrument of sang) en nog twee vakke gekies uit Geskiedenis, Frans, Duits, Wiskunde, Biologie of Natuur- en Skeikunde, gevolg.

Al drie skole beskik oor koshuisfasiliteite, aangesien die leerlinge nie net uit

16) Vide infra, pp.115,286,287.

17) Gegewens verkry tydens besoeke aan die skole op 4 en 5 Oktober 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pretoria en die Witwatersrand getrek word nie, maar uit die res van Transvaal en selfs ook uit die ander provinsies. Leerlinge kan tot sts. 6, 7 of 8 toegelaat word, maar moet aan sekere vereistes voldoen (min of meer graad 4 van UNISA vir st. 6), en ook 'n oudisie aflê.

Om as voorbeeld te dien, word aangedui hoe die Pretoria-skool vir Kuns, Ballet en Musiek se 54 leerlinge vir Musiek as vak in 1983 onder die eerste (1) en tweede (2) instrumente verdeel was:

INSTRUMENT	st. 6		st. 7		st. 8		st. 9		st. 10	
	1	2	1	2	1	2	1	2	1	2
Klavier	4	3	9	6	5	7	7	3	4	-
Blokfluit	1				2	2		1		3
Harp	1		1							
Kitaar		1		2				1		1
Klawesimbel						1				
Orrel		2		2		1				2
Viool	1		2	2	3					
Altviool	1		1			1				
Tjello	1		3		1		2	1		
Kontrabas								1		
Fluit	1	1	2	2	1	2	1	5	2	
Klarinet		2		3	1					
Fagot		1								
Trompet				1	1		1			
Tuba							1			
TOTAAL	10	10	18	18	14	14	12	12	6	6

Benewens die dagskoliere hanteer die drie skole ook groot getalle leerlinge in hulle buite-kurrikulêre musieksentra. Die Pretoria-KBM se getalle was in Maart 1983 soos volg:

Klavier	181	Hobo	5
Blokfluit	36	Fagot	5
Kitaar	23	Trompet	24
Viool	55	Franse horing	4
Tjello	26	Skuiftrompet	7
Fluit	60	Euphonium	1
Klarinet	18	Tuba	1

Die musiekpersoneel verbonde aan die Pretoria-KBM was in 1983 soos volg toegeken:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dagskool - 10 voltydse musiekposte waarvan 7 voltyds beklee is en die ander 3 onder deeltydse onderwysers verdeel is.

Musieksentrum - 1 onderwyseres in beheer
14 voltydse musiekposte waarvan 8 voltyds beklee is en die ander 6 onder 17 deeltydse onderwysers verdeel is.

By die Johannesburg-skool vir Kuns, Ballet, Drama en Musiek was die totale getal van 440 leerlinge in 1983 by benadering soos volg verdeel:

Ballet	180
Kuns	160
Drama	50
Musiek	50

4.3.4 Musiek as eksamenvak

Musiek (HG of SG) kan deel vorm van die Geesteswetenskaplike, Natuurwetenskaplike, Algemene of Kunsstudierigting (Musiek). Slegs in die laasgenoemde rigting mag twee musiekvakke geneem word.[18)]

Enige skool wat oor die personeel, fasiliteite en vereiste getal leerlinge beskik, mag die vak Musiek SG of HG aanbied.

Die Studierigting (2 musiekvakke) mag egter net aangebied word deur sekere skole waaraan dié Studierigting deur die Departement toegewys is. Vanaf 1984 kan Musiek ook op 'n derde graad, nl. Laergraad, geneem word.

Die algemene doelstellings vir Musiek (sts. 6 en 7) en Musiek HG of SG (sts. 8-10) is nl. om

1. die leerlinge se musikale behoeftes en moontlikhede vir estetiese ervaring en uitdrukking te ontdek en te vorm;
2. leerlinge deur middel van doelgerigte onderwys te lei om die maksimumkennis, vaardigheid en insig in musiek te bereik;
3. leerlinge te lei tot aktiewe deelname in musiek en om gesonde oordeel en onderskeiding van die waarde van musiek te ontwikkel soos dit hulle verhoudinge op alle terreine beïnvloed.

18) TOD: Omsendminuut 38 van 1983, Gerasionaliseerde Vakversamelings vir die Senior Sekondêre Fase, 23 September 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In 1983 het die volgende getalle leerlinge Musiek as vak by die Senior Sertifikaateksamen aangebied:

Musiek HG	68
Musiek SG	153
Praktiese Musiek SG (Tweede instrument)	36
	257

Van hierdie 257 leerlinge het 62 'n ander instrument as klavier aangebied.

4.3.5 Jeugkore en -orkeste

In 1978 het die Transvaalse Onderwysdepartement met een jeugkoor en een jeugorkes in vier van die ses streke begin, nl.

Johannesburgstreek - die Witwatersrandse Streekkoor/Jeugorkes
Boksburgstreek - die Oos-Randse Streekkoor/Jeugorkes
Pretoriastreek - die Noord-Transvaalse Streekkoor/Jeugorkes
Potchefstroomstreek - die Wes-Transvaalse Streekkoor/Jeugorkes

In 1979 en 1981 is onderskeidelik ook streekkore alleen gestig, nl.

Pietersburgstreek - die Verre-Noord-Transvaalse Jeugkoor
Middelburgstreek - die Oos-Transvaalse Jeugkoor

(Vanaf 1 April 1984 is die ses streke met twee vermeerder, nl. die Alberton- en Krugersdorpstreke. Te gelegener tyd sal jeugkore en -orkeste ook hier ingestel word.)

Die Onderwysdepartement stel deeltydse dirigente aan en begroot ook vir die koste van die bladmusiek en aankoop van orkesinstrumente. Die lede van die kore en orkeste word geselekteer uit die provinsiale skole in elke streek. Die aktiwiteite is veelvuldig:

daar word gereeld opgetree en weeklikse repetisies word aangevul met vakansiekampe;

'n Transvaalse jeugkoor het in 1979 groot lof ingeoes in verskeie Europese lande en een van die 1980-jeugkore is, ten spyte van streng mededinging van volwasse kore, gekies om Suid-Afrika op 'n internasionale koorfees in die buiteland te verteenwoordig.

Die benaderde ledetal vir die vier jeugorkeste was in 1983 soos volg:

Noord-Transvaal	70
Witwatersrand	50
Wes-Transvaal	30
Oos-Rand	30

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elke jaar word 'n TOD-jeugsimfonieorkes van ongeveer 80 - 100 lede uit die beste jong instrumentiste saamgestel en wat by die TOD-Jeugmusiekfees in die Staatsteater optree.

'n Omsendminuut om oudisies vir die streekkore en -orkeste bekend te maak word jaarliks deur die Departement aan alle skole, streekkantore, onderwyskolleges, inspekteurskantore, onderwyshulpdienste en skoolraadskantore uitgestuur.[19)]

Volledige instruksies is opgestel insake die doel, inrigtings, benaminge, personeel, beheer, reis- en verblyfkoste, hulp aan verdienstelike dog behoeftige leerlinge, amptelike optredes, gashere, winste en die funksies van vakadviseurs, dirigente, streekhoofde, rektore en begeleiers.[20)]

4.3.6 Jaarlikse musiekfees

Die Transvaalse Departement van Onderwys reël jaarliks die volgende musiekfeeste:[21)]

Eerste termyn:

Koorfeeste in elke inspeksiestreek waar die beste skoolkore uitgesoek word om by die streekmusiekfees op te tree.

Tweede termyn:

1. 'n Weeklange prestige-musiekfees in die Staatsteater in Pretoria waar die streekkore, die beste primêre en sekondêre skoolkore, balletskole, jeugorkeste, en ensembles en die TOD-jeugsimfonieorkes optree.
2. Die finale kompetisie van die wenners van die sekondêre skoolkore om die Administrateurstrofee.

Derde termyn:

'n Concerto-aand vir die beste jong instrumentiste saam met die SAUK-Junior-Orkes.

Daar word ook gepoog om op gereelde basis 'n koor of 'n orkes op 'n oorsese toer te stuur, afhangende van die beskikbaarheid van fondse.

19) TOD-omsendminuut 33 van 1983: "Jeugkore en -orkeste: Keuring van lede vir 1984", 26 Augustus 1983.

20) TOD: Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie, Hoofstuk 39, pp. 500 - 508.

21) TOD: Omsendminuut 46/1983, Jeugmusiekfees, Drama- en Koorkompetisies 1984, 28 Oktober 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3. Buite-kurrikulêre sentrum vir hoogbegaafde leerlinge[22)]

Die musiekprogram word as addisionele en aanvullende onderrig aan hoogbegaafde leerlinge in Musiek aangebied; dit is bykomend en dupliseer of vervang nie hierdie leerlinge se individuele onderrig in 'n bepaalde instrument of Harmonie of Musiekteorie nie. Die doelstelling met hierdie kursus is om aan die leerlinge 'n baie beter insig en begrip van musiek, soos dit op haas elke terrein van die lewe voorkom, te gee. So word byvoorbeeld aandag gegee aan die invloed van musiek op die godsdiens, musiek en die media, musiekkritiek, die opstel en aanbieding van denkbeeldige radio- en televisieprogramme, die akoestiese eienskappe van musiek en instrumente, die musiekkulture van verskillende volkere, pop musiek en byderwetse style. Leerlinge met oorspronklike idees sal die geleentheid kry om prakties te eksperimenteer. Leiding sal aan jong ontluikende komponiste gegee word, en meesterklasse vir voortreflike voordraers sal aangebied word.

4.3.8 Toerusting

'n Aparte katalogus bestaan met die oog op bestellings van toerusting vir Klasmusiek en Instrumentale Musiek. Sommige items word in die magasyn in voorraad gehou bv. orkesinstrumente; ander word deur die Departement aangekoop vir regstreekse aflewering aan skole, en nog ander word deur die skole self aangekoop per Departementele bestelvorm. Die katalogus dui ook die kwotas aan waarvolgens sekondêre skole met musiek as eksamenvak, musieksentrums, en die verskeie soort skole (sekondêre, spesiale, P1, P2, P3 en P4) met die oog op Klasmusiek, toerusting kan bestel. Alle Klasmusiekinstrumente is beskikbaar volgens kwotas, en alle orkesinstrumente kan aan musieksentrums voorsien word soos en wanneer die behoefte daaraan ontstaan, mits die Departement oor genoegsame fondse beskik. Ook nie-orkesinstrumente soos pyporrels en musieklaboratoria val onder die laasgenoemde groep. Ongeveer 40 skole beskik reeds oor musieklaboratoriums.

4.3.9 Onderwysersentrums

In 1983 het vier van die ses onderwysersentrums in Transvaal reeds oor musiekstudiegroepe beskik. 'n Voorbeeld van die program van die Pretoriase studiegroep vir 1983 was soos volg:

4 Februarie - Klasmusiek sts. 6 en 7

22) TOD: Buite-kurrikulêre sentrum vir hoogbegaafde leerlinge - inligtingstuk: skeppende en uitvoerende kunste.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

		Instrumentale Musiek sts. 6 - 10
19 Februarie	-	Orff Schulwerk
11 Maart	-	Instrumentale Musiek
27 en 28 Mei	-	Musiekfees: massakoor
5 Mei	-	Klasmusiek
9 Junie	-	Musiekbeluistering hoër skole
4 Julie	-	Klasmusiek
5 en 6 Augustus	-	Musiekterapie: Orff Schulwerk
6 September	-	Slagwerkbegeleiding by liedere
6 Oktober	-	Klasmusiek

4.3.10 Studiekomitee vir musiek

Die studiekomitee vir Musiek[23)] het in 1984 uit die volgende lede bestaan:

'n Superintendent van Onderwys (Akademies - Musiek): Voorsitter

'n Superintendent van Onderwys (Akademies - Musiek)

'n Lid van die Buro vir Kurrikulering en Evaluering

'n Lid van die Onderwyskollege vir Verdere Opleiding (indien dit daar gedoseer word)

'n Lid van 'n onderwyskollege

'n Laerskoolonderwyser

'n Hoërskoolonderwyser

'n Verteenwoordiger van 'n Buite-kurrikulêre Musieksentrum

'n Assistent-Superintendent van Onderwys (Akademies - Musiek)

23) Vakkomitee vir Musiek genoem vanaf 1985.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

'N KRITIESE SLOTBESKOUING EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Sedert dr. Thomas Muir in 1893 ondersoek laat instel het na die gebrek aan musiekopvoeding en -onderwys in Kaaplandse skole, het omstandighede geleidelik maar ook ingrypend verander. Een van Muir se eerste stappe, nl. die aanstelling van twee musiekinstrukteurs,[1] het aanleiding gegee tot belangrike ontwikkelinge sodat daar teen 1984 bykans 1 000 musiekonderwysers[2] en vele ander onderwysers by musiekopvoeding betrokke was. 'n Span van een adjunk- en drie assistent-superintendente van onderwys (onderrigleiding - Musiek) het aan die roer van sake gestaan.

Op die gebied van Klasmusiekopvoeding, die fondament van 'n breë algemeenvormende program vir elke leerling, was die vordering langsaam maar seker. Hoewel daar gedurende die dertiger- en veertigerjare van hierdie eeu weinig sprake van vordering was,[3] het die belangrikheid van Klasmusiekopvoeding sedert Philip Mclachlan op die toneel verskyn het, beduidend toegeneem.[4] Die steeds nypende tekort aan geskikte en voldoende opgeleide Klasmusiekonderwysers het die grootste knelpunt gebly en die getal studente wat spesifiek vir Klasmusiekonderrig opgelei is, kon nie in die aanvraag voorsien nie.[5] Aan die ander kant het die getal musiekposte beduidend toegeneem, waarskynlik omdat die aanvraag na instrumentale onderrig so groot geword het dat met 'n groot mate van oortuiging verklaar kan word dat geen vak met 'n ruimer personeelvoorsiening kan spog as juis musiek nie - al is dit hoofsaaklik in die klavier.[6]

Leerlinge met meer as die gewone aanleg in musiek kon dus geredelik tot die goed-

1) Vide supra, p.134.

2) Vide supra, p.88.

3) Vide supra, pp.48-51.

4) Vide supra, pp.52-55.

5) Vide supra, p.225.

6) Vide supra, p.191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koper instrumentale onderrig toegelaat word, hoewel die onderrig in orkesinstrumente in Kaapland lank agterweë gebly het.[7] Die oormaat van klavierleerlinge was verantwoordelik vir 'n relatief groot voorsiening van klavieronderwysers,[8] terwyl onderwysers van ander instrumente nie in voldoende getalle na vore getree het nie.[9] Die ontstaan van KODUPE in die laat sewentigerjare[10] en die Musiek-sentrum Beau Soleil in die vroeë tagtigerjare[11] was die eerste betekenisvolle resultaat op hierdie gebied.

Die ontstaan van formele indiensopleidingskursusse[12] en onderwysersentra[13] gedurende die sewentiger- en tagtigerjare was 'n belangrike stap in die voortgesette opleiding van en skakeling tussen musiekopvoeders. Geleenthede het begin ontstaan waar onderwysers vanuit 'n potensieel nadelige staat van isolasie getrek kon word om mekaar deur middel van nie-formele onderrig en wisselwerking ten goede te kon beïnvloed en inspireer.

Aangesien die wyse waarop die onderwysersverenigings vertoë gerig het en die gepaardgaande skynbare gebrek aan ope kommunikasie in twee gevalle waar die SAOU belangrike memoranda voorgelê het (1950 en 1979), nie veel sukses opgelewer het nie,[14] sal die georganiseerde professie in die belang van al hulle lede ernstig aandag moet skenk aan die moontlike heropening van gesprekke.

5.2 VERDERE RIGLYNE VIR DIE MUSIEKOPVOEDINGSPROGRAM

'n Sinvolle program vir musiekopvoeding kan nie maar net aan toevallige ontwikkelinge oorgelaat word nie. Die onderwysowerheid, die opleidingsinstansies, die skoolowerheid, die volle personeel van die skool en elke musiekopvoeder in die besonder dra 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid om saam te beplan en deel te hê

7) Vide supra, p.204, opm. 4 en 5.

8) Vide supra, p.208, opm. 1.

9) Vide supra, p.208, opm. 2.

10) Vide supra, pp.116-123.

11) Vide supra, pp.123-130.

12) Vide supra, pp.105-108.

13) Vide supra, pp.139-146.

14) Vide supra, pp.53-55.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan die uitvoering van 'n program waarby alle leerlinge betrokke kan wees en voordeel kan vind.

Ten einde die reeds neergelegde kriteria vir die musiekopvoedingsprogram[15] verder uit te bou, kan die volgende riglyne wat daaruit voortvloei vir die program in oorweging geneem word:

5.2.1 Ten opsigte van die rol van die onderwysowerheid

Die Departement van Onderwys behoort voorsiening te maak vir

* 'n oorkoepelende en koördinerende beleid ten opsigte van musiekopvoeding sodat laasgenoemde sy regmatige plek sal inneem tussen al die ander dissiplines wat daargestel word om die leerling toereikend as 'n emosioneel-volwasse en gebalanseerde persoonlikheid sy naskoolse lewe in te stuur;

* 'n beheerde toevoer van akademies en professioneel goed opgeleide nuwe onderwysers, nie net ten opsigte van instrumentale onderrig nie maar ook ten opsigte van algemeenvormende musiekopvoeding vir die hele skoolbevolking;

* voldoende fisiese geriewe t.o.v. lokale sowel as ander fasiliteite en uitrusting sodat musiekopvoeding in die skool in die regte vakatmosfeer kan gedy;

* voldoende leiding en begeleiding van onderwysers deur besoeke van die adjunk- en assistent-superintendente (onderrigleiding - Musiek), sowel as voldoende geleentheid tot onderlinge stimulerende skakeling tussen onderwysers;

* voldoende geleentheid vir die indiensopleiding van musiekonderwysers sodat vernuwing op die gebied van onderwysersopleiding deel kan bly van die mondering van die praktiserende musiekopvoeder;

* vaksillabusse in die onderskeie dissiplines en deeldissiplines van musiekopvoeding wat op 'n deurlopende basis aangepas word by ontwikkelinge op die gebied van kurrikulumontwerp in die breë en musiekopvoedkundige denke in die besonder;

* 'n deeglik beplande program van instrumentale onderrig sodat optimale resultate gelewer kan word met die beskikbare personeel en fasiliteite.

15) Vide supra, p.43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2 Ten opsigte van die rol van die skool

Elke skool moet voorsiening maak vir

* 'n oorhoofse eie beleid en program van musiekopvoeding wat die oorkoepelende beleid en program van die Departement van Onderwys ten volle dek, die musiekopvoedkundige doelstellings eie aan dié betrokke skool duidelik uitspel, en alle musiekgerigte bedrywighede van die skool koördineer en tot 'n verbandhoudende en sinvolle geheel saamsnoer;
* die optimale benutting van die personeel en fasiliteite tot sy beskikking vir die verwesenliking van sy doelstellings vir musiekopvoeding;
* die vroegtydige identifisering van leerlinge wat duidelike aanleg vir instrumentale musiek toon sodat elkeen op sy besondere instrument betyds met onderrig kan begin.

5.2.3 Ten opsigte van die rol van die musiekopvoeder

Elke musiekopvoeder moet, afgesien van watter deeldissipline hy ook al behartig,

* ten volle op die hoogte wees van die Departement en die skool se beleid en program van musiekopvoeding en homself heelhartig daarmee vereenselwig;
* duidelikheid verkry oor presies watter musiekopvoedkundige beskouinge hy huldig en presies watter doelstellings hy gevolglik ten opsigte van sy roeping en dagtaak stel, soos bv. hoe hy die ontplooiing van estetiese sensitiwiteit beoog ten einde uiteindelike toereikende selfstandige musikaliteit by die leerling te bewerkstellig;
* aandag skenk aan sy eie akademiese instrumentale en professionele mondering sodat hy die verskillende deeldissiplines wat aan hom toevertrou word, met die nodige gesag kan hanteer;
* die behoeftes van elke leerling onder sy sorg in gedagte hou en as middelpunt stel by die beplanning van sy dagtaak; derhalwe moet hy ook voorsiening maak vir sowel die verskille in die kulturele agtergrond as die verskille in die emosionele, verstandelike en geestelike rypheid van elke leerling en leerlinggroep.

5.2.4 Ten opsigte van die rol van die georganiseerde professie

Die onderwysersverenigings behoort voorsiening te maak vir

* kanale waarlangs lede hulle besondere behoeftes op geordende wyse aan die owerhede kan voorlê;
* gesprekvoering met en stimulering van lede om deel te hê aan professionele ontwikkeling, ook op die gebied van musiekopvoeding.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Klasmusiekopvoeding in alle standerds van die skole in Kaapland ten einde die tekortkominge, en die oorsake, te identifiseer en die nodige oplossings te probeer vind.

Aanbeveling 2: Aangesien Klasmusiekopvoeding bykans die enigste geleentheid bied waardeur die doelstellings van musiekopvoeding vir alle leerlinge bereik kan word, behoort alle betrokke partye - en die Klasmusiekopvoeder in die besonder - hierdie doelstellings, bv. dié van die estetiese opvoeding, gedurig vir alle leerlinge na te streef.

5.3.1 Ten opsigte van die rol van die onderwysowerheid

Die Kaaplandse Departement van Onderwys het op die gebied van musiekopvoeding veel om op trots te wees. Die jongste ontwikkelinge op die gebied van sillabusse vir Klasmusiek,[19] die ruim voorsiening van musiekonderwysers[20] en die relatief groot getal leerlinge wat musiekonderrig ontvang,[21] is voorbeelde van 'n omvattende stelsel wat oor etlike dekades opgebou is.

5.3.1.1 'n Oorkoepelende beleid vir musiekopvoeding

Die gebrek aan 'n verklaarde oorkoepelende en gekonsolideerde beleid t.o.v. musiekopvoeding is egter 'n aangeleentheid wat voorkeuraandag behoort te geniet sodat ontwikkelinge op 'n vaster grondslag sal geskied.

Aanbeveling 3: Aandag behoort geskenk te word aan die daarstelling van 'n oorkoepelende beleidsverklaring t.o.v. alle aspekte van musiekopvoeding onder die Departement van Onderwys. Die georganiseerde onderwysprofessie en die instansies wat onderwysers vir musiek oplei, behoort ook in die werkkomitee wat hierdie opdrag ontvang, verteenwoordig te wees.

5.3.1.2 Die toevoer van musiekopvoeders

Die beplande en beheerde toevoer van onderwysers met die oog op musiekopvoeding behoort 'n belangrike taak te wees van die Onderwysdepartement in samewerking met

19) Vide supra, pp.67,68,70.

20) Vide supra, p.88.

21) Vide supra, 203.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opleidingsinstansies en die georganiseerde onderwysprofessie. Waar studente om geldelike hulp aanklop, word die beurse aan 'n musiekstudierigting toegeken maar die besondere behoeftes van die skoolsituasie word skynbaar nie altyd genoegsaam in ag geneem nie.[22)]

Aanbeveling 4: In die bepaling van voorsiening in dié behoeftes op die gebied van musiekopvoeding behoort geldelike hulp vir sekere hoofstudierigtings in musiek toegeken te word soos vir Klasmusiek, Instrumentale Musiek (klavier) en Instrumentale Musiek (orkesinstrument). Ten opsigte van die orkesinstrumente behoort studiebeurse in 'n veel ruimer mate as vir die klavier toegeken te word; daar moet egter noodsaaklikerwys ook rekening gehou word met die aanvraag na en verhouding van die instrumente in orkesopset.[23)]

5.3.1.3 Die kwalifikasies van musiekopvoeders

Waar dit in die verlede moontlik was om permanente aanstellings as musiekonderwysers te bekom sonder 'n professionele onderwyskwalifikasie behoort hierdie saak in die toekoms reggestel te word. Die musiekonderwyser is ook musiekopvoeder en vorm deel van 'n span skoolopvoeders.

Aanbeveling 5: Vertoë behoort tot die KOH[24)] gerig te word dat alle nuwe permanente aanstellings in musiekposte vanaf 'n sekere datum 'n professionele onderwyskwalifikasie sal vereis, ook ten opsigte van spesialisposte. Vir dié doel behoort die KOH-Kriteria voorsiening te maak vir 'n eenjarige onderwysdiploma wat ook deur lisensiaathouers verwerf kan word.

5.3.1.4 'n Vaklokaal vir Klasmusiekopvoeding

Terwyl die meeste vakke in die kurrikulum wat van praktiese hulpmiddels gebruik maak van 'n vaklokaal voorsien word, is dit nie die geval met Klasmusiekopvoeding nie.[25)] Hieraan sal daadwerklike aandag geskenk moet word aangesien die skoolsaal en gewone klaskamers sonder die regte vakatmosfeer nie bevorderlik is vir 'n deeglik gestruktureerde Klasmusiekopvoedingsprogram nie.

22) Vide supra, pp.206,207,225.

23) Vide supra, pp.204,294.

24) KOH = Komitee van Onderwysdepartementshoofde

25) Vide supra, pp.62,282.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.5 Ten opsigte van ander aspekte van die program

Die musiekopvoedingsprogram moet verder voorsiening maak vir

* voldoende geleentheid vir ondernemende onderwysers om sillabusse te verryk en aldus mee te doen aan eksperimentering met verdere sillabusontwikkeling;
* 'n oorkoepelende beheerde toevoer na instrumentale onderrig sodat die aanvraag na instrumentaliste vir orkeste en vir alle sektore van die musiekonderwys bevredig kan word;
* groepmusisering vir die musiek-talentvoller en -begaafde leerlinge in skole en op streekbasis in die vorm van koorsang, ensemble- en orkesspel, èn die aanbied van musiekkonserte en produksies;
* 'n basiese voorbereiding vir die groot verskeidenheid van beroepsmoontlikhede wat in die musiekwêreld bestaan;
* voldoende geleentheid vir leerlinge om deel te hê aan 'n verskeidenheid musiekbedrywighede waardeur hulle geslyp kan word om sowel goeie deelnemers as goeie gehore te word.

5.3 KRITIESE BESKOUING EN AANBEVELINGS

Wanneer die algemene kriteria[16)] in aanmerking geneem word, blyk dit dat Kaapland wel in die gelukkige posisie is dat baie skole reeds 'n omvattende musiekopvoedingsprogram volg; ook dat Klasmusiekopvoeding 'n verpligte vak in alle standerds moet wees. Dit wil nogtans voorkom of daar wel skole is wat vanweë besondere probleme, soos die gebrek aan geskikte onderwysers, nie Klasmusiek in alle sekondêre standerds onderrig nie.[17)] Ten opsigte van die belangrike doelstelling van Klasmusiekopvoeding, "om musiek as 'n belangrike faktor in die persoonlike ontwikkeling te beskou en om in die naskoolse jare die belangstelling in musiek steeds uit te brei", het slegs 41% van die 2 451 hoërskoolleerlinge aangedui dat hulle dit as "besonder geslaag" of "geslaag" beskou het.[18)] Hierdie stand van sake kan nie as bevredigend beskou word nie en daar sal indringend na weë en middele gesoek moet word om dit reg te stel.

Aanbeveling 1: Ondersoek behoort ingestel te word na die werklike stand van

16) Vide supra, p.43.

17) Vide supra, p.210.

18) Vide supra, p.234, opm. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanbeveling 6: Die Onderwysdepartement behoort dit te oorweeg om in alle nuwe skoolgeboue, en waar uitbreidings aan 'n bestaande gebou beplan word, voorsiening te maak vir 'n doelmatig-ingerigte lokaal vir Klasmusiekopvoeding. Verder behoort alle ander skole in die geleentheid gestel te word om 'n bestaande lokaal in 'n vaklokaal vir dié doel te omskep.

5.3.1.5 Die superintendente van onderwys (onderrigleiding)

Kaapland se een adjunk- en drie senior assistent-superintendente (onderrigleiding - Musiek) het groot gebiede en baie skole wat besoek moet word. Daarbenewens bestaan hulle dagtaak uit 'n groot verskeidenheid van opdragte[26] en moet hulle tydens besoek drie belangrike fasette van die onderrigleidingstaak dek: kurrikulêre en buite-kurrikulêre Musiek, en Klasmusiekopvoeding.

Aanbeveling 7: Oorweging behoort geskenk te word aan die aanstelling van meer SASSO's[27] (onderrigleiding - Musiek) in die lig van die toenemende werklading van hierdie persone en die belangrikheid van onderrigleiding veral op die gebied van Klasmusiekopvoeding.

Aanbeveling 8: Aandag behoort geskenk te word aan die aanwys van raadgewers op streekbasis (groepe naburige skole) wat as sameroepers van werkstudiegroepe by onderwysersentra of sentraalgeleë skole kan optree. Sodanige raadgewers, wat bekwame en suksesvolle Klasmusiekonderwysers moet wees, kan deur ander Klasmusiekonderwysers (deur die bemiddeling van hulle skoolhoofde) genooi word om lesse by te woon en onderwysers van raad te dien.

5.3.1.6 Indiensopleiding van onderwysers

Sedert die KOD vanaf die begin van die sewentigerjare op 'n gestruktureerde basis met die indiensopleiding van onderwysers begin het, het kursusse in Klasmusiek en Musiek (kurrikulêr en buite-kurrikulêr) ook 'n aandeel gekry. Hoewel die getal formele kursusse relatief beperk was,[28] het die ASO[29] en SASSO's in hulle streke reeds groot werk gedoen met optredes op uitnodiging en die reël van vakbyeen-

26) Vide supra, pp.137-139.

27) SASSO = senior assistent-superintendent van onderwys.

28) Vide supra, p.107.

29) ASO = adjunk-superintendent van onderwys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

komste en nie-formele kursusse.

Aanbeveling 9: Met die oog op die inwerkingstelling van die nuwe sillabusse in Klasmusiek in die hoër skool (1986) behoort indiensopleidingskursusse vir alle onderwysers wat enigsins by Klasmusiekopvoeding betrokke kan raak, so spoedig moontlik gereël te word.

5.3.1.7 Instrumentale musiekonderrig

Die program van instrumentale onderrig in Kaaplandse hoër en laer skole bestaan hoofsaaklik uit 'n stelsel waarvolgens musiekonderwysers aan skole volgens 'n bepaalde formule toegeken word.[30] Hierdie besonder gunstige formule hou vir die Provinsie groot finansiële implikasies in, veral in die lig van die feit dat instrumentale onderrig hoofsaaklik op 'n een-tot-een-basis geskied.[31]

Die groot oorwig van klavieronderrig ten koste van 'n gestruktureerde program van onderrig in orkesinstrumente[32] is 'n historiese erfenis wat dringende heroorweging verdien. Baie musiekleerlinge sak langs die pad uit selfs nog voor hulle hul hoërskooljare bereik het.[33] Dié leerlinge wat hulle musiekstudie voltooi en moontlik as musiekonderwysers na die skole terugkeer, doen dit as onderwysers van klavier, sodat die onderrig van orkesinstrumente steeds skade ly.

As verder in gedagte gehou word dat die Suid-Afrikaners in die ses erkende simfonie- en streekraadorkeste gedurende die jare 1982/1983 slegs 26,4% van al die spelers uitgemaak het,[34] is dit duidelik dat waarskynlik nog 'n lang pad gestap moet word voordat die RSA selfvoorsienend sal word sover dit orkesspelers betref. Verblydend is die feit dat die SUKOVS-orkes reeds sterk kan leun op die Vrystaatse musiekopleidingsprogram.[35]

Aanbeveling 10: Die onderrig van orkesinstrumente behoort dwarsdeur die Provin-

30) Vide supra, p.82.

31) Vide supra, p.134.

32) Vide supra, p.204, opm. 4 en 5.

33) Vide supra, p.204, opm. 7.

34) Vide infra, bylae 1, p.339.

35) Vide supra, p.284.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sie op beheervlak beplan en gekoördineer te word.

Aanbeveling 11: Alle musiekonderwysers (en ook ander onderwysers, asook ander musikaal-begaafde individue buite die onderwysprofessie soos professionele musici, maar met die nodige onderwysprofessionele skakeling en voorligting), wat oor die nodige vaardigheid in orkesinstrumente beskik, behoort in die posisie gestel te word om die betrokke instrumente te onderrig waar die behoefte daarvoor bestaan of geskep word. Hierdie onderrig behoort voorkeur te kry, behalwe in die geval van leerlinge wat buitengewone talent vir die klavier toon. As sodanige onderwyser aan 'n bepaalde skool verbonde is, behoort 'n struktuur geskep te word wat leerlinge van ander skole ook by dié onderwyser onderrig sal kan laat ontvang.

Aanbeveling 12: Daar behoort afgesien te word van die vry algemene gebruik dat instrumentale onderrig juis net op een-tot-een-basis moet geskied. Ondersoek moet ingestel word na metodes waarvolgens instrumentale onderrig, ook in klavier, op 'n groepbasis of gedeeltelik op 'n groepbasis kan geskied - op dié wyse kan meer leerlinge bereik en die eenheidskoste verlaag word.[36)]

Aanbeveling 13: Aangesien musieksentra 'n besonder geslaagde stelsel van instrumentale onderrig verteenwoordig, behoort verdere musieksentra so spoedig moontlik op strategiese punte in sekere digbevolkte dele gestig te word. In ylbevolkte dele behoort leerlinge op die aanbeveling van onderwysers periodiek vir aanleg op 'n verskeidenheid van instrumente getoets te word. In die geval van buitengewone begaafdheid behoort leerlinge voor die keuse gestel te word om na die naaste onderrigfasiliteite te verskuif.

Aanbeveling 14: Benewens die formele musieksentra of musieksentra in samewerking met ander instansies soos universiteite, kan gebruik gemaak word van 'n stelsel van organisatoriese musieksentra - 'n stelsel waarvolgens alle musiekonderwysers binne of selfs naby die streek, asook persone uit die privaat sektor wat oor die nodige bekwaamheid in orkesinstrumente beskik, op 'n na-uurse basis betrek word. So 'n organisatoriese musieksentrum kan deur 'n onderwysinrigting wat hom daarvoor beskikbaar stel of wat deur die Departement aangewys word, geadministreer word. Derhalwe kan die beskikbare onderwyskragte optimaal benut word. Sodanige sentrum sal ook onder die Departement se oorkoepelende organisasie ressorteer.

36) Vide supra, pp.134,193.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanbeveling 15 : Die stigting van jeugorkeste in bepaalde streke waar die leerlinge vir dié doel relatief maklik bereikbaar is, behoort sterk aangemoedig en ondersteun te word.

Aanbeveling 16: Die onderriggeld vir buite-kurrikulêre musiek behoort beduidend verhoog te word om te verseker dat slegs leerlinge wat talent het en opregte belangstelling toon met musiekonderrig voortgaan. Terselfdertyd moet voorsiening gemaak word vir finansiële steun aan talentvolle behoeftige leerlinge.

Aanbeveling 17 : Ondersoek behoort ingestel te word na die lewensvatbaarheid van skole vir Kuns, Ballet en Musiek in die Kaaplandse opset.[37)]

5.1.3.8 Klasmusiek as eksamenvak

Die neem van musiek op skool beteken in Suid-Afrika die neem van 'n musiekinstrument, kurrikulêr of buite-kurrikulêr. Langs hierdie weg neem 'n groot aantal leerlinge in Kaapland musiek, maar die uitsakking tot op die st. 10-vlak en daarna is groot.[38)] Hoewel die bietjie kennis van en ontwikkeling in musiek wat enige leerling so opgedoen het, nie as verlore afgeskryf kan word nie, kan die vraag nogtans gestel word of dit nie juis die hoë tegniese vereistes t.o.v. die instrument is wat die leerling onnodig vroeg laat tou opgooi nie. Baie van hierdie leerlinge soek 'n verdere ontwikkeling in musiek, meer as wat in 'n enkele lesuur Klasmusiekonderrig per week gebied kan word. Klasmusiek as eksamenkeusevak sou hierdie leemte kon vul en so 'n geslag musiekopvoeders kon help lewer wat 'n groot verandering op die toneel van musiekopvoeding kan teweegbring.

Aanbeveling 18: Ondersoek behoort ingestel te word na die lewensvatbaarheid en moontlike instelling van Klasmusiek as keusevak vir die Senior Sertifikaateksamen.

5.3.1.9 Gebiedskore en -orkeste

Gebiedskore en -orkeste is 'n belangrike komponent van die musiekopvoedingsprogram, enersyds om aan die talentvolle leerling die geleentheid te bied om in goeie geselskap die vreugde van musiekmaak in groepverband te stimuleer, maar andersyds ook om vir die skoolgemeenskap èn die breë gemeenskap as 'n middel tot

37) Vide supra, pp.306-308.

38) Vide supra, p.204, opm. 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

musiekopvoeding te dien.

Op die terrein van gebiedskore en -orkeste het Kaapland in sekere opsigte by die ander provinsies 'n agterstand opgebou.[39] Die ontstaan en voortbestaan van sodanige kore en orkeste het tot dusver op 'n ad hoc-basis plaasgevind en grotendeels afgehang van die bekwaamheid en entoesiasme van die leier en die bestuur.[40]

Aanbeveling 19: Op minstens hoofsuperintendentstreekvlak behoort vasgestel te word in watter mate daar 'n behoefte bestaan en of daar genoeg talent is om gebiedskore (jeug- en kinderkore) en jeugorkeste op die been te bring. Indien die behoefte- èn talentpeiling positief blyk te wees, sou die HSO[41] in samewerking met die ASO/SASSO 'n vergadering van skoolhoofde en belangstellende onderwysers kon belê om op beheervlak die inisiatief te neem en 'n voorlopige beheerkomitee en/of bestuur aan te wys om 'n koor en/of orkes op die been te bring. Die werkwyse sou deur die HSO en ASO/SASSO goedgekeur kon word tot tyd en wyl 'n finale beheerkomitee gestig is waarin die Departement sitting sal hê. Bekwame en gewillige ouers sou ook gevind kon word om sekere posisies in die bestuur te beklee.

Aanbeveling 20: Namate jeug-, kinderkore en jeugorkeste in die Provinsie toeneem, sou oorweging geskenk kon word aan 'n oorhoofse koördinerende komitee om gemeenskaplike belange te behartig en as gesprekssliggaam te dien.

5.3.2 Ten opsigte van die skool

5.3.2.1 'n Beleid t.o.v. musiekopvoeding in die skool

Die vraag kan gestel word of die skoolhoof en sy personeel die nodige aandag skenk aan die formulering van 'n breë beleid van musiekopvoeding vir die skool, kurrikulêr sowel as kokurrikulêr. Die skool is immers die plek waar musiekopvoeding 'n werklikheid word, afgesien van watter beleidsrigting deur die onderwysdepartement gevolg word.

Ten opsigte van die belangrike komponent van musiekopvoeding, nl. Klasmusiekopvoeding, kan opgemerk word dat skole goed daarin slaag om die onderrig vir leer-

39) Vide supra, pp.283,288,297,298,309.

40) Vide supra, pp.181-183.

41) HSO = Hoofsuperintendent van Onderwys (Onderrigleiding)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

linge aangenaam te laat verloop. Daar bestaan by leerlinge wat Klasmusiek in die hoër skool neem 'n betekenisvolle verwantskap tussen hulle ervaring daarvan in die hoër en die laer skool.[42)]

As die meer spesifieke doelstellings met Klasmusiekopvoeding in oorweging geneem word, is dit egter opvallend dat leerlinge hoofsaaklik die sing van liedere en die onderskeiding van sekere soorte musiek as doelstellings erken het.[43)] Daardeur word die indruk gewek dat hulle die musiekopvoedingsprogram hoofsaaklik as 'n aangename tydverdryf beskou en dat hulle in der waarheid nie in die werklike wese van musiekopvoeding geskool word nie.

Dit is na die mening van die musiekopvoeders wat by die ondersoek betrokke was, ook opmerklik dat daar by die leerlinge in die hoër standerds 'n afnemende tendens in hulle waardeoordeel t.o.v. die status van die skool se musiekopvoedingsprogram te bespeur is.[44)] Dit wil dus voorkom of die skool in 'n mindere mate daarin geslaag het om die waarde van musiekopvoeding by die leerlinge vas te lê.

Aanbeveling 21: Elke skool behoort voorsiening te maak vir 'n duidelike beleid t.o.v. sy musiekopvoeding. Hier in moet sy doelstellings vir en alle fasette van sy musiekopvoedingsprogram duidelik verwoord word.

5.3.2.2 Die ontwikkeling van 'n gesonde musieksmaak by leerlinge

Die leerlinge het die voorkeurorde in hulle musiekluistersmaak onomwonde as 'n uiterste teenstelling gestel. Die groot meerderheid stel populêre musiek aan die een pool teenoor ernstige musiek aan die ander pool.[45)] Die musiekopvoeder wat hierdie volgorde deur 'n "oormatige" blootstelling aan ernstige musiek wil omkeer, sal hom waarskynlik teen 'n muur vasloop. Hy behoort hom eerder toe te lê op die kweek van 'n gesonde en gebalanseerde luistersmaak. Die musiekopvoeder moet besef dat die leerling maar vir 'n betreklike klein deeltjie van die dag aan die musiekatmosfeer van die skool blootgestel word; in teenstelling hiermee word hy vir 'n groot deel van die res van die dag aan 'n ander musiekkultuur uitgelewer.

42) Vide supra, p.239, opm. 2.

43) Vide supra, p.244.

44) Vide supra pp.228,229.

45) Vide supra, pp.267,268,269,276,278.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanbeveling 22: Die skool behoort toe te sien dat 'n gesonde en simpatieke musiekklimaat geskep word waarin alle leerlinge se aktiewe betrokkenheid só bewerkstellig word dat hulle naas die populêre eietydse musiekkultuur geïnspireer kan word om ook plek in te ruim vir die groot musiekskatte van die wêreld.

5.3.2.3 Musieklaboratoria

Kaapland beskik nie oor musieklaboratoria in enige van sy skole soos elders in die land reeds bestaan nie.[46] Hierdie besonder handige onderrighulpmiddel kan baie doen om die een-tot-een-onderrigsituasie in meer ekonomiese groepe te omskep en derhalwe meer leerlinge te bereik.

Meer tyd van die onderwysers kan derhalwe beskikbaar gestel en beter benut word in belang van die program van Klasmusiekopvoeding.

Aanbeveling 23: Ondersoek behoort ingestel te word na die benutting van musieklaboratoria op skoolvlak en die moontlike instelling daarvan in veral die groter skole van Kaapland.

5.3.2.4 Moontlike nadelige gevolge van die gunstige formule van voorsiening vir instrumentale onderrig

Skole moet daarteen waak dat die gunstige voorsiening in instrumentale onderrig vir die individuele leerling nie die program van algemeenvormende musiekopvoeding oorskadu nie. Elke leerling in die skool behoort toegang te hê tot alle moontlike fasette van musiekopvoeding, en by name Klasmusiekopvoeding.[47]

Aanbeveling 24: Skole behoort toe te sien dat Klasmusiekopvoeding vir die hele skool nie skade ly as gevolg van die voorkeur aan 'n program van instrumentale onderrig vir sommige leerlinge nie.

5.3.2.5 Groter selektiwiteit t.o.v. instrumentale onderrig

Om die musikaal-begaafde leerling te identifiseer is dit nodig dat soveel leerlinge moontlik op 'n vroeë stadium onderrig ontvang, en wel ook in 'n verskeidenheid instrumente. Dié leerlinge wat nie vorder nie behoort van verdere onderrig

46) Vide supra, pp.295,311.

47) Vide supra, p.213.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgesluit te word soos tereg deur die bepalings van die Trapstelsel vereis word.[48] Individuele onderrig behoort as die voorreg van die begaafde en talentvolle leerlinge beskou te word.

Aanbeveling 25: Skole behoort alles in hulle vermoë te doen om musikaal-begaafde leerlinge betyds te identifiseer en op 'n gepaste tyd met 'n program van musiekonderrig te laat begin.

5.3.3 Ten opsigte van die musiekopvoeder

5.3.3.1 Die kwalifikasies van musiekopvoeders

'n Groot aantal musiekonderwysers beskik oor musiekkwalifikasies soos B.Mus en/of lisensiate waarby die professionele komponent grotendeels ontbreek.[49] In die verlede is die musiekonderwyser beskou as 'n instrumentalisonderwyser wat 'n spesialispos beklee en wat hoofsaaklik in 'n een-tot-een-situasie onderrig gee. Die praktyk het egter geleer dat die musiekonderwyser as opvoeder op 'n veel breër front in die skoolsituasie moet beweeg en gewoonlik op musiekgebied in die skool se jaarprogram die leiding moet neem. Binne die skoolure is hy nie net vir kurrikulêre onderrig en Klasmusiekopvoeding verantwoordelik nie, maar speel ook buite die skoolure 'n leidende rol in die skool se musiekondernemings. Die musiekopvoeder behoort dus toe te sien dat hy met formele en nie-formele studie goed onderleg is in die vele fasette van sy opvoedingstaak.

Aanbeveling 26: Alle musiekopvoeders wat reeds in die permanente diens staan, maar wat nie oor 'n professionele onderwyskwalifikasie beskik nie, behoort aangemoedig te word om by wyse van afstandsonderrig of andersins, sodanige kwalifikasie te bekom. Vir diegene wat slegs oor lisensiate beskik, behoort die KOH in sy Kriteria voorsiening te maak vir 'n eenjarige onderwysdiploma wat by wyse van afstandsonderrig verwerf kan word.[50]

In Kaapland bestaan 'n groot tekort aan instrumentaliste wat in orkesinstrumente onderrig kan gee. Musiekonderwysers wat reeds in betrekkings staan en wat nie in 'n orkesinstrument gekwalifiseer is nie, kan 'n groot rol speel om leerlinge op 'n beginnersvlak te onderrig.

48) Vide supra, p.115.

49) Vide supra, pp.224,225.

50) Vide supra, p.319, aanbeveling 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aanbeveling 27: Musiekonderwysers wat nie oor enige kwalifikasie vir 'n orkesinstrument beskik nie behoort aangemoedig te word om 'n sodanige kwalifikasie te verwerf ten einde vir die onderrig van 'n instrument beskikbaar te word.

Dit het geblyk dat die onderrig van Klasmusiek maar net 'n vyfde plek uit sewe op die musiekopvoeders se rangordelys behaal het.[51] Waar die gebrek aan voldoende kwalifikasies 'n rol kan speel, behoort musiekopvoeders dit by te bring.

Aanbeveling 28: Onderwysers wat nie oor 'n kwalifikasie in Klasmusiek beskik nie (d.w.s. ook onderwysers van ander vakke), maar wat wel oor 'n sekere agtergrond en belangstelling beskik, behoort aangemoedig te word om 'n Verdere Diploma in Onderwys (Klasmusiek) te neem.

5.3.3.2 Die musiekopvoeder in sy gemeenskap

Die skool het 'n besondere taak en plek in sy gemeenskap, ook ten opsigte van musiekbeïnvloeding en musiekopvoeding. Die musiekopvoeder moet ook sy invloed oor 'n wyer front laat uitkring deur middel van sowel sy leerlinge, as diens aan sy gemeenskap.

Aanbeveling 29: In die strewe na die daarstelling van 'n musiekbewuste gemeenskap behoort die musiekopvoeder sy dienste op 'n wyer front as sy skool beskikbaar te stel.

5.3.3.3 Hantering van leerling wat vals sing (brommer)

Hoewel dit blyk dat veral Klasmusiekonderwysers en koorafrigters wel spesiale aandag aan die brommer gee, is dit duidelik dat heelwat van hulle nie werklik gehelp word nie.[52] Dié leerling wat nooit leer reg sing nie, bly 'n gefrustreerde persoon en beskik nie normaalweg oor die vrymoedigheid om met 'n eie program van musiekontwikkeling voort te gaan nie. 'n Musiekopvoeder het in hierdie verband 'n groot verantwoordelikheid om dié leerling met groot geduld en metodes gegrond op gesonde navorsing, te begelei en te help.

Aanbeveling 30: Alle musiekopvoeders behoort sensitief ingestel te wees op die probleme van die brommer en behoort daad werklike pogings aan te wend om al die

51) Vide supra, p.230.

52) Vide supra, p.257, opm. 1-3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sulkes op kundige wyse betyds te help.

5.3.4 Ten opsigte van die georganiseerde professie

Die twee onderwysersverenigings wat onder die KOD erkenning geniet (SAOU en SATA), skep by wyse van hulle kongresse geleenthede vir alle lede om, deur middel van beskrywingspunte, sake aan 'n bepaalde Kongres voor te lê. Indien so 'n beskrywingspunt as 'n besluit aanvaar word, word die steun van die sustersvereniging gesoek as die besluit na die Departement van Onderwys deurgestuur moet word. Daarbenewens kan individuele lede ook sake direk aan die verenigings voorlê, en sulke sake word normaalweg aan studiekomitees deurgestuur.

Verskeie sake rondom musiekopvoeding het in die verlede reeds die aandag van hoofbesture geniet. Die vraag kan egter gestel word of die nodige opvolgwerk deur die verenigings t.o.v. sake met besondere meriete gedoen is.

Aanbeveling 31: Die onderwyserverenigings behoort volgehoue vertoë te rig t.o.v. sake waaroor hulle nie bevredigende terugvoering van die Onderwysdepartement ontvang nie.

Dit behoort aan die ander kant ook beklemtoon te word dat die verenigings nie maar net vertoë tot die Departement rig nie. Die verenigings het ook 'n verantwoordelikheid om self hulle lede professioneel te laat groei.

Aanbeveling 32: Die onderwyserverenigings behoort in hulle professionele ontwikkelingsprogramme ook die nodige aandag aan die musiekopvoeder te skenk.

5.4 AFSLUITING

Die kriteria in paragraaf 1.6[53)] waarvolgens die musiekopvoedingsprogram onder die Kaaplandse Departement van Onderwys in oënskou geneem is, laat die algemene gevolgtrekking uitkristalliseer dat groot vordering op verskeie terreine, veral sedert die sewentigerjare, gemaak is. Die meeste van die aangeleenthede wat in die aanbevelings aangeraak is, geniet reeds in die een of ander vorm aandag, maar die moontlikheid bestaan dat daar nooit werklik oorkoepelend èn indringend na alle fasette van die program gekyk sal kan word nie en wel vanweë die tekort aan genoeg senior professionele personeel wat die groot verskeidenheid van musiekaktiwiteite binne en buite die skool moet hanteer. Die ondersoek na en uitbou van musiekopvoeding word dus moontlik op hierdie wyse verhinder om tot sy volle reg te kom.

---

53) Vide supra, p.43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die sleutel tot sukses by elke skool berus in 'n groot mate by die musiekopvoeders wat dag na dag by die verskillende fasette van die program betrokke is. Wanneer 'n besondere skool met 'n span besielde, ywerige en goed toegeruste musiekopvoeders geseën is, bly die positiewe resultate gewoonlik ook nie uit nie. 'n Beplande en deurlopende toevoer van sodanige opvoeders wat ten doel het dat alle skole mettertyd effektief beman sal word, sowel as gereelde professionele ontwikkelingsprogramme vir alle musiekopvoeders, is onontbeerlik vir die sukses van musiekopvoeding in alle skole van die Provinsie. Dit is egter ook noodsaaklik dat elke musiekopvoeder in die lewer van sy persoonlike bydrae vanuit 'n stel basiese musiekopvoedkundige oortuigings sy eie kriteria moet stel waaruit sy doelstellings duidelik geformuleer kan word en waarvolgens sy lewensroeping gestalte kan kry. Die vraag kan gestel word of musiekopvoeding by die meeste opvoeders nie maar net berus op 'n toevallige reeks aktiwiteite nie, sonder 'n doelgerigte inagneming van die kind se intellektuele, estetiese en sosiale behoeftes.

Die regte simpatieke en positiewe klimaat speel 'n baie belangrike rol om musiekopvoeding te laat gedy, en hiervoor is die regte soort musiekopvoeders onontbeerlik.

> "Who is there that, in logical words, can express the effect music has on us? A kind of inarticulate unfathomable speech, which leads us to the edge of the Infinite, and lets us for moments gaze into that."
>
> – Thomas Carlyle (1795 - 1881)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BRONNELYS

1. Literatuur en letterkundige bronne

Abeles, Harold F. et al. : Foundations of Music Education. Schirmer Books, New York, 1984.

Adamson, John E. : The Theory of Education in Plato's "Republic". Swan Sonnenschein, London, 1903.

Bentley, Arnold : Music in Education. A Point of View. Neer, 1975.

Ben-Tovim, Atarah : Children and Music. Black, London, 1979.

Bergethon, Bjornar & Eunice Boardman : Musical Growth in the Elementary School. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1975.

Bessom, Malcolm E. et al. : Teaching Music in Today's Secondary Schools. Holt, Rinehart and Winston, New York, 1980.

Bouws, Jan : Solank daar Musiek is... Tafelberg, Kaapstad, 1982.

Boyden, David D. : An Introduction to Music. Faber, Londen, 1971.

Brocklehurst, Brian : Response to Music. Principles of Music Education. Routledge & Kegan Paul, London, 1971.

Brookes, Marian B. & Harry H. Brown : Music Education in the Elementary School. American Book Company, New York, 1946.

Broudy, Harry S. : Building a Philosophy of Education. Prentic-Hall, Englewood Cliffs, 1961.

Copland, Aaron : Copland on Music. Andre Deutsch, London, 1961.

Daniskus, J. (red.) : Muziek Pedagogiek. Theorie en Praktijk. Oosthoek's Uitgeversmaatschappij NV, Utrecht, 1969.

De Vries, Corne : Oriëntering in die Fundamentele Opvoedkunde. U.U.B., Stellenbosch, 1978.

Du Toit, J.M. : Statistiese Metodes. Kosmo-Uitgewery, 1975.

Garretson, Robert L. : Music in Childhood Education. Appleton-Century-Crofts, 1966.

Gaston, E. Thyer : Music in Therapy. Macmillan, New York, 1968.

Gehrels, Willem : Algemeenvormend Muziekonderwijs. Muusses, Purmerend, 1942.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Glen, Neal E., et al. : Secondary School Music. Philosophy, Theory and Practice. Prentic-Hall, Englewood Cliffs, 1970.

Gordon, Edwin : The Psychology of Music Teaching. Prentic-Hall, Englewood Cliffs, 1971.

Gunter, C.F.G. : Aspekte van die Teoretiese Opvoedkunde. U.U.B., Stellenbosch, 1964.

Gunter, C.F.G. : Opvoedingsfilosofieë. U.U.B., Stellenbosch, 1961.

Harmse, H.J. en P.P. Kirstein : Pedagogiek, Deel 1 en Deel 2. Butterworth, Durban, 1979.

Heerkens, Adriaan : Over Schoolmuziek. Drukkerij Mercurius, Amsterdam, 1953.

Hickock, Robert : Music Appreciation. Appleton-Century-Crofts, New York, 1971.

Hindley, Geoffrey (red.) : The Larousse Encyclopedia of Music. Hamlyn, Londen, 1977.

Hoffer, Charles R. : Teaching Music in the Secondary Schools. Wadsworth, Belmont, 1965.

Hoffer, Charles R. : The Understanding of Music. Wadsworth, Belmont, 1976.

Horner, V. : Music Education. The Background of Research and opinion. Australian Council for Educational Research, 1965.

International Society for Music Education : Copies of Papers Delivered at the XIth International Conference of the International Society for Music Education, Vol. I, II, Perth, Western Australia, 5 - 12 August, 1974.

International Society for Music Education : Copies of papers read at the XII World Conference, Montreaux. Switzerland, 10-17 July, 1976.

Kohut, Daniel L. : Instrumental Music Pedagogy. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1973.

Landis, Beth en Polly Carder : The Eclectic Curriculum in American Music Education: Contributions of Dalcroze, Kodaly and Orff. Music Educatiors National Conference, Washington, 1972.

Leonhard, Charles en Robert W. House : Foundations and Principles of Music Education. McGraw-Hill, New York, 1972.

Machlis, Joseph : The Enjoyment of Music. W.W. Norton, New York, 1977.

Malan, Jacques P. (hoofred.) : Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie, Dele 1-3, RGN, Oxford University Press, Kaapstad, 1980-1982.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

McLachlan, P. : Klasonderrig in Musiek. 'n Handleiding vir Onderwysers. Nasou, Elsiesrivier, g.d.

Music Educators National Conference : Documentary Report of the Tanglewood Symposium. MENC, Washington, 1967.

Music Educators National Conference : The School Music Program: Description and Standards. MENC, Washington, 1974.

Menuhin, Yehudi en Curtis W. Davis. : The Music of Man. MacDonald, Londen, 1982.

Myers, Louise K. : Teaching Children Music in the Elementary School. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1961.

National Society for the Study of Education : Basic Concepts in Music Education: The Fifty-seventh Yearbook of the National Society for the Study of Education.

NSSE, Chicago, 1958.

Nettl, Bruno : Folk and Traditional Music of the Western Continents. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1965.

Oberholzer, C.K. : Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde. Uitgewery J.J. Moreau, Brugge, 1954.

Politoske, Daniel T. : Music. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1979.

Rainbow, Bernarr (red.) : Handbook for Music Teachers. Novello, London, 1968.

Regelski, Thomas A. : Principles and Problems of Music Education. Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1975.

Reimer, Bennet : A Philosophy of Music Education. Prentice-Hall, Englewood, Cliffs, 1970.

Sessions, Roger : The Musical Experience of Composer, Performer, Listener. Princeton University Press, Princeton, 1950.

S.A. Society of Music Teachers : Handbook of the South African Society of Music Teachers.

Sur, William R. and Charles F. Schuller : Music Education for Teenagers. Harper and Row, New York, 1966.

UNESCO : Music in Education: International Conference on the Role and Place of Music in the Education of Youth and Adults, Brussels, 29 June to 9 July 1953. UNESCO, Switzerland, 1956.

Wegelin, Arthur : Skoolmusiek vir Suid-Afrika. HAUM, Pretoria, 1962.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wörner, Karl H. : History of Music. The Free Press, New York, 1973.

2. Ongepubliseerde proefskrifte en tesisse

Chancellor, George R. : Aesthetic Value in Music: Implications for Music Education from the Classic Literature in the Field (Ph.D., Northwestern University, Illinois, 1974).

Daleboudt, H.M. : Sir Thomas Muir en die Onderwys in Kaapland tydens sy bestuur as Superintendent-Generaal van Onderwys 1892 - 1915 (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1942).

Fick, Anna C.M. : Die Geskiedenis van Skoolsang in Kaaplandse Skole 1652 - 1915 (M.Mus., Universiteit van Stellenbosch, Januarie 1984).

Kellermann, J.E. : Die Geskiedenis van die Opleiding van Blanke Onderwysers in Suid-Afrika (1652 - 1936) (D.Ed., Universiteit van Stellenbosch, 1936).

Pienaar, Rachel E. : 'n Kritiese Evaluering van geselekteerde Amerikaanse Metodes van Musiekonderrig gepubliseer sedert 1955 (M.Mus., Universiteit van Suid-Afrika, 1968).

Roos, Petrus : Die Benutting van Musiek in 'n Opvoedkundige Leidingsprogram (D.Phil., R.A.U., 1982).

Ross, Jerrold : The Development of a Comprehensive Philosophy for Music in Elementary Education (Ph.), New York University, 1963).

Serfontein, W.J.B. : Die Wese en Grense van Musiek (M.A., Universiteit van Stellenbosch, 1951).

Steenkamp, G.A.P. : 'n Historiese Oorsig van die Totstandkoming van die Orkesprogram van die Oranje-Vrystaat (M.Mus., U.O.V.S., 1983).

Steyn, Gertruida M. : 'n Evaluasie van gepubliseerde Metodiek ten opsigte van Musiekopvoeding van die voorskoolse Kind met die Doelstelling om 'n effektiewer werkbare Sisteem vir die Afrikaanse Kind daar te stel. (M.Mus., UOVS, 1980).

3. Periodieke publikasies

3.1 Tydskrifte

De Unie/Die Unie [Blad van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU)], 1910-1984.

Education/The Educational News/Education Journal [Blaaie van die South African Teachers' Association (SATA)], 1910-1984.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Music Educators Journal (Blad van die Music Educators National Conference) 1957-1984.

The S.A. Music Teacher [Blad van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (SAVMO/SAMTS)] 1931-1982.

Vrystaatse Onderwysnuus (Blad van die Onderwysdepartement van die OVS) Desember 1968.

3.2 Dagblaaie/Koerante

Die Burger (27 April 1982, 19 Julie 1983, 16 Augustus 1984)
Eastern Province Herald (24 September 1984)
Eikestadnuus (26 Oktober 1984)
Evening Post (18 Junie 1984)
Leidsch Dagblad (8 April 1980)
Die Volksblad (24 Maart 1975, 5 April 1982)

4. Owerheidspublikasies

4.1 Provinsiale Administrasie van die Kaap die Goeie Hoop, Departement van Onderwys

The Education Gazette/Die Onderwysgaset, 1892-1984

Junior Sekondêre Kursus. Sillabus vir Klasmusiek, 1986.

Primary School Course: European Schools, 1921.

The Primary School Course: Suggestions for the Consideration of Teachers, 1923.

Die Primêre Skool: Musiek, Kuns en Handwerk, Handskrif: Die Leerplanne en Wenke by die Onderwys, V, 1961.

Reëls betreffende die Opleiding van Blanke Onderwysers: Hoër Primêre Kursusse, 1963.

Reëls in sake die Opleiding van en Eksamens vir Blanke Onderwysers aan Opleidingskolleges (g.d.)

Report of Committee on Salaries of Teachers in European Schools, 1946.

Report of the Superintendent-General of Education/Verslag van die Direkteur van Onderwys, 1892-1983.

Senior Sekondêre Kursus, Sillabus vir Klasmusiek, 1986.

4.2 Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste

Jaarverslae, 1965-1983.

4.3 Onderwysdepartement van die OVS

Verslag vir die Jaar geëindig 31 Desember 1982.

4.4 Republiek van Suid-Afrika

Staatskoerant, no. 8795, 6 Julie 1983.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5 Transvaalse Onderwysdepartement

Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie, 1978. Verslag vir die Jaar wat geëindig het op 31 Desember 1982.

5. Argivale bronne, lêers met beperkte toegang en amptelike omsendbriewe

5.1 Lêers van die KOD uit die Staatsargief, Kaapstad:

Education Files
Batch 2 : EM/42 Individual Instruction in Music
Batch 15 : EM/185 School Choir Competitions
Batch 18 : EM/279(c) Supply of pianos to schools
Batch 31 : EM/476 Educ. Misc. Folk Songs and Games in School
: EM/483 Use of Pianos at School

Education Department: Teachers' Section - Policy and General
Batch 2 : L.1/0/2/14 Registration of Music Teachers - Act
Batch 3 : L.1/0/2/24 Appointment of Music Teachers
Batch 7 : L.1/0/3/21 Salaries of Music Teachers

Education: Household Services and General
Batch 82 : L.15/24/3 Choir Competitions
Batch 84 : L.15/24/11/1 Z 524 European Eisteddfod
Batch 202 : L.15/60/1/2 Joint Advisory Committee on Music
: L.15/60/2/4 School Concerts
Batch 225 : L.15/66/9 Music

5.2 Ander lêers van die KOD waarvan slegs enkele korrespondensiestukke ter insae beskikbaar was:

L.1/0/24/16; L.1/7/167/01, 02, 04; L.1/32/195/02
L.10/60/1/3
L.15/19/18; L.15/55/1; L.15/66/9/3; L.15/73/7; L.15/80/7/4
L.16/4/2/20; L.16/21/2/1
L.5127782

5.3 Omsendbriewe van die KOD:

46/1922; 56/1923; 26/1961; Jan. 1962: 64/1964; 4/1968; 25/1969; 29/1973; 2/1975; 25/1976; 49/1977; 50/1977; 15/1981; 78/1981; 8/1982; 10/1983; 38/1983; 72/1984.

6. Ander diverse bronne

Departement van Werke:
Brief, lêer AC. 2/20/103/3, 11 September 1984.

Universiteit van Port Elizabeth
Lêers 03 02 38, 3-3-41, 14.1.1.
Dokument R/28A/79.
Notules van die Beheerkomitee/Bestuurskomitee van KODUPE.
Verslae van die KODUPE-Musieksentrum.

Musieksentrum Beau Soleil, Kenilworth
Lêers MS-0, MSO/01/84.

Briewe van die hoofde/skakelpersone van 7 Onderwysersentra in Kaapland.

Briewe van rektore van 7 onderwyserskolleges in Kaapland.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Briewe van adjunk- en assistent-superintendente van onderwys (onderrigleiding - Musiek).

Brief van mnr. G. de Villiers, Hoofonderwysbeplanner.

KRUIK: statistieke.

SAOU: Handgeskrewe en getikte notules van Hoofbestuursvergaderings.
Kongresnotules.
Korrespondensie met die Departement van Onderwys.

Gesamentlike Raad van die SAOU en die SATA
Notule en korrespondensie met Departement van Onderwys.

Briewe van I. Bellingham, voorsitter OLSMDV.

Ingevulde vraelyste van 11 Kunswedstrydverenigings.

Lêers, omsendbriewe, notules en jaarverslae van
Tygerberg-Kinderkoor
O.P.-Jeugkore
Goeie Hoop Jeugkoor
Breërivier-Kinderkoor
Kaapse Jeugkoor.

Natalse Onderwysdepartement
Omsendbrief, 6 Mei 1983.

Transvaalse Onderwysdepartement
Omsendminute 38/1983, 46/1983.
Inligtingstuk: "Buite-kurrikulêre sentrum vir hoogsbegaafde leerlinge".

Vraelyste ingevul deur
496 skole
366 onderwysers
2 455 hoërskoolleerlinge.

7. Persoonlike Onderhoude met

Mnr. J.D. Bouwer, Hoof van Musiek, Onderwysdepartement van die OVS.

Mnr. D.W. de Beer, Superintendent van Onderwys (Musiek), Transvaalse Onderwysdepartement.

Mnr. J.H. de Villiers, Eerste Vakadviseur (Musiek), Natalse Onderwysdepartement.

Mej. H. du Plessis, hoof van die Departement Skoolmusiek, Universiteit van Stellenbosch.

Mnr. J.P.P. Hugo, Adjunk-superintendent van Onderwys (Onderrigleiding - Musiek) van die KOD.

Mnr. M.J.W. Kilian, Voorsitter, Breërivier-Kinderkoor, Worcester.

Mev. J. Lamprechts, koorleidster, O.P.-Kinderkoor, Port Elizabeth.

Mnr. H.D. Loock, koorleier, Tygerberg-Kinderkoor, Kuilsrivier.

Prof. P. McLachlan, in lewe afgetrede hoof van die Departement Skoolmusiek,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Universiteit van Stellenbosch.

Mnr. G.R. Smith, Assistent-superintendent van Onderwys (onderrigleiding - Musiek) Port Elizabeth.

Mev. A.M. Wium, Assistent-superintendent van Onderwys (onderrigleiding - Musiek) Kenridge.

Mnr. J.F. Zietsmann, hoof Musieksentrum Beau Soleil, Kenilworth.

Transvaalse Onderwysdepartement
Prof. N.J. Mentz (hoof : Onderwysburo)
Dr. A.A. van der Merwe (Onderwysburo)
Dr. M.M. Lane (Onderwysburo)
Dr. Don Roos (Onderwysersentrum, Pretoria)
Mnr. M. van der Spuy (Superintendent van Onderwys, Musiek)
Tien hoofde van hoër skole

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1: LANDE VAN HERKOMS VAN LEDE VAN SES SUID-AFRIKAANSE SIMFONIEORKESTE, 1982/1983

INSTRUMENTE

Lande van herkoms	Viool 1 & 2	Altviool	Tjello	Kontrabas	Fluit/piccolo	Hobo/ Cor Anglais	Klarinet/ Basklarinet	Fagot	Franse horing	Trompet	Tromboon/ Bastromboon	Tuba	Harp	Slagwerk/ Timpani	Totaal	Persentasie
Australië	1							2							3	
België	1									2	1	1			5	
Boelgarye	1														1	
Chile	1		1							1					3	
Ciprus	1														1	
Denemarke			2						1						3	
Duitsland O, W	6	2	2	3	1		1	2	4	2			1	1	25	7,0
Engeland/VK	16	4	10	3	5	6	5	4	5	3	5	1		3	70	19,7
Finland							1								1	
Frankryk		2			1										3	
Holland	5	1	2	2										1	11	3,1
Hongarye	1			2		1						1			5	
Ierland	2		2	1							1				6	
Israel	4		1		1	1			1						8	
Italië	7		1	2			2			1					13	3,6
Joegoeslawië	2	1	1		1				1						6	
Kanada		1	1								2				4	
Mauritius					1										1	
Nieu-Seeland				1											1	
Oostenryk	3														3	
Pole	2			1											3	
Portugal		1	1												2	
Roemenië	2												1		3	
RSA	35	10	9	3	5	4	5	3	3	3	3		3	8	94	26,4
Rusland	5	1		1											7	
Skotland	1	1						1	1						4	
Swede		1						1		1					3	
Switserland					1	1	1								3	
Tsjeggoslowakye	2														2	
VSA	8	5	5	5	1	4	2	1	10	3	15	1		2	62	17,4
Totaal	106	30	38	24	17	17	17	14	26	16	27	4	5	15	356	
Persentasie	29,8	8,4	10,7	6,7	4,8	4,8	4,8	3,9	7,3	4,5	7,6	1,1	1,4	4,2	100,0	

Uit voorgaande tabel kan die volgende opgemerk word:

* Slegs 26,4% van alle orkesspelers was oorspronklik Suid-Afrikaners.
* Ten opsigte van getalle het die volgende ander lande die meeste spelers opgelewer: Verenigde Koninkryk 19,7%, VSA 17,4% en Duitsland (Oos en Wes) 7,0%. Die ander spelers was oor nog 26 lande versprei.
* Die volgende toon die Suid-Afrikaners as persentasie van die getal spelers wat vir elke instrument benodig word:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Instrument	Suid-Afrikaners	Alle spelers	%
Viool	35	106	33,0
Altviool	10	30	33,3
Tjello	9	38	23,7
Kontrabas	3	24	12,5
Fluit/piccolo	5	17	29,4
Hobo/Cor Anglais	4	17	23,5
Klarinet/basklarinet	5	17	29,4
Fagot	3	14	21,4
Horing	3	26	11,5
Trompet	3	16	18,8
Skuiftrompet	3	27	11,1
Tuba	-	4	0,0
Harp	3	5	60,0
Slagwerk/Timpani	8	15	53,3
	94	365	26,4

Slegs in die harp en slagwerk was daar 'n voorsiening van meer as 50% uit Suid-Afrika. Alle ander instrumente was onder 50% voorsien, met die tuba (0,0%), skuiftrompet (11,1%), Franse horing (11,5%), kontrabas (12,5%) en trompet (18,8%) in die swakste posisies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2: "SINGING", IN PRIMARY SCHOOL COURSE 1921

[The syllabus in singing is not definitely prescribed, but indicates what might be aimed at in the various standards; of course, classes would as a rule be grouped in this subject. Due provision should be made for voice exercises and studies. As a preliminary to part-singing, suitable rounds should be introduced. A record book should be kept.]

Sub-Standards
Tune. - No notation; children may be taught to sing d, m and s from hand signs.
Time. - No notation; children to be taught to keep time to music (two-pulse or four-pulse measure) by marching, clapping, beating time, etc.
Ear. - Imitative exercises (children sing to laa a simple phrase like s m d r after hearing it sung to laa by the teacher).
Songs. - Three school songs or action songs.

Standard I
Tune. - The doh chord (excluding leaps of more than an octave, and also excluding the leaps d^1 m and s_1 m) from hand-signs, from modulator and from notes.
Time. - Two-pulse and four-pulse measure; one-pulse, two-pulse, three-pulse and four-pulse notes.
Ear. - To recognise doh and soh among other notes.
Songs. - Four school songs or action songs.

Standard II
Tune. - The doh chord with any leaps, and the other tones of the scale stepwise.
Time. - Three-pulse measure; whole-pulse rests; half-pulse notes.
(NOTE. - In Standard II and upwards time and tune should be combined).
Ear. - To recognise doh, me and soh among other notes.
Songs. - Four school songs.

Standard III
Tune. - Any leaps within the scale.
Time. - Pulse-and-a-half notes; half-pulse rests.
Ear. - To name the notes of the doh chord when heard in any order.
Songs. - Five school songs.

Standard IV
Tune. - fe and ta; one-remove transition from hand-signs or modulator; two-part singing.
Time. - Quarter-pulses; three-quarters and a quarter; half and two quarters; two quarters and a half.
Ear. - To name the notes of a stepwise phrase of three or four notes beginning or ending on a note of the doh chord.
Songs. - Five school songs, in unison or in two parts.

Standard V
Tune. - One-remove transition from notes.
Time. - Six-pulse measure, beating six times; six-pulse measure, beating twice (no divided pulses); thirds of a pulse.
Ear. - To name the notes of any stepwise phrase, or of a phrase which is stepwise except for leaps to notes of the doh chord.
Songs. - Six school songs, of which two should be in two parts.
(NOTE. - It is desirable that pupils in Standards V and VI should be taught to apply their knowledge to the Staff Notation).

Standard VI
Tune. - The minor, with se; the chromatic notes de, re, ma and la, easily approached and quitted.
Time. - Six-pulse measure, beating twice, with half-pulses; twelve-pulse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

measure; nine-pulse measure.
Ear. - To write down the notes of a tune, which may contain fe or any note of the scale; to write down the time and tune of a simple phrase with well-marked rhythm.
Songs. - Six school songs, of which two should be in two or three parts.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 3: MEMORANDUM OOR MUSIEKONDERWYS OP SKOOL (1950)

Op die Paarlse kongres van die S.A.O.U. (April 1949) is dit algemeen gevoel dat die skool in verskeie opsigte in gebreke bly t.o.v. die musikale opvoeding van die kind. Die kongres het derhalwe besluit om die saak in die vorm van 'n memorandum voor die Departement van onderwys te lê.

I. **DIE BELANG VAN MUSIEKONDERWYS OP SKOOL**:

Alvorens daar kan aandag gegee word aan spesifieke probleme i.v.m. musiekonderwys in skole is dit in die eerste plek nodig dat 'n mens oortuig sal wees van die noodsaaklikheid om aan die vak reg te laat geskied. Daarom wil ons die volgende antwoorde gee op die vraag: Waarom musiek op skool?

(i) Om die waarde van die vak self:

Min onderwerpe op skool kan beide op estetiese en intellektuele gebied soveel aanbied as musiek. As kunsvorm lewer dit 'n bydrae tot die gemoedslewe wat enig en onontbeerlik is. Die regte hantering van musiek op skool maak die kind, op 'n leeftyd wanneer hy meer as ooit daarvoor ontvanklik is, vertroud met 'n taal wat hom toegang gee tot 'n wêreld van belewing waarvan die waarde nooit bereken kan word nie. Daardeur word hy ook in staat gestel om as toekomstige burger(es) aktief deel te neem in die behoud en ontwikkeling van die magtige kultuurbesit wat ons in die musiek het.

Maar 'n studie van musiek bring ook uitstekende intellektuele dissipline mee. Die beginsels van musiek-notasie, tyd, ritme, toonaard, modulasie, frasering en vormleer vereis 'n hoë mate van konsentrasie en intellek om bemeester te word en die onderwys daarvan sal derhalwe, net soos in die geval van bv. rekenkunde of taal alleenlik kan slaag as dit doeltreffend en van die beste is.

(ii) Om die tyd waarin ons vandag lewe:

Musiek is nie meer die kunsvorm van 'n uitgesoekte paar nie. Die radio, die grammofoon en ander fasiliteite van hedendaagse ontwikkelinge gee aan musiek 'n plek in die lewe van baie, en nie net van enkeles nie. Omdat die massas dus vandag maklik met musiek in aanraking kom, moet die skool hulle toerus met die vermoë om die pêrel binne hul bereik te ontdek en aan te wend tot hul eie voordeel en die van die gemeenskap. Dit is onbetwisbaar waar dat die gemiddelde Suid-Afrikaanse man en vrou onmagtig is om iets wesenliks te haal uit, of by te dra tot die musikale geleenthede waarmee hy (sy) in aanraking kom, nie omdat hulle inherent onbekwaam is daartoe nie, maar bloot om die gebrek aan onderrig en ervaring wat daar in hul verlede was. Dit is die skool se voorreg en gulde geleentheid om die burgers van die toekoms beter toe te rus.

(iii) Omdat S.A. se besondere omstandighede dit vereis:

Musiek, by uitstek, is 'n gemeenskapskuns. Daarom het dit sy grootste opbloei in die groot wêreldstede. 'n Natuurlike spontane florering van die kuns kan ons dus byna nie in S.A. verwag nie, waar ons te doen het met 'n klein en uitgespreide bevolking.

Sulke faktore wek ongetwyfeld musikale (en ook algemeen kulturele) verarming in die hand. Daarom moet ons spesiaal die tyd en die doelbewuste pogings aanwend om ons volk teen musikale verhongering te beskerm. Ons kan nie aan iets meer prakties - bruikbaar as die skool dink om hierdie besondere behoefte van ons land die hoof te bied nie en ons kan nie sien hoe die skool sy deel van hierdie dure verpligting kan vryspring nie.

(iv) Omdat die onderwysstelsels van ander en ouer lande ons hierin die voorbeeld stel:

Dit is nie nodig om hieroor uit te wy nie. Ons vestig net die aandag daarop dat in lande soos Engeland, Nederland, en V.S.A. daar behalwe die voorsiening wat van owerheidsweë gemaak word, ook in die laaste jare 'n steeds toenemende ontwikkeling en belangstelling vir die skoolmusiek in beide laer- en hoërskole is. In beide die Norwood en McNair rapporte van Groot Brittanje word die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon om aan musiek 'n status toe te ken gelyk met die van enige ander skoolvak. In 'n jong land soos Nieu-Seeland bepaal die Minister van Onderwys dat musiek dwarsdeur die hele skoolkursus, op die finale jaar na, een van die noodsaaklike "common core of subjects", moet wees "which society cannot risk having omitted from the education of any future citizen."

II. **WAT WORD BEHELS DEUR MUSIEKONDERWYS OP SKOOL**?

Duidelikheidshalwe wil ons onderskei tussen twee hoof aspekte van musiekonderrig op skool:

(a) Klasonderrig in musiek vir alle leerlinge dwarsdeur die skool. Gerieflikheidshalwe sal ons na hierdie afdeling van die werk verwys as: skoolmusiek.

(b) Instrumentale (en/of vokale) onderrig wat uit die aard daarvan gewoonlik net aan sekere leerlinge individueel gegee word.

Hierdie twee afdelings het verskillende doelstellings, lewer hul onderskeie probleme, en elkeen verg sy eie bepaalde vermoëns van die onderwyser. Derhalwe sal elke afdeling onderskeidelik behandel word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

III. KLASONDERRIG IN MUSIEK VIR ALLE LEERLINGE

Dit is ons oortuiging dat hierdie afdeling van die werk pedagogies die belangrikste is omdat dit die algemene musikale vorming van alle leerlinge beoog. Die primêre doel van musiekonderwys op skool kan onmoontlik nie wees om 'n aantal eksekutante op te lei nie, terwyl die meerderheid min of meer onkundig en passief gelaat word nie. Die idee dat musiekbeoefening net bestem is vir hulle wat uitstaande talent het is totaal foutief en moet verdwyn. Dit is die gebrek van kontak met musiek wat maak dat die oningewyde hom verbeel dat hy onbekwaam is tot deelname daaraan. Tensy die skool hierdie taak van die musikale vorming van almal op hom neem sal ons beswaarlik die diep kloof oorbrug wat daar in S.A. bestaan tussen die "eilandjie van musiek-geluksaliges"en die "see van musiek-onkundiges".

A. Oorsig van die huidige toestande in skole t.o.v. Skoolmusiek

Duidelikheidshalwe behandel ons agtereenvolgend: kindertuinmusiek, laerskoolmusiek en hoërskoolmusiek.

DIE KLEINKINDERSKOOL: Kindertuinmusiek soos dit vandag in 'n groot persentasie van ons skole doseer word is ongetwyfeld op 'n gesonde voet en vergelyk goed met oorsese standaarde. Almal of die meeste van die verskilnde aspekte daarvan soos ritmiese bewegings (oefeninge, speletjies, dansies) ritmiese respons vir nootwaardes, frasering en musikale stemming, kleutersang, toonhoogteoefeninge, slagorkes en so meer, kry al meer en meer 'n vaste en regmatige plek in die ervarings van ons kindertuinkind. Die kursus trag om die kind nuttige en aangename ervarings te laat opdoen in verskillende aspekte van die musiek en met 'n verskeidenheid van metodes en leermiddels. Daardeur kry die kind van jongsaf 'n gesonde omvattende begrip van musiek, sonder die gevaar van verveling of verlies aan belangstelling. Hierdie belowende toestand t.o.v. kindertuinmusiek is ongetwyfeld daaraan te danke dat kindertuinonderwyseresse almal 'n vry deeglike opleiding in kindertuinmusiek ontvang waardeur elkeen in staat gestel word om nuttige werk te gaan doen al is sy nie 'n puik musikant nie.

DIE LAERSKOOL: In teenstelling met die toestand in die Kindertuin is dit in die laerskool dikwels onbevredigend en teleurstellend. Die mooi belowende fondament wat in die kleinkinderskool gelê is, verwaarloos in baie gevalle gedurende die kind se laerskool loopbaan deurdat daar nie op voortgebou word nie. Na 'n aantal jare bereik sommige leerlinge Std. VI sonder dat hulle iets konstruktiefs en blywends aangeleer het. Die volgende faktore is na ons mening die vernaamste oorsake van die leemtes t.o.v. skoolmusiek in die laerskool:

(a) Gebrek aan die nodige kontinuïteit vir die uitvoer van 'n deurlopende werkskema wat oor die tydperk van die hele laerskoolkursus strek. 'n Leerling ontvang byvoorbeeld goeie onderrig gedurende die eerste en laaste twee jaar van die kursus, terwyl dit in die tydperk tussen in verwaarloos word, dikwels as gevolg van die verwisseling van onderwysers. Dit volg dus dat die onderwys van die laaste twee jaar in sulke gevalle weer min of meer van vooraf moet begin. In ander gevalle word een aspek van die werk bv. die sing van liedere volgehou terwyl die meegaande onderrig wat sal lei tot algemene musikale vorming links gelaat word. Tensy daar uitvoering gegee word aan 'n eenvormige deurlopende werkskema kan daar geen opbouende werk gedoen word nie.

Ons meen dat bogenoemde gebrek tot 'n groot mate ontstaan as gevolg van die volgende:-

(b) Gebrek aan die nodige kontrole oor en leiding in die werk van onderwysers. Ons voel oortuig dat daar te min departementele musiek-instrukteurs is om onderwysers van raad en leiding te bedien en om die werk te kontroleer. In Kaapland het ons slegs drie instrukteurs wat alle blanke, gekleurde en naturelle hoërskole en laerskole, sowel as opleidingskolleges moet behartig. Aan die soort werk waaroor dit hier handel kan hulle egter net ongeveer 2 kwartale per jaar wy, omdat hulle ook verantwoordelik is vir toesig oor instrumentale onderrig en die praktiese eksamens van Jun. en Seniorsertifikaat-kandidate sowel as die moderering van opleidingskollege-eksamenpunte moet waarneem. Met so 'n oorlaaide program is dit geen fout van die betrokke instrukteurs dat die gemiddelde laerskool slegs eenkeer in ongeveer vier jaar besoek word nie. Die instrukteur kan onder sulke omstandighede geen behoorlike kontrole oor sy werk uitoefen nie, aangesien besoeke wat meer as 'n jaar uitmekaar lê beswaarlik enige kontinuëteit kan hê. Hierdie toestande moet beide vir die progressiewe onderwyser sowel as vir die instrukteur baie ontmoedigend wees.

(c) Ondoeltreffende onderwys en onderwysmetodes: Ons kan nie ons oë daarvoor sluit nie, dat daar beide ten opsigte van wat doseer word en hoe dit doseer word, veel is wat ontbreek. In baie gevalle bestaan musiek in die laerskool net uit die sing van 'n aantal liedere, sonder dat die gehalte van die liedere of van die sang bevredigend is. Wanneer ook noodsaaklike meegaande kennis geleer word sodat die kind musiek in die volle sin van die woord, kan ervaar, word dit dikwels so gedoen dat 'n teësin i.p.v. 'n liefde vir die vak ontwikkel word. Die kind word na die musiek gebring instede van die musiek na die kind te bring, sodat laasgenoemde die middelpunt en uitgangspunt van die onderwys kan bly.

(d) 'n Tekort aan genoeg onderwysers wat voldoende toegerus is om die werk behoorlik te kan waarneem. Dit blyk dat met die oorgaan na die primêre skool, die meer gevorderde onderrig in sake soos gehooropleiding, bladlees, stemproduksie en waardering, in baie gevalle musikale vermoëns van die onderwyser vereis waaroor hy nie beskik nie, of waarvoor hy nie genoeg selfvertroue het om dit aan te pak nie. Derhalwe word in sulke gevalle een of twee persone, wat bevoegd of wat gewillig is, belas met die musiek van die hele laerskool - klasse word saamgegooi in groot heterogene groepe waarmee dit vir die beste onderwyser onmoontlik is om konstruktiewe werk te doen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DIE HOëRSKOOL: Wat betref skoolmusiek in die hoërskool is dit 'n jammerlike feit dat dit in teveel skole hoegenaamd nie bestaan nie. Waar dit wel aandag geniet bestaan dit in die reël uit gesamentlike sang vir al die leerlinge tegelyk, eenkeer per week. Ons wil nie die nuttige en vormende waarde wat gesamentlike sang kan hê in enige opsig ontken of verkleineer nie. Trouens, dit is 'n noodsaaklikheid veral vir hoërskoolkinders. Hulle vind daarin goeie en aangename gemoedsuiting en kry die geleentheid om 'n liederskat van volkswysies en ander goeie liedere op te bou, waarsonder geen jongmens die lewe mag ingestuur word nie. Dit is egter ook waar dat gesamentlike sang dikwels afbrekende i.p.v. opbouende resultate bereik. Kinders se musikale smaak word onberekenbaar geskaad deur liedere van 'n swak jazz-agtige gehalte of deur onbeheersde en sorgelose sang. Gesamentlike sang alleen, hoewel dit 'n nuttige doel kan dien, behels bowendien nie genoeg vir die musikale behoeftes van die hoërskoolkind nie.

Die reeds gemelde leemtes t.o.v. musiekonderwys in die laerskool is noodwendig ook aanwesig in die hoërskool indien nie in 'n erger graad nie. Die skamele versorging van musiek in die hoërskool is temeer 'n ernstige gebrek omdat dit geskied op 'n tydstip wanneer die kind as adolessent besonder ontvanklik is vir invloede van estetiese aard. As die saak reg nagegaan word moet ons die ernstige feit in die gesig staar dat die hoërskool, behalwe vir die letterkundige afdeling van die moedertaal, bloedweinig meer aanbied wat spesifiek gerig is op die vorming van estetiese waardes in die gemoedslewe van die gemiddelde seun en dogter. Skoolmusiek, met al die moontlikhede wat dit op die gebied inhou, behoort hierdie leemte uitstekend aan te vul.

B. AANBEVELINGS T.O.V. SKOOLMUSIEK IN LAER- EN HOëRSKOLE

1. Leerstof en Metode van Onderwys:

Net soos in die Kindertuin behoort daar dwarsdeur die skool getrag te word om musiek in die volle sin van die woord aan die kind te bring - die leerstof moet nie net bestaan uit 'n aantal liedere wat deur herhaling en nabootsing aangeleer word nie. Sang is een van die kragtigste middels tot uiting in die geestelike, morele en emosionele lewe van die mens. Dit is dus natuurlik en noodsaaklik dat sang die grootste plek in die musiekonderrig sal inneem. Bowedien is die stem ook die natuurlike instrument wat elke kind in hom omdra. Maar met sang as die belangrikste uitgangspunt moet die skoolmusiekonderwys ook gerig wees op die vorming sodat fundamentele aspekte soos die ontwikkeling van die ritmiese gevoel, die gehooropleiding, bladlees, stemproduksie en algemene waardering van musiek op 'n hegte grondslag geplaas kan word.

Ook moet spesiale aandag gegee word aan die metode van onderwys. Die leerling is en bly die middelpunt van die onderwys en die musiek moet na hom gebring word op 'n wyse wat dit vir die kind so aanneemlik moontlik sal maak. Deur die aanwending van die leerling se aktiwiteit van oor, oog, hand, voet en brein, deur die uitlokking van sy skeppingsdrang moet al die verskillende elemente van die musiek eers ervaar en belewe word, en daarna deur die lees en skrywe van musieknotasie verder bemeester word. Die omgekeerde proses word veelal verkeerdelik toegepas. Die kind word na die musiek gebring en hy moet uit die staanspoor spartel met notasie sonder dat hy ook die geleentheid kry om aangename en nuttige musikale ervarings te belewe. "If young people cannot read music it is clear that they cannot progress far in musical studies. It must be remembered, however, that music enjoys a somewhat unique position, because while it involves concentration and intellectual effort, it is equally a source of pleasure and recreation. Music-making, whether by singing or playing a musical instrument is great fun: enjoyment is the essence of music. We should therefore, proceed on the principle of cultivating this spontaneity, making it the keynote of our instruction, but above all, laying good foundations and creating a desire for fuller study."
(Memorandum on Music in Post-War Education prepared by Essex Schools Musical Advisory Council. pg. 2 - Novello).

Ter toeligting van die bostaande noem ons die volgende slegs as enkele voorbeelde van metodes wat kan aangewend word om die onderwys van die vak meer doeltreffend te maak:

(a) Bekende wysies en liedere word gebruik vir maatslagoefening (aksent); word geklap, geloop, van tydname voorsien; die ritmiese patroon opgeskrywe.

(b) Meer formele ritmiese oefeninge waarby response verlang word t.o.v. nootwaardes en aksent.

(c) Aantreklike toonhoogte-oefeninge en speletjies vir die ontwikkeling van die gehoor.

(d) Die beoefening van eenvoudige volkspele en dansies, waardeur o.a. ook die sin vir frasering ontwikkel word.

(e) Die gebruik van die slagorkes. Hierdie leermiddel kan vir velerlei nuttige doeleindes aangewend word bv. die ontwikkeling van die ritmiese gevoel, die lees van tyd, die volg van partiture, en die dissipline van groepspel. Goeie hoogstaande musiek soos bv. nommers uit Schumann se Album vir die Jeug kan saam met die slagorkes en partiture ingestudeer word. Dit maak die kind vertroud met goeie musiek en skerp die kuns om intelligent te luister.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(N.B. Baie slagorkes-instrumente kan tuis of in die skool gemaak word, maar ons wil dit sterk bepleit dat die Departement nie net Kindertuinklasse nie, maar ook laerskole (en selfs hoërskole wat daarvoor vra) sal voorsien van goeie slagorkes-instrumente. Mooi klinkende driehoeke, klokkies, tamboeryne, simbale en dromme verskaf groter genot en is uit 'n musikale oogpunt meer korrek vir die doel, as enige onwelluidende slagapparaat.)

(f) Die beoefening en gestadige ontwikkeling van die vermoë om melodieë van gehoor neer te skrywe en die musiek-geheue te ontwikkel.

(g) Die improviseer en neerskrywe van oorspronklike melodieë deur byvoorbeeld onvoltooide frases aan te vul, 'n gegewe frase met 'n ander te balanseer, 'n bestaande melodie te varieer, versreëls van 'n melodie te voorsien en so meer.

(h) Dramatisering van liedere en van musikale stemmings soos weergegee deur komposisies op die klavier of grammofoon uitgevoer.

Ons wil dit duidelik beklemtoon dat bogenoemde voorbeelde geen poging is om in besonderhede te gaan insake 'n leerplan in die metodiek nie. Daarvoor bied 'n memorandum soos hierdie nie die ruimte nie. Dit dien slegs om die aandag te vestig op die groot verskeidenheid van metodes wat kan en behoort aangewend te word om musiek in die volle sin van die woord aan die kind te bring. In hierdie verband voel ons verder dat daar 'n groot behoefte bestaan aan deeglikversorgde handleidings en opvoedkundig-saamgestelde sangbundels spesiaal vir Suid-Afrikaanse skole. Sulke uitgawes is nodig om beter liedere onder die aandag te bring en sodoende die smaak vir beter melodieë te bevorder.

Die volgende sake van 'n meer algemene aard dien ook vermeld te word onder die afdeling: Leerstof & Metode:-

(a) Die gebruik van solfa-name by die aanleer en beoefening van bladlees in balknotasie word baie sterk aanbeveel. Solfaname word derhalwe algemeen gebruik vir die sing van toonlere, arpeggii, intervalle en dergelike aspekte van toonhoogte. Aangesien die ouditiewe beeld van 'n melodie egter baie gesteun kan word deur die visuele, voel ons nie ten gunste van die gebruik van horisontale solfa-skrif, waardeur die "kurwe" van die melodie op die papier onsigbaar bly nie. Ons beveel dus aan dat vir die aanleer van liedere en koorstukke balknotasie meer gebruik sal word.

(b) Eenstemmige sang behoort baie meer en tot op 'n meer gevorderde stadium toegepas te word. Die huidige leerplan vereis dat daar reeds in Std. VI, twee-en-driestemmig gesing moet word. Ons wil nie beweer dat dit onmoontlik is nie, maar wel dat dit op so 'n vroeë stadium onnodig is, en die tyd daaraan bestee beter kan aangewend word. Meerstemmige sang op 'n vroeë ouderdom is seker mooi vir die skoolkonsert of vir 'n spesiale geleentheid, maar opvoedkundig haal die kind daar nie veel uit nie. Dis alleenlik met baie inspanning en lang periodes van dril met die stemme apart dat meerstemmige sang op 'n jong ouderdom kan slaag. Bowedien sal die onderwyser ten spyte van die hardste pogings, hom nogtans moet bepaal by meerstemmige werk van 'n eenvoudige gehalte.

Met eenstemmige sang bly die hele klas altyd tegelyk besig en kan al die tyd aan aparte stemme gewy, in een gemeenskaplike poging aangewend word. Die gevolg is dat heel moeilike stukke kan bemeester word. Dit gee dieselfde oefening in bladlees en afgeronde sang en besorg aan die kind 'n groter repertoire van hoogstaande musiek, wat per slot van rekening die belangrikste faktor is om sy musikale smaak op te hef.

Ons beveel dus aan dat meerstemmige sang in die primêre skool beperk sal bly tot kanons en enkele deskante; dat suiwer meerstemmige sang gelaat sal word vir die hoërskool wanneer kinders weens hul rypere ontwikkeling dit gouer kan baasraak; dat eenstemmige liedere die oorwegende deel van kinders se repertoire sal uitmaak ook in die hoërskool, en dat die repertoire ook geskikte klassieke kunsliedere en liedere van moderne komponiste sal insluit. Hierby moet ook gevoeg word goeie eenstemmige gewyde liedere vir die godsdiensoefening. Ons wil spesiaal verwys na die Afrikaanse Psalm- en Gesangboek waarin daar nog talle musikaal-hoogstaande, maar onbekende, melodieë voorkom; ook na die beskrywingspunt wat in die voege op die Paarlse kongres (1949) van die S.A.O.U. aangeneem is.

Die departementele musiekinstrukteurs behoort leiding te gee t.o.v. 'n gegradeerde repertoire van doelmatige skoolliedere deur geskikte keuses met opgawe van prys en uitgewers van tyd tot tyd in die onderwysgaset te publiseer.

2. Die Tekort aan Persone om die Werk te doen:

(a) Musiekinstrukteurs: Ons het reeds verwys na die feit dat dit vir 3 instrukteurs in Kaapland onmoontlik is om die werk behoorlik na te kom. Daarom beveel ons ten sterkste aan dat daar met die oog op die huidige onbevredigende toestande meer instrukteurs aangestel word. Die groot aantal "Musical Advisers" (gewoonlik twee of meer per graafskap) van Engeland is ongetwyfeld een van die hoekstene van die skoolmusiek daar. Met hul veel kleiner areas kan hulle die hand aan die pols van elke skool hou; hul stel die leergange op en kontroleer die uitvoering daarvan; hul sorg vir 'n biblioteek van bladmusiek (liedere, koorstukke, orkespartiture ens.) en grammofoonplate waarmee hul die skole van hul area kan bedien; hul organiseer musiekfeeste of sangsaamtrekke van skole in hul area; hul organiseer besoeke van kunstenaars aan skole - en laaste maar belangrikste - hulle is meeste van die tyd tot beskikking van die skool of onderwyser wat hul dienste en leiding nodig het. Dit is onder sulke omstandighede dat die mu-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

siekinstrukteur oneindig veel kan doen om verwaarlosing van die werk te voorkom, om smeulende kole aan te blaas en onderwysers wat dit nodig het met hul raad en leiding by te staan.

(b) Onderwysers: Alvorens ons enige aanbevelings kan maak i.v.m. die groot tekort aan onderwysers wat bevoeg is om skoolmusiek waar te neem, volg dit dat ons eers die oorsaak van die toestand moet probeer opspoor.

Ons voel oortuig dat die probleem sy ontstaan het by die onbevredigende toestand in die skole, waar die kind vandag aan die teoretiese sy van musiek soms baie min of niks ontvang nie. Kom die aspirant onderwysers dus op kollege of by die opleidingskursus aan die universiteit aan, is dit eintlik net die klein persentasie wat private instrumentale onderrig gedurende hul skooljare kon geniet, wat 'n redelike agtergrond in musiek het. Van die orige moet baie hul onderwyskursus begin sonder dat hul oor die elementêrste kennis insake die beginsels van musiek beskik. Hierdie bewering sal deur alle dosente van skoolmusiek aan opleidingsinrigtings kan bevestig word. Vir hierdie beginners moet die opleidingskursus dus absoluut uit die grond begin. Die kursus vir die gewone eerste twee jaar kan in die reël nie meer as anderhalfuur per week aan musiek afstaan nie. Daarmee alleen kan die beginner baie beswaarlik genoeg akademiese en professionele vaardigheid bekom om 'n suksesvolle onderwyser van die vak te word. Musiek is 'n taal, 'n vreemde medium, waarin 'n mens alleenlik deur herhaalde oefening oor 'n tydperk van etlike jare vlotheid en behendigheid kan verkry. Ons glo dus nie dat die gewone opleidingskursusse vir primêre onderwysers daarin slaag om die gemiddelde student genoegsaam toe te rus om musiekonderwys waar te neem nie. Ons meen ook dat die leemtes van die skoolkursus en die gevolglike onvoldoende toerusting van die tweejarige kollegekursus daartoe meewerk dat so min studente hulle aanmeld vir die spesialiseringskursusse in musiek.

In verband met die opleiding van onderwysers beveel ons dus die volgende aan:

(i) In die gewone tweejarige opleiding moet daar vanaf die begin af vroeg (bv. na 'n kwartaal) gedifferensieer word ten opsigte van die musikale bekwaamheid en ervaring van die student. Daardeur word diegene wat reeds musiekonderrig ontvang het, of wat goeie natuurlike aanleg het in 'n aparte groep geplaas van wie dan 'n vry gevorderde standaard verwag kan word. Neem almal die vak is die groep ten opsigte van musikale bevoegdheid so heterogeen dat die mate van vordering totaal gestrem word, aangesien die swakste element in die klas die spoed van vordering bepaal. Daar word as't ware tussen twee stoele deurgeval - die oningewydes kan, soos reeds aangetoon, nie genoeg leer om van hulle onderwysers te maak nie terwyl die gevorderdes vir die grootste deel van die kursus moet sit en luister na dinge wat hulle reeds weet.

Volgens die huidige departementele regulasies is 'n student verplig om minstens twee van die drie vakke: kuns handwerk en musiek op 'n twee-jaar basis te neem. 'n Student wat swak is in musiek kan dus bv. in sy tweede jaar die vak laat vaar en in sulke gevalle is dit dus tans reeds moontlik om gedurende die tweede jaar tot 'n mate die musiek kursus te spesialiseer. Ondervinding toon egter dat daar reeds vanaf die begin van die kursus geleentheid moet wees om aan die meer bevoegdes spesiale aandag te gee.

Differensiëring beoog nie om musiekonderrig van die beginner te weerhou nie, maar om wel die bes moontlike toerusting te gee aan diegene wat op grond van hul aanleg of agtergrond instaat is om dit te assimileer.

In alle Engelse en Skotse opleidingsinrigtings wat deur een van die opstellers hiervan in 1947/48 besoek is, was daar nie een geval waar sulke differensiëring ten opsigte van die musikale bevoegdheid van die student nie plaasgevind het nie. Ons noem twee tipiese voorbeelde wat as leidrade kan dien met die oog op moontlike veranderinge in ons eie kolleges.

By die Froebel Institute, Roehampton, Londen, neem alle studente 'n inleidingskursus in musiek vir die eerste kwartaal ten einde elkeen 'n geleentheid te gee om met die vak kennis te maak. 'n Deel van die klas gaan dan voort vir die res van die eerste jaar met wat genoem word "basic music". In die tweede jaar verdeel die kursus dan in 'n gevorderde en 'n gewone groep, en ontvang eersgenoemde tweekeer soveel lesure per week as die ander. By die Goldsmith's College, Londen, is musiek opsioneel behalwe vir kindertuinonderwyseresse. Diegene wat die vak neem skrywe óf vir die gewone óf vir 'n gevorderde kursus in. Toelatingstoetse in die begin van die kursus bepaal welke kursus 'n student sal volg.

Met die oog op praktiese uitvoerbaarheid gee ons hier 'n moontlike verandering aan die hand vir toepassing in ons kolleges.

Die eerstejaar groep word so spoedig moontlik, (d.w.s. na 'n graderingstoets of na die eerste kwartaal) verdeel in 'n gevorderde en 'n gewone groep. Die twee parallelle leergange word dan vir twee jaar gevolg met 'n gelyke aantal lesure vir elk sodat daar nie roosterprobleme sal ontstaan nie. Die gevorderde groep kan derhalwe op 'n meer gevorderde stadium begin en teen 'n sneller tempo vorder. Die gewone groep kan natuurlik ook aan die einde van die eerste jaar ophou ooreenkomstig die huidige departementele regulasies.

(ii) Spesialiseringskursusse in skoolmusiek

Onder hierdie afdeling val die derde- en vierdejaarskursusse in musiek aan kolleges sowel as ander kursusse in skoolmusiek verbonde aan musiekskole en/of universiteite. Aangesien die kursus te doen het met spesialisering is die belangrikste probleem die handhawing van 'n goeie standaard. Ons meen dat namate die gewone tweejarige kursus meer differensieer en sodoende spesialiseer t.o.v. musiek dit nie alleen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer kandidate vir derde- en vierdejaarkursusse aan kolleges sal werf nie, maar ook die standaard van daardie kursusse sal verhoog. Die mate van instrumentale bevoegdheid van die kandidaat wat so 'n kursus deurloop het blyk 'n ander probleem te wees. Skoolhoofde en komitees skyn soms te verwag dat 'n derdejaarkursus in skoolmusiek van die kandidaat 'n gekwalifiseerde piano-leermeester moet maak.

Dit is natuurlik noodsaaklik dat so 'n kursus 'n vry gevorderde mate van instrumentale vaardigheid moet vereis (bv. vir begeleidings, ens.) en as 'n onderwyser tegelyk gekwalifiseerde piano-leermeester en skoolmusikant kan wees is dit 'n ideale toestand, dog normaalweg is dit te veel gevra van die gewone spesialiseringskursus in skoolmusiek.

Musiek dek 'n baie wye veld en dit is slegs die geniale persoon wat 'n spesialis op verskillende gebiede daarvan kan wees. Die orkesdirigent is nie altyd ook gekwalifiseerde sanger en/of pianis nie of die briljante pianis is dikwels hoegenaamd nie opgewasse tot die taak van skoolmusikus nie. Dit dien besef te word dat skoolmusiek 'n bepaalde afdeling van musiekonderwys is waarvoor spesifieke opleiding en vermoëns vereis word. Meneer Herbert Wiseman, een van Engeland se grootste leiers op die gebied van skoolmusiek skrywe in die verband: "The first thing to be realised is that teaching music in schools is a career in itself - a job for specialists who have regarded it as an end for which due preparations has had to be made." Hierdie feit blyk verder daaruit dat alle groot musiekskole soos die Royal Academy en die Royal College, Londen, asook die Universiteit van Suid-Afrika vandag Lisensiate in skoolmusiek toeken gelykstaande met Lisensiate in enige ander afdeling van musiek.

As die derde- en vierdejaarkursusse aan kolleges of die pasingestelde Lisensiaat in skoolmusiek van die Universiteit van Suid-Afrika dus spesialiste in skoolmusiek oplei wat nie tegelyk ook instrumentale leermeesters is nie, dan het daardie kursusse nogtans hul doel bereik. Dit moet egter hierby vermeld word dat instrumentale (en veral klavier) onderwysers op die oomblik geweldig skaars is. Hierdie probleem mag ons nie verbysien nie, en derhalwe kom ons daarna terug in die afdeling oor instrumentale onderrig.

Die spesiaal opgeleide onderwyser in skoolmusiek is derhalwe die persoon wat in staat moet wees om klasonderrig in musiek waar te neem - d.w.s. die soort onderwys wat gerig is op die musikale vorming van alle leerlinge dwarsdeur die skool. Ons het reeds beklemtoon hoe noodsaaklik die taak is wat hierdie mense moet vervul, dog dit blyk dat baie min skole oor sulke onderwysers beskik, of die behoefte gevoel om een of meer van hulle aan te stel. Die afwesigheid van geskikte betrekkings is ongetwyfeld 'n belangrike rede waarom so min studente hul aanmeld vir die spesialiseringskursusse in skoolmusiek.

Ons vra die Departement dus baie dringend om, net soos in die geval van die onderwys van Liggaamsoefening, op skoolkomitees druk uit te oefen om leerkragte met spesiale opleiding in skoolmusiek aan te stel, en waar sulke leerkragte ook in sekondêre afdelings skoolmusiek doseer hulle op intermediêre skaal te besoldig.

IV. INSTRUMENTALE ONDERRIG IN SKOLE

As dit opvoedkundig korrek en noodsaaklik is dat die skool sal sorg dra vir die musikale vorming van alle leerlinge, is dit seker nie minder korrek dat daar ook voorsiening sal gemaak word vir instrumentale onderrig, al is dit dan nie vir alle leerlinge nie. Die skool maak reeds in talle ander opsigte voorsiening in die spesiale behoeftes van sekere leerlinge en die besondere plek wat musiek in die lewe van die mens speel regverdig dit beslis dat instrumentale onderrig ook onder die spesiale behoeftes van leerlinge sal gereken word. Die Britse McNair-rapport sê bv.: "The function of music teaching in schools should be to provide for the continuous development of music as a means of expression and source of enjoyment throughout life. it should furnish all children with healthy tastes, most children with simple vocal skill, and many with instrumental practice. Only so can music become a natural ingredient in adolescent life and make its proper contribution to the enlightened leisure of the whole nation."
(McNair Report page 144.)

As ons bostaande vergelyk met die Handbook of Suggestions for Teachers wat in 1937 deur die Engelse Board of Education gepubliseer is en waarin instrumentale onderrig as 'n geheel-en-al buiteskoolse aktiwiteit beskou is, dan word dit duidelik hoe opvoedkundige leiers in die laaste dekade t.o.v. hierdie saak van sienswyse verander het.

Daar is nog ander redes vir die noodsaaklikheid van instrumentale onderrig in skole wat dien vermeld te word: geen ander faktor kan die musikale begrippe en ervarings van die kind meer konkreet en georganiseerd maak as die bespeling van 'n instrument nie. Hierdie geleentheid mag derhalwe nie van die leerling wat dit nodig het weerhou word nie. 'n Ywerige en aktiewe groep instrumentaliste in 'n skool is ook 'n kragtige bate en dryfkrag vir die musieklewe van die inrigting as geheel. Tensy daar ook nie reeds op skool voorsien word vir die instrumentale opleiding

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van begaafde leerlinge nie sal daar natuurlikerwys ook nie genoeg persone wees om hulle as onderwysers van instrumentale musiek voor te berei nie. Dit is hier 'n geval van 'n visieuse kringloop, die wrange vrugte waarvan ons onderwys reeds vandag pluk in die nypende tekort aan onderwysers vir instrumentale onderrig.

Daar moet met waardering gelet word op die wyse waarop die Departement hom reeds in die verlede beywer het vir instrumentale onderrig in skole. Hierin is ons verskeie Europese lande voor, waar instrumentale onderrig nog uitsluitlik privaat onderwys is. Nogtans is die persentasie leerlinge wat uit hierdie fasiliteite voordeel trek baie klein. Die vernaamste redes hiervoor blyk te wees (i) die betreklike hoë spesiale gelde wat daaraan verbonde is, selfs in die geval van eksamen-kandidate in musiek;
(ii) die tekort aan onderwysers vir instrumentale opleiding en
(iii) 'n gebrek aan die nodige entoesiasme en belangstelling vir die saak van die kant van ouers en onderwysers.

In die lig van die bogenoemde feite vra ons dat die departement hierdie saak baie daadwerklik sal bevorder deur alle moontlike fasiliteite daar te stel, deur bv. die vermindering van gelde; die afskaffing van gelde vir Jun.- en Sen.-sertifikaat kandidate in musiek; die bepaling waarvolgens 'n minimum van 25 lesure gewaarborg moet word alvorens 'n onderwyser aangestel kan word, te verlig deur bv. 'n minimum van 10 of 15 ure te vereis wat dan na 'n proeftydperk van een of twee jaar na 25 ure moet aangroei. Dit blyk dikwels dat instrumentale onderrig op 'n skool spoedig floreer as daar net eers 'n begin gemaak kan word.

Twee aanverwante aspekte van instrumentale onderwys dien egter, by wyse van waarskuwing, hier vermeld te word:

(a) die feit dat baie kinders te jonk en sonder enige voorbereiding (algemeen-vormende musiekonderwys) en selfs sonder liggaamlike geskiktheid gedwing word om met klavierbespeling te begin.

(b) die algemene opvatting dat die klavier die enigste moontlike instrument is, moet gewysig word om snaar- en blaasinstrumente ook in te sluit, om aan te pas by die besondere aanleg of behoeftes van die leerling.

INSTRUMENTALE OPLEIDING VAN ONDERWYSERS:

Ons het reeds getrag om aan te toon hoe noodsaaklik instrumentale onderig in skole is vir die welsyn en bevordering van die hele saak. Sonder die nodige onderwysers sal alle pogings natuurlik nutteloos wees. Dit is derhalwe ons mening dat die departement daartoe sal oorgaan om ook die instrumentale opleiding van onderwysers (en hierdeur bedoel ons in die eerste plek klavieropleiding) in ons opleidingsinrigtings te behartig. Ons beveel aan:

(i) dat daar aan sekere kolleges, verkieslik die met spesialiseringskursusse in skoolmusiek, ook fasiliteite sal wees vir onderwysersopleiding in klavierspel en harmonie, m.a.w. dat die departement daartoe sal oorgaan om net soos in die geval van liggaamsoefening, handwerk ens. sy eie instrumentalis-onderwysers op te lei.

So 'n kursus kan bv. oor 3 jaar strek en sal opleiding wees, net in musiek, d.w.s. die opleiding van instrumentis-onderwysers moet apart wees van die gewone P.O.S.-opleiding, maar dit sal in ons Departementele Opleidingskolleges geskied met dieselfde subsidering wat daar vir P.O.S.-opleiding is. In hierdie verband moet daarop gewys word dat dit noodsaaklik is dat daar voorsiening sal gemaak word vir die instrumentale opleiding van onderwysers deur die medium van Afrikaans.

Dit is ongetwyfeld waar dat so 'n kursus baie kandidate sal trek wat om finansiële of ander redes nie musiekopleiding aan 'n konservatorium of privaat musiekskool sou gevolg het nie.

(ii) dat daar aan alle kolleges en by name aan die met 'n kindertuin-afdeling een of meer dosente sal wees vir instrumentale onderrig aan studente, afgesien van spesialisering in klavierspel. Baie studente wat klavieronderrig op skool geniet het, staak dit op kollege omdat hulle nie die nut daarvan sien om daarmee vol te hou as hulle nie gaan spesialiseer nie, of omdat hulle nie die ekstra gelde van privaat onderwys kan bybring nie. 'n Redelike mate van vaardigheid in klavierspel by meer onderwysers is waarlik 'n uiters dringende behoefte. Talle van skole beskik oor geen persone wat die noodsaaklike begeleidings vir godsdiens, konserte, funksies ens. kan speel nie. Ook vir onderwysers wat klasonderrig in musiek (d.w.s. skoolmusiek) wil waarneem is 'n mate van instrumentale vaardigheid byna onontbeerlik.

Deur so 'n stap sal die departement 'n onontbeerlike fasiliteit in die opleiding van onderwysers daarstel.

Daarom vra ons in die verband dat die ekstra gelde vir sulke onderrig (indien daar sulke gelde moet gehef word) so laag moontlik sal wees; dat die huidige bepaling waarvolgens 'n waarborg van minstens 25 lesure nodig is alvorens 'n dosent in klavieronderrig kan aangestel word, nie op kolleges van toepassing sal wees nie, maar wel dat sulke betrekkings vir 'n proeftydperk van 'n jaar of twee jaar ingestel sal word. Daar is dikwels verskeie redes van 'n plaaslike aard waarom dit moeilik is om so 'n waarborg te gee. Ons voel egter dat die dringendheid van die saak aan 'n kollege dit regverdig dat die pos die geleentheid sonder meer sal kry, om homself te probeer handhaaf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INSTRUMENTALE ONDERRIG VOLGENS DIE KLASMETODE

Hierdie aspek van skoolmusiek waardeur kinders die geleentheid kry om in klasse onderrig te ontvang in die bespeling van instrumente is 'n nuwe ontwikkeling op die gebied van skoolmusiek wat in lande soos Engeland, Nederland en Amerika blykbaar gekom het om te bly. Die metode veronderstel gratis onderrig binne skoolure. Alhoewel baie dit nog as 'n eksperimentele toestand beskou, bevat dit ongetwyfeld moontlikhede wat 'n hele nuwe fase op die gebied van skoolmusiek kan inlei. Daarom wil ons dit nie ongemeld laat verby gaan nie.

Daar is eerstens klasse in die nie-standaard instrumente soos bv. die "recorder" of blokfluit. Dit is 'n eenvoudige fluit van geringe koste, maar nogtans 'n instrument met baie moontlikhede. In talle Engelse skole is recorder-klasse 'n vaste deel van die skoolmusiekprogram van beide laer- en hoërskole. Die bespeling van so 'n eenvoudige instrument verskaf nie alleen groot genot nie maar het groot musikale waarde. Dit is 'n nuwe middel om bladlees te bevorder en leerlinge wat moeilikheid vind om musiek te lees d.m.v. sang slaag goed daarin wanneer hulle dit deur bespeling van die fluit beoefen. Die bespeling van dié eenvoudige instrument kan maklik deur onderwysers self aangeleer word, en daar is derhalwe geen rede waarom blokfluite nie in ons skole gebruik kan word nie.

Ons beveel aan dat die saak propageer word deur dit aan studente in opleidingskolleges te leer en/of deur vakansie-kursusse vir onderwysers. Die fluit behoort dan ook op die voorrade-lys van die departement geplaas te word.

Wat betref die standaard-instrumente word die klasmetode hoofsaaklik vir die klavier en die viool gebruik. In die geval van die klavier gebruik die leerlinge klanklose toetsborde (dummy key-boards) van drie tot vier oktawe met die veronderstelling dat hulle in sekere mate van oefening op 'n regte instrument kry.

Dit is te betwyfel of die klasmetode daarin kan slaag om gevorderde eksekutante in die bespeling van standaard instrumente te lewer - dog ons durf ook nie sê dat die voorstanders van die metode dit wil beweer nie. Dit blyk in elk geval baie geslaagd te wees vir alle beginners en om die rede alleen ag ons dit die moeite werd om die saak hier te noem. Beginnerskennis van 'n instrument vir alle kinders is 'n wonderlike ideaal om na te strewe. Dit sal hul klasonderrig in algemene skoolmusiek geweldig aanvul en bowendien vir elke kind afgesien van sy finansiële of huislike agtergrond, die geleentheid gee om sy eie vermoëns t.o.v. instrumentale vaardigheid te ontdek.

V. OPSOMMING

A. Algemeen:

1. Die S.A.O.U. voel oortuig van die roeping van die skool t.o.v. die musikale ontwikkeling van alle leerlinge.

2. Daar moet duidelik onderskei word tussen:
   (a) Skoolmusiek, d.w.s. klasonderrig vir die algemene musikale vorming van alle leerlinge, en

   (b) Instrumentale (en/of vokale) onderrig aan individuele leerlinge in skole.

B. Skoolmusiek:

3. Skoolmusiek-onderwys moet gerig wees op die algemene musikale vorming sodat fundamentele aspekte soos die ontwikkeling van die ritmiese gevoel, gehooropleiding, bladlees, stemproduksie en waardering die grondslag sal vorm waarop voortgebou word. Hierby sal sang die belangrikste uitgangspunt moet wees.

4. Daar bestaan 'n groot behoefte aan deeglik versorgde handleidings en opvoedkundig-saamgestelde sangbundels spesiaal vir Suid-Afrikaanse skole.

5. Die gebruik van solfa word sterk aanbeveel, dog slegs as 'n hulpmiddel om intonasie te bemeester wanneer bladlees in balknotasie beoefen word.

6. Eenstemmige sang van goeie liedere behoort die oorwegende deel van kinders se repertoire uit te maak. Meerstemmige sang in die laerskool moet beperk bly tot kanons en diskante.

7. Die S.A.O.U. beveel ten sterkste aan dat daar meer musiekinstrukteurs (-inspekteurs) aangestel word, aangesien die huidige drie instrukteurs met hul oorlaaide program, veral nie aan skoolmusiek reg kan laat geskied nie.

8. Dit word betwyfel of die gewone opleidingskursusse vir primêre onderwysers daarin slaag om die gemiddelde student genoegsaam toe te rus, om skoolmusiek-onderwys waar te neem. Daar word derhalwe aan die hand gegee dat daar in die kursusse gedifferensieer sal word tussen 'n gewone en 'n gevorderde leergang in skoolmusiek, sodat die beste moontlike opleiding gegee kan word aan diegene wat op grond van aanleg en/of agtergrond dit sal kan assimileer.

9. Die S.A.O.U. vra die Departement baie dringend om, net soos in die geval van die onderwys van Liggaamsoefening, op skoolkomitees druk uit te oefen om leerkragte met spesiale opleiding in skoolmusiek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan te stel, en waar sulke leerkragte ook in sekondêre afdelings skoolmusiek doseer, hulle op intermediêre skaal te besoldig.

Die afwesigheid van geskikte betrekkings in skoolmusiek is ongetwyfeld 'n belangrike rede waarom so min studente hul aanmeld vir die spesialiseringskursusse in skoolmusiek.

10. Komitees en skoolhoofde kan nie verwag dat 'n student wat 'n spesialiseringskursus in skoolmusiek afgelê het, ook tegelykertyd 'n gekwalifiseerde piano-leermeester moet wees nie.

C. INSTRUMENTALE ONDERRIG:

11. Die S.A.O.U. waardeer die werk wat die Dept. reeds in dié verband gedoen het, en spreek sy oortuiging uit dat die skool sal voortgaan om sorg te dra vir hierdie deel van musikale opvoeding.

12. Die S.A.O.U. vra dat die fasiliteite vir instrumentale onderrig in skole verhoog sal word deur byvoorbeeld: die vermindering van gelde; die afskaffing van gelde vir Jun.- en Sen. Sertifikaat kandidate in musiek; die bepaling waarvolgens 'n minimum van 25 lesure gewaarborg moet word alvorens 'n onderwyser aangestel kan word, te verlig deur bv. 'n minimum van 10 of 15 ure te vereis wat dan, na 25 ure moet aangroei.

13. Gesien die groot tekort aan instrumentalis-onderwysers vra die S.A.O.U. dat die Departement daartoe sal oorgaan om net soos in die geval van liggaamsopvoeding, handwerk ens. sy eie instrumentalis-onderwysers op te lei met dieselfde subsiëring wat daar vir P.O.S.- en H.P.O.S.-opleiding is.

Daar behoort ook voorsiening gemaak te word vir die opleiding van instrumentalis-onderwysers deur medium van Afrikaans.

14. Die S.A.O.U. voel dat daar aan alle kolleges 'n dosent(e) sal wees vir instrumentale onderrig aan studente, afgesien van spesialisering in klavierspel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 4: MEMORANDUM VAN DIE SAOU, OKTOBER 1979.

BESLUIT GENEEM NA AANLEIDING VAN 'N BESPREKING INSAKE DIE HUIDIGE STAND VAN MUSIEKONDERRIG IN KAAPLAND, OORSPRONKLIKE BESKRYWINGSPUNT 7 (NR. 26 VAN DIE BESLUITE VERWYS NA DIE DAG- EN HOOFBESTUUR - DIE UNIE p545)

"Die Kongres versoek die Dag- en/of Hoofbestuur om 'n omvattende memorandum op te stel ter motivering van vertoë tot die Onderwysdepartement om 'n wetenskaplike ondersoek in te stel in verband met die hele opset van musiekonderrig in Kaapland se skole en kolleges."

Memorandum

1. Musiekonderrig in Kaapland se skole is van tweërlei aard: klasmusiek- en ateljee-onderrig. Die voorsiening van onderwysers vir dié doel is baie gunstig veral as vergelykings met ander vakke getref word. Omdat ateljee-onderrig meestal op individuele basis geskied, word met groot waardering gekonstateer dat geen vak in die skoolwese juis op so 'n besondere wyse begunstig is nie.

2. Ten spyte van die gunstige personeelvoorsieningsformule, en in sekere opsigte, juis as gevolg daarvan, het sekere probleme oor die afgelope dekades ontwikkel wat 'n diepgaande ondersoek regverdig:

2.1 Die relatiewe ooraanbod van onderwysers en leerlinge wat klavier bied of neem ten koste van ander instrumente, veral die instrumente van die simfonieorkes, het 'n kringloop veroorsaak waarui nie weggebreek kan word nie. Ten spyte van die feit dat orkesinstrumente teoreties op wye vlak in skole aangebied sou kon word (Departementele Omsendbrief 50/1977), waag weinig skole op die weg van ander instrumente, juis omdat beskikbare onderwysers steeds skaars bly.

2.2 Die formule vir personeelvoorsiening op musiekgebied is minder gunstig vir die laer skool as vir die hoër skool en daar ontstaan dus 'n omgekeerde piramide. Heelwat leerlinge wat op jonger leeftyd 'n geleentheid tot ateljee-onderrig verdien, ontvang dit nooit en is reeds te oud as hulle in die hoër skool kom.

2.3 As gevolg van die relatief groot aanbod van musiekposte, verkies die meeste musiekonderwysers om ateljee-onderrig te gee en ly die klasmusiek, wat meer energie van die onderwyser tap, baie skade. 'n Instrumentalis is ook nie noodwendig 'n geslaagde klasmusiekonderwyser nie. Ook bestaan daar, wat die toekenning van beurse betref nie 'n kwotabasis nie, sodat die regte soor musiekonderwyser as't ware geen "dwang" voel om in klasmusiek te spesialiseer nie.

2.4 In baie gevalle doen B.Mus.-kandidate, wat eintlik na die hoër skool gekanaliseer behoort te word, om poste as instrumentalis-onderwysers in die laer skool aansoek vanweë die mindere eise wat aan hulle gestel word.

2.5 Dit wil voorkom of die trapstelsel se verwagte positiewe resultate nog nie begin deurwerk nie en te veel leerlinge wat nie die vermoë het nie, ontvang onderrig ten koste van moontlike ander begaafdes.

2.6 In die laer skool word 'n onderwyser wat primêr opgelei is en oor 'n HOD (Instrumentale Musiek) beskik, as òf 'n gewone onderwyser òf 'n musiekonderwyser aangestel en interaksie mag dus nie plaasvind nie.

2.7 Sommige skoolhoofde word deur omstandighede genoodsaak om onderwyseresse te gebruik wat vir die kindertuin opgelei is (OD - Junior Primêr), om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

klasmusiek in die senior primêre standerds te onderrig, terwyl sulke onderwyseresse nie daarvoor opgelei is nie.

2.8 Die beeld van Klasmusiek as vak het oor die jare heen veel skade gely as gevolg van verskeie faktore soos-

2.8.1 die skaarste aan opgeleide en geskikte onderwysers;

2.8.2 die gebrek aan geskikte en spesiaal-ingerigte lokale;

2.8.3 die skaarste aan musiekinspekteurs en/of -adviseurs en die feit dat hulle programme reeds oorbelaai is met verpligtinge wat die instrumentale musiek raak.

3. Die noodsaaklikheid van 'n program van breë musiekopvoeding as eerste prioriteit kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die ontwikkeling van die estetiese is die geboortereg van alle leerlinge en ook op die gebied van die musiek, nie net die voorreg van die begaafdes nie. Die mate waarin 'n volk se musiekbelewenisse gedy, hang in die eerste plek van die liefde, belangstelling en ondersteuning van sy luisteraars en sy konsertgangers, en van sy amateurmusiekbeoefenaars af. Die skool se breë musiekprogram is die vertrekpunt van lewende musiekbelangstelling onder alle lae van die volk.

4. Die Departement word hiermee versoek om 'n wetenskaplike ondersoek in te stel na die hele opset van musiekonderrig in Kaaplandse skole en kolleges, deur ook aan die volgende aspekte aandag te gee:

4.1 die bestaande personeelposisie ten opsigte van Klasmusiek en die mate waarin opgeleide onderwysers wel vir die onderrig daarvan gebruik word;

4.2 die bestaande personeelposisie ten opsigte van instrumentale onderrig, en die moontlike wanbalans in die aanbod van onderwysers in klavier aan die een kant en orkesinstrumente aan die ander kant;

4.3 die moontlikheid om die differensiëring tussen musiekonderwysers en ander onderwysers in die laer skool te verwyder;

4.4 die wenslikheid om slegs onderwysers in besit van 'n onderwysgraad (bv. B.Mus.Ed.) of 'n onderwysdiploma in 'n permanente hoedanigheid aan te stel (lisensiate sal dus uitgesluit word vir permanente nuwe aanstellings of bevorderings; die Kriteria soos neergelê vir musiekposte, uitgesonderd spesialisteposte, behoort dus nagekom te word);

4.5 die instelling van musieksentra en die beter verspreiding van die beskikbare musiekonderwysers tussen laer skole en hoër skole en die gebruik van hulle dienste by musieksentra op veral deeltydse basis;

4.6 die duidelike verdeling van die getal studiebeurse wat aan musiek toegeken word tussen klasmusiek en instrumentale musiek;

4.7 die moontlike onderhandelinge met universiteite ten einde 'n spesialiseringsdiploma in klasmusiek in te stel, wat soos SDVG, SDKO en die Diploma in Skoolbiblioteekwese, deur enige onderwyser geneem kan word en ook salariserkenning daarvoor kan ontvang (dit sou onderwysers met ander kwalifikasies, maar wat 'n belangstelling in musiek het, in staat stel om in die skool met klasmusiekonderrig behulpsaam te wees);

4.8 die wenslikheid van meer leiding ten opsigte van die onderrig van klasmusiek;

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.9 die reël van meer kort-kursusse in klasmusiek, ook met die oog op die indiens-opleiding van nie-opgeleide onderwysers wat soms noodgedwonge met klasmusiek behulpsaam moet wees;

4.10 die gebruik van musikaliteitstoetse om die begaafdes van die minder-begaafdes te skei;

4.11 'n ruimer voorsiening van klasmusiekinstrumente vir die laer skool (bv. 10 groot Orff-instrumente kan vir die prys van een klavier gekoop word), asook die uitbreiding van die fasiliteite om musiekbeluistering aan te moedig;

4.12 die opstel en invoer van 'n standaardplan vir 'n lokaal vir klasmusiekonderrig;

4.13 die invoer van klavierlaboratoria by onderwyserskolleges ten einde studente in veral die junior afdeling meer doeltreffend en goedkoper op te lei, en sodoende goed gekwalifiseerde leerkragte wat tans voltyds gebruik word vir relatief eenvoudige werk, vir ander betrekkings beskikbaar te stel;

4.14 die moontlike keuring van aansoekers om junior primêre opleiding ook ten opsigte van hulle musikale potensiaal;

4.15 die wenslikheid van die verandering van slaagvereistes by OD (Junior Primêr) sodat studente in die praktiese vakke Klasmusiek, Kuns en Liggaamlike Opvoeding, twee daarvan moet slaag en in die ander een 'n sekere sub-minimum moet behaal.

4.16 ondersoek na die stand van instrumentale- en klasmusiekonderrig in ander provinsies.

5. Die SAOU is van mening dat as die fondse wat tans in Kaapland aan musiekonderrig spandeer word, na deeglike besinning op ander wyses gekanaliseer word, die beeld van ons provinsie se musieklewe binne een dekade drasties kan verbeter.

SAOU

1 Oktober 1979

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 5: SILLABUS VIR HPOS (KLASMUSIEK) IN DIE ONDERWYSGASET, 24 JANUARIE 1963

A. KLASONDERWYS

In hierdie afdeling sal studente die geleentheid kry om toe te pas wat hulle in die metodiek geleer het.

B. (1) METODIEK

Notasie (Balk en Solfa)
Die aanleer van balknotasie volgens die vereistes van die leerplan en die opstel van geskikte oefeninge wat met solfabenaming gesing word.

Asembeheer en Stemontwikkeling
'n Studie van die korrekte asemhalingsmetode met geskikte en doeltreffende oefeninge, asook geskikte stemontwikkelingsoefeninge om stemplasing en stemkwaliteit te verbeter.

Gehooropleiding
Die opstel van geskikte gehooroefeninge vir gehoorontwikkeling ten opsigte van ritme en toonhoogte.

Liedere en Koorwerk
Die verskillende metodes vir die aanleer van een- of meer-stemmige liedere. Aandag moet veral aan keuse van liedere en balans van stemme by koorwerk geskenk word.

Euritmiek en Slagorkes
Die tuisbring van al die beginsels van musiek deur middel van beweging. Weergawe van ritme van bekende rympies, polsslag, aksent, tydpatrone, fraseering, lees van partituur en dirigeerwerk.

Musiekwaardering
Die ontwikkeling van die luistervermoë ten opsigte van die volgende aspekte van musiek:
(a) Geïllustreerde musiek (Verbeelding),
(b) Vorm (Konstruktief),
(c) Styl en Tydperk (Biografies),
(d) Middele vir die voortbring van musiek.

Klasbeheer
Algemene beginsels ten opsigte van klasbeheer en dissipline en wenke om die onderwyser(es) se taak in die klaskamer te vergemaklik. Vereistes waaraan 'n goeie klassangonderwyser(es) moet voldoen.

Gradering van geskikte liedere
'n Noukeurige studie van verskillende tipes skoolliedere, met inbegrip van die samestelling van repertoire-lyste (20 liedere per standerd) vir elke standerd en kennis van die musiekkatalogusse van uitgewers.

(2) ELEMENTêRE SIELKUNDE

'n Studie van:
Musikale aanleg en die kulturele ontwikkeling van die kind.
Oorerflikheid.
Musikale tipes.
Die leerproses in die musiek.
Standaarde.
Aandag en belangstelling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C. TEORETIESE WERK

Geskiedenis en Vormleer

'n Verteenwoordigende leerplan vir die volgende tydperke:

Middeleeue	(± 500 - 1 300)
Renaissance	(1 300 - 1 600)
Barok	(1 550 - 1 770)
Klassisisme, Romantiek, Nasionale Kuns	(1 750 - 1 914) en hede
Impressionisme	(1 880 - 1 914)
Ekspressionisme en saaklikheid	(1 914 - hede)

Harmonie en Melodie

Tweestemmige en vierstemmige harmonie tot by die akkoord van die dominant 7de met sy omeringe in beide majeur- en mineurtoonsoorte. Elementêre melodiebou met modulasies na verwante toonsoorte. Die toonsetting van eenvoudige gedigte, geskik vir sang in die primêre skool.

Algemene Kennis

Algemene kennis met betrekking tot musiek en musici wat nie ingesluit is in die geskiedenisleerplan nie, bv. akoestiek, Suid-Afrikaanse komponiste, instrumentale virtuose, sangers, dirigente, ens.

Gevorderde Teorie

Werk van 'n meer gevorderde gehalte as dié van die kwalifiserende eksamen.

D. PRAKTIESE WERK

Klavier

Solowerk en opleiding in die begeleidingskuns soos vereis vir gesange, skoolliedere, samesang, euritmiek, slagorkes, ens.

Sang

Solowerk in Engels en Afrikaans.

L.W. Elke kandidaat het die reg om een van die twee (Klavier of Sang) as hoofvak en die ander as byvak aan te bied. (Die puntetotaal vir die hoofvak is 200 en die byvak 100.)

Spraakleer

Voordrag van poësie (liries, dramaties, ens.) en die lees van prosa en dramas in albei tale (100 punte elk).

Koorafrigting en Dirigering

'n Kursus in die afrigting en dirigering van skoolkore.

Vokale Bladlees

Die lees van gevorderde solfa- en balknotasie, insluitende modulasie na verwante toonsoorte.

Gehooropleiding

Progressiewe ontwikkeling van die gehoor deur middel van diktee, ten opsigte van ritme, akkoordsamestellings, kadanse en toonhoogte.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 6: ONDERWYSDIPLOMA (JUNIOR EN SENIOR PRIMÊR) EN HOËR ONDERWYSDIPLOMA (SENIOR PRIMÊR): KLASMUSIEKSILLABUS

Inleidende bekendstelling met die wêreld van musiek deur middel van beluistering en aktiewe musisering, sodat dit die student se perspektief en belangstelling sal stimuleer.

EERSTEJAAR

1. MUSIKALE KONSEPVORMING

1.1 Toonhoogte

Onderskei Hoog/Laag - d.m.v. konkrete begrippe
Onderskei Hoog, hoër; laag, laer
Onderskei wysies wat trapsgewys beweeg - op-af
melodië wat in spronge beweeg
Oorneem van klanke op spesifieke toonhoogtes
Toonhoogte - eggo sm, sml, drm ens.
Toonhoogte - eggo (pentatonies)

Praktiese oefening om bogenoemde aan te bied.

Voorbereidende leesoefening

Ikonies: Substanderd A en B Simbolies: Standerd 1

Toonhoogtemeting
Solfa-handsang
Aanskoulike toonhoogtevoorstelling
Gehooropleiding

1.2 Ritme

Onderskei vinnig en stadig d.m.v. konkrete begrippe
Onderskei vinnig - vinniger/stadig - stadiger
Belewenis van nootwaardes, Euritmies of andersins
Spreekrympies
Ritme-eggo's
Liedere uitken vanaf voorgeklapte ritmes
Slagwerk op gehoor: volgens melodiese ritme (bekende liedere)

Praktiese oefening om bogenoemde aan te bied.

Voorbereidende leesoefening

Ikonies: Substanderd A en B Simbolies: Standerd 1

Ritme-eggo's opskryf
Ritmes d.m.v. beweging beleef
Aanskoulike ritme voorstelling
Opskryf van woorde
Gehooropleiding

1.3 Maatslag

Onderskei en beleef twee-, drie- en vierslagmaat en saamgestelde tweeslagmaat.
Liggaamsperkussie
Nabootsing van Ritmefrases (aandag aan aksente)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Spreekrympies (met of sonder 'n anakrusis)
Slagwerk op gehoor volgens maatslag
Euritmiek: belewing van maatslag

Praktiese aanbieding van bogenoemde.

Voorbereidende leesoefening

Ikonies: Substanderd A en B Simbolies: Standerd 1

1.4 Dinamika

Hard - sag (met visuele voorstellings)

1.5 Struktuur en Vorm

2. TEORETIESE WERK

Konsepte van musiek, praktiese werk en gehooropleiding.

Die leerstof inhoud van die sillabus vir Standerd 1 en 2 kan hanteer. (Aandag aan lees van linkerhand)

3. LIEDERE VIR KLASSANG

3.1 Die ontleding, voorsing, toonhoogtemeting en dirigeer van 'n minimum van 15 liedere per semester.

3.2 Metodes waarop liedere aangeleer word.

3.3 Keuse van kinderlied.

4. SLAGORKESWERK

Basiese hantering en tegnieke van bespeling.

5. BEWEGING

Euritmiek en liggaamsperkussie.

6. SKEPPENDE WERK

7. BELUISTERING

8. INSTRUMENTALE BEGELEIDING (in individuele verband)

Enige van: klavier, blokfluit, melodiese slagwerk, autoharp, kitaar).

TWEEDEJAAR

JUNIOR PRIMêR

By die aanbieding van alle leerstof, moet die klaskamersituasie in gedagte gehou word.

1. SLAGORKES

Nie-melodiese en melodiese slagwerk vanaf partiture. Liggaamsperkussie.

2. EURITMIEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. BELUISTERING

4. VOORBEREIDENDE LEESOEFENINGE

5. SANG

Ontwikkeling van die student se eie sangstem en remediëring van die onseker sanger.

6. LIEDERE

Die aanleer van 40 - 60 geskikte kinderliedere.

7. BASIESE SLAGTEGNIEK

8. SKEPPENDE WERK

9. INSTRUMENTALE BEGELEIDING (in individuele verband).

10. MUSIEKKONSEPTE

Hersien notasievereistes tot en met Standerd 2.

11. WERKSKEMAS

Substanderd A en B.

TWEEDEJAAR

SENIOR PRIMêr

By die aanbieding van alle leerstof, moet die klaskamersituasie in gedagte gehou word.

1. NOTASIE EN BLADLEES

1.1 Die leerplan tot en met Standerd 3.

1.2 Harmoniese begrippe I, IV, V as begeleiding by liedere.

2. BELUISTERING

Instrumente, Sangstemme, Vorm, Stylperiodes, Programmusiek.

3. SANG EN KOORLEIDING

Meerstemmige sang, kanons, slagtegniek, repertoriumlyste.
Konsertitems, Kunswedstryd (Substanderd A tot Standerd 3)

4. BEWEGING/SKEPPENDE WERK

Insluitend volksdanse.

5. MELODIESE en NIE-MELODIESE SLAGWERK

6. PRAKTIESE MUSIEKSTUDIE (in individuele verband)

Klavier, sang en blokfluit in groepverband.

7. VAKDIDAKTIEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

7.1 Beginselleer

7.1.1 Doelstellings: doelstellings met die onderrig van Klasmusiek en algemene beginsels by die aanbieding van die musiekleerstof.

7.1.2 Beplanning: lesontwerp

7.2 Kurrikulumstudie

7.2.1 Detailstudie van Klasmusiekinhoud

7.2.2 Sillabusvertolking

7.3 Metodeleer

Besondere metodes en tegnieke in Klasmusiekonderwys.

DERDEJAAR

JUNIOR PRIMêR

By die aanbieding van alle leerstof, moet die klaskamersituasie in gedagte gehou word.

1. SLAGORKES

Melodies en nie-melodies (laasgenoemde vanaf partiture)

2. EURITMIEK

Beweging en volksdanse.

3. BELUISTERING

4. SANG

Die ontwikkeling van die student se eie sangstem.

5. LIEDERE

Die aanleer van 40 - 60 geskikte kinderliedere en volkswysies.

6. BASIESE SLAGTEGNIEK

7. SKEPPENDE WERK

8. INSTRUMENTALE BEGELEIDING (in individuele verband)

9. MUSIEKKONSEPTE:

Hersien notasievereistes tot en met Standerd 3.

10. WERKSKEMAS EN LIEDERLYSTE

Vir Standerd 1.

1.2 Tonaliteit:

Pentatonies, majeur en mineur aan die hand van melodië en toonlere.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.4 Saamstel van orkestrasies vir melodiese en nie-melodiese slagwerk, (pentatoniek, dreunbas, ostinato-patrone en akkoorde I, IV en V.)

7. HARMONIE-ONDERRIG

7.1 Elementêre harmonie en melodiebou

7.1.1 Enkelvoudige en samegestelde intervalle in die G- en F- sleutels.

7.1.2 Vierstemmige harmonie in majeurtoonsoorte, insluitend alle gewone akkoorde en drieklanke in grondposisie en omkerings.

7.1.3 Vierstemmige harmonisering van melodië.

7.1.4 Elementêre melodiebou met insluiting van 'n eenvoudige modulasie.

DERDEJAAR

SENIOR PRIMêR

By die aanbieding van alle leerstof, moet die klaskamersituasie in gedagte gehou word.

Alle teoretiese konsepte moet, sover moontlik, aan die hand van lewende musiek tuisgebring word.

1. NOTASIE EN BLADLEES

1.1 Die leerplan van Standerd 4 en 5

2. BELUISTERING

Instrumente, Sangstemme, Vorm, Stylperiodes, Programmusiek.

3. SANG EN KOORLEIDING

Meerstemmige sang, kanons, slagtegniek, repertoriumlyste.
Konsertitems, kunswedstryd, skooloperette.

4. BEWEGING EN SKEPPENDE WERK

Insluitend volksdanse en woorde voorsien by 'n melodie en toonsetting van woorde.

5. MELODIESE SLAGWERK

6. PRAKTIESE MUSIEKSTUDIE

Klavier en sang in individuele verband.

7. HARMONIE-ONDERRIG

8. VAKDIDAKTIEK

8.1 Beginselleer

8.1.1 Beplanning: werkskemas en verslagboek

8.1.2 Evaluering: toetsing

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8.2 Kurrikulumstudie

8.2.1 Voortgesette detailstudie van Klasmusiekinhoud

8.2.2 Voortgesette sillabusvertolking

8.2.3 Gesindheidsvorming

8.3 Metodeleer

8.3.1 Voortgesette studie van besondere metodes en tegnieke in Klasmusiekonderwys.

8.3.2 Benutting van vakliteratuur

8.3.3 Onderwystegnologie van die Klasmusiekdidaktiek

KLASMUSIEK: VIERDE JAAR: HOËR ONDERWYSDIPLOMA-KURSUS

1. Praktiese Musiekstudie

1.1 Instrumentale spel

1.1.1 Begeleidings

1.1.2 Stukke vir beluistering

1.1.3 Praktiese Harmonie

1.1.4 Ensemblespel (Orff-instrumentarium)

1.1.5 Blokfluitspel of enige ander goedgekeurde melodiese instrument

1.2 Solosang

1.3 Bladsang

1.4 Gehooropleiding (studentgerig). Vergelykbaar Derdejaar Instrumentaal.

1.5 Repertoriumstudie

2. Algemene Musiekleer

2.1 'n Beknopte studie van die styl van die verskillende musiektydperke asook die belangrikste musiekvorme en werke uit elke tydperk.

2.2 Voortgesette studie van Harmonie

3. Vakdidaktiek

3.1 Beginselleer
Beplanning: lesontwerp

3.2 Metodeleer

3.2.1 Benutting van vakliteratuur

3.2.2 Onderwystegnologie van die Klasmusiekdidaktiek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3 Besondere vakdidaktiektemas

3.3.1 Gedifferensieerde musiekonderwys

3.3.2 Vernuwing in die musiekonderwys

3.3.3 Besondere problematiek van die Klasmusiekonderwys

3.3.4 Didakties-remediërende musiekonderwys

3.3.5 Didaktiek van Notasieleer en Gehooropleiding

3.4 Koorleiding

4. Praktiese Onderwys

Onderwyspraktyk in Klasmusiek